# BOERDERY IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK

## 1858 - 1899

Akademiese proefskrif ter verkryging
van die graad Doctor Litterarum ,
Universiteit van Suid-Afrika.

Promotor: Dr. A.E. du Toit.

deur

PETRUS NAUDÉ

1954.

# HOOFSTUK VIII

## STAATSBEHEER EN STAATSLANDBOUDIENSTE.

In Suid-Afrika het die opkoms van die sosialistiese gedagte teen die einde van die negentiende eeu ook merkbare invloed op die staatshuishouding gehad. In die negentiende eeu was die ekonomiese wetgewing, hoofsaaklik onder invloed van die indiwidualisme volgens die leer van „Laissez-faire", daarop gerig om die maksimum welvaart te verkry deur vrye mededinging aan te moedig en te beskerm, en om privaat inisiatief sy gang te laat gaan. Daar het egter geleidelik 'n verandering in hierdie houding en beleid ingetree. Deur 'n verandering in die beskouing omtrent die einddoel van die menslike arbeid en sy ekonomiese bedrywigheid moes die staat uit sosiaal-ekonomiese oorwegings sekere seksies van die samelewing deur spesiale en beskermende wetgewing te hulp kom.

Die ontwikkeling van die aandeel wat die staat geneem het in die beheer en bevordering van die welvaart van die boere in die Suid-Afrikaanse Republiek is 'n voorbeeld van die voorgenoemde omwenteling in die ekonomiese en bedryfslewe teen die einde van die vorige eeu. Die staat het aanvanklik weinig gedoen vir die bevordering en beheer van die onderhoudsboerdery. Later, met die veranderde boerderyekonomie, het staatshulp, staatsvoorligting en -beheer egter noodsaaklik geword. Gedurende die laaste jare van die Suid-Afrikaanse Republiek het die owerheid meer en meer verpligtings teenoor die boeregemeenskap aanvaar. Namate die staat groter hulp en diens verskaf het, na dié mate moes hy ook groter beheer uitoefen.

### I. TOEKENNING VAN PLASE:

Die toekenning deur die staat van grondregte aan sy onderdane is die eerste daadwerklike diens wat aan die boer bewys is. Die gulhartigheid waarmee die toe-

kenning gemaak is, moet beskou word as 'n stap om die boer in staat te stel om sy bedryf uit te oefen sonder verdere hulp en bemoeiing van die staat. Hierdie diens is reeds breedvoerig in hoofstuk III beskryf. Dit blyk egter dat die opvatting was dat die boer, sodra hy sy grond gekry het, sonder verdere staatshulp sy eie bedryf moes behartig. Hierdie houding kom duidelik te voorskyn by die latere toekenning van okkupasieplase en die toewysing van persele by die Mapoggronde. Die staat het in die geval van die okkupasieplase geen verdere hulp verleen en beheer uitgeoefen om te sorg dat die gronde ontwikkel en bewerk word nie. Sodra die gronde toegeken was, het die Regering dit aan die okkupeerders oorgelaat om die nodige reëlings te tref. Die administrasie van die Mapoggronde lewer die bewys dat die Regering onwillig was om na die toekenning verdere aandeel te neem in die ontwikkeling en beheer daarvan. Die owerheid het die nedersetters as volwaardige selfstandige boere beskou en was gevolglik traag om bepalings te maak vir die beheer van water en gemeenskaplike weivelde.(1)

II. INVOERREGTE OP BOERDERYPRODUKTE:

Een van die middele waarmee 'n owerheid die nywerheid van sy eie onderdane kan beskerm teen nadelige mededinging en daardeur produksie kan aanmoedig en pryse redelik hoog kan hou, is die heffing van invoerregte op produkte van buite die eie grense. Dit spreek vanself dat waar daar feitlik geen onderlinge verkeer in landbouprodukte in 'n staat self is nie, daar geen behoefte aan beskerming van eie produkte hoef te wees nie. Dit was die geval in Transvaal van die vroeë jare af toe boerdery slegs onderhoudsbedryf was. Voor 1881 was daar in die Suid-Afrikaanse Republiek geen noemenswaardige invoerbelasting van boerderyprodukte nie.

„Prior to 1881 the Transvaal Government had never aimed at fostering the growth of local

---

1. Cillie, F.S.: The Mapoch's Gronden as an aspect of the Poor White Problem, ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, 1934.

> manufacturing industries. It was almost entirely an agricultural and pastoral country, with few mining enterprises, and the customs duties were very low. In that year, however, the need for revenue induced the Government to impose an ad valorem duty of 5 per cent on all imports".(2)

Hierdie belasting is gehef om 'n bron van inkomste vir die landskas te vind. So word dit ook in die inleiding tot Wet No. 2 van 1881 genoem, nl. die vermeerdering van die inkomste van die land.(3) President Kruger het in 1887 in antwoord aan die Kaapstadse Afrikaner-Bond en Boerevereniging verklaar dat die heffing van invoerregte na 1881 noodsaaklik was, omdat die land in 'n groot skuld gedompel was en die Regering alle moontlike inkomstebronne moes benut.(4) Dit was egter nie die enigste oogmerk met hierdie wetgewing nie. Tydens die debat in die Volksraad het generaal Piet Joubert gepleit vir die heffing van belasting op die invoer van meel, mielies en kafferkoring. Die oogmerk hiermee was om die produksie in eie grense te bevorder en onbillike mededinging uit te skakel.(5) Daar was dus by lede van die Volksraad die gedagte dat die landbouproduksie van mededinging van buite beskerm moes word. Die lid van Lydenburg was ten gunste van die heffing van sodanige invoerregte, want die inwoners van daardie distrik het hulle inkomste verkry uit die verkoop van graan.

Volgens voornoemde wet is invoerregte op verskeie produkte of verwante produkte gehef, selfs op produkte wat destyds in baie klein hoeveelhede geproduseer is. Reeds die jaar daarop is wysiginge in die tarief aangebring.(6) Dit was egter duidelik dat die invoer van vee die boerdery nie kon benadeel nie, maar dit eerder sou bevorder. Die veestapel van die Republiek, veral skape en perde, kon en moes nog aangevul word deur invoer uit die buurstate. Wet No.6 van 1882

---

2. De Kock, M.H.: Selected Subjects in the Economic History of South Africa, p. 286.
3. Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1849-1885, p.1021.
4. R.6794/87: Afrikaner-Bond aan president Kruger, ongedateer.
5. Notule van die Volksraad, art.152, dd. 21 Oktober 1881, EVR.15.
6. Wet No.6 van 1882, Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1849-1885, pp. 1118-1121.

het gevolglik die invoerregte op alle lewende hawe afgeskaf. 'n Verdere tegemoetkoming aan die boer was die vrye invoer van landboumasjinerie soos snymasjiene en dorsmasjiene. Die invoerregte op meel is verminder, terwyl dié op varkspek,-vleis en -ham verhoog is. Van besondere belang is die invoerreg op tabak en tabakfabrikate. In 1881 is die tarief vir onverwerkte tabak nege pennies per pond en vir verwerkte tabak 1/6 per pond. Hierdie tarief is gehandhaaf om die tabakboere te beskerm en omdat die produksie van tabak nog nie 'n aansienlike uitvoer moontlik gemaak het nie. Die Kaapkolonie het egter in 1884 invoerbelasting gehef op Transvaalse tabak en daarmee 'n stryd tussen die twee state laat ontbrand.[7] Die Transvaalse tabakboere het spoedig begin kla oor die belasting op hul produk. Gelukkig het die goudmyne 'n vergrote afset vir Transvaalse tabak meegebring. Die gevolg was dat die Transvaalse boere die maatreël van die Kaapkolonie nie so erg gevoel het nie. Die Kaapkolonie het daarenteë in 1887 die druk van die bestaande invoerregte gevoel en na aanleiding daarvan het die Kaapstadse tak van die Afrikaner-Bond aan staatspresident Kruger gevra om die invoerregte wat op Koloniale produkte gehef is, te verminder of af te skaf.[8] President Kruger het in sy antwoord verklaar dat die regering van die Kaapkolonie medeverantwoordelik was vir die toestand van sake, omdat geen vordering met die onderhandelinge in verband met 'n ooreenkoms insake invoerregte gemaak kon word nie.

Die Regering moes sy konsessies ten opsigte van verwerking van Transvaalse produkte in aanmerking neem, indien hy verlaging van die invoertarief wou toestaan. Dit het gegeld o.a. vir die verwerking van tabak en die maal van koring en mielies.[9] Konsessiehouers in hierdie nywerhede het gewoonlik die waarborg gehad dat die beskermende invoerregte binne 'n bepaalde tyd

---

7.R.6794/87: Kaapstadse tak van die Afrikaner-Bond aan president Kruger, ongedateer.
8.Ibid.
9.R.3477/87 en R.4002/87: vertoë deur die „Pretoria Sigaren Fabriek" en die „Pretoria Steam Flour Mills Co.", aan die Uitvoerende Raad, Junie 1887.

nie afgeneem sou word nie. Die beswaar van konsessiehouers was veral teen die vrye invoer van meel en meelblom uit die Oranje-Vrystaat. Kragtens 'n ooreenkoms tussen die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek en dié van die Oranje-Vrystaat sou nie een van hierdie state 'n invoerreg hef op produkte of voortbrengsels uit die ander staat wat hoër is as wat vir sulke produkte in eie gebied gehef is nie.[10] Die Regering was nie geneë om hierdie ooreenkoms met die Vrystaat te wysig nie. Slegs in 1889 is 'n klein verandering aangebring toe bepaal is dat die produkte wat oor en weer ingevoer word, die werklike voortbrengsels van die staat wat uitvoer, moet wees en dat die grondstowwe of hoofbestanddele van fabrikate uit daardie staat afkomstig was.[11] Wat die Kaapkolonie betref, was die Regering bereid om die invoerregte op wyn en ander produkte uit daardie kolonie afkomstig af te skaf as die eie produksie op 'n ander wyse beskerm kon word. Die Regering sou vryhandel met die Kaapkolonie aangaan slegs as die noordelike spoorlyn nie verder na die grense van die Republiek verleng word nie.[12] Indien hierdie spoorlyn die Transvaalse grens sou bereik, sou produkte vanuit die Kaapkolonie goedkoper op die mark in die Republiek gebring kon word as wat Transvaalse boere daardie produkte kon voorsien.

Dit was slegs in tye van ernstige skaarste aan sekere lewensmiddele dat die Regering die invoerregte tydelik afgeskaf of verminder het. In die somer van 1889 het 'n ernstige droogte die Republiek geteister en die land, veral die Witwatersrand, het voor 'n hongersnood gestaan. Die myne is, wat hulle naturellewerkers se voeding betref, swaar getref en vertoë is tot die Regering gerig om produkte soos mielies,

---

10. Sien „Tractaat van Vriendschap, Handel en Uitlevering van Misdadigers tusschen de Zuid-Afrikaansche Republiek en den Oranje Vrystaat", Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885,p. 470. Sien ook notule van die Volksraad, art. 156, dd. 29 Julie 1872.
11. Besluite van die Uitvoerende Raad, art.117, dd. 19 Maart 1889.
12. R.4924/87: briefwisseling tussen die S.A. Republiek en die Kaapkolonie omtrent invoerregte en spoorweguitbreiding, Kaapkolonie aan die S.A. Republiek, 20 Julie 1887.

meel en kafferkoring te onthef van die invoerregte. Die Regering het hieraan gehoor gegee en besluit om tydelik, solank die omstandighede dit vereis, die invoerregte op mielies, rys , botter, meel en kafferkoring op te hef. Verder kon vee, afkomstig van gebiede ten noorde en noordweste van die Republiek, ook belastingvry ingevoer word.(13)

Die Regering het in die begin van 1890 'n verdere vermindering van invoerregte op sekere lewensmiddele toegestaan. Hierdie vermindering is toegestaan na aanleiding van 'n versoekskrif van inwoners van Johannesburg waarin gewys word op die skaarste as gevolg van droogte en gebrek aan transport en die ongehoorde pryse wat vir produkte betaal moes word.(14) Hierdie vermindering van invoerregte het betrekking gehad op blikkiesvleis, varkvleis, ham, wors, kaas en hawersaad.

In dieselfde jaar is die hele aangeleentheid van invoerbelasting hersien en nuwe bepalings gemaak. In hierdie nuwe tariewe is toegewings aan boere gemaak. Waar vee van elders vir aanteeldoeleindes aangekoop is, kon sulke vee vry ingevoer word onder 'n sertifikaat van die veldkornet dat die diere vir die boerdery bestem was. Verder kon boom- en groentesaad vry ingevoer word. Die belasting op tabak is nou verhoog , nl. een sjieling op 'n pond tabakblaar en 2/6 per pond vir tabak wat verwerk is.(15) In 1892 is die belasting op ingevoerde onverwerkte tabak verhoog na 2/6 per pond.(16) In daardie jaar is die tydelike opheffing van invoerregte op mielies, rys, botter en kafferkoring asook dié op blikkiesvleis, varkvleis, varkvet , spek, ham , wors en kaas, teruggeroep.(17) Die Kaapkolonie het beswaar gemaak

---

13. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 672, dd. 17 Oktober 1889.
14. R.10910A/89 : versoekskrif van inwoners van Johannesburg aan Uitvoerende Raad, Oktober 1889, en Besluite van die Uitvoerende Raad, art.111, dd. 12 Februarie 1890.
15. Wet No. 3 van 1890.
16. Wet No. 20 van 1892.
17. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 624, dd. 24 Desember 1891.

teen die verhoging van invoerregte op sekere produkte. Die belasting op vrugte uit die Westelike Provinsie het veral groot ontevredenheid veroorsaak.[18] Die „Fruit Growers' Association" in Natal het klagte gehad en gevra dat die invoerregte op piesangs, pynappels en mango's verminder moes word, aangesien die Suid-Afrikaanse Republiek nie voldoende van hierdie vrugte kon produseer nie.[19]

Die Kaapse regering het voortdurend aangedring op vermindering van invoerregte op sy produkte, veral namate die bevolking van die Witwatersrand 'n groter aanvraag geskep het. In Augustus 1892 het die hoë kommissaris namens sy ministers 'n versoek gerig aan die Suid-Afrikaanse Republiek om tabak, in verwerkte of onverwerkte staat, vry in die Republiek in te voer.[20] President Kruger het by die opening van die Volksraad in 1893 gesê dat hy ter oorweging sou gee die moontlike verhoging van invoerregte op produkte wat in aangrensende kolonies geproduseer word, maar wat in die Republiek nog nie op 'n groot skaal verbou is nie.[21] Op 1 Junie 1893 is hierdie artikel van die „aanspraak" in die Volksraad bespreek en daar is toe besluit om 'n kommissie te benoem wat saam met die inspekteur van invoerregte die saak sou ondersoek en verandering aanbeveel in die gees van die president se rede. Uit die debatte in die Volksraad het geblyk dat die boere beskerming wou hê teen die mededinging van die Oranje-Vrystaat. Dit sou goed wees indien slagvee uit die Vrystaat belas kon word. Lede het verklaar dat, indien die spoorweg deur die Vrystaat na Transvaal voltooi was, die Vrystaatse boere slagvee makliker en goedkoper op die Johannesburgse mark kon lewer as wat Transvaalse boere uit die veedistrikte dit kon doen.[22]

Die verslag van die kommissie het op 14 Augus-

---

18. R.9609/92.
19. 10781/92.
20. RA 569/94, dd. 11 Augustus 1892.
21. Artikel 21 van die „Aanspraak", Volksraadnotule, 1 Mei 1893, EVR. 47.
22. Notule van die Eerste Volksraad, art. 230, dd. 1 Junie 1893,EVR.48.

tus 1893 in behandeling gekom. Intussen het die wetgewende vergadering van die Kaapkolonie in sy sitting van 5 Julie 1893 'n besluit aangeneem waarin die heffing van invoerregte op produkte uit die Kolonie betreur word. Daarna is op 11 Julie 'n versoek aan die hoë kommissaris, Sir Henry Loch, gerig om president Kruger te vra om die invoerregte te hersien.[23] By die bespreking van die verslag van die kommissie insake invoerregte op produkte uit buurstate is ook memories uit Wakkerstroom, Ermelo en Waterberg behandel. Hierdie memories het gevra dat invoerregte gehef moes word op vee uit die Vrystaat en ander gebiede.[24] Die Volksraad het na aanleiding hiervan en die feit dat graan uit die Suid-Afrikaanse Republiek in Brits-Betsjoeanaland belas word, besluit om eers die gevoele van die publiek oor hierdie aangeleentheid te wete te kom voordat nuwe tariewe vasgestel word. Verder is besluit dat die invoer van vee uit alle state behalwe die Vrystaat onderhewig sou wees aan 'n belasting van tien sjielings per stuk vir grootvee en een sjieling vir kleinvee. Ook is besluit dat die Regering in samewerking met die owerheid in die Oranje-Vrystaat reëlings sou tref om smokkelhandel in vee te belet.[25]

Daar is ernstige aandag geskenk aan versoeke uit die Kaapkolonie en Natal vir die vermindering van invoerregte op produkte uit daardie kolonies. Die Volksraad het die Regering gemagtig om invoerregte op sekere produkte te verminder of af te neem wanneer dit vir hom wenslik mag skyn.[26] Hiervan het die Regering gebruik gemaak en die spesiale heffing op vars vrugte uit naburige state opgehef.[27]

Ten gevolge van ekonomiese en politieke verwikkelinge in Suid-Afrika het dit teen 1894 vir die

---

23. R.9525/93: Kaapkolonie aan die S.A.Republiek.
24. Notule van die Eerste Volksraad, art.1078, dd. 14 Augustus 1893, EVR.49
25. Ibid.
26. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1369, dd. 9 September 1893, EVR. 50.
27. Staats-Courant, 27 September 1893: goewermentskennisgewing No. 304.

Volksraad noodsaaklik geword om die aangeleentheid van invoerregte te hersien. Die resultaat was Wet No. 4 van 1894. Die vrystelling van invoerregte op vee is nou herroep en alleen vee wat die land ingekom het as besitting van 'n boer wat hom in die Republiek wou vestig, of wat van die winterveld teruggekeer het, is vrygestel. Grootvee is belas met tien sjielings stuk en kleinvee met een sjieling. Vee wat aangeteel is in die Oranje-Vrystaat en Portugees-Oos-Afrika kon belastingvry ingevoer word onder 'n sertifikaat van oorsprong, uitgereik deur 'n landdros , resident-vrederegter of konsul. 'n Tegemoetkoming aan boere was die bepaling dat alle landbousaad wat deur boere spesiaal ingevoer is, belastingvry die staat kon binnekom. Ook op die invoer van omheiningsmateriaal en landboumasjinerie is invoerregte opgehef. Op hawer, hawersaad vir meel, koring, mielies en kafferkoring is invoerregte gehandhaaf. In die geval van tabak is onderskeid gemaak tussen tabak uit aangrensende state en dié afkomstig van oorsee. Tabak van buurstate in onverwerkte toestand is belas met ses pennies per pond. Onbewerkte tabak van oorsee is belas met 2/6 per pond. Tabakfabrikate is in albei gevalle belas teen 2/6 per pond.[28] Aangeneem kan word dat die Volksraad nie net die oog op inkomste vir die staatskas gehad het nie, maar eie landbouprodukte wou beskerm teen onbeperkte aanbod. Toegewings is alleen gemaak in tye van nood wanneer daar geen moontlikheid bestaan het dat pryse vir eie produkte onredelik na benede gedruk sou word nie.

So 'n toegewing moes weer teen die einde van 1895 gemaak word toe hongersnood weereens gedreig het as gevolg van droogte en sprinkane.[29] Afgesien van die stap wat die Regering gedoen het om self mielies in te voer en te verkoop, is invoerregte op sekere produkte tydelik opgehef.[30]. Die Volksraad het die

28. Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1894, pp.22-27.
29. R.10958/95: staatsekretaris aan mynkommissaris van Johannesburg,11 November 1895 :versoek om van dag tot dag prysopgawes van lewensmiddele voor te lê.
30. Besluite van die Uitvoerende Raad, art.801, dd. 26 November 1895,en „Aanspraak",art.14,EVR.59. Besluite van die Uitv.Raad, art. 911, 30 des.1895.

handelwyse van die Regering goedgekeur.[31] Toe dit aan die lig kom dat graan ook na aangrensende state uitgevoer word, het die Uitvoerende Raad besluit om aan die Volksraad voor te stel dat 'n uitvoerreg op koring, kafferkoring , meel en mielies gehef word.[32] Die Volksraad het egter goedgevind om die uitvoer van produkte heeltemal te belet tot tyd en wyl die toestand in eie gebied verbeter het.[33]

Nieteenstaande daar druk op die Volksraad uitgeoefen is om weer die tabak uit die Kaapkolonie hoog te belas, het die Regering sy weg nie daartoe oopgesien nie.[34] Die gespanne verhouding tussen die Republiek en die Britse Regering het dit noodsaaklik gemaak dat die Republiek goeie betrekkinge met die kolonies in Suid-Afrika bewaar. Invoerregte op onverwerkte tabak van state wat nie Transvaalse tabak belas het nie, is afgeskaf as 'n tegemoetkoming aan sulke state.[35]

Namate die agitasie van die mynbase vir die afskaffing van invoerregte op lewensmiddele toegeneem het en namate die uitwerking van die runderpes gevoel is, het die Regering toegewings gemaak ten opsigte van noodsaaklike voedselstowwe, slagvee en aanteelvee. Die beleid was in die eerste plek die beskerming en bevordering van die belange van die boer. Slegs wanneer dit die boer geen skade sou berokken nie, is verslapping van invoerbeheer toegestaan. Dit was natuurlik nie 'n ingewikkelde saak nie en het nie juis deskundige kennis vereis nie.

### III. GELDELIKE EN ANDER HULP AAN BOEREORGANISASIES.

Die ondersteuning en hulp wat die Regering ver-

---

31. Notule van die Eerste Volksraad, arts. 98-100, dd. 11 Mei 1896,EVR.59
32. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 327, dd. 29 April 1896.
33. Notule van die Eerste Volksraad, art. 168, dd. 16 Mei 1896, EVR.59.
34. Ibid.,art. 1198, dd. 12 Augustus 1896,EVR.62.
35. Ibid., arts. 223 en 224, dd. 7 Maart 1899, EVR.81, en RA.3643/97, dd. 30 Junie 1897.

leen het aan die landbougenootskappe by wyse van jaarlikse geldelike subsidies en die toekenning van grond vir tentoonstellingsterreine is ongeveer die enigste bydrae wat die staat gemaak het vir die organisering van die boeregemeenskap. Die omvang van hierdie hulp word breedvoerig bespreek in hoofstuk IX, en hier sal nou net kortliks daarna verwys word. Die hulp is verleen, omdat die Volksraad en Regering waarde geheg het aan die hou van landboutentoonstellings en langs hierdie weg landboudiens wou verskaf. Sodra die staat sy bydrae gemaak het in die vorme hierbo genoem, het hy geen verdere aksie geneem of leiding gegee nie.Die saak was dus heel eenvoudig: die werklike aksie het van die boereorganisasies uitgegaan. Die staat het slegs 'n jaarverslag van elke landbougenootskap wat geldelike hulp ontvang het, verwag. Verdere landboudienste en voorligting het agterweë gebly.

## IV. HULP AAN NOODLYDENDES.

Die wye speling in die weer- en klimaatsgesteldhede in Suid-Afrika en die natuurlike en ekonomiese stremminge waarmee die boer te kampe het, maak dit uiters noodsaaklik dat die staat by sekere ernstige terugslae in die boerderybedryf 'n helpende hand sal reik. Selfs die manne aan die roer van sake in die Suid-Afrikaanse Republiek was verplig om in gevalle van ernstige terugslae in die boerdery hulp te verleen vir verligting van die nood.

### Invoer van mielies en meel ten gevolge van die droogte van 1894 - 1895.

Ten gevolge van die skade wat deur sprinkane aangerig is en die lae reënval gedurende die seisoen 1894-95 was die Regering verplig om nie net invoerregte op belangrike lewensmiddele op te hef nie, maar om self mielies en meel in te voer. In November 1895 het die staatsekretaris aan die inspekteur-generaal van invoerregte opdrag gegee om ondersoek te doen na die hoeveelheid mielies in die verskeie distrikte en

'n skema te ontwerp vir die aankoop van graan op goewermentskoste.[36] Op 19 November het hierdie amptenaar sy skema aan die Regering voorgelê en aanbeveel dat een besending graan elders aangekoop en ingevoer word. Na aanleiding van sy bevinding het die Uitvoerende Raad toe besluit:

> " De Regeering op te dragen om voor rekening van het gouvernement hoogstens 25,000 zak mielies te doen importeeren en deze mielies door tusschenkomst van een agent te doen verkoopen te Pretoria en te Johannesburg tegen kostprys, waaronder behalve de kosten van inkoop mede begrepen zullen zyn de onkosten van Transport, Commissieloon, enz...".(37)

Die Uitvoerende Raad het verder bepalings gemaak vir die behartiging van hierdie saak en geadviseer dat die mielies in die Vrystaat of in Natal aangekoop word.

Die aanhoudende droogte het teen die einde van 1895 en die begin van 1896 die Regering genoodsaak om meer mielies in te voer.Die regeringsagent moes ook 75,000 sak Amerikaanse mielies aankoop en etlike sakke meel. Hoewel hierdie stap eintlik gedoen is om in die behoefte van die Witwatersrand te voorsien, het die boere ook van die staatsinvoer gebruik gemaak om meel en mielies te bekom. Hierdie skema was nog in volle gang toe 'n verdere slag die boere tref, die uitbreek van runderpes. Daar was spoedig 'n tekort aan transport, sodat die regeringsagent nie in staat was om die mielies en meel te distribueer nie. Die Regering het die mense weer te hulp gekom en besluit om muile vir transportdoeleindes aan te koop.[38]

Toe die einde van 1896 nader en die runderpes met onverminderde hewigheid onder die beestroppe van die Republiek verwoesting aanrig, het die Regering besluit om donkies te koop vir trekdiere en aansoeke vir die lewering daarvan ingewag. Die Regering is gemagtig om 8,000 trekesels aan te koop.[39] Die bedoeling

---

36. R.10958/95, staatsekretaris aan inspekteur-generaal.
37. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 801, dd. 26 November 1895. As agent is die heer J.D.Celliers aangestel.
38. Ibid., art. 314, dd. 23 April 1896 en art. 798, dd. 16 September 1896.
39. Ibid., art. 970, dd. 16 November 1898.

was om hierdie esels aan die burgers vir trekdiere te verkoop. By ontvangs van die eerste aansoek het die Uitvoerende Raad besluit om die esels aan die burgers te verkoop teen kosprys, afbetaalbaar binne twee jaar teen 6 persent rente en behoorlike sekerheidstelling.(40)

Kort na die instelling van hierdie hulpdiens het die saak in die Volksraad ter sprake gekom. Die Raad wou weet wat die voorwaardes was waaronder esels aan burgers wat deur die runderpes geruïneer was, verkoop sou word.(41) President Kruger het gewys op die noodsaaklikheid om die burgers te help. Die Regering het, om geen skade te ly nie, goeie sekuriteit vereis. Waar burgers geen grond besit het nie, het die Regering hom tevrede gestel met persoonlike borgtog. Op okkupasieplase is die verbeteringe daarop as sekuriteit aanvaar. Die algemene gedagte van lede was dat die Regering die burgers moes help, maar dat die muile en donkies so goedkoop moontlik aan die burgers verkoop moes word op die volgende voorwaardes:

a. dat die trekdiere verkoop word aan die burgers wat deur die veldkornet van hulle wyk aanbeveel word as getroue en eerlike inwoners;
b. dat die donkies en muile eers aan die burgers verkoop word in die distrikte waar die runderpes die grootste skade aangerig het;
c. dat aan baie behoeftige burgers donkies op uitstel sonder rente verkoop word.(42)

Die regeringsagent moes inderdaad 'n reuseonderneming behartig. Mielies, muile en donkies moes aangekoop en weer verkoop en verdeel word. Van tyd tot tyd het die Regering opdrag gegee dat meer mielies aangekoop word en voorskotte is daarvoor aan die agent betaal. Tot 30 April 1896 het die agent aan alles in

---

40. Ibid., art. 1067, dd. 11 Desember 1896 en R.17336/96. Die here B.J. Vorster,Jr. en A. van Maltzan moes 4000 esels voorsien en die heer G.P.Riekert die res teen £12 stuk. Die diere moes uit Asië of Spanje ingevoer word en binne ses maande op Pretoria afgelewer word.
41. Ibid., art.103, dd. 8 Februarie 1897,EVR.65.
42. Ibid., art. 306, dd. 15 Februarie 1897.

verband met die aankoop van mielies reeds £97,390.1.5 bestee. By bespreking van hierdie verslag het die Uitvoerende Raad 'n verdere £100,000 toegeken vir die aankoop van graan.(43)

By die hantering van groot somme geld en die bestuur van die uitgebreide transaksies is die indruk gewek dat die staat en die burgers nie die volle waarde en diens ontvang het waarvoor die Regering die skema ingestel het nie. Die saak het heel gou in die Volksraad ter sprake gekom.(44) 'n Mosie is op 2 Junie 1897 ingedien dat 'n kommissie benoem word om in oorleg met die Regering ondersoek in te stel na:

a. die hoeveelheid graan en die aantal trekdiere wat van staatsweë aangekoop is ;
b. op watter wyse die aangekoopte graan en vee bestee of gedistribueer is;
c. hoeveel daarvan nog voor hande was , en
d. watter bedrag reeds bestee is.

Die Raad het besluit dat die kommissie wat toe reeds benoem was om 'n skema te ontwerp vir verdere hulp aan noodlydendes, ook die ondersoek na bogemelde aspekte moes instel.(45) Uit die verslag van hierdie kommissie het geblyk dat die Regering tot einde Julie 1897 'n bedrag van £340,000 aan die regeringsagent voorgeskiet het vir die aankoop van mielies en meel. Met behulp van hierdie bedrag is mielies, mieliemeel, en meelblom aangekoop in die volgende hoeveelhede:

| | |
|---|---|
| mielies | 214,088 sakke, |
| mieliemeel | 6,446 sakke, |
| boeremeel | 5,091 sakke, |
| meelblom | 19,529 sakke. |

Hiervan was die volgende hoeveelhede verkoop en versprei in die verskillende distrikte:

| | |
|---|---|
| mielies | 184,155 sakke, |
| mieliemeel | 5,830 sakke, |
| boeremeel | 5,P63 sakke, |
| meelblom | 19,372 sakke. |

'n Bedrag van £199,585.17.9 is ontvang as inkomste uit die verkoop van genoemde artikels. Na aftrekking

---

43. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 798, dd. 16 September 1896.
44. Ibid., art. 223, 2 Junie 1897.
45. Notule van die Eerste Volksraad , art. 241, dd. 4 Junie 1897,EVR.66.

van ander koste soos dié verbonde aan die huur van pakhuise, koop van sakke, lone, vervoer en kommissie het dit geblyk dat die Regering 'n verlies van £72,981.9.2 gely het. Die kommissie het o.a. verklaar:

> „Sommige onregelmatigheden in het vervoer, de aflevering van de mielies, zoowel in de behoorlyke terugstorting der gelden hebben plaats gehad".(46)

'n Ander oorsaak van die groot verlies in verband met hierdie diens was die feit dat te veel mielies op 'n slag aangekoop is en dan deur kalander en gebrek aan pakhuise verlore gegaan het. Die kommissie kon egter nie aanbeveel dat die diens gestaak word nie, want die omstandighede van die land was van so 'n aard dat hulp nog dringend nodig was.

Die verslag het verder gemeld dat 'n voorskot van £267,000 aan die regeringsagent betaal is vir die aankoop van donkies, muile en waens. Die onderstaande tabel gee 'n oorsig van hoe die esels en muile verdeel is oor 'n aantal distrikte:(47)

| DISTRIKTE | GETAL DONKIES | GETAL MUILE |
|---|---|---|
| Lichtenburg | 664 | - |
| Klerksdorp | 200 | - |
| Soutpansberg | 1210 | 34 |
| Marico | 655 | 8 |
| Wolmaransstad | 450 | 8 |
| Rustenburg | 1428 | 54 |
| Waterberg | 782 | 22 |
| Potchefstroom | 646 | 83 |
| Pretoria | 1114 | 178 |
| Krugersdorp | 100 | - |
| Lydenburg | - | 6 |
| Ventersdorp | - | 25 |
| Middelburg | - | 16 |

Na 'n bespreking wat etlike dae geduur het, is die verslag van die kommissie deur die Volksraad aangeneem. Omdat die Raad die verlies wat gely is by die in-die-lewe-roep van hierdie diens, besef het, is besluit dat:-

46. Rapport van die kommissie, art. 6: Notule van die Eerste Volksraad, art. 869, dd. 17 Augustus 1897, EVR. 67.
47. Ibid. In Suid-Afrika is 5,101 donkies aangekoop teen £64,156. Die heer Riekert het 3854 donkies volgens ooreenkoms gelewer, terwyl die kontraktante Vorster en Van Maltzan nog niks gelewer het nie.

a. die Regering ondersoek moes laat instel na die onreëlmatighede in verband met die koop en verkoop van mielies en meel ;

b. aan die Regering opgedra word om geen verdere mielies en donkies aan te koop nie en om die transportdiens te beëindig;

c. die donkies aan die burgers so goedkoop moontlik verkoop word en die waens en muile wat nie deur die Regering benodig was nie, per publieke veiling verkoop word, en

d. die regeringsagent kennis gegee word om binne 'n vasgestelde tyd verantwoording te doen;gelde wat hy in stryd met die besluite van die Uitvoerende Raad ontvang het, in die staatskas moes terugstort. Alle amptenare en naturelle in diens van die skema ontslaan word.(48)

Daar het egter nog burgers aansoek gedoen om donkies te koop. Die Regering wou van die Volksraad 'n verduideliking hê van die besluit van 19 Augustus 1897 waarin die verdere verkoop van mielies en donkies verbied word. Die Regering wou weet of die kontrakte wat aangegaan is vir die lewering van donkies, as verval beskou moes word. Daar was baie arm burgers wat die Regering gesmeek het vir die verskaffing van donkies. Die beslissing van die Volksraad was dat die kontrakte wat aangegaan was, uitgevoer moes word. Die Regering moes self besluit wanneer die geldigheid van 'n kontrak verval het. Die Volksraad wou egter geen magtiging verleen om nog meer donkies aan te koop nie.(49)

Daar sou egter nog donkies beskikbaar wees uit die ooreenkoms met Vorster en Van Maltzan. Die Volksraad het 'n paar dae na aanname van bogenoemde besluit die burgers wat donkies en muile op skuld gekoop het of nog sou koop, tegemoet gekom deur te bepaal dat die rentekoers verlaag word van 6 tot 3 persent; dat indien die afbetaling van die skuld nie binne vyf jaar kon geskied nie, verdere verlenging van termyn van afbetaling toegestaan sou word.(50)

48. Notule van die Eerste Volksraad, art. 883, dd. 19 Augustus 1897,EVR.68.
49. Ibid., arts. 1286 en 1288, dd. 22 September 1897.
50. Ibid.,art. 1294, dd. 23 September 1897 en art. 1314, dd. 27 September 1897.

Die skema van hulp aan burgers wat deur droogte en runderpes geruïneer was, het die Regering en die Volksraad veel hoofbrekens besorg. Die staat het 'n aansienlike bedrag skade gely en burgers het self nie veel baat gevind by die aankoop van die donkies en die muile nie. Baie kopers het binne korte tyd die meeste van die donkies of muile verloor. Herhaalde aansoeke om kwytskelding van skuld op donkies en muile wat doodgegaan het, is deur die Volksraad van die hand gewys.(51) Die owerheid het soveel moeilikhede met hierdie onderneming gehad dat die Volksraad op memories wat in 1898 versoek het dat die Regering vee vir arm burgers moes aankoop, beslis geweier het om hom weer aan so iets te waag.(52)

Die hele transaksie was teen 1898 nog nie finaal afgehandel nie, sodat die Volksraad die Regering versoek het om 'n finale verslag tydens die gewone sitting van 1899 in te dien.(53)

Vanaf die begin van 1896, d.i. tydens die Jameson-inval, het die boeregemeenskap in die Suid-Afrikaanse Republiek 'n baie moeilike tydperk ingetree. Die een ramp en terugslag na die ander het die boere getref en binne 'n paar jaar is duisende boere van hulle bestaansmiddele beroof. Die Regering het alles in sy vermoë gedoen om die nood te lenig.By die deurlees van die debatte in die Volksraad blyk duidelik dat die wetgewers 'n ope oog en oor gehad het vir die rampe wat die boeregemeenskap getref het. In hierdie laaste jare van sy bestaan het die Regering op verskeie maniere hulp en bystand verleen.Die verwaarlosing van voorligting, leiding en navorsing deur die staat het hom nou gewreek. Die gevolge moes nou met toelae en lenings bestry word. Die verspreiding van mielies, meel, muile en donkies het 'n aansienlike bedrag gekos. Tog het die Regering verhoed dat meer mense in armoede versink en sodoende etlike boere nog op die platteland gehou, al was dit dan nog onder baie armoedige omstandighede.

51. Ibid., art. 1067, dd. 1 September 1899,EVR.84.
52. Ibid., arts.1266-1268,dd. 23 September 1898,EVR.68.
53. Ibid., art.1002, dd.19 Augustus 1898,EVR.75.

V. VOORSIENING VAN LANDBOUKREDIET.

Daar bestaan 'n wesenlike verskil tussen die kredietbehoeftes van die nywerhede en die handel en dié van landbou-veeteelt. Die landboukredietprobleem is eiesoortig en verskillend van die vraagstuk in ander bedrywe. Landbou is oor die algemeen 'n kleinbedryf, met die indiwiduele boer as eienaar en bestuurder. Ander bedrywe ontwikkel tot die grootbedryf in die vorm van maatskappye. Omdat die boerdery aan die grondopbrings verbind is, is dit in 'n groot mate van klimaatswisseling afhanklik. Hierdie feit lewer moeilikhede by die finansiering van die landbou. Die seisoensaard van produksie, sy afhanklikheid van natuurlike kontrole en die aard van sy organisasie lewer moeilikhede by die finansiering van die bedryf. Verder is die langsame omset en die moeilikheid om sy kapitaalbates te gelde te maak, die gebrek aan eenvormigheid in die berekening van laste en bates en die hoë mate van onsekerheid van produksie almal faktore wat die boerdery minder aantreklik maak vir belegging as in ander nywerhede. Die afwesigheid van 'n onafgebroke opbrings bemoeilik korttermyn kredietvoorsiening.[54]

In Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Republiek in die besonder is die probleme verbonde aan finansiering van die boerdery nog moeiliker gemaak deur onsekerheid ten gevolge van die inboorlinggevaar en pioniersomstandighede. Gelukkig was die kredietbehoefte in die onderhoudsboerdery baie gering.Kapitaalbesteding in die tradisionele selfversorgende boerderystelsel was feitlik onbekend.Die boer van vandag het gewoonlik die volgende vier soorte kredietbehoeftes, nl. krediet vir die aankoop van grond, vir

54.Vergelyk Biljon, van F.J.: State Interference in South Africa, pp.120-121;
Schumann,C.G.W.:Die Kredietmark in Suid-Afrika, pp. 39-40;
Ross,G.E.N.: Landboukrediet,p.15.
Venter,P.: Die Staatsversorging van 'n tipiese boeregemeenskap in Suidwes-Transvaal,ongepubliseerde M.A.-verhandeling, 1844;
Van Rensburg,B.F.: Landboukrediet in Suid-Afrika soos voorsien deur die staat,ongepubliseerde M.Com.-verhandeling, 1952.

duursame verbeterings, vir uitrusting om te kan boer en vir die bewerking en afset van sy produkte. Die pionierboer van die Suid-Afrikaanse Republiek het weinig van hierdie krediet nodig gehad. Grond is as burgerreg aan hom toegeken en daarvoor is geen uitgawe gemaak nie. Duursame verbeterings is sonder besteding van veel kontant gemaak. Wat uitrusting betref, is daar ook van die langsame proses van vermeerdering deur aanteel en die oes gebruik gemaak. Die seun wat selfstandig wou boer, het reeds 'n aantal aanteelvee besit en daar is aan die koop van vee selde gedink. Gereedskap soos 'n wa,trekgoed en ploeë is uit die opbrings van die boerdery aangeskaf. Aan bedryfskapitaal vir die lewering van 'n oes was ook weinig nodig.Die kredietbehoefte vir goedere vir die huis en onderhoud was dikwels veel groter as die behoefte aan krediet vir die beoefening van die boerdery.

Vir die voorsiening van krediet vir die boerdery was die distriksbanke in die Kaapkolonie veral geskik.[55] Deur persoonlike kennis van die kredietnemers kon hierdie banke goed voorsien in die behoefte van die eie omgewing.In die Suid-Afrikaanse Republiek het eers in 1888 die „Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika" tot stand gekom. Maar hierdie bank en ander maatskappye wat geld uitgeleen het, was kragtens die aard van hulle onderneming nie bedoel vir die finansiering van die boerdery nie. Privaat persone het ook geld op verband uitgeleen, maar ongelukkig kan nie vasgestel word of sulke lenings ten behoewe van die landbou en die veeteelt aangegaan is nie. Hierdie verbande was voor die stigting van 'n akteskantoor by die plaaslike landdros geregistreer. Die rentekoers was gewoonlik van 4 tot 6 persent.[56]

Met die toename van die bevolking, die styging van grondpryse, die ontstaan van dorpe met amptenare,

55. In 1862 was daar reeds 29 distriksbanke waarvan 'n aantal ook veral landbou gefinansier het: sien De Kock,M.H. op.cit. p. 366.
56. Landdrosstukke,Potchefstroom,No.61(Landdrosverbandeboek,1854-1861).

ambagsmanne en dagloners wat nie ten volle in eie behoeftes deur 'n kleinboerdery kon voorsien nie, het die moontlikheid van die afset van surplus-landbouprodukte geleidelik toegeneem. Tog is daar nie pogings aangewend om in terme van geld te bereken watter afdelings van die boerdery die hoogste winste afgewerp het nie. Die leefwyse en die ekonomiese uitsig van die boer was nog nie dié van die kapitalistiese stelsel nie.(57) Die toenemende bemarking van wol het kontantgeld beskikbaar gestel en skaapboerdery het dan ook die belangrikste bron van kontantinkomste geword. Besteding van kontantgeld vir die verbetering van die wolskaap is die eerste vorm van kapitaalbesteding in die boerdery. Die vraag na kapitaal vir die boerdery het egter eers begin na die ontdekking van diamante en veral na die ontdekking van die goud van die Witwatersrand. In betreklike kort tyd is groot binnelandse markte geskep. Goeie pryse en 'n onbeperkte aanvraag open die weg vir groter produksie. Dit het beteken dat geld 'n belangriker rol gespeel het in die produksieproses. Die ou proses van natuurlike aanwas was te stadig. Die behoefte aan krediet vir die boerdery word so gebore. Die ou bronne van kredietvoorsiening, nl. vriende, familie en handelaars kan nie volkome in hierdie behoefte voorsien nie. Die omskepping van die onderhoudsboerdery na die meer gekommersialiseerde vorm van boerdery het langtermynkrediet vereis. Tussen die mynbedryf en die groot kapitaal was daar 'n noue verband en wisselwerking, maar wat die boerdery betref, was daar geen verband tussen die kapitaalbesitters en die boeregemeenskap nie. Die boerdery het geen eie georganiseerde kapitaal besit nie. Die gees van onafhanklikheid en die tradisie van 'n selfversorgende boerderystelsel, die ekonomiese afsluiting in die binneland, die ekstensiewe aard van die boerdery, tesame met 'n gebrek aan besigheidskennis en -insig, het verhinder dat 'n eie kredietvoorsieningstelsel vir die boerdery ontwikkel. Die boere kon nie in hul eie kapitaalbehoeftes deur

---

57. Schumann, C.G.W.: Die Kredietmark in Suid-Afrika, p.98.

eie organisasie en beplanning voorsien nie. Hier en daar was daar moontlik 'n vermoënde boer wat geld kon voorskiet. Sulke kredietfasiliteite was egter nie vir die boerdery geskik nie.

Die taak van kredietvoorsiening vir die boerderybedryf was uiteindelik die plig van die staat. Namate die nasionale taak van die boerdery besef is en namate gebrek aan kapitaal vir die boerdery ook die goudmynbedryf en nywerhede van die Republiek gestrem het, het die staat sy verantwoordelikheid ten opsigte van kredietverskaffing aan die boer meer en meer besef. Die boeregemeenskap het na die owerheid opgesien vir hulp in hierdie verband. In 1890 het J.F.Martins, J.Geldenhuys en 62 ander 'n memorie aan die Volksraad gerig waarin die Raad versoek word om toestemming te verleen dat staatsgeld teen goeie sekuriteit uitgeleen word vir bevordering van die boerdery. In daardie jaar het die Regering deur droogtes reeds ondervind hoe onbevredigend landbouproduksie was en tog het hierdie versoek die Volksraad koud gelaat. Die aanbeveling van die memoriekommissie was :

> „Uwe Commissie acht het niet mogelyk aan het verzoek van memorialisten te voldoen om de landsgelden in hypotheken vast te zetten en beveelt den E.A. Volksraad aan afwyzend op deze memorie te antwoorden".(58)

Die Raad het hierdie aanbeveling met algemene stemme aanvaar.Die beskouing dat die staat verantwoordelik was vir die bevordering van die boerderybedryf as nasionale bedryf deur verskaffing van kredietfasiliteite aan boere het nog nie by die wetgewers posgevat nie. Volgens hulle moes die boer self die nodige krediet vind en het die staat hierin geen verpligting gehad nie. Daar sou iets radikaals moes gebeur om die owerheid te oorreed om staatsgelde aan te wend vir finansiering van die boerdery.

'n Verdere aanduiding van die behoefte aan landboukrediet blyk uit die poging wat 'n sekere Eugene Oppenheim aangewend het vir die stigting van 'n „ Grondcrediet Maatschappy voor de Zuid-Afrikaansche

58. Notule van die Volksraad, art. 220, dd. 2 Junie 1890: memorie gedateer, Buffeldoorns, 1 April 1890; EVR. 41.

Republiek,Beperkt". Die doel was die finansiering van die handel, die nywerheid en die boerdery. Die maatskappy het egter nooit tot stand gekom nie, en verdere gegewens is nie te vinde nie.[59]

Nadat die Regering genoodsaak was om 'n staatslening aan te gaan, het dit dringend noodsaaklik geword om 'n delgingsfonds vir die aflossing van die sogenoemde Rothchild-lening te stig. In die begin van 1893 het daar dan ook memories by die Volksraad ingekom wat die Raad versoek het om 'n delgingsfonds te stig.[60]

A. AMORTISASIEFONDS.

Die saak van 'n delgingsfonds het ernstige aandag geniet toe daar tussen 8 en 10 Februarie 1893 ontsettende oorstromings in die Krokodilriviergebied voorgekom het. Gedurende genoemde paar dae het geweldige swaar reëns geval in die stroomgebied van Krokodilrivier, Hexrivier,Magaliesrivier,Selonsrivier en Kosterrivier. Die skade aan menselewens en besittings was enorm en daar was groot nood. Nadat die landdros van Rustenburg berig aan die Regering gestuur het van die geweldige verwoesting wat aangerig is en van die nood waarin talle gesinne verkeer het, het die Uitvoerende Raad besluit om voorlopig £1000 beskikbaar te stel vir noodleniging en om generaal N.J.Smit, die vise-president, saam met landdros C.E.Schutte van Pretoria as kommissie aan te stel om die toestand te ondersoek en die bystand te reël.[61]

Uit die verslag van hierdie kommissie blyk dat 22 woonhuise totaal weggespoel is, dat 18 ingesak het, maar dat die meubels gered kon word en dat 82 gedeeltelik onder water was. Van 122 boerderye het geen land of watervoor oorgebly nie. Dit was veral hawer- en tabaklande wat weggespoel is. Die kommissie het

59. Ibid., arts.1232-1234,dd. 9 Augustus 1890, EVR.43.
60. EVR 545/93,EVR 541/93,EVR 96/93,EVR 93/93,EVR 262/93,EVR 667/93,EVR 870/93,EVR 778/93,EVR 856/93: memories afkomstig van Potchefstroom, Witwatersrand, Pretoria en Bronkhorstspruit.
61. Besluite van die Uitvoerende Raad , art. 91, dd. 14 Februarie 1893.

aanbeveel dat die mense van werkvolk voorsien word ten einde hulle damme en watervore in orde te bring. Verder word voorgestel dat geld aan die noodlydendes geleen word teen 'n billike rentekoers.[62] Die kommissie het vir die opbou van die boerderye dit noodsaaklik geag dat van staatsweë krediet voorsien word. President Kruger het in sy toespraak voor die Volksraad op 1 Mei 1893 verwys na die onherstelbare verliese wat 'n aantal burgers gely het. Hy het o.m. gesê :

> " Van zulk een watersnood vinden wy geen tweede voorbeeld in onze geschiedenis. De Regeering heeft het onder deze omstandigheden tot haar duren plicht geacht een som van een duizend Pond Sterling beschikbaar te stellen tot leeniging van den nood. De desbetreffende stukken zullen U worden voorgelegd, en zy hoopt dat gy Uwe goedkeuring aan dezen maatregel zult kunnen hechten, maar tevens dat gy bereid zult zyn naar Uwe wysheid en goeddunken een verdere som ter beschikking der Regeering te stellen, ten einde daaruit meer en naar het oordeel der Regeering hoogstnoodige tegemoetkoming te doen".(63)

Na aanleiding hiervan het die Regering van die Volksraad toestemming gevra om van £50,000 tot £100,000 beskikbaar te stel om teen voldoende sekuriteit 'n delgingsfonds te skep om voorkeur aan watersnoodlydendes te gee by toekenning van lenings.[64] President Kruger het die Regering se aanvraag verder verduidelik. Baie van die plase was so verwoes dat die eienaars alles verloor het en alleen gehelp kon word deur 'n geldelike voorskot. Die saaityd was op hande en hulp moes dadelik verleen word. Die Regering was van voorneme om 'n delgingsfonds te stig waaruit die noodlydendes en ander burgers gehelp kon word teen voldoende sekuriteit en 'n billike rentekoers van ongeveer 6 persent.

Die Volksraad het by hierdie geleentheid ook die memories wat vir die stigting van 'n delgingsfonds vra, oorweeg. Die memoriekommissie het so 'n fonds waaruit geld geleen kon word op verband van vaste eiendom , aanbeveel. Goedkeuring is deur die Volksraad gegee aan stappe wat reeds vir noodleniging gedoen was.

62. R.2231/93 by R.1951/93,verslag gedateer 21 Febr.1893.
63. Notule van Eerste Volksraad, 1Mei 1893, EVR. 47.
64. Ibid., art.392, dd. 20 Junie 1893, EVR.48.

Verder het die Raad besluit:-

> " eene som van £50,000 tot £100,000 , zooals de financiën het zullen toelaten, ter beschikking van de HEd.Regeering te stellen, om als een Delgingsfonds op eerste hypotheek te worden uitgezet onder de burgers en ingezetenen van dezen Staat en wel met dien verstande, dat eerst aan de watersnoodlydenden zal worden tegemoet gekomen , zullende de gelden verder aangewend worden, zooveel mogelyk ter bevordering van den landbouw in deze Republiek".

Van hierdie bedrag moes £25,000 onmiddellik beskikbaar gestel word teen sekuriteit van vaste eiendom. Aan die Regering word verder opgedra om vir die stigting van die voorgestelde delgingsfonds die nodige voorstelle by die Volksraad in te dien.[65]

Die owerheid het uiteindelik die noodsaaklikheid van kredietvoorsiening aan die boeregemeenskap besef. Hierdie stap was die gevolg van gedurige aandrang van die kant van die boeregemeenskap. Die memories wat in 1893 gevra het om die instelling van 'n landboudepartement, het hierdie aspek van 'n departement beklemtoon. Burgers uit wyk Waterval, distrik Standerton, het in hulle memorie aan die Volksraad verklaar dat die Regering op meer direkte wyse as net die heffing van invoerregte die landbou en die veeteelt moes ondersteun.[66] Ook die memorie van die heer M.Fleischack en ander van Potchefstroom het by die pleidooi vir die instelling van 'n landboudepartement, die noodsaaklikheid van kredietverskaffing deur die staat, beklemtoon. Die gelde moes voorgeskiet word teen 'n verband op die grond en moes deur annuïteite oor 'n reeks jare terugbetaal word.[67]

Die behoefte aan staatslandboukrediet is dus algemeen gevoel en die besluit van die Regering en Volksraad om deur die skepping van 'n delgingsfonds in daardie behoefte te voorsien, was 'n groot bydrae tot die bevordering van die boerdery in die Republiek.

---

65. Ibid., art. 394, dd. 20 Junie 1893, EVR.48.
66. Ibid., art. 384, dd. 19 Junie 1893.
67. Ibid.; Sien ook hoofstuk VII,pp. 242-243.

Die voorstelle insake die skepping van 'n delgingsfonds is deur die Regering opgestel en aan die Eerste Volksraad voorgelê. Na 'n aantal wysiginge het die Raad sy goedkeuring daaraan gegee. Artikel 1 van die voorstelle het gelui:-

"Er word voor dit jaar door den Thesaurier-Generaal een som gelds van de Publieke Inkomsten weggetrokken van £50,000 tot £100,000, naarmate de staat van de Publieke Inkomsten zulks zou kunnen wettigen en deze zal op eene afzonderlyke rekening in de Nationale Bank worden geplaatst. Deze rekening zal worden genoemd: Amortisatie Fonds!"(68)

Die fonds sou geadministreer en beheer word deur 'n kommissie van drie persone wat deur die Regering aangestel word. In artikel 5 van die regulasies is bepaal hoe die fonds belê of bestee sou word:

"Uit het Amortisatie Fonds zullen worden betaald:

(a) Leeningen aan noodlydenden door den watersnood, verzekerd door eerste verband op vast eigendom in dezen Staat gelegen; op welke plaatsen het geld ook besteed moet worden tot verbetering van de plaatsen zelf;

(b) Voorschotten aan eigenaaren van plaatsen voor gelden betaalbaar onder art.12 van Wet No.9, 1891.(69)

(c) Leeningen op eerste verband op vast eigendom in dezen Staat; op welke plaatsen de gelden ook besteed moeten worden tot verbetering dier plaatsen".

Vir lenings onder (a) en (c) hierbo aangegaan, moes 'n behoorlike verbandakte uitgemaak word. Die rentekoers sou 6 persent wees. By die uitmaak van 'n verband op vaste eiendom moes die Amortisasiekommissie slegs die derde van die taksasie van die grond vir verbanddoeleinde aanneem en daarvolgens 'n lening toeken. Die lening vir algemene landboudoeleindes, soos in art. 5(a) en (c) toegeken, sou vir 'n termyn van vyf jaar wees. Rente moes halfjaarliks betaal word. Die

---

68. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 346, dd. 3 Julie 1893; en
Notule van die Eerste Volksraad, art. 574, dd. 7 Julie 1893,EVR.49; Staats-Courant, 12 Julie 1893, goewermentskennisgewing No. 163.

69. Artikel 12 van Wet No. 9 van 1891, d.i. Wet op Generale Opmeting, het bepaal dat, sodra die landmeter die kaart van 'n plaas gereed het en die landmeter-generaal sy goedkeuring daaraan geheg het, die eienaar die helfte van die meetgelde by die Regering moes stort. Nadat die kaart deur die staatspresident geteken was, moes die tweede helfte betaal word.

kommissie het egter die reg gehad om die tydperk te verleng. Gelde vir betaling van meetkoste volgens art. 12 van Wet No.9 van 1891 sou op die volgende voorwaardes voorgeskiet word:

a. Die Regering sou opdrag gee in gevalle waar sulke lenings gemaak moes word.

b. Die rente en bedrag wat voorgeskiet word, sou 'n eerste preferente vordering teen die eiendom uitmaak. Die rentekoers sou 6 persent wees.

c. Die geld moes binne twaalf maande terugbetaal word. Indien dit nie gebeur nie, sou die bedrag op dieselfde wyse as die direkte belastings ingevorder word.

d. Daar kon egter met indiwiduele eienaars afsonderlike ooreenkomste aangegaan word in verband met die terugbetaling van rente en kapitaal.

e. Die Regering het as veiligheidsmaatreël bepaal dat geen kaart of transport uitgereik sou word aan 'n grondeienaar wat nie die voorwaardes van die voorskot nagekom het nie. Artikel 12 van die regulasies het bepaal dat die gelde so belê moes word dat die nodige bedrag vir aflossing van 'n staatslening op 31 Desember 1901 beskikbaar sou wees.

Die kommissie in beheer van die amortisasiefonds moes jaarliks aan die Eerste Volksraad verslag doen.[70]

Op 11 Julie 1893 het die kommissie reeds met werksaamhede begin en dit was spoedig verplig om van die Regering 'n uitleg te vra van die bepalings insake die uitleen van geld. Die kommissie het die bepalings in artikel 5(a) en (c) so vertolk dat hy geen reg gehad het om geld uit te leen as 'n deel daarvan bedoel was om bestaande verbande af te los nie. Genoemde artikel verleen slegs reg vir toekenning van 'n lening vir verbetering van die plaas self. President Kruger was van oordeel dat die geld ook vir ander doeleindes aangewend kon word. Die Uitvoerende Raad het die saak na die Volksraad vir 'n uitspraak verwys.[71] Die Volksraad het die uitleg van die amortisasiekommissie onderskryf, maar besluit om 'n verdere bepaling (d) by te voeg , nl. „Leeningen ter bevordering van Landbouwdoeleinden".[72] Die Raad het ook verder bepaal dat watersnoodlydendes 'n gedeelte van die bedrag wat

70. R.8494/93. As lede van die kommissie is benoem die tesourier-generaal, die ouditeur-generaal, die landmeter-generaal en 'n sekretaris.

71. Notule van die Eerste Volksraad, art. 675, dd. 13 Julie 1893, EVR.49.

72. Ibid., art. 678, dd. 13 Julie 1893.

deur hulle geleen is, kon aanwend vir die aflos van bestaande verbande. Daar kon egter nie meer as die helfte van die geleende bedrag vir hierdie doel gebruik word nie. Wat die bepaling van 'n maksimum bedrag betref, het die Volksraad vasgestel dat die amortisasiekommissie in geen geval meer as £1500 as lening aan enige applikant mag toestaan nie. Ook is bepaal dat die waardering van die eiendom wat onder verband gegee moes word, alleen die gewone waarde moes insluit en nie die minerale waarde van sodanige grond nie.

Nadat hierdie en ander voorbereidende stappe gedoen is, het die amortisasiekommissie op 21 Julie 1893 die Regering versoek om 'n kennisgewing in die Staatskoerant te publiseer dat aansoeke vir lenings direk aan die sekretaris van die fonds gerig kon word. Uit die verslag van die kommissie oor die tydperk 11 Julie tot 31 Desember 1893 blyk dat die kommissie 90 vergaderings gehou het en 292 aansoeke vir lenings tot 'n gesamentlike bedrag van £111,293 ontvang het. Van hierdie aansoeke is 92 òf geweier òf die bedrag wat toegestaan is, was nie voldoende nie sodat die applikant dit nie opgeneem het nie. Uit die orige 200 aansoeke is die volgende toewysings gemaak: vir noodlydendes onder sekuriteit van 31 verbande is £9,506 uitgeleen. Vir verbetering van plase en bevordering van die landbou is £56,062 toegeken, gedek deur 169 verbande. Vir afbetaling van meetkoste (art.5 (b) is vanaf 1 November 'n bedrag van £667.19.2 betaal. Hiervan was reeds £163.7.11 terugbetaal. 'n Bedrag van £151.19.7 is ontvang as rente op die lenings. Die kommissie het dit goedgevind om 'n bedrag van £25,000 te reserveer vir lenings in verband met meetkoste.(73)

Die redakteur van <u>The Star</u> het hierdie hulp in belang van landbou-veeteelt nie met goeie gesindheid bejeën nie en geskryf:

> " Nothing more impudent has ever been put forward in this country than the proposal to utilise the State Surplus, said to have reached something considerably over half a million sterling, for

73. R.5778/94 :verslag van die amortisasiekommissie , en Notule van die Eerste Volksraad, art. 665, dd. 2 Julie 1894, EVR. 52 .

> the establishment of a State Land Bank - to loan public funds drawn from a new population by excessive taxation, to the needy (and greedy) burgher for the development of backward agriculture...It is the old Boer ideal of a National Bank breaking out in a new form".(74)

Die redakteur het blykbaar uit die oog verloor dat dit 'n goeie belegging was van publieke inkomste en dat dit die eerste daadwerklike hulp aan die boerderybedryf was. Afgesien van die feit dat die blad die mondstuk was van die vyandiggesinde uitlander, het die redakteur nog nie besef dat die gedagte van afsydigheid teenoor die boer se belange uitgedien was nie. Hy het nie besef dat daar geleidelik 'n verandering gekom het in die ekonomiese voorwaardes van die volkslewe nie.

Gedurende die jaar 1894 het 74 aansoeke vir lenings ingekom. Hiervan is slegs 51 toegestaan vir 'n gesamentlike bedrag van £14,735. Ten opsigte van 15 aansoeke wat reeds in 1893 goedgekeur was, is 'n bedrag van £2,980 uitbetaal. Die totale belegging in 66 verbande was £17,765. Aan afbetaling van verbande is £4,645 ontvang, sommige in geheel afbetaal, ander net gedeeltelik. Dit het gegeld ten opsigte van 4 verbande waarop £5,145 geleen was. Die terugbetaling was dus bevredigend. Aan rente op lenings vir bevordering van die landbou en vir noodlydendes is £4,141.12.7 ontvang.(75)

Vir die afbetaling van meetkoste is vir 1894 'n bedrag van £9,664.7.4 uitgeleen. Die rente op hierdie lenings het slegs £42.1.7 bedra, omdat die lenings betreklik gou terugbetaal is. Tot einde 1894 was 35 aansoeke van watersnoodlydendes ontvang, waarvoor 'n bedrag van £10,636 uitbetaal is. Vir verbetering van plase en die landbou is 219 aansoeke toegestaan en £68,052 uitbetaal. Tesame dus 254 verbande waarteen £78,688 geleen is. Die taksasie van die gronde waarop verbande gepasseer is, was £344,164. Daar was nog 'n

74. The Star, 17 Junie 1893.
75. R.4961/95: verslag van die kommissie, Pretoria, 15 Mei 1895.

bedrag van £17,765 beskikbaar vir lenings onder verband.[76] Die kommissie het in 1895 per kennisgewing in die Staatskoerant bekend gemaak dat verdere aansoeke ingedien kon word.

Volgens die verslag oor die jaar 1895 was reeds £11,710 van die verbande afbetaal. Hierdie bedrag het 32 verbande verteenwoordig. Die verbande het gewissel van £40 tot £1500.[77] In 1895 is 26 aansoeke toegestaan en verbande geneem vir £6,956. Vir watersnoodlydendes was aan die einde van 1895 die bedrag van £9,966 uitstaande , verteenwoordigende 32 verbande. Dit blyk dus dat reeds deur hierdie mense ook verbande afgelos is. Die bedrag uitstaande op lenings vir verbetering van die landbou was £63,968. Voorskotte vir afbetaling van meetkoste het £7,494.7.9 in 1895 bedra, saam met dié van vorige jare dus 'n totaal van £14,615.10.11. Hiervan was reeds £6,848.14.11 terugbetaal. Rente op lenings op verbande het £5,019.10.2 beloop. Daar was slegs £37.10.0 aan rente agterstallig. Die kommissie het aan die einde van 1895 'n balans van £36,285 tot sy beskikking gehad.[78]

Na aanleiding van hierdie verslag het <u>De Volksstem</u> geskryf dat die resultate die eertydse kritici enige aanspraak op waarheid ontneem. Die blad het die vraag gestel of dit nie moontlik was om die werk en omvang van die krediet drievoudig uit te brei ten behoewe van grondeienaars nie.[79]

By die bespreking van bogenoemde verslag wou lede van die Volksraad weet waarom daar meer terugbetaal is in 1895 as wat uitgeleen is. Sommige lede het gemeen dat die rentekoers te hoog was, ander dat die toekenning van lenings volgens 'n derde van die getakseerde waarde te gering was. Heelwat lede was van

---

76. Ibid., en <u>Staats-Courant</u>, 16 Oktober 1895.
77. R.5309/96: <u>verslag vir 1895</u>, bylae B.
78. Ibid., bylae D.
79. <u>De Volksstem</u>, 10 Junie 1896.

oordeel dat die feit dat die geld net vir landbou-doeleindes aangewend kon word, baie boere afgeskrik het van aansoeke om lenings. Daar is ook gepleit dat afgesien moes word van die bepaling dat lenings slegs vir verbetering van die plaas gebruik moes word. Daar is egter gewys op die moontlikheid dat spekulante die geld sou opneem, indien dit vir ander doeleindes aangewend kon word.[80] Op 'n wenk van die Volksraad het die amortisasiekommissie weer bekend gemaak dat £10,000 vir lenings beskikbaar was.[81]

In sy verslag oor die jaar 1896 het die kommissie na aanleiding van 'n bedrag van £34,239.14.11 wat op 31 Desember 1896 nie opgeneem was nie, aanbeveel dat die rentekoers verlaag word na 5 persent.[82] Die landmeter-generaal het meegedeel dat daardie balans verminder was deur aansoeke wat in die begin van 1897 ingekom het, tot 'n bedrag van £7000. Daarom was daar nie veel oor om te leen nie en sou hy renteverminderin g nie meer aanbeveel nie. Die Raad het die rentekoers gevolglik onveranderd laat bly.[83] Die rentekoers op lenings uit die amortisasiefonds was twee keer so hoog as dié op die Armburgerfonds en gevolglik het die vraag selfs by Volksraadslede ontstaan waarom die rentekoers nie verminder kon word nie. In die sitting van 1898 was daar 'n memorie voor die Raad wat versoek het dat die rentekoers van die lenings uit die amortisasiefonds op 3 persent gestel moet word.[84] Namens die Regering is verduidelik dat die amortisasiefonds in die lewe geroep was om die Rothchild-lening te delg.Vir daardie lening moes 5 persent rente betaal word en as administrasiekoste bygereken word, het die werklike koers teen hoogstens 8 persent te staan gekom. Die Raad het toe die rentekoers onveranderd gelaat.[85]

---

80. Notule van die Eerste Volksraad, arts. 602-605, dd. 16 en 17 Junie 1896, EVR. 60.
81. Sien Staats-Courant, 1 Julie 1896.
82. Verslag van die amortisasiekommissie, Notule van die Eerste Volksraad, art. 1318,dd.27 September 1897,EVR.68.
83. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1320, dd. 27 September 1897,EVR.68.
84. Ibid., art. 1331, dd. 29 September 1897,EVR.76.
85. Ibid., art. 1332, .

Teen die einde van 1896 was op verband uitgeleen 'n bedrag van £99,182, sodat die bedrag wat oorspronklik beskikbaar gestel was, dus feitlik geheel uitgeleen was. Die feit dat in die eerste nege maande van 1897 reeds £24,000 van die balans van £34,000 uitbestee was, moet toegeskryf word aan die behoefte aan krediet wat deur die verwoesting van die runderpes geskep is. In 1897 is tewens 'n tweede fonds in die lewe geroep vir kredietvoorsiening aan boere wat deur runderpes en droogte geruïneer was. Hierdie fonds is onder beheer van die amortisasiekommissie geplaas. Dit bring ons dan tot die volgende stap in staatslandboukrediet: die stigting van 'n fonds vir tegemoetkoming aan burgers wat deur die runderpes geruïneer was, kortheidshalwe genoem „Armburgerfonds".

B. ARMBURGERFONDS.

Nadat die runderpes vanuit Brits-Betsjoeanaland in die noordwestelike distrikte van die Suid-Afrikaanse Republiek versprei het, het die verwoesting sulke afmetings aangeneem dat 'n groot persentasie van die boerende bevolking in uiterste armoede verkeer het. Die verlies aan beeste het beteken dat daar geen trekosse was nie en gevolglik ook nie gesaai of transport gery kon word nie. Die nood het gaandeweg ernstiger geword en dit was duidelik dat die Regering hulp moes verleen. Sodanige hulp is verleen deur aankoop van donkies en muile vir herverkoop aan geruïneerde burgers, soos hierbo reeds beskryf is. Toe daar egter in Mei 1897 sprake was van die ondoeltreffendheid van hierdie staatshulp en van onreëlmatighede wat plaasvind by die administrasie van die hulpdiens, het die heer A. Wolmarans in die Eerste Volksraad gevra dat ander middele oorweeg word om aan burgers wat deur sprinkane, droogte, runderpes en koors verarm is, tegemoet te kom, o.a. deur verskaffing van werk of deur geld teen billike terme en voorwaardes beskikbaar te stel.(86) Die Volksraad het besluit om die koorsgeteisterde distrikte te hulp te kom deur geneeshere op staatskoste daarheen te stuur. In verband met

86. Ibid., art. 110, dd. 17 Mei 1897, EVR. 65.

verdere hulp aan verarmde burgers is 'n komitee benoem om die Raad van advies te dien.[87]

Memories wat by hierdie komitee ingedien is, was taamlik uiteenlopend in hulle versoeke. Die memorie na aanleiding waarvan die komitee hulp aanbeveel het, was afkomstig van die distrik Waterberg. Memorialiste het versoek dat ondersteuning aan alle ingesetenes van wie alle beeste, of bykans almal, aan runderpes dood was, verleen moes word.[88] Die kommissie het aanbeveel dat die Regering voorlopig £200,000 beskikbaar moes stel vir tegemoetkoming aan burgers wat hulle beeste verloor het. Hierdie geld moes op die volgende voorwaardes voorgeskiet word:-

a. £150,000 vir persone wat in staat was om vaste eiendom as sekuriteit op eerste verband te gee. Aan hierdie persone kon 'n bedrag voorgeskiet word wat gelykstaande was aan een derde van die getakseerde waarde van die eiendom. Die maksimum bedrag wat so voorgeskiet kon word, was £250. Die geld sou vir 5 jaar geleen word teen 4 persent rente. Die administrasie van die fonds moes deur die amortisasiekommissie waargeneem word.

b. Persone wat geen vaste eiendom as sekuriteit kon aanbied nie, moes op die bestaande wyse gehelp word deur toekenning van donkies.

c. 'n Bedrag van £50,000 moes aan die Regering beskikbaar gestel word om daarmee beeste aan te koop , indien die middel van dr. Danysz en dr. Bordet vir die bestryding van runderpes doeltreffend bevind word. Hierdie beeste moes ingeënt word en aan burgers wat nog nie donkies gekry het nie, beskikbaar gestel word. Blyk die middel nie effektief nie, moes ander trekdiere aangekoop word.[89]

Etlike Volksraadslede het daarop gewys dat dit eintlik die burger sonder vaste eiendom was wat hulp nodig gehad het en vir sodanige persone word nie voorsiening gemaak nie. Baie lede wou eers verslag hê van die ondersoek na die skema waarvolgens mielies, meel, donkies en muile aan verarmde burgers verkoop is. Die

87. Ibid., art.120, dd. 18 Mei 1897,EVR.65.
88. Ibid., art.511, dd. 7 Julie 1897: verslag van die kommissie.
89. Ibid.

Raad het dan ook besluit dat verdere oorweging van die voorgestelde diens moes oorstaan totdat die verslag van die kommissie van ondersoek na die verkoop van donkies en muile beskikbaar was.(90) Nadat daardie verslag ontvang en bespreek was, het die Volksraad die uitgestelde bespreking insake hulp aan geruïneerde burgers voortgesit. Uiteindelik is besluit om die voorwaardes wat deur die kommissie aanbeveel is, nie te aanvaar nie. Die beginsel van geldelike hulp is egter aanvaar en die Raad het as volg daaroor besluit:

> „ Een bedrag van £150,000 te stellen onder het beheer van het Amortisatiefonds en verder eene Commissie van drie leden te kiesen, om met de H.Ed. Regeering regulaties voor dit geld op te trekken, met betrekking tot de rentekoers en voorwaarden en zoo spoedig mogelyk nog in deze zitting rapport en aanbeveling te doen aan den Eersten Volksraad".(91)

In sy verslag wat op 15 September 1897 in die Volksraad ter tafel gelê is, verklaar die kommissie: „Uwe Commissie heeft getracht de burgers, wat de rente aangaat, het zoo gemakkelyk mogelyk te maken, ook wat de terugbetaling van kapitaal betreft..."(92) In artikel 5 van die regulasies wat deur die kommissie voorgestel is, word bepaal dat die bedrag van £150,000 voorgeskiet moes word aan persone wat deur die runderpes geruïneer was. Die maksimum bedrag sou £150 wees. Vaste eiendom moes as sekuriteit dien, en persone wat nie vaste eiendom gehad het nie, moes twee borge voorsien wat deur die veldkornet en die landdros goedgekeur is. Die rentekoers sou 3 persent wees en die tydperk van terugbetaling 15 jaar.

Na verskeie wysigings het die Volksraad op 16 September 1897 die regulasies finaal goedgekeur.(93) Van belang is die wysiging ten opsigte van borge vir persone wat nie vaste eiendom besit het nie. „Als borgen kunnen goedstaan een of meer personen die eigenaars

---

90. Ibid., art. 527, dd. 9 Julie 1897, EVR. 67.
91. Ibid., art. 890, dd. 20 Augustus 1897, EVR. 68.
92. Ibid., art. 1189, dd. 15 September 1897.
93. Ibid., art. 1211 , EVR. 68, en <u>Staats-Courant</u>, 17 November 1897, goewermentskennisgewing No. 537.

zyn van vast eigendom niet meer dan voor $\frac{1}{3}$ (een derde) der getaxeerde waarde is belast en ook indien hetzelve verder is verbonden, zoolang de verbanden te zamen niet te boven gaan $\frac{2}{3}$ (twee derde) van de getaxeerde waarde van het vast eigendom". [94] Verder is bepaal dat okkupasieplase as sekuriteit kon dien, indien die verbeteringe daarop voldoende borgstelling was. Dele van 'n onverdeelde plaas kon ook dien as sekuriteit. Die jaarlikse rente was 3 persent en die lenings sou vir 'n tydperk van 5 jaar wees. Indien verlenging nodig was, kon die termyn vir 'n verdere vyf jaar verleng word, op voorwaarde dat dan jaarliks 20 persent van die kapitaal en rente afbetaal word. Aansoeke moes deur die plaaslike veldkornet en landdros ingedien word en hierdie amptenare moes sertifiseer dat die aansoeker deur die runderpes geruïneer was.

Daar was by rugbaarwording van hierdie hulp aan verarmde burgers dadelik persone wat aansoek wou doen. Talle boere het dadelik na Pretoria gekom om hulp te kry. Dit toon hoe hoog die nood was. [95] Na afloop van die sitting van die Volksraad is uit die Lichtenburgse distrik twee memories aan die Regering gerig. Die burgers beweer daarin dat die Regering nie die werklik arm mense help nie, want die armes het nie grond as sekuriteit nie en kan ook nie borge vind nie. Hulle stel voor dat die Regering vir elke distrik 'n bedrag stem onder beheer van die kommandant en die veldkornet. Daarmee moes vee vir die armes gekoop word. Die vee word gebrandmerk as die eiendom van die staat en sodra die diere afbetaal is, word hulle die eiendom van die kopers. Verder word aan die hand gedoen dat die Regering grond onder water moet aankoop en in erwe aan die arm burgers gee, sodat hulle nie van plaas tot plaas hoef rond te trek nie. [96]

Die oorspronklike bedrag wat vir hulp beskikbaar gestel is, was spoedig uitgeput. 'n Memorie uit die

94. Artikel 5 van die regulasies.
95. Notule van die Eerste Volksraad, art.1400, dd. 6 Oktober 1897, EVR. 69.
96. R.16757/97, 25 November 1897.

Rustenburgse distrik het aan die begin van 1898 versoek dat die Regering 'n verdere som stem vir hulpverlening, veral aan die burgers wat nie grond besit het of borge kon vind nie.[97] Dit was dan ook die leemte in hierdie vorm van staatshulp dat die werklik verarmde burgers nie hulp kon kry nie. Om aan hierdie mense tegemoet te kom, het die heer A.Wolmarans nog in die sitting van 1897 aan die hand gedoen dat die Regering voorlopig 'n bedrag van £25000 tot beskikking van die amortisasiekommissie moes stel om aan die burgers wat geen borge kon vind nie, geld voor te skiet in bedrae nie hoër as £50 nie. Hierdie lenings sou toegeken word wanneer sodanige burgers 'n sertifikaat vertoon van die veldkornet van hulle wyk, medeondertekén deur die kommandant van die distrik, waarin verklaar word dat die aansoekers eerlike en getroue burgers is en die toekenning van 'n voorskot aanbeveel word. Die Volksraad het dit egter van die hand gewys.[98]

Aan die begin van 1898 het burgers van Lichtenburg en Bloemhof nogeens om verdere hulp aansoek gedoen. Hulle het gevra dat aan arm burgers vee verkoop word op krediet teen 3 persent rente. Memories uit ander distrikte het versoek dat die salaris van amptenare met 'n sekere persentasie verminder moes word om met die bedrag wat aldus bespaar word, trekdiere vir verarmde boere te koop. Ander het versoek dat meer geld aan die burgers voorgeskiet moes word en dat grond aan hulle gegee word.[99] Toe hierdie memories in die Volksraad bespreek is, het geblyk dat slegs een persoon in die distrik Bloemhof uit die £150,000 gehelp is. Ook in Lichtenburg het slegs 'n paar persone voorskotte ontvang. Die heer De la Rey het gesê dat die £150,000 grootliks oor die distrikte Pretoria,Rustenburg en Potchefstroom verdeel was. Die Volksraad het dit egter nie moontlik gevind om aan die versoek van die memorialiste te voldoen nie.[100]

---

97. R.1136/98 by R.16757/97, 25 November 1897.
98. Notule van die Eerste Volksraad, arts. 1627-1628 , dd. 27 Oktober 1897, EVR. 69.
99. Ibid., art. 1266, dd. 23 September 1898.
100. Ibid.

Die feit dat die £150,000 binne 'n maand uitbestee was, en dat daar nog op verdere voorskotte aangedring is, bewys die ernstige behoefte wat daar aan landboukrediet bestaan het. Daar moet egter onthou word dat daar geen bepaling verbonde was aan die doel waarvoor die voorskotte gebruik moes word nie. Waar die voorskotte uit die amortisasiefonds net vir landboudoeleindes bestem was, kon voorskotte uit die fonds vir geruïneerde burgers vir enige doel aangewend word. Ongelukkig is daar geen verslag van hoe die voorskotte bestee is nie. Daar is ook geen verslag beskikbaar van hoe die armburgerfonds distriksgewys bestee is nie en nog minder 'n verslag van hoe terugbetalings gemaak is.

C. ANDER KREDIETINSTELLINGS.

Daar was ook nog ander staatinstellings wat krediet voorsien het, maar nie net bepaald vir finansiering van die boerdery nie. In hierdie gevalle is nie bepaal dat die geld juis vir verbetering van die plaas en die boerdery gebruik moes word nie. Tog was hierdie kredietfasiliteite tot beskikking van die boeregemeenskap vir aanwending ten behoewe van die landbou en die veeteelt. Daarom moet melding gemaak word van hierdie bronne van kredietverskaffing.

a. Posspaarbank: Met die stigting van die posspaarbank in 1892 is daar nie net voorsiening gemaak vir die in-ontvangsneem van spaargeld nie, maar ook vir die belegging of besteding van die ontvange spaargelde. Artikel 8 van die wet op die spaarbank (Wet No.9 van 1892) het bepaal dat 'n kommissie, bestaande uit die posmeester-generaal, die tesourier-generaal en die ouditeur-generaal, die belegging van gelde sou beheer.[101] In 1893 het die Tweede Volksraad besluit om jaarliks 'n kommissie te benoem om die waarde van verbande wat ten gunste van die posspaarbank gepasseer was, na te gaan en aan die Tweede Volksraad verslag

101.Locale Wetten der Z.A.Republiek,1890-1893, pp. 438-440.

te doen.[102] Die bedrag wat uit die beskikbare fondse geleen kon word, sou nie meer wees as die helfte van die getakseerde waarde van die grond of eiendom wat as sekuriteit moes dien nie.[103] Die kommissie in beheer van die belegging van die geld het in 1894 in die Staatskoerant geadverteer dat bedrae van minstens £100 geleen kon word teen 7 persent rente, vooruitbetaalbaar elke ses maande. Vir die boer was hierdie bron van kredietvoorsiening nie gunstig nie, want die termyn van die lening sou een jaar wees en die rentekoers was hoog.[104] In September 1895 was 'n bedrag van £21,000 nog beskikbaar vir voorskotte. Die kommissie van toesig oor verbande het besef dat persone liewer by die Weeskamer, Pensioenfonds en die Amortisasiefonds geld geleen het, omdat daardie instellings 6 persent rente gevra het. Gevolglik is aan die Regering voorgestel dat die rentekoers na 6 persent verminder word, en hierdie voorstel is ook aanvaar.[105] Uit die posspaarbank is vanaf 1 Januarie 1893 tot 31 Mei 1898 'n bedrag van £393,390 voorgeskiet, gedek deur 525 verbande - dorpseiendomme en plase.[106] Onder hierdie verbande was daar heel moontlik gevalle waar die geld aangewend is vir die boerdery.

b. Die Weeskamerfonds: In sy verslag het die begrotingskommissie in 1894 aan die hand gedoen dat die fondse van die weeskamer belê word, aangesien die staat rente moes betaal op daardie geld. Na aanleiding hiervan het die Eerste Volksraad aan die Regering opgedra om 'n deel van die gedeponeerde bedrag wat nie binne twaalf maande nodig was vir uitbetaling nie, te belê deur 'n kommissie, bestaande uit die weesheer, die ouditeur-generaal en die registrateur van aktes. Die fonds moes volgens dieselfde bepalings as die amortisasiefonds belê word.[107] Van hierdie

102. Sien Wet No. 3 van 1893, skedule B, art.8 b., Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1890-93, p.775.
103. Notule van die Tweede Volksraad, art. 517, dd. 2 Julie 1894.
104. Staats-Courant, 5 September 1894.
105. Verslag van die posmeester-generaal oor die jaar 1895, art.83, Notule van die Tweede Volksraad, art.16, dd. 5 Mei 1896.
106. Pelzer, A.N.: „Die 'Arm-Blanke' in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899", Historiese Studies, Jaargang 3, No.1, Januarie 1942, pp. 16-17.
107. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1381, 1894.

besluit is aan die publiek kennis gegee in die Staatskoerant van 27 Maart 1895. In hierdie geval kon dorpseiendom ook dien as sekuriteit. Rentekoers was 6 persent en die termyn van lening was 5 jaar, met 'n maksimum bedrag van £1500.

Van die £80,000 wat tot beskikking van die kommissie vir belegging geplaas is, was in 1895 slegs £15,960 belê in lenings onder dekking van 38 verbande. Na aanleiding van hierdie betreklik geringe bedrag wat belê is, het die kommissie aanbeveel dat 'n lening toegeken word tot 'n bedrag wat gelyk is aan die helfte van die getakseerde waarde van die eiendom wat onder verband gegee moes word.[108] Hierdie aanbeveling is aanvaar en het van krag geword vanaf 9 September 1896.[109] Daar was egter aan die einde van 1896 nog 'n bedrag van £60,000 wat nie belê was nie en waarop die staat rente moes betaal. Dit blyk dus dat die mense eerder van die amortisasiefonds gebruik gemaak het as van die weeskamerfonds.[110] Die belegging het in 1897 aansienlik toegeneem, sodat die kommissie in beheer van die fonds in 1898 kon rapporteer dat in 1897 meer gelde opgeneem is as gedurende die vorige aantal jare saam.[111] Tot die einde van 1897 was £50,635 belê in 125 verbande op plase en dorpseiendomme. Van hierdie 125 verbande was 27 op plase tot 'n waarde van £26,925. Aangeneem kan dus word dat plaaseienaars meer as die helfte van die belegde bedrag geleen het. Hoe die leners hierdie geld aangewend het, kan nie vasgestel word nie. Daar is ook geen gegewens beskikbaar oor die jare 1898 en 1899 nie.

108. Verslag van die kommissie in beheer van die weeskamerfonds: Notule van die Tweede Volksraad, art.1055, dd. 3 Augustus 1896.
109. Notule van die Tweede Volksraad, art. 1234, dd. 12 Augustus 1896.
110. Ibid., art. 618, dd. 12 Julie 1897: verslag oor verbande en sekuriteit, kommissie van beheer.
111. Notule van die eerste Volksraad, art. 795, dd. 13 Julie 1898, EVR. 73: verslag van die weesheer.

c. <u>Ondersteuningsfonds tot aflossing van verbande:</u>

Verdere hulp in kredietvoorsiening is gegee deur die stigting van die „Ondersteuningsfonds tot Aflossing van Verbanden". Teen 1898 het armoede in die Suid-Afrikaanse Republiek so ernstig geword dat grondeienaars wat geld op verband van private persone geleen het, gevaar geloop het om hulle grond te verloor deur gedwonge aflossing van verbande. Die owerheid het toe ook hierin die burgers te hulp gekom deur die stigting van 'n fonds vir die oorname van verbande. Die Regering het van die Eerste Volksraad opdrag ontvang om regulasies op te stel vir die administrasie en beheer van die £25,000 wat beskikbaar gestel is. Die Uitvoerende Raad het 'n kommissie benoem om sodanige regulasies op te stel.(112) Hierdie regulasies het bepaal dat die fonds wat deur die amortisasiekommissie beheer sou word, bestee moes word vir die oorneem van verbande wat deur private persone gehou is waar sulke verbandhouers geen verdere toegewings wou maak nie.(113) Die rente sou dieselfde wees as wat aan die private verbandhouers betaal was. Dit sou egter nie laer as 6 persent wees nie en die termyn van die lening sou deur die Regering bepaal word.

Dit was 'n wyse stap van die Regering om in te gryp en te voorkom dat boere hul grond verloor in 'n tyd van swaar terugslae in die boerdery. Hierdie stap was 'n direkte diens aan die boeregemeenskap. Die geld wat oorspronklik by privaat persone geleen was, was moontlik nie in belang van die boerdery aangewend nie, maar die tweede lening uit die ondersteuningsfonds was suiwer vir aflossing van verbande op grond en dus bedoel vir behoud en moontlik ook vir aankoop van grond. Ongelukkig is geen verslag beskikbaar waaruit vasgestel kan word hoe van hierdie instelling gebruik gemaak is nie. Indien die Regering gewillig was om 'n lang termyn te aanvaar by die

112. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 252, dd. 6 Maart 1899.
113. Sien <u>Staats-Courant</u>, 15 Maart 1899, goewermentskennisgewing No. 127.

oorneem van die verbande, was dit 'n begin van die hedendaagse voorskotte vir die aankoop van grond op lang termyn.

Word al die fasiliteite vir kredietverskaffing in ag geneem, is dit duidelik dat daar eerstens 'n behoefte aan landboukrediet bestaan het. Die bedrae wat opgeneem is onder verband van plaaseiendomme, was aansienlik en getuig van die gebruik wat die boere van die kredietinstellings gemaak het. Of lenings direk in belang van die grond en die boerdery aangewend is, is egter 'n ander saak. Die lenings was egter vir die boerdery beskikbaar. Wat die voorwaardes ten opsigte van rentekoers en tydperk van terugbetaling betref, kan nie beweer word dat 6 persent en 'n termyn van 5 tot 10 jaar voldoen het aan die besondere eise van landboukrediet nie. Die rentekoers was hoog en die termyn van die lenings te kort. En wat veral die nadeel was, is die feit dat grondlose boere nie gehelp kon word nie, selfs nie by die aankoop van 'n stukkie grond nie. Deurgaans tref dit dat die owerheid veral gelet het op die veilige belegging van fondse van die staat. Dit was verstaanbaar waar 'n volksvreemde element gedurig gekla het oor die besteding van publieke gelde in belang van sogenoemde „backward agriculture".

SAMEVATTING.

Die Transvaalse pionier het in sy nuwe vaderland hoofsaaklik dieselfde omstandighede van onbelemmerde selfbeskikking oor sy lewensbedryf gehad as in die grensdistrikte van die Kaapkolonie. Waar die republikeinse boer 'n aansienlike aandeel gehad het in die daarstelling van 'n onafhanklike staat en in die handhawing van die onafhanklikheid teen veelvuldige vyandelike aanslae, het hy 'n minder objektiewe beskouing van die staatsgesag gehad as wat die geval in die moderne staatkundige stelsels is. Omdat die pionier self direk betrokke was by die instandhouding van die staat deur sy bydrae op militêre en politieke gebied, was sy boerdery so te sê bo die staatsgesag

verhef. Dit was suiwer persoonlike indiwiduele aangeleenthede. Verder het die plaashuishouding self geen beheermaatreëls van ingrypende aard vereis nie.

Die belangrikste beheermaatreëls waaraan die Transvaalse boer onderhewig was, was dié wat in verband gestaan het met die administrasie van die land. Maatreëls vir die aantekening van grondregte, die afbakening en inspeksie van plase, die oprigting van bakens en die betaling van 'n geringe grondbelasting was onontbeerlik. En selfs hierdie noodsaaklike dinge is met groot traagheid nagekom.

Namate die pioniersomstandighede plek gemaak het vir meer permanente vestiging, was die owerheid genoodsaak om voorsiening te maak vir dienste en beheermaatreëls soos openbare markte, skutte, vendusies, grasbrand, bosbeskerming, wildbeskerming, bestryding van onkruid en veesiektes en in 'n mate die reëling van naturellearbeid. Selfs ten opsigte van hierdie maatreëls was daar voortdurend minagting van staatsgesag.

Met die koms van die goudmynbedryf en die aanwending van kapitaal vir die bedryfslewe ontstaan 'n nuwe ekonomiese orde in die Republiek. Die maatskaplike isolasie en ekonomiese selfstandigheid verdwyn geleidelik-... gaandeweg en die boer se bestaan word nouer verbind aan die ekonomiese bedrywighede van die land. Waar hy voor onbekende vraagstukke gestel word, voel hy die behoefte aan voorligting en leiding meer en meer. Die staat besef van sy kant ook die noodsaaklikheid van leiding en beheer in die boerderybedryf, want dit is nou 'n belangrike onderdeel van die nasionale ekonomie. Die arbeid van die boer speel 'n direkter en groter rol in die volkswelsyn. Die verantwoordelikheid van die owerheid vir suksesvolle voorligting en hulp aan die boeregemeenskap stuit egter teen die oordrewe konserwatisme van die boer en sy selfstandigheidsgevoel. In die Volksraad was wel manne wat geywer het vir kragtiger staatsleiding en hulp aan die boeregemeenskap, maar hulle was in die minderheid. Hierdie element van teenkanting teen 'n progressiewer

boerderybeleid kom baie duidelik aan die lig in die vrugtelose stryd vir die instelling van 'n landboudepartement.

Solank beheer en toesig van staatsweë nie die daaglikse roetine op die plaas aangetas het nie, was daar geen ernstige klagte nie. Invoerregte om eie produkte te beskerm teen mededinging van buite is verwelkom, maar die aanstelling van 'n veearts om veesiektes te diagnoseer, hulp te verleen by die bestryding van die siektes en beheermaatreëls aan te beveel het sterk teenstand uitgelok. Eers gedurende die laaste jare van die Republiek het die geweldige rampe wat die boerende gemeenskap getref het, die boer uitgedryf in sy magteloosheid na staatshulp en staatsvoorligtingsdiens. Onder die druk van sulke moeilike vraagstukke het die boeregemeenskap sy onafhanklikheidsin meer en meer prysgegee en staatslandboudienste aanvaar. Uiteindelik word hierdie afhanklikheidsgevoel so sterk dat dit 'n groot gedeelte van die boere na die staat laat opsien vir alle moontlike hulp. Die gedagte dat die staat 'n voog oor sy burgers is, het by die boeregemeenskap so ingeslaan dat dit aanleiding was vir die skepping van „armblankes".

------------

## HOOFSTUK IX

### BOEREVERENIGINGS EN -ORGANISASIES.

In die selfversorgende plaashuishouding van die Suid-Afrikaanse Republiek het ekonomiese faktore nooit ernstig op die voorgrond getree nie. Die wel en wee van die gemeenskap was hoofsaaklik van natuuromstandighede afhanklik. Ten gevolge van die ontdekking van goud en die daaropvolgende industrialisering in Transvaal het menslike optrede en ekonomiese stelsels 'n verandering in die boerderybedryf teweeggebring. Deur die nuwe eise wat aan die boerderybedryf gestel is ten gevolge van die verhoogde nasionale taak daarvan, was meer georganiseerde en beplande aksie van die boeregemeenskap nodig. Gebrek aan besondere kennis en ervaring en onbekendheid met die aard van die vereiste boereorganisasies was aanvanklik 'n struikelblok wat oorwin moes word. Daar was nog nie persone wat die regte leiding kon neem en gee nie. Veral was dit die geval waar die staat in geen enkele opsig 'n poging aangewend het om leiding en voorligting aan die boere te gee nie. Dit is dan ook onder sulke omstandighede nie vreemd nie dat die eerste stap vir die skepping van 'n boereorganisasie deur persone geneem is wat nie direk by die boerdery betrokke was nie.

Die boereorganisasie wat in Suid-Afrika die eerste posgevat het, was die landbougenootskap. Die bestaan van landbougenootskappe in die Kaapkolonie, Natal en Oranje-Vrystaat het invloed gehad op die stigting van soortgelyke organisasies in die Suid-Afrikaanse Republiek.[1] Dit is waarskynlik dat persone wat in die Kaapkolonie kennis gemaak het met en ervaring opgedoen het van die organisasie en werk van landbougenootskappe, met hulle koms na die Suid-

---

1. Thom, H.B.: Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika, p.68.
   Die eerste landbougenootskap in die Kaapkolonie is in 1824 in Graaff-Reinet gestig.

Afrikaanse Republiek die waarde en kennis van sulke genootskappe gepropageer het. Ons vind byvoorbeeld dat dit Potchefstroomse winkeliers en sakemanne was wat 'n vereniging vir die bevordering van boerebelange in Transvaal in die lewe geroep het. Hierdie manne het die noodsaaklikheid daarvan besef en omdat hulle beter in staat was om deur kennis en ervaring 'n organisasie daar te stel, het hulle die voortou geneem.

Op 20 Oktober 1866 het J.W.Otto, die sekretaris van die pas gestigte vereniging, die president en Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Republiek verwittig van die stigting van 'n „ Maatschappy van Landbouw en Veeteelt voor de Transvaalsche Republiek".(2) Die stigters het die saak somar breed aangevoor, want dit word genoem 'n „ Transvaalse" vereniging. Die gedagte was blykbaar dat die stigting die kern moes wees van ander verenigings in die Republiek. Wie werklik die voortou geneem het met die skepping van hierdie vereniging, word nie duidelik gesê nie, maar dat dit uitgegaan het van die Potchefstroomse sakemanne is duidelik.

> „ For its establishment we are mainly indebted to the exertions of our spirited and enterprising fellow townsmen, A.Forssman,Esq.;F.W.Reid, Esq.; and A.F.Schubart,Esq. who have taken a lively interest in the matter and have spared no trouble".(3)

Hierdie bewering word ook uit die ledelys van die vereniging bevestig.(4)

Wat die motief was vir die leidende aandeel wat die sakemanne van Potchefstroom geneem het, kan nie met sekerheid gesê word nie. Die voorbeeld van die Kaapkolonie het ongetwyfeld invloed op hierdie stigting

---

2. R.1077/66.
3. Transvaal Argus, 30 Oktober 1866.
4. R.1078/66. Onder die name van die lede word o.a. aangetref die van Grimbeeck, J.Ludorf(V.D.M.), dr. B.Poortman, David van der Hoff, Vergottine en Kleyn, R.W.Schikkerling en Kie, T.Melvill du Toit, J.P.Borrius, M.A.Goetz, G.Scorgie, J.G.Lennox, E.Noven, Jas. Evans, T.J. Ayres, W.James Otto (M.D.) en ander.

uitgeoefen. Op die spoor van wat in die Kaapkolonie gedoen is, het die Maatskappy van Landbou en Veeteelt dit tot sy hoofdoel gestel om 'n landboutentoonstelling te organiseer. Dat die Potchefstroomse winkeliers belang gehad het by die boerderybedryf, kan nie ontken word nie. Hulle was gewoonlik die kopers van wol, perde en beeste wat hulle winsgewend uitgevoer het. Die vooruitgang van die boerdery sou dus die handel bevoordeel. Tydens die eerste tentoonstelling is ook 'n sogenoemde „Fair" of monsterverkoping gehou.(5) Op hierdie tydstip kon dit nouliks van die boere verwag word om in staat te wees om so 'n onderneming van stapel te laat loop. Daarvoor was organisasievermoë en nouer samewerking nodig en dit het by die boerende gemeenskap nie bestaan nie.

Hierdie eerste poging om 'n boerevereniging in die lewe te roep het derhalwe nie van die boere self uitgegaan nie, maar is in die lewe geroep deur persone wat slegs indirek die boerdery wou bevorder en wat die middele en vermoë besit het om die onderneming met redelike sukses deur te voer. Die suiwere bedoelings van die stigters van die Maatskappy van Landbou en Veeteelt is destyds sterk in twyfel getrek. Iemand wat homself genoem het William Foolscap, het die bedoelings van die „Progressive Merchants" nie vertrou nie, veral nadat dieselfde mense kort te vore besluit het om goewermentsnote nie as wettige betaalmiddel te aanvaar nie. Hy het ook nie veel verwag van die „Shopkeepers" nie.Hy het reeds te veel van die here winkeliers se ondernemings sien verdwyn:

> „ I have seen lots of those big advertisements, printed in big letters and headed by big men. Please recollect: <u>The Great Exhibition 1855;</u> Provisional Committee:
> Messr. Jones, Brown and Robinson;
> <u>Transvaal Bank 1861:</u> Messr. Brown,Robinson and Jones;
> <u>Transvaal Coffee Cultivation Society ,1865</u>:
> Messr. Robinson,Jones and Brown;
> <u>Paris Exhibition 1867</u>:Messr. Jones, Brown, Robinson and another. All these great schemes have vanished like other vanities of this world".(6)

---

5. Transvaal Argus, 30 Oktober en 4 Desember 1866.
6. Ibid., 27 November 1866.

Daar is selfs ook 'n hekeldig gemaak op die „ Great Exhibition".[7] Tog was daar ook persone wat die saak goedgesind was en wat van oordeel was dat dit 'n aangeleentheid vir die hele Republiek was.[8]

Die organiseerders het dus ook met agterdog en bespotting te kampe gehad. Dat die saak in alle erns begin is, blyk uit die feit dat geldelike ondersteuning gevra is van die Volksraad.[9] In hierdie aansoek word van die doel van die vereniging o.a. gesê:

> „ Onder de eerste pligten van zulk eene Maatschappy behoort voorzeker het geven van Tentoonstellingen, de lust tot mededinging word daardoor opgewekt, sluimerende krachten en hoedanigheden worden wakker gemaakt, een ieder streeft naar verbetering, indien hy de mogelykheid daartoe door het voorbeeld van anderen, ziet".

President M.W.Pretorius wat hom die benoeming van „President" van die „Maatskappy" laat welgeval het, was die vereniging goedgesind en het sy morele steun daaraan belowe.[10] Die Volksraad het £150 beskikbaar gestel vir die voorgestelde tentoonstelling.[11] Die redakteur van die <u>Transvaal Argus</u> het die werk van die vereniging en die aanstaande tentoonstelling aangeprys en in vooruitsig gestel dat hierdie landbougenootskap die gelyke kon wees van dergelike genootskappe in die naburige kolonies. Wat die tentoonstelling betref, sou daar, behalwe die gewone landbouprodukte, ook 'n uitstalling wees van koffie, katoen, vlas, suiker en rys wat plaaslik verbou is.[12]

Die eerste tentoonstelling sou te Potchefstroom op Woensdag, 20 Maart 1867, gehou word. 'n Bedrag van £440.5.0 was vir pryse bestem, daaronder twee van £20 elk. Dit sou nie net die gewone landboutentoon-

---

7. Ibid., 18 Desember 1866.
8. Ibid., 4 Desember 1866.
9. R.1077/66: sekretaris aan president en Uitvoerende Raad, 20 Oktober 1866.
10. Ibid.
11. Volksraadnotule, art. 621, dd. 2 November 1866, EVR.7 A.
12. <u>Transvaal Argus</u>, 30 Oktober 1866.

stelling wees nie, maar ook „ a General Exhibition of all Transvaal Products, including Minerals, Botanical and Zoological Specimen".[13] Daar was egter baie struikelblokke in die weg van die organiseerders. Hoewel daar in die pers in die Kaapkolonie en Natal groot ophef gemaak is van die eerste tentoonstelling in Transvaal, was die Transvaalse boere nie so geesdriftig nie.Hierdie nuwe onderneming het te kampe gehad met vooroordeel en 'n mate van afguns. Samewerking van ander distrikte kon nouliks verwag word.Lang afstande, slegte paaie, gebrek aan spoorweë en vinnige vervoermiddels het nouer samewerking verhinder. Blykbaar was die datum van die tentoonstelling vir die Rustenburgers , op wie staat gemaak is, òf te vroeg òf te laat vir die insending van produkte uit daardie distrik.[14] Die onderneming was vir menige persoon darem te ambisieus.„The prize list however might lead to the supposition, that a sort of London or Paris Great Exhibition was intended".[15]

Die promotors van die onderneming het beslis alles in hul vermoë gedoen om die tentoonstelling van groot omvang en belang te maak. Alles moes op hoë toon aangeslaan word. „Naar wy vernemen zal het by dergelyke Landbouwdiner Donderdag 21 dezer plaats hebben, en een bal op Vrydagavond den 22sten het feest besluiten".[16] Hierdie aankondiging het die konserwatiewe boere van die distrik seker vreemd laat opkyk. Dit was duidelik dat die hele aangeleentheid vir die boere gereël was maar sonder hulle aktiewe medewerking.

Toe dit 'n paar dae voor 20 Maart begin reën en die paaie onbegaanbaar geword het, het die organiseerders van hierdie eerste skou inderdaad besorg geword.

13. Ibid., 4 Desember 1866 en 20 November 1866.
14. Ibid., 14 Januarie 1867, inleidingsartikel.
15. Ibid., 14 Februarie 1867, brief van „ A Farmer".
16. Ibid., 14 Maart 1867.

Gelukkig het Woensdag, 20 Maart met mooiweer aangebreek:

> „Reeds vroeg in den morgen prykte het nieuwe gebouw van den Heer A.Forssman, dat voor deze gelegenheid goedgunstig door den eigenaar was afgestaan, met vlaggen en wimpels van verschillende natien, en waren de toegangen sierlyk met ereboogen voorzien; van alle zyden kwamen treinen van wagens beladen met producten naar Potchefstroom als het middelpunt waar zich alles wat wilde medewerken tot en belang had in bevordering van Landbouw en Veeteelt, zoude vereenigen; dat velen door nieuwsgierigheid werden gedreven om te zien wat een Monstermarkt eigentlyk was en wat daarop vertoond zoude worden, en of de belofte van de uitgeloofde pryzen, enz. waarheid behelsde, willen wy gaarne gelooven; het was voor de meesten dan ook iets nieuws en de nieuwsgierigheid dus vergeeflyk".(17)

Om twaalfuur is die tentoonstelling deur president Pretorius geopen:

> „Na het eindigen der aanspraak verkondigde het kanongebulder de heugelyke mare aan de zamengevloeide menigte, die intusschen van heinde en verre aanzienlyk was aangegroeid, en de eerste Tentoonstelling van Landbouw en Veeteelt ooit in de Transvaalsche Republiek gehouden, was geopend".

Die organiseerders was enigsins teleurgestel dat die ondersteuning van die kant van die boere vir wie die tentoonstelling bedoel was, so karig was. Die feit dat die aanwysings by die uitstallings net in Engels aangebring was, het ongelukkig nie daartoe bygedra om die boere van die goeie bedoelings van die „winkeliers" te oortuig nie. Die inskrywing van akkerbouprodukte was uiters swak. Van koring en kafferkoring was niks te sien nie, terwyl tabak wat destyds algemeen in die distrik Potchefstroom geplant is, baie swak verteenwoordig was. Selfs die afdeling perde en beeste het weinig ondersteuning geniet.(18)

Daar moet egter onthou word dat die boere nie juis die noodsaaklikheid van grootskaalse verbetering en uitbreiding van die boerdery besef het nie. Daar was geen prikkel en aanmoediging om die bestaande boerderymetodes te wysig nie. Die geldelike toestand

---

17. Ibid., 21 Maart 1867.
18. Ibid., 28 Maart 1867.

van die Republiek was allesbehalwe rooskleurig. Die boer het geen kontant vir sy produkte ontvang nie en moes sy verbruiksgoedere van die winkeliers inruil teen ongehoorde pryse. Heersende droogtes in die sestiger jare, tesame met die waardeloosheid van regeringsnote, het meegewerk om 'n toestand van moedeloosheid te skep.[19]

Kort na afloop van die eerste tentoonstelling is nogeens 'n beroep gedoen vir nouer samewerking deur die boeregemeenskap.

> " Laat ons de handen in een slaan, dan voorzeker zullen onze naburen gedwongen worden om te betuigen dat de 'huilende wildernis' veranderd is in een aardsch paradys, in waarheid overvloeijende van melk en honig; dan zal het der wereld kenbaar worden dat met een weinig ondersteuning de Transvaal in staat is de naburige landen naar de kroon te steken, en voor hen te worden wat eertyds Egypte was voor Kanaan, namelyk de koornschuur en het toevlugtsoord in tyd van nood".(20)

Terwyl daar oor die verloop van die eerste tentoonstelling nabetragting gehou is, het berig gekom dat 'n landbougenootskap in Rustenburg gestig is. Die eerste tentoonstelling daar sou in Januarie 1868 gehou word. Hierdie nuus het ongetwyfeld die hoop op samewerking met Rustenburg laat verflou. Van die voorneme van Rustenburg is egter niks verder verneem nie.[21]

Nieteenstaande die floue belangstelling in die eerste tentoonstelling is besluit om in 1868 weer een te hou.[22] Vir hierdie tentoonstelling sou spesiale pryse gegee word vir die verbouing van koffie, suikerriet, vlas en katoen. Die bestuur het egter weer teenstand ondervind. 'n Sekere lid van die vereniging het die bestuur te lyf gegaan, omdat die lede as sodanig nie geraadpleeg is by die vasstelling van die tyd en plek van die volgende tentoonstelling nie. Hy sou liewer sien dat lede in verskillende distrikte gewerf word om daar op te tree in belang van die sentrale bestuur.

---

19. Arndt, E.H.D.: Banking and Currency Development in South Africa, pp.100-105.
20. Transvaal Argus, 18 April 1867.
21. Loc.cit.
22. Transvaal Argus, 14 Augustus 1867.

Hy wil weet waarom die tentoonstelling in 1868 nie in Rustenburg of Pretoria gehou kon word nie:

> „We do not want a Potchefstroom Society, we should like to see the society established on a more Comprehensive plan. Let this institution become, in reality, what until now it has but in name: a Transvaal Agricultural Society and not a Potchefstroom one".(23)

Vir die tweede tentoonstelling het die organiseerders president Pretorius en die Volksraad uitgenooi om die opening by te woon. Twee lede van die bestuur is afgevaardig om die uitnodiging persoonlik oor te bring. Die Volksraad het die uitnodiging op prys gestel en die afgevaardigdes versoker van die Raad se oortuiging dat die tentoonstelling van groot waarde en nut was en dat hy die poging met alle moontlike beskikbare middele sou steun, „ doch moet met leedwezen erkennen dat de hoogste belangen van den Staat de vereenigde pogingen van alle raadsleden vereischen, zoo dat het onmogelyk is eene commissie af te zenden om persoonlyke belangstelling te betuigen".(24) Die Volksraad het inderdaad te kampe gehad met 'n moeilike en belangrike aangeleentheid, nl. die geldelike krisis wat toe etlike jare die aandag van die Raad in beslag geneem het.

Die tweede tentoonstelling van die Transvaalse Maatskappy van Landbou en Veeteelt het plaasgevind op die eerste Woensdag in April 1868. Die bywoning was nou swakker as by geleentheid van die eerste tentoonstelling. Die oorlog met die Soutpansbergse naturellestamme was ongetwyfeld een van die oorsake van die swak ondersteuning. Daar was tog vordering in die boerdery te bespeur. Vir hierdie tentoonstelling is die skoolsaal gebruik:

> " On entering the room, the eye was at once arrested by a banner bearing the inscription ,'God beware den President' which was suspended against a large glass case, containing various curiosities...At the other end of the room and opposite to the other door, a banner with the words 'God save the Queen' met the eye, the intervening space being filled by various banners suspended from the beams, and containing

23. Ibid., 11 September 1867.
24. Ibid;, 12 Februarie 1868 ,
    Notule van die Volksraad, art. 480, dd. 24 Maart 1868, EVR. 7A.

> different appropriate mottos such as ' Unity is Strength', 'Success to the Transvaal Agricultural Society', ' Commerce unites the world in the bonds of Unity', 'Welkom ', etc. etc.".

Daar was ook tekens van wyer belangstelling en samewerking.„We are happy in being able to state that what was considered as party feeling, last year, has completely disappeared , both Rustenburg and Pretoria lent us their support".(25)

Dit skyn of die geesdrif vir landboutentoonstellings na 1868 afgeneem het. Die komitee het besluit dat daar in 1869 geen tentoonstelling gehou sou word nie.(26) Die Transvaalse Maatskappy van Landbou en Veeteelt het nog 'n tydjie hierna voortbestaan, soos blyk uit 'n aansoek by die dorpsowerheid van Potchefstroom vir 'n stuk grond vir die aanlê van 'n botaniese tuin en park.Die doel van die tuin was om proefakkers aan te lê vir die kweek van koffie, katoen , suiker en vlas,

> „Thereby stimulating the productions of the country and inducing our farmers to cultivate them. Our great object ought to be Production and our great cry should be PRODUCE ! PRODUCE!! for, unless we produce more than we do now, especially articles suitable for Export, any amount of money that might be brought into the country would soon be drained off again...".(27)

Wat van die versoek geword het, kon nie vasgestel word nie. Dit was egter 'n loflike poging van die landbougenootskap om Potchefstroom van 'n park te voorsien. Uit die skrale gegewens blyk tog dat die vereniging probeer het om belangstelling in die akkerbou en die veeteelt op te wek. Die vereniging het o.a. probeer om gegewens omtrent die landbou en veeteelt vir die konsul-generaal in Engeland in te samel.(28)

Met die ontdekking van diamante en die daaruit voortspruitende staatkundige verwikkelinge en politieke onrus het die werksaamhede van die Potchefstroomse

---

25. Transvaal Argus, 8 April 1868, verslag oor die tentoonstelling.
26. Ibid., 9 Februarie 1869.
27. Ibid., 6 April 1869, artikel oor „Public Gardens".
28. Ibid., 23 Oktober en 6 Mei 1868.

yweraars op die agtergrond getree. Die nuwe hoofstad, Pretoria, het ook meer en meer die brandpunt van gebeurtenisse geword. Uit die brokstukkies gegewens wat beskikbaar is, wil dit voorkom asof die Transvaalse Maatskappy van Landbou en Veeteelt na 1869 nie doodgeloop het nie. Na 'n periode van stilswye word 'n vierde tentoonstelling in 1875 aangekondig. Hierdie tentoonstelling sou op die eerste Woensdag in Februarie 1876 op Potchefstroom gehou word. Die naam van die vereniging was nou „Transvaalsche Maatschappy van Landbouw, Veeteelt en Nyverheid".[29] Daar moes dus na 1869 ook 'n derde tentoonstelling gehou gewees het. Blykbaar is hierdie derde tentoonstelling òf in 1872 òf in 1873 gehou, want in 'n nuusberig word gesê dat die tentoonstelling van 1876 nie so 'n wye belangstelling sou hê as sy voorgangers nie. Drie jaar gelede sou baie mense die laaste tentoonstelling bygewoon het; veral mense uit Pretoria het belangstelling getoon.[30] Vermoedelik was die bewindaanvaarding van die progressiewe president Burgers die aanleiding gewees tot die hou van 'n derde en vierde tentoonstelling. By die herstigting van 'n landbougenootskap in Potchefstroom in 1892 het die oue heer J.P.Borrius uit herinneringe meegedeel dat daar tentoonstellings gehou was in 1866(sic), 1868 en 1871. Rondom die jare 1870-73 is dus 'n derde tentoonstelling gehou.[31]

Die vierde tentoonstelling was nie juis 'n sukses nie. Lang afstande tussen Potchefstroom en ander dorpe was 'n ernstige belemmering vir deelname en ondersteuning. Dit was die algemene gedagte dat dit beter sou wees, indien die tentoonstelling in Pretoria gehou was. Hiervoor was die beskikbare fondse egter ontoereikend.[32] Hoewel daar by hierdie tentoonstelling 'n aansienlike aantal besoekers van elders was, was die afdeling produkte en vee „rampzalige mislukkingen". 'n Vreemdeling sou, na aanleiding van wat vertoon is, 'n baie flou indruk verkry van die graanproduksie en

29. De Volksstem, 23 Oktober 1875.
30. Ibid., 29 Januarie 1876.
31. Ibid., 20 Januarie 1892, berig oorgeneem uit De Potchefstroomer.
32. Ibid., 20 November 1875.

veeteelt van die Republiek.Die boere was self oorsaak van die mislukking. Baie het beweer dat hulle nie van die tentoonstelling geweet het nie; ander het voorgegee dat die tyd waarin die tentoonstelling gehou is, ongeskik en ongeleë was.(33)

Gebrek aan belangstelling, tesame met politieke gebeurtenisse gedurende die daaropvolgende jare, moes ongetwyfeld die verval van die eerste landbougenootskap ten gevolge gehad het. Van verdere aktiwiteite van die Transvaalsche Maatschappy van Landbouw, Veeteelt en Nyverheid" word niks verneem nie. Dit was egter die eerste beweging in die Suid-Afrikaanse Republiek om 'n organisasie daar te stel wat in 'n geringe mate samewerking van die boeregemeenskap sou bewerkstellig. Daarom is die werk van hierdie eerste vereniging enigsins breedvoerig beskryf. Dit was 'n poging van mense wat deur hulle insig die noodsaaklikheid van 'n boereorganisasie besef het. Dit het egter doodgeloop, grootliks as gevolg van die afsydigheid van die boeregemeenskap vir wie die organisasie eintlik bedoel was. Die tyd was nog nie ryp nie, die boer het nog nie die behoefte aan nouer samewerking vir die bevordering van gemeenskaplike belange gevoel nie. Die verval van hierdie eerste boereorganisasie is die afsluiting van die selfversorgende plaashuishouding in die Suid-Afrikaanse Republiek. Kort hierna het die intrede van die nuwe ekonomiese orde as gevolg van die koms van die goudmynbedryf ernstige eise aan die boerderybedryf gestel en het dit noodsaaklik geword dat die boeregemeenskap in meer georganiseerde toestand sou optree.

LANDBOUGENOOTSKAPPE:

Met die nodige organisasie wat reeds in die buurstate bestaan het, kon die taak vir die skepping van 'n eie organisasie aangepak word. Die behoefte is terdeë gevoel , die voorbeeld was daar en die leidende persone

33. Ibid., 12 Februarie 1876.

het na vore gekom. Dit was egter geen gemaklike taak nie.Landbouproduksie is 'n indiwiduele onderneming en daarom is die onderwerping aan die wil en beslissing van die geheel baie moeilik. Dit blyk duidelik uit die ontwikkelingsgang van die boereorganisasies in die Suid-Afrikaanse Republiek. Ondanks die gebrek aan staatsleiding en voorligting het die begeerte om in nouer verband saam te werk, tot werklik skeppende organisasies gelei.

Die eerste stap in die rigting van die vereniging van kragte het uitgegaan van 'n amptenaar van die Suid-Afrikaanse Republiek. Dit was landdros Human van Middelburg wat die voortou geneem en 'n beweging begin het wat spoedig navolging gevind het. Op 7 Julie 1887 skryf hy aan die staatsekretaris:

> " Ik heb de eer UEd. te berichten dat op verzoek van verscheidene Burgers een publieke byeenkomst hier ten Landdrost kantoor gehouden werd op den 10 Juny ll. alwaar een werkende Committee van dertien leden gekozen werden met het oog om in de maand Maart 1888 een landbouwtentoonstelling hier op het dorp Middelburg te houden, alleen voor het voortbrengsel van het distrikt bedoeld."

Ons kan aanneem dat die landdros met die boere van die distrik gepraat het en die wenslikheid van die hou van landboutentoonstellings benadruk het. In gemelde brief skryf hy dat hy as voorsitter van die werkende komitee verkies is:

> " In de Kaap Kolonie heb ik vroeger veel zamengewerkt, vooral in het district van Humansdorp om het houden van tentoonstellingen aan te moedigen, en ik kan dus van ondervinding spreken hoe dat het in elk opzicht een district bevorderd - de landbouw zoowel als de veeteeld".(34)

Die geesdrif van landdros Human het aansteeklik gewerk en die boeregemeenskap het aan die werk gespring. Die werkende komitee was die begin van 'n beweging van aansienlike omvang gedurende die laaste aantal jare in die bestaan van die Suid-Afrikaanse Republiek. Op die spoor van wat die landbougenootskappe in die Kaapkolonie en ook later in die Oranje-Vrystaat gedoen het, het Middelburg georganiseer vir 'n landboutentoonstelling.(35) Verder het die werkende komitee.

34. R.4591/87.
35. Thom,H.B.:op.cit.,pp. 69,83,93. Die vernaamste taak was die hou van landboutentoonstellings.

net soos dit die gebruik in die Kaapkolonie was, by die Regering aansoek gedoen vir geldelike ondersteuning. By monde van landdros Human is £100 of £150 gevra vir bestryding van koste wat veral by so 'n eerste tentoonstelling gemaak moes word. Die Uitvoerende Raad het hierop geantwoord:

> " De Uitvoerende Raad niet wenschende het beginsel aan te nemen om dergelyke bydragen aan de verschillende dorpen te geven, maar lettende op de omstandigheden dat dit het eerste distrikt is dat eene dergelyke aanvrage doet Besluit daarvoor eene som van £50 STLG. toe te kennen".(36)

Later sal blyk dat die Uitvoerende Raad dit uiteindelik as 'n beginsel aanvaar het om subsidies aan landbougenootskappe te betaal.

Dit skyn asof die voorgestelde tentoonstelling eers op 20 Februarie 1889 gehou is. Die onderneming was 'n groot sukses:

> " Wy kunnen dan ook niet nalaten de bewoners van het district Middelburg geluk te wenschen met de door hen getoonde energie en wy hopen van ganscher harte dat hun goede voorbeeld spoedig door alle districten zal gevolgd worden",

het De Volksstem geskryf.(37) Die vertroue is uitgespreek dat die Regering hom die saak sou aantrek en moeite doen om die boere te hulp te kom met voorligting. Die algemene gedagte was egter nog nie 'n omvattende boereorganisasie nie maar net 'n tentoonstellingskomitee. Tog was dit die aanvang van 'n belangrike beweging in die boerderybedryf. Die Middelburgse voorbeeld het die boere in beweging gebring, en hoewel die aanvanklike doelstelling was die hou van tentoonstellings, is 'n organisasievorm geskep waarin die boere self deelgeneem het.

Kort na die stigting van die Middelburgse vereniging het ander distrikte die voorbeeld gevolg. In 1889 het die Wakkerstroomse boere reeds 'n komitee aangestel om voorbereiding te tref vir 'n tentoonstelling. Die komitee het dadelik aan die werk gespring en 'n pryslys vir die tentoonstelling sowel as

---

36. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 285, dd. 6 Augustus 1887.
37. De Volksstem, 7 Maart 1889.

'n huishoudelike reglement vir die genootskap opgestel.[38] Ons merk hier dat dit nie net 'n komitee vir die organiseer van 'n tentoonstelling was nie, maar dat dit die „Landbouwkundig Genootschap te Marthinus Wesselstroom" genoem word.[39] By die Regering is aansoek vir 'n bydrae gedoen, en hiervoor is £100 beskikbaar gestel. Die publiek self het £230 byeengebring.[40]

Uit die bewoording van die besluit van die Uitvoerende Raad met sy toekenning van 'n bydrae aan Wakkerstroom kan afgelei word dat die saak van landboutentoonstellings reeds oral belangstelling geniet het. Van belang is dat Wakkerstroom die eerste distrik was wat vir sy landbougenootskap 'n volledige en omvattende huishoudelike reglement opgestel het. Hierdie boere aan die Natalse grens het die voorreg gehad om van die ouer genootskappe oorkant die grens te leer. Van hierdie grensboere was moontlik ook lede van die landbougenootskap van Newcastle.[41] Daar het dus reeds invloed uitgegaan van die naburige landbouorganisasies.

Lydenburg het spoedig die voorbeeld van Middelburg en Wakkerstroom gevolg. In 1890 is daar ook 'n komitee in die lewe geroep om voorbereiding te tref vir 'n landboutentoonstelling. Die komitee het dit goedgevind om staatspresident Kruger te vra om as beskermheer van die tentoonstelling op te tree.[42] Later word van 'n „ Landbouwvereeniging" gepraat. Vir hierdie vereniging het die Regering ook 'n bedrag van £100 gestem.[43]

---

38. R.1335/90: komitee aan staatsekretaris, 28 Januarie 1890.
39. R.1640/91 : korrespondensie bevattende die reglement en pryslys.
40. R. 1335/90 , en Besluite van die Uitvoerende Raad, dd. 6 Februarie 1890.
41. R.14464/91: versoek van die landbougenootskap van Newcastle aan president Kruger om saam met die President van die Oranje-Vrystaat en die Goewerneur van Natal beskermheer van die landbougenootskap van Newcastle te wees.
42. R.8702/90 : landdros van Lydenburg aan Uitvoerende Raad, 10 Junie 1890. Sien ook R.10310/90.
43. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 443, dd. 1 Julie 1890 en R.8702/90.

Die belangstelling wat die eerste tentoonstellings gaande gemaak het, het ander distrikte aangevuur om ook mee te doen.Die beweging neem gaandeweg groter afmetings aan. Die simpatieke pers het met reklame en oortuigingswerk voor die dag gekom. Verslae van geslaagde tentoonstellings het oral tot gevolg gehad dat aan die werk gespring is om ' eie tentoonstelling te hou. Die eerste tentoonstelling van Wakkerstroom is op so 'n interessante wyse deur De Volksstem wêreldkundig gemaak dat die gebeure in daardie dae van gebrek aan maatskaplike verkeer die verbeelding van die plattelanders aangegryp het.

> „ De 20ste dag van Februarie 1890 zal zeker eene belangryke plaats blyven innemen in de geschiedenis van ons district. Immers, op dien dag werd de eerste tentoonstelling geopend , die zooals wy hopen grotelyks tot bloei en vooruitgang van ons distrikt zal strekken...By den ingang van de plaats voor de tentoonstelling was eene prachtige eereboog opgericht, vooraan prykten de woorden, Lang leve de Generaal!(Joubert). Boven wapperde een vlag met het woord 'WELKOM', rechts onze Transvaalsche Vierkleur, en links de Vrystaatsche vlag, terwyl aan de achterzyde ons Volks-motto in sierlyke letters was aangebracht: Eendracht maakt Macht".(44)

Hierdie kleurvolle berig van die verrigtinge by die Wakkerstroomse landboutentoonstelling het nie ongemerk by lesers verby gegaan nie. Die jare 1890-91 belewe 'n groot geesdrif vir tentoonstellings. In die vernaamste distrikte word landbougenootskappe gestig. In 1891 ontstaan genootskappe in Pretoria, Klerksdorp en De Kaap.(45) Die jaar daarop neem die boere in ander distrikte die saak in hande en roep 'n eie vereniging in die lewe. Na jare van stilte kom die Potchefstroomse boere ook weer in beweging. Van die stigting van 'n landbougenootskap hier het ons 'n interessante beskrywing. Omdat hierdie beskrywing lig werp op die moeilikhede wat organiseerders van boereverenigings in die meeste distrikte gehad het, word hier 'n kort weergawe gegee van die verloop van die stigtingsvergadering in Potchefstroom.(46)

44. De Volksstem, 7 Maart 1890.
45. R.1528/91; R.2266/92 en R.13723/93.
46. De Volksstem, 20 Januarie 1892, oorgeneem uit De Potchefstroomer.

Die gedagte aan die stigting van 'n landbougenootskap het by die heer A.P.Myburgh ontstaan en gesteun deur ander belangstellende boere, is deur hom 'n stigtingsvergadering op Potchefstroom belê. Die byeenkoms sou in die markhuis, op Saterdag, 9 Januarie 1892, gehou word, maar omdat daar 'n buitengewoon groot opkoms was, is die vergadering voor die marklokaal onder die bome gehou. Die heer C.M.Douthwaite was voorsitter, terwyl die heer Myburgh as sekretaris opgetree het. Die voorsitter het die doel van 'n landbougenootskap verduidelik .Hy het verwys na die stigting van so 'n genootskap in Pretoria „ dat veel deed tot bevordering van landbouw en veeteelt". Die ledegeld was £1.1.0 per jaar. Toe die voorsitter hierdie inligting verstrek, het die heer Prinsloo, lid van die Eerste Volksraad, die volgende tussenwerpsel gemaak („zoodat zelfs de Voorsitter het kon hooren"): „ Daar het julle dit; ek het geweet dit kom op geld neer". Die voorsitter het egter voortgegaan en die vertroue uitgespreek dat die Regering aansienlike geldelike steun sou verleen. Hy hoop dat die heer Prinsloo sy uiterste sou doen in die Volksraad. Hierop het die heer Prinsloo geantwoord:„ Ja, ik zal spreker in den Volksraad wezen, maar het is jammer dat wy ook niet, gelyk de voormannen in Pretoria, waarvan de Voorzitter gesproken heeft, de geldkas in handen hebben". Met misnoeë het hy verder verklaar dat dit alles net op geld sou neerkom.

Die heer Vermaas was ten gunste van tentoonstellings , maar omdat hy in die verlede dikwels teleurgestel is deur sekere verenigings en organisasies -„o.a. eerst met den Afrikaner Bond , toen weer met zekere maatschappyen, welke in duigen gevallen waren" - wou hy eers 'n waarborg hê dat hy, in geval van 'n mislukking, sy geld sou terugkry! Hy kon werklik nie meer sy eie nasie vertrou nie! Nadat die voorsitter verduidelik het dat dit nie 'n geldmakende maatskappy sou wees nie, was die heer Prinsloo ten gunste van so 'n genootskap, want dan sou Potchefstroom tog ook iets uit die landskas kry. Daar was egter nou 'n geldskaarste, het hy gesê, en hy twyfel of die nodige ledegeld verkry sou word. Daarom wens hy verskoon te word om nie deel te neem nie. Die berig gaan dan verder :

> " De heer du Preez haalde in antwoord op den heer Prinsloo het welbekende spreekwoord aan:'Beter laat dan nooit' (hoor,hoor en gejuich). Hy had met groot genoegen vernomen van het plan om een Landbouwkundig Genootschap op te richten te Potchefstroom, het was het beste ding dat kon gebeuren. Hy was het oneens met den heer Prinsloo, waar deze beweerde dat er geen geld gevonden zou worden om de zaak door te zetten. Zeer velen zouden bereidwillig gevonden worden leden te worden en by te dragen. De heer Prinsloo: 'Nu ik wil wedden dat ik myn naam zal neerzetten, en dat geen 10 man gevonden zullen worden om op de lyst te tekenen".

Toe etlike persone dadelik optree en weddenskappe van £25 wou aangaan, was die heer Prinsloo verbaas en verslae " en ontstond er heel wat pret en gelach ten zynen koste".

Die heer Myburgh het verklaar dat die skaarste aan geld juis te wyte was aan die swak en geringe omvang van die boerderybedryf.In die Kaapkolonie was dit ook so, maar nadat landbougenootskappe gestig is, het die landbou en veeteelt verbeter. Die heer Prinsloo het geantwoord dat hy hom nie deur ander sou laat leer nie. Hierop het die heer Myburgh heel gepas gesê dat dit dan sy plig was om ander te leer. Die here Bodenstein en Borrius het uit hul herinneringe meegedeel van die tentoonstellings wat jare gelede deur die Transvaalse Maatskappy van Landbou en Veeteelt gehou was. Die vergadering het uiteindelik besluit tot die stigting van 'n landbougenootskap. In elke wyk sou die veldkornet en twee lede as 'n kommissie optree om lede in te skryf.

Die jaar 1892 belewe ook die ontstaan van die Soutpansbergse landbougenootskap , met hoofplaas in Pietersburg.(47) In die jaar daarop organiseer die boere in Ermelo vir 'n landboutentoonstelling en kom daar 'n landbougenootskap tot stand.(48) Dit was egter die jaar 1894 waarin die stigting van landbougenootskappe die hoogtepunt bereik het. In hierdie jaar word in Johannesburg die Witwatersrandse landbougenootskap gestig, met

47.R.223/92 : kennisgewing aan die staatsekretaris, 29 September 1892.
48.R.14413/93 en R.424/94.

'n aansienlike ledetal uit die sakemanne van die goudstad.[49] Verdere stigtings vind plaas in Waterberg, Bloemhof en Vryheid.[50] Later volg stigtings in Wolmaransstad en Utrecht. Hierdie landbougenootskappe was ongeveer almal op dieselfde patroon georganiseer. Gewoonlik het 'n genootskap begin met 'n komitee vir die reëling van 'n landboutentoonstelling en namate die organisasie lede gewerf het, het dit oorgegaan tot die vorm van 'n landbougenootskap. Dit was 'n plaaslike aangeleentheid en die belange en wense van die omgewing is in aanmerking geneem. Op plekke soos Pretoria, Johannesburg en De Kaap waar 'n aansienlike persentasie van die ondersteuners en belangstellendes Engelssprekend was, is albei tale gebruik in vergaderings, korrespondensie en in sulke stukke soos reglemente, pryslyste en regulasies.

Uit die beskikbare reglemente van 'n paar van die genootskappe kan 'n denkbeeld gekry word van die organisasievorm van landbougenootskappe. Die reglement van Pretoria word hieronder bespreek, met hier en daar 'n verwysing na die reglement van Wakkerstroom.[51] Wat die naam betref, is ook 'n Engelse vorm gebruik, nl. „Pretoria Agricultural Society". Waar die meeste genootskappe as eerste en vernaamste doelstelling gehad het die hou van tentoonstellings, daar stel die Pretoriase genootskap as eerste taak die bevordering en aanmoediging van die invoer van opreggeteelde vee; die teel van volbloeddiere en die verbouing van graan, blomme, vrugte en groente en die aanplant van bome. Verder beoog die genootskap die verbetering van boerderymetodes deur gebruikmaking van arbeidsparende masjinerie en landbougereedskap en deur meer wetenskaplike bewerking van grond. Die genootskap wil die boeregemeenskap aanmoedig om hul produkte deeglik te gradeer en te verpak vir bemarking en uitvoer. As vierde doelstelling word genoem die hou van

49. De Boerenvriend , 7 April 1894, berig; R.8873/94, aankondiging van die stigtingsdatum as Februarie 1894.
50. R.947/94; R.884/94 en R.1769/94.
51. Sien Publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek, No.135:„Proceedings and Balance Sheet of HET PRETORIA LANDBOUW GENOOTSCHAP, for the period ending 28th August,1891", waarin die reglement voorkom.

„competitive shows and exhibitions of live stock, produce and machinery, and trials of skill in the use of implements and machines applied to farming pursuits".

Dit is duidelik dat die stigters van hierdie landbougenootskap die taak van hulle vereniging baie wyer gestel het as die meeste ander genootskappe. Hierdie doelstellings getuig van 'n dieper insig in die faktore wat verantwoordelik was vir die agterlikheid van die boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek. Hier is beslis mense aan die woord wat 'n duidelike begrip gehad het van wat gedoen kon word om landbou-veeteelt te verbeter. Daar was ander middele as net die hou van tentoonstellings om die boerderybedryf te verbeter. Die Pretoriase landbougenootskap was dus 'n organisasie wat wou dien as voorligtingsburo van waar wetenskaplike landboumetodes gepropageer sou word.

Wat die interne organisasie van die verskeie landbougenootskappe betref, was dit gebruiklik dat die lede van die vereniging 'n jaargeld moes betaal. Die bedrag van hierdie ledegeld was in sommige gevalle, soos by die Wakkerstroomse landbougenootskap, tien sjielings per jaar. In die meeste ander gevalle was dit £1 of £1.1.0 per jaar. Uit die lede is 'n bestuur gekies. Die bestuur het gewoonlik uit 'n betreklike groot aantal persone bestaan. Die reglement van Wakkerstroom het bepaal dat die bestuur uit dertig lede sou bestaan. In die geval van Pretoria was dit vyf en twintig, met 'n maksimum van veertig. Die bestuur was dus taamlik lywig. Die gedagte was om uit die verskeie wyke van 'n distrik persone in die bestuur te betrek ten einde samewerking te bewerkstellig. Die werksaamhede van die jaarlikse tentoonstelling het ook baie aktiewe helpers en werkers geverg.

In die meeste gevalle is die staatspresident versoek om as beskermheer van die landbougenootskap op te tree. Daar was gewoonlik twee ondervoorsitters. Ander ampsdraers is jaarliks deur die algemene vergadering gekies. In die geval van Pretoria is ook

ouditeure benoem. Aan die jaarvergadering moes verslae voorgelê word deur die voorsitter of die sekretaris, bevattende die werksaamhede van die genootskap oor die afgelope jaar. 'n Geldelike verslag moes ook ingedien word. In die meeste gevalle is vasgestelde datums vir die hou van die algemene jaarvergadering bepaal. In die geval van Wakkerstroom is bepaal dat die algemene jaarvergadering op die Saterdag voor nagmaal in April gehou moes word. In Pretoria moes dit in die eerste week van September gehou word. Verder is voorsiening gemaak vir die aanvulling van tussentydse vakatures.

In die reglement is gewoonlik bepalings gemaak vir die reëling van landboutentoonstellings. Dit kan goed verstaan word, omdat die hou van die tentoonstellings as die enigste of belangrikste funksie en taak van die verenigings beskou is. Afgesien van hierdie bepalings vir die organisasie van 'n tentoonstelling is daar afsonderlike reëls opgestel vir die leiding van belangstellende deelnemers. Die pryslys en hierdie reëls is dikwels in druk uitgegee.

STAATSHULP AAN LANDBOUGENOOTSKAPPE.

Waar landbougenootskappe gestig is, was dus die eerste taak die reëling van 'n landboutentoonstelling. So 'n tentoonstelling het nie net veel organisasie vereis nie, maar ook heelwat geld gekos. Veral vir die eerste tentoonstelling was aansienlike bedrae nodig. Die terrein waar die tentoonstelling sou plaasvind, moes verkry word; die nodige lokale vir die uitstalling voorsien word en vir die vee moes hokke opgerig word. Daar was drukwerk, advertensies en pryse wat geld gevra het. Die ledegeld het maar 'n klein bedraggie opgelewer en kon nie die uitgawes dek nie. Fondse moes elders gevind word. Net soos in die sestiger jare in Potchefstroom gedoen is, is donasies van belangstellende persone gevra. Toegangsgelde by tentoonstellings het ook 'n aansienlike bedraggie ingebring.(52)

52. By geleentheid van die eerste tentoonstelling in Pretoria het J.F.Celliers en Piet Joubert silwerbekers geskenk as donasies en E.P.A.Meintjies 'n goue medalje. Aan hekgelde is 'n bedrag van £213 ingevorder.(Sien Z.A.R. 135).

Die gedagte het reeds van die begin af posgevat dat die Regering geldelike en ander steun moes verleen. In 1887 het die Uitvoerende Raad by die toekenning van die eerste toelae aan 'n landbougenootskap verklaar dat hy nie 'n presedent wou skep nie. Tog het dit die beleid geword om geldelike subsidies aan landbougenootskappe toe te ken vir die hou van tentoonstellings. Omdat daar geen staatsdepartement was vir die behartiging van boerebelange nie, skyn dit asof die owerheid wou vergoed vir daardie gemis met die toekenning van geldelike toelae aan landbougenootskappe.

Die eerste toekennings was gering, maar namate die staatsinkomste vermeerder het; namate die aktiwiteite van die landbougenootskappe uitgebrei het en namate die aanvalle op die Regering oor sy onverskilligheid en afsydigheid ten opsigte van die belange van die boeregemeenskap toegeneem het, is die toewysings jaarliks verhoog. In 1890 kry Lydenburg en Wakkerstroom reeds elk £100. Die volgende jaar kry die Pretoriase landbougenootskap 'n toelae van £100.[53] Tot dusver was daar in die begroting geen voorsiening gemaak vir die toekenning van subsidies nie. Toe in 1892 verdere genootskappe gestig is, soos dié van Potchefstroom en Soutpansberg, en die bestaande landbougenootskappe vir groter toelae gevra het, het die Volksraad in die begroting vir £1000 voorsiening gemaak.[54] Hierdie bedrag is ten volle aan landbougenootskappe uitbetaal. Die landbougenootskap van Pretoria het die leeueaandeel van £600 gekry. Klerksdorp het £100 ontvang , ook Soutpansberg, Potchefstroom en De Kaap.[55]

Teen 1892 het die owerheid die toekenning van geldelike toelae aan landbougenootskappe as 'n beleid aanvaar. Dit skyn of die verskillende toewysings nie volgens 'n vaste basis gedoen is nie. Die relatiewe belangrikheid van die betrokke landbougenootskap het

53. Ibid.
54. Notule van die Eerste Volksraad, art. 873 en 875,dd. 21 Julie 1892, EVR. 46.
55. R.10199/93.

meestal die deurslag gegee by die bepaling van die bedrag van die subsidie. Dat Pretoria in 1892 byvoorbeeld £600 ontvang het , kan toegeskryf word aan die groot bedrag wat deur die bestuur aangevra is ; deur die omvang van die bedrywighede van hierdie genootskap en moontlik ook omdat dit in die hoofstad werksaam was. Die Regering moes faktore soos ledetal, die omvang van sy werk en die waarde van die werk wat verrig word, in aanmerking neem by die bepaling van die bedrag van subsidies.

Vir 1893 is £3000 op die begroting geplaas, maar dit is spoedig verhoog na £4000.Pretoria het toe reeds £1000 daarvan gekry.(56) Aan die Potchefstroomse landbougenootskap is £500 toegeken en aan 'n paar van die ander genootskappe elk £200.(57) Namate die gulhartigheid van die Regering bekend geword het, het die landbougenootskappe meer ambisieus geword in die reëlings van tentoonstellings. In 1894 is £6000 op die begroting geplaas ; in 1895 £10,000 en in 1896 en 1897 jaarliks ook £10,000. In 1898 word dit £12,000. Pretoria ontvang reeds in 1894 die bedrag van £2000 en in 1898 nie minder as £3000.(58) In laasgenoemde jaar het Potchefstroom £1250 ontvang.(59) Die landbougenootskap van De Kaap het deur die bemoeiing van sy volksraadslede, veral van die heer Loveday, aansienlike subsidies ontvang. In 1896 en 1897 ontvang De Kaap jaarliks £1000.(60)

Dit het die Regering moeilik geval om die verskillende toekennings te maak. Na aanleiding van die aansoeke wat in 1894 ontvang is, het die Uitvoerende Raad besluit om 'n kommissie te benoem om die verdeling van en die beheer oor die toelae waar te neem.(61)Die kommissie sou voortaan die verdeling tussen die verskeie landbougenootskappe maak en verslag doen aan die

---

56. R.4413/93.
57. Ibid. Hulle was Ermelo, De Kaap en Middelburg.
58. R.7387/99.
59. R.7174/99.
60. R.11329/97.
61. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 599, dd. 10 November 1894. Die lede van die kommissie was die ouditeur-generaal, die tesourier-generaal en die hoof van publieke werke.

Regering .Dit skyn of die kommissie die verdienstelikheid en die besondere behoefte van die genootskappe as grondslag vir toekenning geneem het.

'n Subsidie is nie aan 'n landbougenootskap uitbetaal as so 'n genootskap nie definitief daarvoor aansoek gedoen het nie. In die eerste jare is die bedrag dikwels aan die landdros van die distrik beskikbaar gestel om uit te betaal na gelang die behoefte bestaan het.[62] Dit spreek vanself dat die Regering sou toesien dat sulke aansienlike bedrae nie nutteloos en onoordeelkundig bestee word nie. Daarom was dit 'n voorwaarde dat subsidies alleen uitbetaal word by ontvangs van 'n verslag van die werksaamhede en geldelike sake oor die afgelope jaar.[63] Uit hierdie verslae wat in sommige gevalle heelwat besonderhede verstrek het, kan 'n indruk van die aard en omvang van die boerdery van elke distrik verkry word.

Omdat die doel van alle landbougenootskappe was om, waar moontlik, jaarliks 'n tentoonstelling te hou, is die behoefte aan geskikte terreine en geboue van die staanspoor af gevoel. Dit was die belangrikste vraagstuk wat organiseerders van tentoonstellings moes oplos. Die Middelburgse baanbrekers het in 1889 gebruik gemaak van 'n oop erf agter die ou landdroskantoor. 'n Groot tent moes dien as lokaal vir die uitstalling van landbouprodukte. Rondom hierdie tent was behoorlike hokke opgerig waarin die groot- en kleinvee vertoon is.[64] Die Wakkerstroomse landbougenootskap was aanvanklik verplig om tentoonstellings op die markplein te hou. In Klerksdorp moes die bestuur gebruik maak van lokale van die firma Tarry en Kie. Ook die landbougenootskap van Utrecht moes die markplein in orde bring vir sy tentoonstellings.[65] Die Waterbergse landbougenootskap moes aanvanklik na afloop van elke tentoonstelling alle krale en hokke en

62. Ibid., art. 935, dd. 1 Desember 1892.
63. R.1409/99 en R. 4411/99: verslag van De Kaap, dd. 26 Januarie 1899.
64. De Volksstem , 7 Maart 1889.
65. R.1640/91: kennisgewing in die program ; De Volksstem, 13 Maart 1890. R.10539/93 en R. 11057/99.

geboue afbreek, omdat die terrein nie sy eiendom was nie. Dit het die koste geweldig verhoog.[66] Die Potchefstroomse genootskap het 'n ooreenkoms met die parkekomitee van die dorp aangegaan vir die gebruik van die park vir tentoonstellingsdoeleindes.[67] In Pretoria moes die terrein en geboue van die „Pretoria Turf Club" gehuur word. Later is 'n ooreenkoms met die „Nuwe Pretoria Turf Club" aangegaan waardeur die landbougenootskap 'n stuk grond gehuur het waarop hy geboue kon oprig op voorwaarde dat die verhuurder ook van die geboue gebruik kon maak.[68] Omdat die landbougenootskap daarop geboue ter waarde van £6000 tot £7000 wou oprig, is aansoek gedoen om die huurtermyn op 21 jaar te stel. Aanvanklik wou die Regering nie goedkeuring hiervoor verleen nie, maar nadat 'n deputasie die saak verduidelik het, is die pagtermyn goedgekeur. In 1893 en 1894 moes hierdie genootskap ook van die markplein gebruik maak.[69]

Die landbougenootskap van De Kaap was gelukkig om reeds in 1895 sy eie terrein van 13 akkers te besit. Die Witwatersrandse landbougenootskap moes aanvanklik gebruik maak van terreine wat die goudmynmaatskappye aan hulle afgestaan het.[70]

Waar die Regering taamlik liberaal was by die toekenning van geldelike bydrae vir die hou van tentoonstellings, het dit ook nie lank geduur voordat aansoek gedoen is vir toekenning van grond vir tentoonstellingsterreine nie. Die voortou hierin is geneem toe Potchefstroom in 1893 aansoek gedoen het vir 20 morg grond in die dorp.[71] Die landbougenootskap van Klerksdorp het die volgende jaar aansoek gedoen vir 'n sekere stukkie grond in die dorp. Na aanleiding van hierdie aansoeke het die Uitvoerende Raad besluit

---

66. R.5193/96: aansoek vir 'n terrein, dd. 4 Mei 1896.
67. R.6528/98: verslag vir 1897, dd. 25 April 1898.
68. R.11571/96 en
    De Volksstem, 30 April 1892.
69. De Volksstem, 23 Februarie en 28 Maart 1894.
70. R.2176/95 en R.8873/94.
71. R.9488/93.

om by die eerste Volksraad aan te beveel dat die Regering gemagtig word om aan landbougenootskappe gedeeltes van dorpsgronde in bruikleen af te staan vir tentoonstellingsterreine. Die Volksraad het die aanbeveling goedgekeur.(72) Hierdie stap was 'n verdere vorm van hulpverlening aan landbougenootskappe. Van hierdie hulp is dadelik gebruik gemaak. Die verdere voorwaardes wat die Regering gestel het, was dat die grond op koste van die landbougenootskappe opgemeet en in kaart gebring moes word. Sulke gronde kon nie belas word deur die neem van verbande daarop nie.(73) Die finale afhandeling van die aansoeke is egter in die meeste gevalle baie vertraag.

Die Witwatersrandse landbougenootskap het direk na sy totstandkoming probeer om sy eie grond te verkry. Omdat Johannesburg 'n sogenoemde „standsdorp" was, d.w.s. 'n geproklameerde gouddelwery, was daar nie goewermentsgrond beskikbaar soos in die „distriksdorpe" nie. Die genootskap het na sy stigting in 1894 begin soek na 'n eie terrein vir tentoonstellings. Die vereniging was van plan om 'n stuk grond in die nabyheid van Fordsburg van die Langlaagte-Goudmynmaatskappy te koop. Dit het egter nie werklikheid geword nie.(74) Vanaf die eerste tentoonstelling in 1895 het die genootskap gebruik gemaak van goewermentsgrond in Auckland-Park. Hierdie grond het aan die staat behoort, maar was nie in kleims afgepen nie. Dit was geleë „op Braamfontein ten noorde van Johannesburg" - vanaf die gevangenis in die rigting van Auckland-Park. Die Regering het hierdie terrein net vir een keer aan die landbougenootskap aangebied. Die bestuur het egter die moontlikheid ingesien om die terrein vir toekomstige

72. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 781, dd. 4 September 1896, en Notule van die Eerste Volksraad, art. 2050, dd. 13 November 1896, EVR. 63.
73. R.2330/98: aanvraag van Pietersburg, 25 November 1898; Besluite van die Uitv.Raad, art. 357, dd. 1 April 1898. Die aansoek van Potchefstroom is eers in 1898 goedgekeur. Ander genootskappe wat grond in bruikleen gekry het, was Lydenburg, Waterberg, Soutpansberg, Vryheid en Utrecht. Sien R.2414/96, R.12904/96, R.5193/96, R.2330/98, R.1048/96, R.11057/99 en Besluite van Uitv. Raad, art.284 en 353, dd. 16 en 31 Maart 1898 respektieflik.
74. R.8873/94: landbougenootskap aan Uitv.Raad, dd. 24 Augustus 1894; R.526/95 by R.8873/94.

tentoonstellings te **verkry** en daarom is daar aansoek gedoen vir 'n lening van £7000 ten einde permanente geboue op te rig.[75] Die Regering kon die lening nie toestaan nie, omdat die landbougenootskap geen vaste eiendom besit het om as sekuriteit aan te bied nie. Die grond was staatseiendom en daarom kon daarop geen verband geneem word nie. Indien die Regering hierin sou toegee, sou baie ander landbougenootskappe gretig daarvan gebruik maak. Voorlopig het die pogings om eie grond te bekom dus nie geslaag nie.

Na die moeilike jare van 1896 en 1897 het die Witwatersrandse landbougenootskap die pogings vir die verkryging van 'n eie terrein hervat.[76] Na aanleiding van die magtiging wat die Volksraad aan die Regering verleen het om goewermentsgrond in bruikleen af te staan, het hierdie genootskap aansoek gedoen om die grond wat hy reeds gebruik het en wat ook omhein was, per ooreenkoms in bruikleen aan hom af te staan. Die genootskap het die weg van 'n kontrak gevolg om volle sekerheid te hê oor die beskikking van die grond en om sekere moontlike besware vooruit te loop. Die ooreenkoms wat opgestel is,het o.a. bepaal dat die Regering die betrokke stuk grond vir 21 jaar in bruikleen aan die landbougenootskap afstaan. Die genootskap betaal jaarliks vir die gebruik van die grond £50. Hy kry die reg om met goedkeuring van die Regering geld te leen, met die geboue en ander inrigtings as sekuriteit. Na verloop van 21 jaar kon die ooreenkoms verleng word, indien die Regering die grond nie nodig gehad het nie. By ontruiming bly die Regering in besit van die verbeterings op die grond.[77] Die Regering het die reg behou om die kliprantjie wat op die grond geleë was, uit te hou as dit vir 'n ander doel aangewend kon word. Ook moes die publiek ten minste een dag per week vrye toegang tot die gronde hê.[78]

---

75. De Volksstem, 30 Januarie 1895.
76. R.5826/97 in SS.1795.
77. R.5826/97 en Notule van die Eerste Volksraad, art. 2050,dd. 13 November 1896,EVR.63 en art. 805,dd. 6 Augustus 1897, EVR.67.
78. Besluite van die Uitvoerende Raad, art.585, dd. 5 Augustus 1897 en Notule van die Eerste Volksraad, art. 809, dd. 9 Augustus 1897,EVR.67.

Hierdie landbougenootskap het dus uiteindelik 'n eie terrein gehad. Daar was by die toekenning van die grond reeds etlike duisende ponde aan geboue en opknapping van die terrein bestee.[79] Hierdie genootskap het nou van krag tot krag ontwikkel en is vandag seker die grootste van sy soort in ons land.

In Klerksdorp was daar geen goewermentsgrond beskikbaar nie. Alle gronde was as delwerye geproklameer en in standplase afgepen. Die landbougenootskap daar het 28 van die kleims gekoop en daarop sy tentoonstellings gehou.[80] Kragtens die goudwet moes die delwerslisensies steeds daarop betaal word. Onder sulke omstandighede was die oprigting van geboue en ander inrigtings baie onseker en gevolglik het die landbougenootskap in samewerking met die „Sporting Club" by die Regering aansoek gedoen om die grond op naam van die Regering te laat oordra waarna die landbougenootskap dan 'n deel van 12 morge van die Regering sou huur teen gunstiger voorwaardes. Die Regering moes toe eers die grond deproklameer en het uiteindelik 12 morge daarvan in bruikleen aan die landbougenootskap afgestaan.[81]

Verdere hulp aan landbougenootskappe is gegee in die vorm van lenings. Vanweë die runderpes wat in 1897 sy hoogtepunt bereik het, was die tentoonstelling wat deur die Witwatersrandse landbougenootskap georganiseer is, nie 'n sukses nie. 'n Aansienlike geldelike verlies is gely. Die genootskap was genoodsaak om êrens 'n lening aan te gaan ten einde die koste te kan dek. Die Regering het 'n bedrag van £5000 aan die genootskap geleen op eerste verband teen 6 persent rente en die reg voorbehou om die jaarlikse toesegging geheel of gedeeltelik terug te hou as terugbetaling van die kapitaal van die lening.[82] Later in die jaar is ook £1000 aan die landbougenootskap van Vryheid

---

79. Notule van die Eerste Volksraad, art.805,dd. 6 Augustus 1897. Die heer J.P.Meyer het verklaar dat £12,000 aan geboue en £9000 aan die maak van 'n pad bestee is.
80. R.11575/97 ; en Notule van die Tweede Volksraad, art. 994, dd. 18 Augustus 1898.
81. Besluite van die Uitv.Raad, art. 710, dd. 28 Julie 1898 en Notule van die Tweede Volksraad, arts. 989,990,995,1238 en 1243, dd. 15 Augustus , 20 en 21 September 1898.
82. R.16365/98.

geleen.[83]

Die Volksraad was gewillig om jaarliks aansienlike bedrae in die begroting goed te keur vir die hou van tentoonstellings. Hy moes bepaald 'n groot waarde aan sodanige landboutentoonstellings geheg het. Tog het dieselfde Volksraad die veel belangriker stap, nl die instelling van 'n landboudepartement, telkens verongeluk. Hoe moet dit verklaar word? Moontlik lê die verklaring hierin dat die landbougenootskappe uit die boeregemeenskap self ontstaan het; dat die beginsel van vrywillige samewerking nie aanstoot gegee het aan die vrye beskikking oor die bedryf nie. Die boere was gewillig om vrywillig van mekaar te leer, maar was nie geneë, soos duidelik uit debatte in die Volksraad blyk, om vir hulle in hul boerdery te laat voorskryf nie. Die uitgawe vir die skepping en administrasie van 'n landboudepartement sou waarskynlik nie meer bedra het as die jaarlikse subsidies aan landbougenootskappe nie. Tog is so 'n departement telkens afgekeur op grond van die vermeende uitgawe wat dit sou teweegbring.

AKTIWITEITE VAN DIE LANDBOUGENOOTSKAPPE.

Die feit dat die eerste landbougenootskappe begin het as „ tentoonstellingskomitees", dui aan dat die eerste taak was die organiseer van landboutentoonstellings. Daar is dan ook geen landbougenootskap gestig wat nie sy vernaamste taak gestel het as die hou van tentoonstellings nie. Gewoonlik is eers 'n paar tentoonstellings gehou voordat ook ander take aangedurf is. Op 'n paar gevalle na het die landbougenootskappe hulle net met tentoonstellings besig gehou. Hierdie belangrike aktiwiteit van die genootskappe word nou kortliks beskryf.

Sodra 'n komitee of bestuur saamgestel is met die oog op 'n landboutentoonstelling, is belangstellendes as lede van die genootskap gewerf. Gelyk-

83. Besluite van die Uitvoerende Raad , art. 98, dd. 26 Januarie 1899.

tydig is die veldtog vir die verkryging van die nodige fondse by wyse van ledegeld, skenkings en pryse geloods. Die Regering is genader vir 'n toelae of subsidie en as die veldtog 'n sukses blyk te wees, is die verdere organisasie aangepak. Die datum van die voorgestelde tentoonstelling is bepaal en die sogenoemde „ pryslys" of program is opgestel. In hierdie verband moes die aard van die boerdery in die besondere distrik en omgewing in aanmerking geneem word. Die tentoonstellings van die landbougenootskappe soos dié van Potchefstroom, Pretoria, Ermelo,Vryheid, Klerksdorp, Middelburg , Witwatersrand, Lydenburg, Wolmaransstad, Utrecht, Carolina, Waterberg en Soutpansberg is gewoonlik gedurende die maande Februarie, Maart of April gehou, soms ook in Mei. Die tentoonstellings van De Kaap is gewoonlik in Junie gehou.

Daar was landbougenootskappe soos dié van Pretoria en die Witwatersrand wat hulle tentoonstellings vir die hele Republiek en selfs vir ander state en kolonies in Suid-Afrika oopgestel het. By 'n studie van die verskillende pryslyste tref dit dat 'n groot verskeidenheid afdelings sowel in akkerbou as in veeteelt aangebied is. Hieronder word besonderhede verstrek van die items of afdelings wat gewoonlik in die pryslyste van tentoonstellings voorgekom het:

| ERMELO 1894 | POTCHEFSTROOM 1895 | WAKKERSTROOM 1891 |
|---|---|---|
| Wol en Angorahaar | beeste | wol en Angorahaar |
| skape en bokke | skape en bokke | skape en bokke |
| perde en esels | perde | perde en esels |
| beeste | varke | horingvee |
| graan | wol | graan |
| botter | graan | botter en seep |
| gedroogte vrugte | tabak | gedroogte vrugte |
| velle en rieme | pluimvee | tabak |
| pluimvee | tuisnywerheid | velle en rieme |
| groente | groente | pluimvee |
| vrugte | vrugte | groente |
| landbougereedskap | blomme | vrugte |
| honde | | vere, blomme, landbougereedskap. |

| MIDDELBURG 1894 | DE KAAP 1895 | PRETORIA 1892 |
|---|---|---|
| Beeste | wol | wol |
| perde | skape en bokke | skape,bokke, beeste |
| skape en bokke | perde | slagvee |
| wol | esels | perde, varke |
| pluimvee | beeste | pluimvee, vere |
| graan | varke, honde | graan, groente,vrugte |
| tabak | pluimvee | boereprodukte |
| groente | graan | dranke |
| vrugte | vrugte, groente | rytuie, landbougereedskap |
| landbougereedskap | blomme | tuie,allerlei |
| honde en duiwe | landbougereedskap | blomme,honde.[84] |

Gewoonlik was daar verskeie onderafdelings van elke item. Die afdeling „beeste" het gewoonlik die volgende onderafdelings gehad: bul,koei, vers, os, onderverdeel in ras, ouderdom en doel.

Die pryslyste is gedruk en versprei vir reklamedoeleindes. In 'n paar gevalle is hierdie stukke ook in Engels uitgegee.[85] In Pretoria het die gebruik van Engels in korrespondensie en in vergaderings naderhand oorheers, sodat twee van die lede, die here D.J. Erasmus en Stephanus Erasmus, heftig geprotesteer het teen die uitsluitlike gebruik van Engels by vergaderings. In 1897 het 'n memorie uit die Krugersdorpse distrik die Volksraad versoek dat programme en pryslyste ook in die Hollandse taal gedruk moes word. Die Volksraad het besluit dat sulke stukke in die Hollandse taal uitgegee moes word, met die reg om verder ook van ander tale gebruik te maak.[86]

Vir die pryse wat toegeken is, moes voorsiening gemaak word in die vorm van kontant of medaljes. Die

84. R.424/94, R.9581/95, R.1640/91, R.4319/94, R.6548/97, en De Volksstem, 5 April 1892.
85. Dit het gegeld vir Pretoria, De Kaap en Witwaters-Rand waar Engelssprekendes 'n prominente aandeel geneem het in die bedrywighede van die landbougenootskappe.
86. De Volksstem, 12 Februarie 1895: 'n berig. Notule van die Eerste Volksraad, arts.1108 - 1109, dd. 10 September 1897, EVR. 68.

Witwatersrandse landbougenootskap het groot bedrae aan pryse bestee. Vir die tentoonstelling van 1897 is £6000 begroot, maar as gevolg van die runderpes en die sprinkaanplaag is net £4,400 uitgeloof.[87] In 1896 het hierdie genootskap, behalwe kontant, ook 128 medaljes wat teen £567 gewaardeer was, as pryse uitgeloof.[88]

Dit was die algemene gebruik om die staatspresident te vra om tentoonstellings te open. Die tentoonstellings in Pretoria is meestal deur president Kruger geopen. By sulke geleenthede is 'n erewag vir die staatspresident opgestel en staatsdepartemente het werknemers 'n paar uur lank verlof gegee om die plegtigheid by te woon. Deur alle landbougenootskappe is staatspresident Kruger as beskermheer benoem. Generaal Piet Joubert wat jare lank voorsitter was van die landbougenootskap van Pretoria, het etlike landboutentoonstellings geopen. Hy het besonder belang gestel in die boerderybedryf en dikwels groot opofferings gemaak om 'n uitnodiging aan te neem.[89]

By 'n paar landbougenootskappe was dit die gebruik om 'n orkes te hê om uitvoerings te gee .In die aankondiging van 'n tentoonstelling in Pretoria in 1892 word o.a. gesê:

> „ Des avonds zal een wandelconcert worden gehouden in de welbekende tuin van den heer Nelmapius, die evenals verleden jaar, elektrisch zal worden verlicht".(90)

Hierdie „wandelconcert" wat deur 'n militêre orkes gegee is, het groot byval by die publiek gevind.[91] Na hierdie eerste promenadekonsert het 'n orkes by elke tentoonstelling in Pretoria opgetree. Ook die landbou-

87. The Press, 20 Maart 1897: 'n berig.
88. Goldfields News , 9 Augustus 1895: 'n berig.
89. De Volksstem,28 Maart 1894 en 12 Februarie 1895; R.1901/98: president Kruger moes baie ander aansoeke van die hand wys weens drukke werksaamhede. Sien ook The Star,4 Mei 1899: versoek van Witwatersrand; Barberton Herald, 9 Februarie 1892: versoek van De Kaap; De Volksstem, 13 Maart 1890: versoek van Wakkerstroom; De Volksstem, 29 Februarie 1896: versoek van Middelburg.
90. De Volksstem, 30 April 1892.
91. Ibid., 7 Mei 1892.

genootskap van De Kaap het van 'n orkes gebruik gemaak ten einde belangstelling vir die tentoonstellings te wek. Een van die lede van die genootskap, die heer J.M.Cullingworth, is in 1895 na Lourenco Marques gestuur om so 'n orkes te verkry.[92] Hierdie orkes het toe ook opgetree by die tentoonstelling van Junie 1895:

> " Long before the time fixed for the opening the public began to arrive and the Goanese band of 15 men, under the command of Senhor Euzebia da Conceica Brazao , marched down from the town , playing a lively march all the way".(93)

Die genootskap het by die aanbou van 'n saal en lokale vir tentoonstellingsdoeleindes voorsiening gemaak vir die hou van konserte in die saal. Voor die verhoog was 'n parterre vir 'n orkes aangebring. Dieselfde gebou het ook 'n kelder gehad „capable of seating a large number of people at supper".[94] Dit bring ons by 'n ander gebruik, die sogenoemde landbounoenmaal.

Tydens die tentoonstelling waarvan hierbo melding gemaak is, het die landbougenootskap van De Kaap in die Beurs 'n eetmaal gegee. Meer as 'n honderd persone het deelgeneem. Die mynbase van die Barbertonse goudvelde was ook teenwoordig en het die samewerking tussen die verskillende volksgroepe geloof en die noodsaaklikheid daarvan beklemtoon.[95] Op die sesde tentoonstelling in Pretoria was daar by die eetmaal wat in die „Grand Hotel" gegee is, etlike hoogwaardigheidsbekleërs. Die heer Schalk Burger, L.U.R., het die heildronk ingestel op die landbou en die nywerheid. Ander heildronke is ingestel op die landbougenootskappe, die beoordelaars, die besoekers en nog meer.[96]

Etlike landbougenootskappe het ook perdewedrenne by geleentheid van die tentoonstellings gehou. Hierdie items is ingevoer om die program so aantreklik moontlik te maak en besoekers te trek. Die vermaaklikheidsaspek het dikwels meer aandag geniet as die werklike tentoonstelling van vee en produkte.

---

92. Goldfields News, 21 Junie 1895.
93. Ibid., 28 Junie 1895.
94. Ibid., 11 Junie 1895.
95. Ibid.,9 Augustus 1895: verslag van die tentoonstelling.
96. De Volksstem, 20 April 1898: berig.

Hoewel die meeste landbougenootskappe gestig is met die doel om hoofsaaklik tentoonstellings te hou, was daar tog etlikes wat hulle taak breër opgevat het en in die loop van 'n paar jaar in ander aspekte van die boerdery belang gestel het. Waar dit gebeur het, was dit toe te skryf aan die insig van indiwiduele lede wat die werksaamhede van die landbougenootskap uitgebrei het tot ander afdelings van die boerderybedryf. Die landbougenootskap van Pretoria, van De Kaap en Potchefstroom het invloedryke burgers in sy geledere gehad; manne wat die vraagstukke wat aan die boerdery ten grondslag gelê het, verstaan het en pogings wou aanwend om die boeregemeenskap bewus te maak van daardie vraagstukke en die Regering wou beweeg om van staatsweë in te gryp en voorligting en hulp te verskaf. Hierin het die landbougenootskap van Pretoria die voortou geneem.(97) Ander genootskappe het later gevolg. Al meer en meer landbougenootskappe het die noodsaaklikheid van studie, navorsing en organisasie ingesien. Etlikes het in die laaste paar jaar van hulle bestaan opgetree as mondstuk van die boere in hul onderskeie distrikte.

In sy eerste verslag as voorsitter van die Pretoriase Landbougenootskap het generaal Piet Joubert in 1891 verklaar dat die boerderybedryf in die Suid-Afrikaanse Republiek heelwat agtergestaan het by die toestande in ander kolonies. Hy het melding gemaak van die menigvuldige veesiektes waarmee die boere te kampe gehad het en ook na die vraagstuk van arbeidstekort verwys.(98) Hierdie landbougenootskap in Pretoria het van sy stigting af hom beywer vir die daarstel van 'n landboudepartement.(99) Namate die genootskap meer belangstelling en steun ontvang het, na dié mate het hy die terrein van sy werksaamhede uitgebrei.Die genootskap was besonder gelukkig om sulke

97. Supra pp. 319-320.
98. Z.A.R. No.135: „The President's Address".
99. R.1409/91: brief aan die staatsekretaris, dd. Pretoria, 3 Februarie 1891.

bekwame manne in sy geledere te hê soos generaal Piet Joubert, dr. J.W.B.Gunning, die heer J.J.Enschedé en ander wat 'n wyer kennis van sake gehad het as die gewone boer. Omdat hierdie genootskap in die hoofstad gevestig was, het die Regering by afwesigheid van 'n landboudepartement dikwels van die genootskap gebruik gemaak vir die inwinning van gegewens omtrent nuwe saadsoorte, landbougereedskap, skaapdip, en nog meer. Die landbougenootskap se noue verband met die Transvaalse Landbou-Unie het hom verder in staat gestel om met inligting en voorligting voor die dag te kom.[100] Die genootskap het aan die Regering 'n memorandum voorgelê omtrent die moontlikheid van die verbouing van koffie in die Republiek. Verder het hy by die Regering aangedring om die slag van jong vee te belet ten einde die veestapel so gou moontlik te versterk na die verwoesting wat deur die runderpes aangerig is.[101]

Etlike landbougenootskappe het vir die plaaslike dorpsgemeenskap veel beteken deur die hou van blommetentoonstellings, versiering van die dorpsgrond deur die aanplant van bome en struike. In hierdie verband kan die boomkwekery van die Potchefstroomse landbougenootskap genoem word. Deur hierdie kwekery is baie mense aangemoedig om bome te plant en dit het bygedra tot die versiering van die ou hoofstad.[102]

Die landbougenootskap van De Kaap het hom nie net by die hou van tentoonstellings beperk nie. Die genootskap het aktuele vraagstukke van sy omgewing onder oë geneem en stappe gedoen wat in belang van die

---

100. De Volksstem, 28 September 1899: verslag van die werksaamhede van die genootskap oor die jaar 1899. Aan die volgende is o.a. inligting verstrek: die heer L.E.B.Roland van Maryland, V.S.A., omtrent die sitruskultuur in die S.A.Republiek; die heer A.A.Touche insake 'n nuwe pluimveevoer; kaptein Gonzola wat van die genootskap steun wou hê vir die invoer van 'n nuwe voergewas; die heer Van Maarseveen insake verbouing van rys; die firma Drabbe en Kie. insake verkoop van kunsmis.
101. R.13256/97 en R.16399/97, korrespondensie tussen die landbougenootskap en die Regering. Sien ook De Volksstem, 28 September 1899: verslag oor werk.
102. Z.A.R. No.135: Notule van die derde kongres van die Transvaalse Landbou-Unie: verslag oor 1898.

boerderybedryf was. Melding kan gemaak word van die pogings van hierdie genootskap om saadartappels vir sy lede in te voer.(103) Die genootskap het vanaf 1894 by die Regering aangedring om die indringing van Koelietuiniers in die Kaapvallei te verhinder, aangesien hierdie indringing 'n gevaar vir die bestaande landbouers was.(104) Die Regering is ook versoek om die bepalings van die pagkontrak vir grond in die Kaapvallei te wysig en billiker te maak, aangesien die gebied 'n belangrike landboustreek sou word.(105) Die genootskap het ook 'n eie boekery in verband met boerderyaangeleenthede opgebou. Dit alles getuig van 'n dieper insig in die behoeftes van die boeregemeenskap. 'n Verdere bewys van die wyer belangstelling van hierdie vereniging is die feit dat onder sy leiding proewe gedoen is om sprinkane deur middel van swamme te bestry.(106) Proewe om sprinkane met gifstowwe te vernietig het redelike sukses behaal.

Die belangrikste prestasie van die landbougenootskappe was ongetwyfeld die stigting van die „Vereniging van Tansvaalse Landbougenootskappe" of die Transvaalse Landbou-Unie, soos dit ook genoem is. Hierdie stap was die begin van die samesnoer van kragte en van koöperasie in die boerderybedryf. Hierdie organisasie het nie net in tentoonstellings belang gestel nie, maar die aktuele vraagstukke van die boerdery geformuleer en ondersoek.

VERENIGING VAN TRANSVAALSE LANDBOUGENOOTSKAPPE.

In 1893 is 'n kongres van landbougenootskappe in alle state en kolonies van Suid-Afrika in Port Elizabeth

103. R.12363/93: aansoek by die Regering, dd. 23 September 1893.
104. R.110/97 by R.6548/97 : verslag oor 1896.
105. R.1409/99: verslag oor 1898.
106. Ibid. Die here Manning en Austin het betreklik goeie sukses hierin gehad. Die heer J.Tecklenburg het op 'n aantal plase nie minder as 71 swerms voetgangers vernietig nie. Sien ook Z.A.R.No.135 vir verslag hieroor.

gehou. Die doel was die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Landbou-Unie.[107] Ook die landbougenootskap van Pretoria is uitgenooi en die here Loveday, Meintjies, Ibbotson en Bohlman is afgevaardig. By hierdie geleentheid is die beoogde Suid-Afrikaanse Landbou-Unie gestig.[108] Die Pretoriase landbougenootskap het lid geword van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie en die heer Meintjies is benoem tot lid van die bestuur van die Unie. In Maart 1895 het die Witwatersrandse landbougenootskap sy eerste tentoonstelling gehou en by daardie geleentheid is ook 'n vergadering van afgevaardigdes van die lede van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie gehou.[109] Onder die afgevaardigdes van die landbougenootskap van Pretoria was die heer R.T.N.James, een van die ondervoorsitters van daardie genootskap. Tydens die sitting van die kongres is die wenslikheid van 'n jaarlikse byeenkoms van afgevaardigdes van Transvaalse landbougenootskappe bespreek. Daarna het die heer James die saak met boere uit verskeie distrikte bespreek en sy voorneme om so 'n unie te stig, het oral byval gevind.[110]

Nadat hy die volgende vergadering van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie in Bloemfontein bygewoon het, het die heer James daarin geslaag om 'n stigtingsvergadering vir 'n Transvaalse Landbou-Unie te hou. Hierdie vergadering van 29 September 1897 het besluit om nog in dieselfde jaar 'n kongres te hou. Daar is ook terselfdertyd 'n konsepreglement vir die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe opgestel. Die notule van hierdie stigtingsvergadering, tesame met die voorlopige reglement, is aan alle bestaande landbougenootskappe gestuur.[111] Die genootskappe is versoek om by die Vereniging aan te sluit en verteen-

---

107. De Volksstem, 23 Februarie 1894: verslag van die Pretoriase landbougenootskap oor die jaar 1893.
108. Ibid.
109. R.8873/94: verklaring van die mynkommissaris van Johannesburg aan die Regering, 12 Oktober 1894.
110. R.1816/95: Verslag oor die jaar 1895.
111. Z.A.R.No.135, Notule van die eerste kongres,1897.

woordigers na die eerste vergadering of kongres te stuur. Die kongres sou op 15 November 1897 in Pretoria gehou word. By die stigtingsvergadering is 'n voorlopige bestuur of uitvoerende komitee benoem. Die heer J.J.Enschedé is tot voorsitter benoem en die heer J.Z. de Villiers tot ondervoorsitter. Ander lede was die here James, Bramley, Fleischack, Redpath, Wentworth, Trichardt en Von Levetzow. Tot sekretaris-penningmeester is die heer F.T. Nicholson benoem.

Dit was inderdaad vir die geesdriftige organiseerders en in die besonder vir die heer James, die „vader" van die Landbou-Unie, 'n groot gebeurtenis toe die eerste kongres kort na die stigting kon plaasvind op 15 November 1897 in die hoofstad.[112] Die vergadering wat in die Caledoniese saal gehou is, is bygewoon deur 'n hele aantal afgevaardigdes. Die voorsitter, die heer Enschedé, saam met dr. J.W.B.Gunning en die heer R.T.N.James, het die landbougenootskap van Pretoria verteenwoordig. Die ander afgevaardigdes was: Johannesburg: H.J.A.Wentworth; Potchefstroom: C.M. Douthwaite en Max Fleischack; Klerksdorp: A. Chittenden; Lydenburg: J.P.Coetzer en J.Z. de Villiers; Ermelo: W.Springorum; Wakkerstroom: A. von Levetzow en P.L. Uys. Die landbougenootskappe van Potchefstroom, Klerksdorp, Vryheid en Pretoria het toe reeds formeel lid geword van die Landbou-Unie. Die ander landbougenootskappe wat afgevaardigdes gestuur het, sou later toetree. Etlike landbougenootskappe het voorlopig nie aangesluit nie ten einde te sien of so 'n vereniging sou gestig word of te wag totdat die reglement en ander aangeleenthede van die Unie finaal gereël was.

Hierdie kongres het sy finale goedkeuring gegee aan die huishoudelike reglement en die „Regulatien der Vereeniging van Transvaalsche Landbouwgenootschappen". Uit laasgenoemde stuk blyk ook die doelstelling van die vereniging. Artikel 2 lui:

112. Loc.cit.

„ Het voornaamste doel der Vereeniging zal zyn, het tot stand brengen van onderlinge medewerking tusschen de verschillende Landbouw-Genootschappen in de Z.A.R., met het oog op de bevordering van den landbouw in het algemeen, in den meest uitgebreiden zin des woords, door geheel Zuid-Afrika".(113)

In verband met die funksie en pligte van die bestuur bepaal artikel 13 dat dit die plig van hierdie komitee was om oor alle sake te waak wat die belange van die landbou raak deur by elke voorkomende geleentheid sy invloed op alle openbare liggame te laat geld.

Uit hierdie bepalings is dit duidelik dat hierdie vereniging nie soseer belang gestel het in tentoonstellings nie, maar die samesnoering van kragte beoog het om die saak van die boerderybedryf te bevorder deur studie, ondersoek en voorspraak by die regering. Hy het sy taak en doel vanuit die regte gesigspunt benader en 'n mylpaal geword in die ontwikkeling van die boerderybedryf in Transvaal. Opvallend is dat meeste van die name van afgevaardigdes nie Boerevanne is nie, maar mense wat van elders gekom het en hier in die boerderybedryf leiding gegee het uit hoofde van hulle kennis en meerdere ontwikkeling.(114) Hulle het inderdaad leiding gegee en voorbereidingswerk verrig vir georganiseerde optrede van die boerende bevolking.

Elke landbougenootskap in die Suid-Afrikaanse Republiek kon lid word van die Unie by vooruitbetaling van 'n jaarlikse ledegeld van £10.10.0. Op die jaarvergadering of kongres sou elke landbougenootskap deur nie meer as twee afgevaardigdes verteenwoordig word nie. Die regulasie het ook voorsiening gemaak vir die reg om verteenwoordigers van die „Agricultural Union of South Africa" en die Landboukongres van die Oranje-Vrystaat uit te nooi na die jaarlikse kongres. Sodanige verteenwoordigers sou slegs 'n raadgewende

113. Ibid.
114. Hier word gedink aan persone soos dr. Gunning, die here James, Nicholson, Wentworth, Douthwaite, Von Levetzow, Springorum en Chittenden. Hierdie persone mag wel boere gewees het, maar verteenwoordig tog nie die tradisionele boeregemeenskap nie.

stem hê. Artikel 18 het verder bepaal dat alle bekende landbougenootskappe in Suid-Afrika vooraf bekend gestel sou word met die werksaamhede van die kongres en dat sodanige verteenwoordigers in raadgewende hoedanigheid die kongres kon bywoon. Dit is dus duidelik dat die Unie werklik samewerking tussen genootskappe binne en buite die Republiek wou bewerkstellig.

Wat sy eie organisasie betref, het die regulasies voorsiening gemaak vir 'n uitvoerende bestuur wat bestaan het uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, en een lid uit elke geaffilieerde landbougenootskap. Die bestuur sou sy eie sekretaris en penningmeester benoem. Die bestuur moes ten minste een keer per kwartaal vergader.(115) Op die eerste kongres van die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe is ooreenkomstig hierdie regulasies die volgende lede van die bestuur benoem: voorsitter: J.Z.de Villiers; ondervoorsitter : R.T.N.James;gewone lede: D.J.Schoeman, A.Chittenden, A. von Levetzow, W.Springorum, M. Fleischack, J.J.Enschedé , H.J.A.Wentworth. Die heer J.Z. de Villiers, later eerste burgemeester van Johannesburg, was destyds verteenwoordiger van die Lydenburgse landbougenootskap. Hy het die amp as voorsitter van die Landbou-Unie beklee tot aan die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog en was 'n bekwame en besielende persoonlikheid aan die spits van die Landbou-Unie.

Daar is enigsins breedvoerig oor hierdie eerste kongres gehandel, omdat dit so 'n belangrike gebeurtenis was in die verenigingslewe van die boeregemeenskap.Tien jaar na die stigting van die eerste landbougenootskap in Middelburg het hierdie nuwe stap 'n noodsaaklike saambindende en koördinerende taak op die terrein van boereverenigings vervul. Hierdie eerste kongres het hom nog hoofsaaklik met die interne organisasie besig gehou. Die uitvoerende

115. Interessant is dat in artikel 23 van die regulasies bepaal is dat die amptelike notule in die Hollandse taal gehou moes word en dat bespreking en korrespondensie van die ampsdraers sover moontlik in Hollands moes geskied.

bestuur sou egter na afloop van die kongres verskeie take aanpak en sodoende die weg baan vir diens aan die boerende gemeenskap.

## WERKSAAMHEDE VAN DIE VERENIGING VAN TRANSVAALSE LANDBOUGENOOTSKAPPE.

In sy rede voor die tweede kongres van die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe het dr. Gunning o.a. gesê:

> " Wy vergaderen hier en daar, maar in zulk vergaderen is gevaar indien het niet gevolgd wordt door handelen. Men stelt zich zoo ligt tevreden met te verklaren dat men yvert en vergadert en spreekt, en reizen doet voor de goede zaak, en daarmee is het veelal uit. Indien wy blyvende resultaten wenschen, laten wy dan georganiseerd optreden...".(116)

Die groot verdienste van die Vereniging was dan ook sy georganiseerde optrede. Indien die vernietigende oorlog van 1899-1902 nie twee jaar na die stigting van die Landbou-Unie uitgebreek het nie, sou daar ongetwyfeld 'n sterk en kragtig georganiseerde aksie in belang van die boerderybedryf uitgegaan het. In die twee jaar van sy bestaan het hierdie vereniging 'n merkbare wending in die algemene beskouing omtrent die boerdery in die Republiek teweeggebring en aan die bedryf sy regmatige plek in die volkshuishouding aangedui. Die verdienste van die Landbou-Unie was daarin geleë dat dit die noodsaaklikheid van wetenskaplike boerdery en verenigde optrede beklemtoon het. Dit was 'n opvoedkundige funksie wat vervul moes word.

As eerste taak het die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe hom gestel die verkryging van 'n landboudepartement.(117) Hierin sou die Unie ongetwyfeld sukses behaal het indien die oorlog nie uitgebreek het nie.Die verenigde optrede van die

---

116. Z.A.R. No.135: Notule van die Tweede Kongres gehou te Potchefstroom, 1898.
117. Supra , pp.254-256.

die boere in hulle landbougenootskappe deur die Landbou-Unie sou uiteindelik meer vermag het as memories. 'n Belangrike funksie van 'n landboudepartement sou die verspreiding van inligting in verband met landbouaangeleenthede wees. Hierdie taak het die Landbou-Unie as boereorganisasie homself opgelê. Tydens die eerste kongres is die wenslikheid van die daarstel van 'n biblioteek van landboupublikasies bespreek en is aan die sekretaris opgedra om in te teken op die landboutydskrifte wat in die Kaapkolonie uitgegee is en dié wat deur die Kaaplandse landboudepartement gepubliseer word. Die uitgee van 'n eie landboutydskrif is ook bespreek. Volgens dr. Gunning moes die blad die amptelike orgaan van die departement van landbou wees „ waardoor het Landbouwdepartement, als hoogste autoriteit op landbouwgebied, direct tot elk individueel boer spreekt. Het is zyn vraagbaak, zyn raadgever".[118] By elke moontlike geleentheid het die vereniging geldelike en ander hulp by die Regering gesoek vir die uitgee van 'n landboublad. Etlike bevriende lande het gereeld hulle landbouverslae aan die Landbou-Unie gestuur.[119]

Op die laaste twee kongresse van die Landbou-Unie is gereeld referate oor een of meer sake in verband met die boerderypraktyk gehou. Daar was lesings oor die verbouing van koffie en rys, oor groenbemesting en kunsmisstowwe, en nog etlike ander sake, Die vereniging het self ook studie gemaak van vraagstukke in die boerdery en selfs probeer navorsing doen. Dr. Gunning het self 'n week lank in Grahamstad deurgebring aan die bakteriologiese instituut aldaar om nader kennis te maak met die bestryding van perdesiekte. Die sekretaris van die Unie het tydens sy verblyf in Europa hom beywer om algemene inligting in te win oor boerderyaangeleenthede.[120]

---

118. Besonderhede van die pogings om 'n eie landboutydskrif uit te gee word in hoofstuk X beskryf.
119. Hierdie lande was Nederland, België, Frankryk en die V.S.A.
120. Z.A.R.No.135: Notule van die derde kongres gehou in Johannesburg ,1899.

Die Landbou-Unie het verder ook opgetree as mondstuk van die boere by die Regering. Deur die Unie het die boeregemeenskap sekere voorstelle aan die Regering gemaak . Die belange van die verskillende landbougenootskappe is etlike kere aan die Uitvoerende Raad en die Volksraad voorgelê, met die gevolg dat die gevraagde hulp verleen is en 'n beter verstandhouding tussen die boere en die owerheid tot stand gekom het.[121] Die Landbou-Unie het ook raadgewer vir die Regering geword. Dikwels is navrae in verband met gegewens oor die boerderybedryf deur die Regering na die Unie verwys. So het die Landbou-Unie die Regering voorgelig omtrent stoomploeë en die belange van die boere daarin verdedig. Dr. Gunning het die Regering ingelig omtrent byeboerdery. Aan indiwiduele persone is inligting verstrek met betrekking tot die beste mark vir die koop en verkoop van vee, graan, saad en plante. Aan lede is besonderhede voorsien in verband met kunsmisstowwe en groenbemesting. Verder is ondersoek ingestel na die voorkoming van vleksiekte onder varke; die vernietiging van sprinkane deur gebruikmaking van swamme; die voorkoming van perdesiekte deur inenting en na die onvatbaarheid van sekere plante vir roes. By die Regering is aangedring om sekere gronde oop te hou vir die kweek van rys en ander halftropiese gewasse deur verarmde burgers en vir die aanlê van besproeiingskemas.[122]

As dit alles in aanmerking geneem word, kan met sekerheid verklaar word dat die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe op die regte spoor was en in sy kort bestaan fundamentele werk verrig het. Deur sy uitvoerende bestuur en deur sy kongresse het die Landbou-Unie probeer om die landbouvraagstukke wetenskaplik te benader. Dit het deur sy samestellende landbougenootskappe daardie beskouing

121. Ibid.: verslag van werksaamhede deur die uitvoerende bestuur.
122. Ibid.: notule van die eerste, tweede en derde landboukongresse.

verder uitgedra na die distrikte en so gaandeweg 'n nuwe benadering van die boerderybedryf laat posvat. Die weg tot nouer samewerking tussen die boerende bevolking was gebaan en die voorbereidingswerk vir koöperasie is gedoen.

Die ontstaan van landbougenootskappe as organisasies vir die boeregemeenskap het verder ook aanleiding gewees tot organisasie binne sekere boerdery-afdelings. Ten einde groepsbelange te beskerm en te bevorder, is organisasies vir besondere afdelings van die boerdery in die lewe geroep. Hier kan verwys word na die stigting van die Vereniging van Vrugtekwekers in die Kaapvallei; die stigting van die Vereniging van Pluimveeboere en die pogings om 'n beheerde wolmark in die lewe te roep.[123] Ook dien vermelding die stigting van 'n vereniging vir die teel van volbloedvee.

Van besondere belang in die ontwikkeling van 'n saamhorigheidsgevoel by die boerende bevolking is die stigting van 'n fonds vir die versekering van graan teen haelskade. Hierdie aksie het uitgegaan van die tak Wyk Mooirivier van die Afrikanerbond. In die notule van die Bondsvergadering van 25 September 1885, gehou op die plaas Mooiriviersoog, eiendom van die heer J.B.Wolmarans, word die stigting van die „ Broederlyke Wyksbondoogst-Verzekerings Maatschappy" aangekondig.[124] Artikel 2 van die bepalings van die maatskappy het gelui:-

> „ Deze Maatschappy vormt zich tot tegemoetkoming van dezulken, die schade lyden in hun korenoogst, hetzy door hagel, roest of ryp, by wyze van inzameling door collectie, gelden , graan, enz.".

Hierdie „collectie" van die nodige middele om skadevergoeding te kan bied, sou bestaan uit 'n jaarlikse bydrae van vyf sjielings, betaalbaar tussen 15 Desember en 15 Januarie by die penningmeester.

123. Hierdie sake word bespreek in hoofstuk IV, pp.125 -127 en 129- 130 en in hoofstuk V , pp. 180-183.
124. De Potchefstroomer, 30 September 1885: verslag van die vergadering.

Die bedrag kon ook in ware gegee word, „ by goede maat en gewicht". Artikel 4 van die bepalings het die wyse van uitbetaling van vergoeding vasgestel. As 'n lid skade gely het volgens artikel 2 van die bepalings , moes hy binne dertien dae daarvan kennis gee aan die penningmeester. Die uitbetaling van sodanige skadevergoeding sou egter in die tydperk tussen 15 Januarie en 15 Februarie van elke jaar geskied.

Gelde en ware wat nie gebruik word vir uitbetaling van eise nie, kon uitgeleen word vir 'n tydperk van tien maande teen ses persent rente per jaar teen behoorlike sekuriteit. Artikel 8 het gelui dat die penningmeester by ontvangs van 'n kennisgewing van skade wat deur 'n lid gely is, binne die verloop van een maand 'n ondersoek na die skade moes instel. Die eerste twee penningmeesters was die here F.G.Wolmarans en P.J.Botha.

Dit het spoedig geblyk dat die saak nie so eenvoudig gereël kon word nie. Die ledegeld het nie ingekom nie en die waardasie van skade deur ryp of hael het ontevredenheid veroorsaak. Op 'n vergadering van genoemde tak, gehou op 13 Januarie 1886, is die here J.D.Vorster en L.C.Freislich benoem tot 'n staande kommissie om saam met die penningmeesters die taksasie van skades waar te neem.[125] Daar is ook besluit dat elke lid 'n bepaalde gedeelte van die wyk sou deurgaan om die agterstallige ledegeld van elke Bondsman in te vorder.Verdere regulasies is opgestel. Teen die einde van 1886 was die toestand nog niks beter nie. Op 'n vergadering van 9 November 1886 moes weer gehandel word oor agterstallige ledegelde. Besluit is om alle belangstellendes uit te nooi na 'n byeenkoms wat op 15 Januarie 1887 aan die huis van die heer H.Terblanche gehou sou word en waar beraadslaag sou word oor die belangrikste aspekte van die onderneming. Op hierdie vergadering van 15 Januarie 1887 was die agterstallige ledegeld die belangrikste

---

125. Ibid.: 20 Januarie 1886: verslag van die vergadering.

onderwerp van bespreking.Die heer F.G.Wolmarans moes byvoorbeeld aangeskryf word om die goedere wat hy in sy besit gehad het en wat aan die maatskappy behoort het, in te lewer teen 2 Februarie 1887. Die penningmeesters is versoek om al die goedere in hul besit te verkoop en die geld in die kas te stort.(126)

Dit was duidelik dat die „ Broederlyke ...Maatschappy" nie lank hierna staande sou bly nie. In 1889 het De Potchefstroomer berig dat niks meer van die vereniging verneem word nie, „ en het zou ons spyten indien de saak in het water gevallen was".(127) Gewis het die saak in die water geval - hoe broederlik dit ookal bedoel was.

SAMEVATTING.

Die skepping van instellings en organisasies vir die bespreking en behartiging van gemeenskaplike belange veronderstel 'n gevorderde saamhorigheidsgevoel. Hoewel die Transvaalse pionier uit die aard van die saak sterk indiwidualisties was, het daar ten opsigte van sekere aangeleenthede 'n saamhorigheidsgevoel bestaan. Voorbeelde hiervan kan uit die geskiedenis aangetoon word. Uit die behoefte van die tyd en omstandighede het die stelsel van vrywillige kommandodiens ontstaan. Wedersydse hulp en samewerking het nie ontbreek nie. Die Boer was in staat en bereid om eie belang te beskerm deur kollektiewe optrede. Dit wil egter nie sê dat dit 'n bewys van 'n allesomvattende saamhorigheidsbesef was nie. Ten opsigte van sy private aangeleenthede en werk het die Boer sy tradisionele indiwidualisme gehandhaaf.

Die Boer wat sy minderwaardigheid as gevolg van onkunde en ongeletterdheid erken het in sake van

---

126.Ibid.,27 Oktober 1886 en 29 Januarie 1887: verslae van die vergaderings.
127. Ibid., 19 Oktober 1889.

landsbestuur en kultuurbou en wat in 'n mate gewillig was om hom hierin te laat leer en lei, was ten opsigte van die boerdery waarmee hy groot geword het, nie geneë om van eie oortuiging, beskouing en gewoonte af te sien en in georganiseerde verband sake van sy beroep te behartig nie. Die besef van die noodsaaklikheid van verenigde optrede het ontbreek. Sodanige samewerking was ook nie nodig nie; daarmee sou weinig bereik kon word, omdat die behoeftes so gering was. Die behartiging van die boerdery as middel van bestaan was die verantwoordelikheid van elke indiwiduele boer wat daarin volkome selfstandig opgetree het.

Die gedagte dat terugslae en moeilike vraagstukke in die boerdery deur kollektiewe optrede bestry kon word, het nog nie posgevat by die boer wat enkel vir eie onderhoud geboer het nie. Die groot afstand tussen boereplase, met gebrek aan noue omgang met mekaar, het samewerking in belang van die eie bedryf baie bemoeilik. Daarby was daar in die vestigingsjare en gedurende die tydperk van plaashuishouding min vraagstukke wat van so 'n aard was dat gesamentlike aksie noodsaaklik geword het. Plase was groot, grond was vrugbaar, baie arbeiders was nie nodig nie, bemarking was eenvoudig en behoeftes gering. Anders was dit toe daar ten gevolge van die koms van die mynbedryf 'n verandering in die boerderymetodes noodsaaklik geword het. Vraagstukke soos grondverarming, toenemende akkerbouplae en veesiektes, hoë grondpryse ten gevolge van spekulasie, hoë produksiekoste , skaarste aan arbeiders, gepaard met natuurlike en ekonomiese faktore wat stremmend werk op die boerdery, het 'n nuwe benadering van die nasionale bedryf vereis. Om al hierdie moeilikhede te bowe te kom, was organisasie nodig.

Aanvanklik neem die organisasie die vorm aan van die hou van landboutentoonstellings. Dit word 'n middel om die boere spontaan te laat deelneem aan 'n vereniging en om hulle met mekaar te laat kennis maak. Dit prikkel tot ondersoek na bestaande vraagstukke en sodoende word gaandeweg 'n nuwe beskouing

omtrent die boerderybedryf gebore. Onder die leiding van die regte persone word die saamhorigheidsbesef verder ingespan en 'n koördinerende organisasie, die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe, word in die lewe geroep . As sodanig stel hierdie vereniging nie belang in die een of ander tentoonstelling nie, maar neem hy sy taak op as voorspraak en mondstuk van die boer. Daarmee kry die boerderybedryf 'n aksiefront wat die belange van sy lede duidelik formuleer en as raadgewer optree by die owerheid en die gemeenskap. Die boer leer om vertroue in sy eie organisasie te stel en laat hom sodoende leer en lei. Dit sou egter 'n langsame proses wees.

-----------------

# H O O F S T U K   X

## ONDERWYS, VOORLIGTING EN NAVORSING

Vir die pionier in Transvaal was die vernaamste vraagstuk van die boerdery geleë in die onbekendheid met die natuurlike gesteldheid van die land. Die aanpassing by die nuwe omstandighede was 'n proses van probeer en leer. In die vestigingsjare kon daar niks gedoen word aan enige opleiding, onderwys en voorligting nie. Deur die ondervinding geleer, wou die boer geen ander gesaghebbende op sy bedryfsgebied erken nie. In tyd van veesiektes en akkerbouplae het hy sy toevlug na Boererate geneem. Die verkryging van wetenskaplike kennis was onder omstandighede moeilik, feitlik onmoontlik te bekom, maar in hierdie vroeë tydperk nie essensieel nie, omdat ekstensiewe boerdery minder vraagstukke oplewer as die intensiewe vorm daarvan. In die selfversorgende plaashuishouding het veesiektes en boerderyplae nooit ernstig die bestaan bedreig nie en daarom is daar ook nie veel aandag aan die bestryding bestee nie.

Die mate van voorligting wat wel gegee is, is deur die pers verrig. Die Staats-Courant van die vroegste jare het dikwels deur middel van advertensies wat deur handelaars geplaas is, middele teen veesiektes onder die aandag van die boere gebring. Die doel was slegs om die geadverteerde middele van die hand te sit en nie om doelbewus voorligting te gee nie. Van owerheidsweë is ook getrag om deur middel van die Staats-Courant voorligting aan die boere te gee. Landdros J.C.Steyn van Potchefstroom het in 1862 toe daar begin is met wolskaapboerdery, 'n kennisgewing gepubliseer waarin inligting oor wol verstrek is.[1]

---

1. Staats-Courant, 7 Augustus 1862 . Daar is aangekondig dat verskillende monsters wol by die landdroskantoor te sien was. Die monsters het bestaan uit „Hog Lustre Wool,Wether Lustre Wool, Half-bred Hog, Half-bred Wether, Down-wether, Down Teg, Port Philip Wool en New Zealand Wool". Belangstellendes is uitgenooi om die monsters te kom besigtig.

het sy eerste verskyning gemaak in 'n byvoegsel in die uitgawe van 5 September 1873. In die eerste rubriek word gehandel oor onderwerpe soos „siekte onder lemoene", „koolteer as geneesmiddel teen rooiwater en longsiekte" en „geilsiekte by skape". Dit was egter nie net besondere artikels oor bepaalde landboukundige sake wat in die blad gepubliseer is nie, maar ook korrespondensie wat inligting en kennis vir die boere versprei het. Die blad het met sy hoofartikels oor boerderyaangeleenthede beslis 'n groot bydrae gelewer tot die bewusmaking van die volk en owerheid van die belangrikheid van die boerderybedryf in die nasionale huishouding. 'n Opsomming van die verskillende artikels kan nie hier gegee word nie, maar daar word feitlik in elke hoofstuk van hierdie werk verwys na verslae, korrespondensie en artikels wat in De Volksstem verskyn het. Deurgaans het die blad in sy hoofartikels progressiewe boerderymetodes voorgestaan en as kampvegter vir die instelling van 'n landboudepartement opgetree.[5]

Deur onafgebroke propagering van meer moderne wetenskaplike boerderymetodes het die pers die volk geleidelik beïnvloed en boere laat besef dat 'n heeltemal nuwe benadering van hulle bedryf noodsaaklik was. Die rol wat die openbare pers gespeel het in die onderrig en voorligting in landbousake, kan nie maklik oorskat word nie. Dit het in 'n groot mate voorsien in die behoefte wat deur die landboudepartement voorsien moes word, of wat die taak van landbouonderwys moes wees.

LANDBOUONDERWYS.

As die algemene toestand van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek in gedagte gehou word, is dit duidelik dat van spesifiek landboukundige onderwys geen sprake kon gewees het nie. Die onderwyswet van president Burgers wat in 1874 opgestel is, maak

5. Sien Badenhorst, P.G.: Die Geskiedenis van De Volksstem, 1873-1900, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1944.

kortliks melding van „landboukunde" as vak op skool. By die vasstelling van die skoolvakke vir die laerskool en die hoërskool word melding gemaak van „het onderwys in die der landbouwkunde" en „ scheikunde, ook van den Landbouw".(6) In afdeling VI van die wet word gehandel oor die vereiste vakke vir die opleiding van onderwysers. Ten opsigte van die landbou word verwag:

> „ art.113. Kennis van den aard en zamenstelling der gronden".
> „ art.114. Van de grondverbetering in het algemeen, alsmede van de meststoffen en hare verzameling, bewaring en gebruik".
> „ art.115. Van de planten- en dierenwereld en van de natuurverschynselen, voor zoover zy van invloed zyn op den landbouw".

Watter daadwerklike onderrig in die landbou gegee is, kan nie gesê word nie, maar dat dit as onderdeel van natuurstudie min aandag geniet het, kan seker nie ontken word nie. Die behoefte aan landbouonderwys is nog nie sterk gevoel nie en geen boer sou in die skool wou leer hoe om sy boerdery te behartig nie. Aangeneem kan word dat weinig aan landbouonderwys gedoen is gedurende die kort tydjie waarin hierdie wet geldig was.

In die bepalings omtrent hoër onderwys in Wet No.1 van 1882 word ook voorsiening gemaak vir 'n opleidingskool vir onderwysers. Die skool sou o.a. aspirant-onderwysers oplei „ter bevordering van den Landbouw, met een modelboerdery in verband daarmede".(7) In die begroting vir 1883 is onder die afdeling „Opvoeding en Onderwys" voorsiening gemaak vir 'n item „Modelboerdery" teen £300 per jaar vanaf 1 April 1883. Hierdie item is egter geskrap. Dit mag 'n mooi ideaal gewees het, maar die behoefte aan so 'n skool is in 1883 nog nie gevoel nie. Buitendien sou so 'n „Modelboerdery" nie met £300 per jaar tot stand gebring kon word nie. Solank daar geen landboudepartement en 'n modelboerdery van staatsweë in die lewe geroep was nie, kon van landbouonderwys nie veel verwag word nie.

---

6. Wet No. 4 van 1874: Locale Wetten der Z.A. Republiek,1849-1885, pp. 566-579.
7. Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885, p.1074, afd.II, art.4(B) (f) van die wet.

In die Onderwyswet van 1892 is as taak vir die inrigting vir hoër onderwys o.a. gestel „de opleiding van wetenschappelyke landbouwers".[8] Soos die doel hier gestel word, kan reeds 'n nuwe gesindheid opgemerk word. Die belangrikheid van die boerderybedryf, deur die goudindustrie geskep, het opleiding daarin dringend noodsaaklik gemaak. Die „Gymnasium" moes dan ook 'n landboukundige departement hê . Sonder die nodige proefplaas sou so 'n departement nie veel kon uitrig nie.

Van die kant van die boeregemeenskap is in die negentiger jare ook aangedring op afsonderlike landbouskole en -onderwys. In 1890 het 'n sekere Johannes Leyds en ander by die Regering aangedring vir die stigting van 'n landbouskool.[9] Die beweging vir landbouonderwys het gepaard gegaan met die agitasie vir die stigting van 'n landboudepartement. Die algemene gedagte was 'n inrigting vir navorsing en proefneming onder beheer en leiding van 'n landboudepartement. 'n Modelboerdery is as onontbeerlik beskou vir deeglike voorligting en onderwys.

MODELBOERDERY.

In sy pleidooi vir die instelling van 'n landboudepartement het dr. Pronk as een van die funksies van so 'n departement genoem die oprigting van 'n modelboerdery.Dr. Leyds, destyds staatsprokureur, het in sy aanbeveling van so 'n landboudepartement ook melding gemaak van 'n „modelboerdery (waarvoor tevens zou kunnen voldaan worden aan de onderwyswet)", 'n proefplaas en nog meer. Ook G.R. von Wielligh het in sy pleidooi vir 'n landboudepartement die wenslikheid

8. Wet No. 8 van 1892, Afdeling III, art.47(d).
9. De Volksstem, 28 April 1890. Die redakteur het na aanleiding van die memorie geskryf dat hy liewer ander weë sou aanbeveel vir die voorligting van die boerende bevolking. Wandelende landbouleraars sou baie kon doen vir die verspreiding van kennis omtrent die landbouwetenskap. Verder sou die uitloof van pryse dien as 'n aanmoediging vir die boer om sy bedryf te verbeter. 'n Landboubank was nodig.

vir beter landbouonderwys beklemtoon. Hy skryf:-

> " Het zou tevens ook wenschelyk zyn in verband daarmede eenige Landbouw Klassen op te richten om onderricht te geven in het verbouwen van onbekende plantsoorten, van wyngaarden en boomplanteryen, enz."(10)

Die voorstanders vir die stigting van 'n landboudepartement het in die Volksraad voortdurend gewys op die behoefte aan opleiding, voorligting en navorsing. Na die publikasie van 'n tweede konsepwet vir die oprigting van 'n landboudepartement in 1894 het memories by die Volksraad ingekom wat gevra het dat ook 'n modelboerdery onder beheer van die departement aangelê word.[11] Etlike lede het die versoek gesteun. Die heer Maré het gesê dat die onderwyswet 'n modelboerdery vereis. Die heer Tosen het verklaar dat die boere geen wetenskaplike landboukennis besit het nie. Hy het verwys na die progressiewe boerderypraktyke van uitlanders in sy distrik. Daar was ook lede wat gekant was teen so 'n modelboerdery. Die gedagte aan so 'n inrigting is egter nie finaal laat vaar nie. In die herfs van 1895 was daar weer memories voor die Volksraad waarin o.a. gevra word dat die owerheid 'n geskikte plaas moes aankoop ten einde daarop 'n modelboerdery aan te hou. Die Raad het egter die oprigting van 'n modelboerdery afgekeur.[12]

Teen 1896 is die noodsaaklikheid van vakkundige opleiding al meer en meer besef. In Januarie van daardie jaar het die Superintendent van Onderwys 'n konsepwet aan die Uitvoerende Raad voorgelê waarin hy die stigting van 'n modelboerdery met 'n ambagskool daaraan verbonde in vooruitsig stel.[13] In hierdie konsep word bepaal dat so 'n inrigting in die omgewing van Pretoria opgerig moes word op 'n terrein wat geskik was vir die verbouing van verskeie soorte graan, die aanplant van bome en die aanteel van vee. Die plaas

10. R.133/88, brief gedateer 1 November 1889.
11. Notule van die Eerste Volksraad, art. 721, dd. 6 Julie 1894, EVR.52.
12. Ibid., arts. 429 en 430, dd. 20 Julie 1895, EVR.56.
13. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 52, dd. 27 Januarie 1896. Ook <u>Staats-Courant</u>, 3 Febr.1896.

moes deels die geaardheid van die hoëveld en deels dié van die laeveld hê. Die nodige geboue moes hier opgerig word. Die inrigting sou onder beheer van 'n kommissie van drie persone staan; die voorsitter daarvan sou die superintendent van onderwys wees. Alle produkte wat deur die proefplaas gelewer en nie deur die inrigting self benodig word nie, moes ten bate van die staatskas verkoop word. Die losies- en onderriggelde moes nie hoër wees as £3 per maand nie. Daar word verder ook voorsiening gemaak vir kinders van behoeftige ouers. Behalwe die nodige koshuise moes daar ook wees 'n waenhuis en voorraadskuur, 'n perdestal, 'n veekraal (gedeeltelik onder dak) en werkwinkels vir die ambagte. Aan die hoof van die inrigting sou 'n „ directeur-administrateur" benoem word. Hy moes 'n goeie landboukundige wees, „bekwaam om den leerlingen het noodige wetenschappelyk onderwys in landbouwkunde en veeteelt te geven".Daar is ook voorsiening gemaak vir 'n onderwyser wat die leerlinge die nodige laer- en hoëronderwys moes gee. Slegs leerlinge wat in Std.III of 'n hoër standerd was, kon tot hierdie proefplaas of modelboerdery toegelaat word.

Na publikasie van die ontwerp het talle memories by die Volksraad ingekom. Sommige het wysiginge voorgestel maar 8 memories met 746 naamtekeninge het die skepping van 'n modelboerdery afgekeur. Uit die bespreking blyk dat die lede ten gunste van 'n ambagskool was en nie vir 'n modelboerdery nie. Die ontwerp is dan ook afgekeur en daarmee was die saak voorlopig van die baan.'n Belangrike beswaar teen die instelling van 'n modelboerdery was die koste wat daaraan verbonde sou wees.[14]

In sy belangwekkende rede voor die eerste kongres van die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe in Pretoria in 1897 het dr. Gunning die noodsaaklikheid van landbouonderwys sterk beklemtoon. Hy het gewys op die rol wat die boerdery moes speel in die blywende handhawing van die onafhanklikheid van land en volk:

14. Notule van die Eerste Volksraad, art. 533, dd. 8 Junie 1896, EVR.60.

> „ Tot de bereiking van dat doel hebben we nodig de ervaring en voorlichting van anderen; d.w.z. de ervaring elders opgedaan moet toegepast en bruikbaar gemaakt worden aan de eigenaardige conditien van ons land, van onzen bodem, van ons klimaat, en niet het minst aan de eigenaardige toestand en karakter van ons volk. Geen aanbrengen of van buiten af opleggen van nieuwe wetten of zeden, maar het bruikbaar maken van de onuitputtelyke hulpbronnen van dit land, dit klimaat en deze bevolking, door de ervaring van anderen in bevattelyke en zichtbare vorm tot hen te brengen. Daartoe is nodig: een landbouwschool, modelboerdery en proefstations".

Mense het hom dikwels gevra wat hy hulle in die boerdery kon leer; hy kon hulle tog niks meer leer as wat hulle vader hulle geleer het nie. Die mense was gekant teen sogenoemde geleerdheid. Die landbouskool wou nie deskundiges op die gebied van die landbouchemie of -fisiologie kweek nie.„Het eenig doel is het'demonstreeren',het zichtbaar en tastbaar bewys geven van wat gedaan kan worden; zy wil geen geleerden maken...". Die staatsmodelplaas is nodig om deur 'n duidelike voorbeeld te toon dat elke goedgeorganiseerde boerdery winsgewend kan wees. Die staat tree hier op, nie as mededinger nie, maar as vriend, raadgewer en voorligter. Ten slotte pleit dr. Gunning dat indiwidue wat vermoënd was, fondse beskikbaar moes stel vir beurse, vir jaarlikse pryse of vir die instandhouding van 'n leerstoel.

> „ Zouden hier in dit goudland geen patriotten te vinden zyn die met Transvaalsche geld zouden willen stichten een Kruger, Joubert, Burger of Leydsscholierschap, een jaarlyksche Beckett- of Robinson-madaille of een Lewis en Marks-leerstoel?".

Hy het verder verwys na die snelle vordering van die algemene onderwys in die Republiek. Daar was reeds 'n mynskool, 'n Latynse skool, 'n modelskool en weldra sou daar ook 'n inrigting vir hoëronderwys kom. Maar daar is nog nie 'n landbouskool of 'n ambagskool nie. Hierdie landbouskool, moedelboerdery en proefstasie wat natuurlikerwys daaraan verbonde sou wees, moes onder beheer van die hoof van die departement van landbou staan.(15)

---

15. Z.A.R. No.135: Notule van die eerste kongres van die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe.

Hoe oortuigend dr. Gunning ookal die saak van onderwys en voorligting bepleit het, het daar selfs na sy rede by die opening van die tweede landboukongres niks van sy voorspraak gekom nie. Die kongres het besluit om van die Regering 'n stuk grond aan te vra vir proefneming op landbougebied. Hiervan het ook niks tereggekom nie. Die landbougenootskap van De Kaap het in 1896 probeer om 'n proefstasie vir die kweek van tropiese gewasse aan te lê, maar blykbaar kon die saak ook nie vorder nie.[16] In 1898 het 'n sekere B.G. Richter van Middelburg die Regering versoek om aan hom 'n stuk grond toe te ken waarop hy 'n skool vir behoeftige seuns wou oprig. In hierdie skool sou hulle onderrig in landbou ontvang. So 'n industriële instituut wou hy op eie koste oprig. „Gemeld Industrieel Instituut zal zoodanig worden ingericht, dat arme jongelieden aldaar kunnen worden opgeleid in Landbouwkunde, wagenmakery, timmermans- en smitsambagten".[17] Die Regering het geantwoord dat hy nie by magte was om grond af te staan nie. Daarmee was die ambisieuse plan van Richter ook verongeluk.

Kort voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het 'n aantal persone die Regering versoek om 'n modelboerdery aan te lê op die plaas Waterval, nie ver van Pretoria nie. Die memorialiste verklaar dat hulle saam met duisende ander deur die runderpes van 'n staat van „welvaart en gemak" tot een van groot armoede en diep ellende verval het. Daar was geen hoop vir herstel indien die staat nie hulp aanbied nie. Ten einde verbetering in die landbou en veeteelt aan te bring, stel hulle voor dat die Regering daartoe oorgaan om

> „zonder het minst mogelyk verzuim eene Gouvernements Fokvee- en Landbouw plaats of boerdery op te richten in zulke localiteit of localiteiten binnen den staat als het meest geschikt mogen schynen en op zulke wyze als het best berekend mag zyn om het fokken van vee van eene goede

16. Ibid., Notule van die tweede kongres; en Barberton Herald, 26 April 1896.
17. R.5999/98: Richter aan staatsekretaris, 16 Mei 1898.

> kwaliteit te verzekeren in voldoende getalen om uwe Memorialisten in twee of drie jaren van af den aanvang van het schema en elk jaar daarna van jonge dieren te voorzien tegen matige pryzen binnen het bereik van ons koopvermogen".

Daar word verder verklaar dat op sodanige plase ook groot stukke grond onder gewasse geplaas kon word. Depots moes ingerig word waar burgers teen billike terme saad, landbougereedskap en ander boerderybenodigdhede kon koop. Verneem is dat die Regering van die Oranje-Vrystaat so 'n skema gaan aanpak en dit het hulle beweeg om die Uitvoerende Raad te versoek om hierdie plan aan die Volksraad voor te lê. Eindelik verklaar die memorialiste dat hulle met „innig genoegen" verneem het dat so 'n skema reeds aan die Regering voorgelê is deur die welbekende veetelers, die broers Gibson van die plaas Waterval, Pretoria. Hierdie plaas is geskik vir die skema.(18) Van hierdie versoek het ook niks gekom nie.

In 1898 het 'n sekere Van Maarseveen aan die Regering 'n uitgewerkte skema vir rysverbouing in die Suid-Afrikaanse Republiek voorgelê. Die saak is vir kommentaar na dr. Gunning verwys en hy het nogeens die geleentheid te baat geneem om die owerheid te wys op die noodsaaklikheid van navorsing en die stigting van proefstasies. Hy het verwys na wat lande soos die V.S.A., Engeland, Duitsland, Frankryk, Holland en België gedoen het in verband met navorsing in landbou en veeteelt.(19) Daar was dus teen die einde van die negentiende eeu 'n duidelike besef van die waarde van navorsing op landboukundige gebied. Alles dui daarop dat die saak van 'n proefplaas nie veel langer uitgestel sou word nie. As die oorlog nie uitgebreek het nie, sou die voorstanders vir navorsing op landboukundige gebied ongetwyfeld geseëvier het.

---

18. R.2587/98 In die Vrystaat was nog geen modelboerdery aangelê nie. In die Kaapkolonie was daar in 1896 twee sogenoemde proefplase. Ook hier was die boere nie geneë om van deskundiges te leer nie - (Wallace, R.: <u>Farming Industries of Cape Colony</u>, pp. 497-503).
19. R. 2554/98 en Z.A.R. No.135: Notule van die tweede landboukongres, Potchefstroom, Februarie 1898.

POGINGS OM 'N LANDBOUTYDSKRIF UIT TE GEE.

Die behoefte aan 'n tydskrif vir die verspreiding van kennis en voorligting vir die boerende bevolking is gaandeweg sterker gevoel. Die resultate van die navorsing in verband met perdesiekte, runderpes en ander siektes kon sonder 'n landboublad moeilik bekend gemaak word. Die voorbeeld van die Kaapkolonie met sy landboujoernaal het by menige denkende boer die on-ontbeerlikheid van 'n landboutydskrif vir die Suid-Afrikaanse Republiek tuisgebring.

In sy rede voor die tweede kongres van die Transvaalse Landbou-Unie het dr. Gunning klem gelê op die belangrike rol wat 'n landboutydskrif sou speel in die bevordering van die boerdery.In sy begeerte om 'n tydskrif te kan uitgee, het die uitvoerende bestuur van die Landbou-Unie 'n geldelike bydrae van £500 van die Regering gevra vir die aankoop van boeke en tydskrifte en die gratis druk van die voorgestelde landboutydskrif deur die staatsdrukkery.[20] Dr. Gunning was van oordeel dat die landboublad die amptelike orgaan van die landboudepartement moes wees waardeur die departement direk tot elke boer kon spreek. Daarin moes opgeneem word statistieke van reënval, opgawe van die vooruitsigte van oeste en 'n afdeling vrae en antwoorde. Die blad moes verslae bevat van die onderafdelings van die landboudepartement en selfs ruimte afstaan vir berigte van landbougenootskappe en sodoende die boer op hoogte hou met wat in sy distrik gedoen word op landbougebied. Daar moes 'n oorsig gegee word van gemiddelde markpryse in die belangrikste boerderydistrikte en van die hoofmarkte van aangrensende state.[21]

Die Regering het die aansoek vir 'n toelae van £500 toegestaan, maar dit blyk dat hiervan nie aan die

---

20. R.278/98: sekretaris van die Landbou-Unie aan die staatsekretaris, 8 Januarie 1898.
21. Z.A.R. No. 135: notule van die tweede landboukongres.

Landbou-Unie kennis gegee is nie. Op 27 April 1898 het die bestuur die Regering versoek om £1000 te gee vir die uitgee van 'n halfmaandelikse „Landbouw-Courant". In sy aansoek word gesê dat die goewermentsveearts , die heer Arnold Theiler, kla dat daar nie 'n tydskrif was waardeur hy in direkte aanraking met die boerende gemeenskap kon kom nie. Baie van die waarde van sy veelomvattende werk gaan verlore, omdat die resultate en bevindings van sy proefnemings nie aan elke boer meegedeel kon word nie. Dr. Theiler was maar te gewillig om die resultate van sy navorsing in so 'n tydskrif te publiseer. Die blad sou, volgens die Landbou-Unie, inligting gee omtrent besproeiing, veesiektes, die verbouing van nuwe gewasse, bosbou en vrugteteelt en inligting verstrek van bakteriologiese ondersoekinge en van geneesmiddels. Die bedrag van £1000 sou as volg bestee word: £500 vir redaksie-uitgawe vir salarisse. Die balans sou nodig wees vir die aanskaf van boeke en tydskrifte vir naslaandoeleindes. Verdere hulp kon verstrek word deurdat die goewermentsdrukker die drukwerk kosteloos doen en die posmeester-generaal kon versoek word om die blad kosteloos oor die pos te versend. Advertensies sou help om die koste te bestry. 'n Bedrag van £450-£500 kon jaarliks van advertensies verwag word.[22]

Die saak kon maar nie vlot nie. Herhaaldelik moes die Landbou-Unie navraag doen in verband met die besluit van die Regering.[23] Uiteindelik is besluit om 'n deputasie na die Uitvoerende Raad te stuur ten einde die gevraagde hulp te verkry. Die deputasie wat uit die here J.Z. de Villiers, W.J.Jooste en dr. Gunning bestaan het, het van die Uitvoerende Raad die versekering gekry dat hy by die Volksraad sou aanbeveel 'n subsidie van £1000 per jaar.[24] Intussen is die derde kongres van die Transvaalse Landbou-Unie in Johannesburg gehou in Mei 1899. Die saak is hier weer bespreek.Dr. Gunning het die gedagte uitgespreek dat die

22.R.5694/98.
23. Navraag is gedoen op 5 September 1898, 17 Oktober 1898 en 11 April 1899.
24. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 471, dd. 10 Mei 1899.

blad onder beheer van die Landbou-Unie moes staan, anders sou dit gevaar loop om te wetenskaplik te wees. Dit moes 'n blad wees, gewy aan die „praktiese" boerdery en sodanig geskryf dat dit verstaan kon word deur almal wat belang gehad het by die boerdery.

Toe die aanbeveling van die Uitvoerende Raad voor die Volksraad gedien het, het talle lede hulle sterk ten gunste van so 'n landboutydskrif uitgespreek. Die heer Smuts het o.a. gesê:-

> „ (hy) had dikwyls van onze boerenmenschen waarvan hy er een van was, opmerkingen gehoord, dat ons niet meer geleerd kon worden, en dat een man van elders komende, ons niet kon vertellen wat wy op onze plaatsen moesten doen. Die bewering was juist ons ongeluk. Indien wy slechts eens wilden inzien, dat onze landbouw volkomen ten achteren stond by dien van de gehele wereld, dan zouden wy erkennen dat iets als een landbouwjournaal noodig en nuttig is voor de bevolking van ons land. Hy kan zonder te pochen zeggen niet een van de achterlykste boeren te zyn, doch hy las zoowel het Kaapsche als het Natalsche Landbouwjournaal, omdat er hier geen een bestond, en moest volmondig erkennen, uit die twee journalen groot nut voor zyne boerdery getrokken te hebben".(25)

Die Raad het die bedrag van £1000 goedgekeur. Dit was 5 Julie 1899 - drie maande voordat die noodlottige oorlog uitgebreek het. Die Landbou-Unie sou inderdaad iets tot stand gebring het, indien sy voorneme uitgevoer kon word.

## N A V O R S I N G .

Omdat die republikeinse boer in die eerste plek veeboer was, was veesiektes soos longsiekte, miltsiekte, rooiwater, runderpes, perdesiekte, droes en bloutong die vernaamste vyande van die boer. Veel skade is deur hierdie siektes aangerig en bestryding daarvan was van die uiterste belang vir die Republiek. Omdat die perd so 'n belangrike plek ingeneem het in die ekonomiese en militêre aangeleenthede van die land,

25. Notule van die Eerste Volksraad, arts. 413-414, dd. 5 Julie 1899, EVR.82.

is die verlies wat jaarliks deur perdesiekte alleen aangerig is, ernstig gevoel. As bedink word dat in een enkele seisoen in die distrik Christiana 2143 perde aan perdesiekte beswyk het, kan die omvang van die verliese goed begryp word.[26] Daarom is allerhande middele teen hierdie siekte aangewend. Die eerste daadwerklike navorsing in verband met veesiektes is dan ook in hierdie rigting gedoen.

In 1888 het dr. G.W.S.Lingbeek van Pretoria 'n skrywe aan die Regering gerig waarin hy sê dat die owerheid sy aandag moes wy aan die saak van perdesiekte. Hy verklaar dat jaarliks honderde perde uit ander state en kolonies ingevoer moes word om dié wat aan perdesiekte beswyk het, te vervang. Die siekte is dikwels oorsaak van verarming by die boeregemeenskap. Volgens sy oordeel het perdesiekte en longsiekte iets gemeenskapliks gehad, aangesien diere van hierdie siektes kon genees en sout. Hy was oortuig dat 'n entstof teen perdesiekte gevind kon word. Hiervoor was nodig 'n kommissie of persoon wat die navorsing met staatshulp kon voortsit. Dit het 'n plaas vereis waar proewe uitgevoer kon word. Die kommissie moes bestaan uit ten minste een persoon wat bekend was met inenting en bakteriologiese ondersoek. Daar moes ook praktiese boere op die kommissie dien. Hy was self bereid om die saak te onderneem as iemand anders nie gevind kon word nie.[27] Hierop het die Uitvoerende Raad geantwoord dat die Regering nie ongeneë was om dr. Lingbeek se voorstel verder te oorweeg nie en het graag nadere besonderhede ingewag.[28]

Dieselfde saak is in 1891 aanhangig gemaak deur dr. Gordon Messum, distriksgeneesheer van Pretoria, en deur dr. Jacques Schessinger, „Doctor in de Chemie en natuurkundige wetenschappen". Volgens die twee here moes eers vasgestel word waardeur perdesiekte ontstaan, om dan middele te vind wat die siekte kon afweer.

---

26. Pelzer, A.N.: „Die 'Arm-blanke' in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899", Historiese Studies, Jaargang 2,No.4, Julie 1941, p. 202.
27. R.10710/88 by R.9648/90, Lingbeek aan staatsekretaris, 20 November 1888.
28. Besluite van die Uitvoerende Raad, art.81, dd. 12 Februarie 1889.

Van tyd tot tyd kon verslag gedoen word aan die Regering.[29] 'n Week later het 'n sekere J.B.Knobel ook aan die staatsekretaris oor perdesiekte geskryf. Hierin vra hy dat sy naam by dié van dr. Messum gevoeg word in verband met navorsing in perdesiekte.[30]

Die saak is ook uit Johannesburg aangeroer. Op 16 Januarie 1892 skryf die heer H.B.Hatchwell, sekretaris van die „Transvaal Veterinary Hospital", aan die Regering en vra dat 'n komitee van burgers uit Pretoria en Johannesburg saamgestel word om onder leiding van 'n sekere John Cammack (vroeër van Engeland - later van die Kaapkolonie) veesiektes te bestudeer, veral perdesiekte. Hy meld dat 'n veeartsenykundige hospitaal opgerig word en spreek die hoop uit dat die boereseuns daar sal kom leer.

> „ It is intended that among the principal objects of the Institution will be the investigation of the causes and natures of at least some of the Diseases peculiar to the Farm Stock of the Transvaal, as well as the economical treatment and management (afforded only by a well appointed and modern Veterinary Hospital) of such animals of the neighbourhood as may be submitted to the care of the management". (31)

Terwyl hierdie verskillende voorstelle aan die Regering gedoen is, was daar nog geen staatsveearts benoem nie. Wel was daar enkele private veeartse in Johannesburg en Pretoria gevestig, maar vir die staat was daar nog niemand as sodanig benoem nie. In 1893 het dr. A.Edington, die koloniale bakterioloog, die Suid-Afrikaanse Republiek besoek om in opdrag van die Regering van die Kaapkolonie ondersoek in te stel na die oorsake en aard van perdesiekte.[32] Hy het alle moontlike hulp van die owerheid in die Suid-Afrikaanse Republiek ontvang in sy navorsing.

---

29. R.5401/91 by R.9648/90, brief gedateer 27 April 1891.
30. R. 5724/91 en R. 15558/91 by R.9648/90.
31. R.624/92 by R.9648/90, Hatchwell aan staatsekretaris, 16 Januarie 1892.
32. R.1879/93 en R.2036/93 by R.9648/90.

Die landbougenootskap van Pretoria het in April 1893 die Volksraad per memorie versoek om 'n behoorlik gekwalifiseerde geneeskundige aan te stel om ondersoek in te stel na perdesiekte. 'n Bedrag van £1000 moes daarvoor op die begroting geplaas word. Hieraan het die Volksraad nie gehoor gegee nie.[33] Daar was geen verantwoordelike hoofamptenaar vir die landbou nie en ook geen goewermentsveearts wat Regering en Volksraad kon inlig en beweeg om met eie ondersoek en navorsing 'n aanvang te maak nie. Selfs was daar op daardie tydstip geen laboratorium waar entstof teen pokke vervaardig kon word nie, hoewel die siekte feitlik onafgebroke voorgekom het. Die Regering het sy entstof teen pokke van die Grahamstadse bakteriologiese instituut verkry en moes daarvoor jaarliks 'n bedrag van £300 aan genoemde inrigting betaal.[34]

In April 1893 het 'n baie ernstige pokke-epidemie in Johannesburg uitgebreek. Binne 'n kort tydjie is nie minder as 80 slagoffers geëis nie.[35] Die Pokkekomitee het voor die moeilikheid te staan gekom dat daar geen entstof verkrybaar was nie.[36] Op 'n vergadering van hierdie komitee wat op 21 Julie in Johannesburg gehou is, het die distriksgeneesheer, dr. Schulz, vir Arnold Theiler, destyds privaat veearts in Johannesburg, voorgestel en aan die vergadering meegedeel dat Theiler kennis gehad het van die vervaardiging van entstof. Hy is toe dadelik aangestel om entstof teen pokke te vervaardig. Hy het 'n klein laboratorium in Markstraat geopen en 'n maand later genoegsame hoeveelhede betroubare entstof aan die Pokkekomitee gelewer. Die eerste laboratorium vir die bestryding en studie van siektes het sy verskyning gemaak. Arnold

---

33. R.628/93, dd. 22 April 1893 ; Notule van die Eerste Volksraad, art. 380, 1893, EVR. 48.
34. R.7684/98:Theiler aan staatsekretaris.
35. Du Toit, P.J. en Jackson,Cecil: „The Life and Work of Sir Arnold Theiler", The Journal of the South African Veterinary Medical Association, Band VII,No. 4, Desember 1936, p.135.
36. Die enigste vervaardiger van entstof was die bakteriologiese instituut van Grahamstad wat in 1891 opgerig is.(Wallace,R.:Farming Industries of Cape Colony, p.510.

Theiler het daardeur geskiedenis gemaak en die aandag van die stadsoutoriteite getrek. Hy het adviserende veearts vir die gesondheidskomitee geword.

Omdat daar sedert 1892 herhaaldelik gevalle van droes onder die perde in die Suid-Afrikaanse Republiek voorgekom het, het dit in 1894 duidelik geword dat stappe gedoen moes word om die verspreiding van hierdie siekte te bestry. Die Uitvoerende Raad het 'n konsepwet vir die bestryding van droes opgestel waarin o.a. bepaal word dat 'n goewermentsveearts verdagte gevalle van droes sou ondersoek. In die Tweede Volksraad waar hierdie wetsontwerp bespreek is, het etlike lede die bevoegdheid van 'n veearts om vas te stel wanneer 'n perd droes het, in twyfel getrek. Die Raad het besluit om die konsep na 'n kommissie van drie lede te verwys om met die hulp van 'n deskundige die nodige wysigings aan te bring.(37) Die mynkommissaris van Johannesburg het die heer Theiler by hierdie kommissie aanbeveel as deskundige op die gebied van droes en perdesiekte. Hy het getuigskrifte en sertifikate van Theiler ingesluit waaruit geblyk het dat Arnold Theiler in 1889 gekwalifiseer het as perdearts.(38) Theiler se hulp is toe ingeroep en die gewysigde regulasies is hoofsaaklik sy werk. In sy finale vorm maak hierdie wet melding van 'n goewermentsveearts wat verskeie funksies gehad het. Tog het die Regering geen veearts benoem nie. Daar moes eers 'n baie ernstiger veepes sy verskyning maak. Dit het kort hierna gebeur met die verskyning van runderpes.

Tot 1896 het die Regering, nieteenstaande die baie beessiektes soos longsiekte, rooiwater en miltsiekte, die aandag aan die bestryding van siektes van die perderas bestee. So ontsettend was egter die verwoesting wat deur runderpes aangerig is, dat die Regering haas geen koste te groot geag het vir die bestryding van hierdie gevreesde siekte nie.

---

37. Notule van die Tweede Volksraad, arts. 58-61, dd. 11 Mei 1894.
38. R.5362/94.

Toe die Regering op 6 Maart 1896 van die Britse agent in Pretoria verneem dat 'n siekte wat vermoedelik runderpes was, in die omgewing van Bulawayo onder die beeste uitgebreek het, het hy die hulp en raad van 'n veearts nodig gehad. Dr. Theiler is dadelik ontbied.(39) Op 12 Maart kry hy opdrag om dadelik na Matabeleland te vertrek ten einde persoonlik ondersoek in te stel en op hoogte te kom met die aard en verloop van die siekte. Hy moes so gou moontlik verslag van sy bevindings doen en aanbevelings maak vir die nodige voorsorgsmaatreëls wat getref moes word.(40)

Theiler was dadelik bereid om te gaan. Op 19 Maart was hy reeds op die toneel waar die siekte geheers het en kon hy rapporteer dat die siekte runderpes was. Hy wou 'n voorbehoedmiddel probeer vind, maar moes weens die opstandige houding van die naturelle terugkeer. Op 30 Maart het hy sy eerste verslag aan die Regering gestuur. Daarin beklemtoon hy die hoë graad van aansteeklikheid van die siekte. Op 10 April was hy terug in Pretoria en stuur 'n verdere verslag aan die Regering. Daarin gee hy 'n beskrywing van die verwoesting wat die siekte aangerig het en verklaar:

> " Ziende dat een beest door de ziekte kan gezouten worden ben ik van opinie, wy moeten eene inenting probeer, die de gevaar van besmetting verhinderd en de mortaliteit verminderd. Ik stel de Hoog Edele Regeering daarom voor dit dadelyk te laten probeeren en ben ik bereid de verzoeken voor te nemen.Maar ziende dat deze experimenten gevaarlyk zyn, zoo kunnen ze niet hier in Pretoria uitgevoerd worden, maar op een plaats aan de westelyke en noordelyke grens, die gemakkelyk kan afgezonderd worden en waar ook entstof van zieke beesten kan verkrygd worden. Als de Hoog Edele Regeering dit voorstel zal accepteeren ben ik bereid dadelyk te verreisen".(41)

Dit was egter nie voor Oktober 1896 nie dat Theiler in samewerking met die Natalse veearts, die heer Watkins-Pitchford, met proefnemings vir die

---

39. R.2560/96 in SS 1705 en RA.1094/96, staatsekretaris aan mynkommissaris.
40. R.2649/96.
41. R.3213/96, telegram Theiler aan staatsekretaris, dd. 26 Maart 1896 en R.3350/96 by R.2433/96.

ontdekking van 'n entstof teen runderpes kon begin.[42] Daarmee het 'n nuwe tydperk ten opsigte van die bestryding van veesiektes ingetree. Die geleentheid waarna Arnold Theiler uitgesien het, het eindelik aangebreek. Hy het nou ook meer sekerheid gehad omtrent sy posisie, want op 11 Mei 1896 het die Uitvoerende Raad hom benoem as goewermentsveearts nadat hy sedert die begin van Maart die sake omtrent runderpes in tydelike hoedanigheid behartig het.[43]

Op 1 Oktober 1896 het Theiler na Rustenburg vertrek en met die hulp van die landdros en kommandant van die distrik 'n plaas in die Dwarsberge gekry wat geskik was vir die ondersoek na 'n inentingsmetode teen runderpes.Oor die uitrusting wat Theiler tot sy beskikking gehad het, het hy as volg geskryf:

> „ Onze uitrusting bestond in een muildierwagen en een yzeren huis, hetwelk voor tydelyk laboratorium dienen moest, alsook als voorraadkamer en bergplaats voor instrumenten , medicynen, enz., wyl wy het voornemen hadden, de ziekte wetenschappelyk te onderzoeken".(44)

Theiler en sy medewerker het van die stelling gebruik gemaak dat serum van 'n gesoute dier by inspuiting by ongesoute diere 'n tydelike immuniteit of onvatbaarheid bewerkstellig. Uitgaande van hierdie veronderstelling het Theiler as volg geredeneer en die proewe daarna ingerig:

> „Door middel van serum van een gezouten beest wordt by een ander dier eene passieve immuniteit of onvatbaarheid veroorzaakt. Door eene daaropvolgende injectie of inspuiting van de smetstof (virus) moet nu getracht worden deze passieve immuniteit in eene actieve te veranderen".(45)

Vervolgens is vasgestel dat kwaadaardige bloed, d.i. bloed van 'n bees wat aan runderpes ly, die siekte

---

42. Curson,H.H.:„Theiler and the Rinderpest Episootic of 1896-1903", Journal of the South African Veterinary Medical Association, Band VII, No.4, Desember 1936, p.196, en Staats-Courant, 14 Julie 1897, goewermentskennisgewing No. 322:Rapport in zake onderzoekingen volgens opdracht der HEd.Regeering omtrent Runderpest.
43. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 362, dd. 11 Mei 1896.
44. Staats-Courant, 14 Julie 1897, goewermentskennisgewing No.322.
45. Ibid.

veroorsaak by inspuiting; dat serum van 'n siek bees die smetstof nie bevat nie; dat die simptome van 'n bees wat die siekte deur inspuiting van kwaadaardige bloed gekry het, nie verskil van dié van 'n bees wat die siekte deur 'n natuurlike kontak of besmetting gekry het nie. Nadat hierdie feite vasgestel is, is bevind dat gesoute beeste nie deur inspuiting van kwaadaardige bloed besmet kon word nie. Hierdie gesoute beeste is vervolgens vir serumbereiding gebruik. 'n Passiewe immuniteit van betreklik korte duur is daardeur verkry. Daarna is proewe gedoen om die passiewe immuniteit om te skep tot aktiewe onvatbaarheid deur inspuiting met serum en besmette bloed. Die inspuiting van hierdie mengsel het nie runderpes in die tipiese tydsverloop veroorsaak nie en daardeur is geen aktiewe immuniteit verkry nie.

Op hierdie stadium moes Theiler sy ondersoek in die bosveld staak en na Pretoria terugkeer om die Franse bakterioloë, Danysz en Bordet, behulpsaam te wees. Dit bring ons by die tweede stadium in die navorsing van runderpes. Daar moet egter nog gemeld word dat Theiler met sy proewe vasgestel het dat immuniteit slegs verkry word wanneer na besmetting deur inspuiting die siekte in 'n ligte graad opgedoen word. Onder moeilike omstandighede het Theiler grondliggende werk gedoen, 'n feit wat later deur die Franse geleerdes van die Pasteurinstituut erken is.[46]

Theiler het intussen ook nog ander pligte gehad om na te kom. Hy moes te velde trek teen die talle inentingsmetodes wat deur die boere self aangewend is en waardeur besmetting bevorder is. Een van hierdie metodes wat op 'n uitgebreide skaal toegepas is, was die sogenoemde Waterbergse metode. 'n Sekere Rossouw,P.Oosthuizen en veldkornet Grobler het voorgegee dat hulle goeie resultate verkry het deur inenting met die virus van runderpes.[47] Theiler het

46. De Volksstem, 26 Mei 1897.

47. SS 1699: brief Kaapse Regering aan staatsekretaris, 21 September 1896.

self, voordat hy na Rustenburgdistrik is, na Makapaanspoort gegaan om ondersoek te doen.[48] Hoewel die ondersoek bewys het dat die metode waardeloos was, het die Uitvoerende Raad tog teen die einde van die jaar gedink aan beproewing van die verskillende metodes. Die Raad het besluit

> „ den Landdrost van District Pretoria op te dragen om een Gouvernementsplaats of stuk grond uit te kiezen geschikt voor bovengemelde doel, dien grond te doen omheinen en daarvan een kamp te maken met beestenkraal en schuur, verder om een twintigtal beesten te koopen en op dien grond te houden waarmede proefnemingen als voornoemd kunnen worden gedaan. Den Landdrost van Pretoria wordt hierby autorisatie verleend voor de uitgaven aan een en ander verbonden, als mede tot het in dienst nemen van het personeel voor de uitvoering van deze opdracht benoodigd".(49)

By afwesigheid van die goewermentsveearts moes landdros Schutte blykbaar proewe doen volgens die Waterbergse metodes.[50] Op 20 Januarie 1897 kon hy rapporteer dat hy die plaas Waterval, eiendom van die heer Eberhard, kosteloos verkry het vir die neem van proewe. „Ik heb daartoe de nodige beschutting gemaakt door middel van een getimmerde huis, zynde de palen stevig ingeplant en met bokzeilen overdekt".[51] Op 19 Januarie het hy met proewe op 41 beeste wat hy kosteloos van twee naturelle verkry het, begin. Op 5 April het hy as volg gerapporteer:

> „Als verder rapport aan UED. dient hiermede dat van de 41 beesten slechts 7 zyn overgebleven. Dat de inenting geen bevredigende gevolgen had daar de Waterbergsche inenting eene mislukking was en dus niet kon worden aanbevolen".

48. SS 1684:Theiler aan staatsekretaris, 9 Junie 1896.
49. R.17050/96 in SS 1685 ; en
Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 1033, 1896.
50. Staats-Courant, 23 Desember 1896,goewermentskennisgewing No. 621. Die resep vir hierdie inentingsmetode was:„neemt de zug die binnen in het dier staan, om de blaas en achter het mantelvlies, en zorg dat die zug schoon is zonder bloed of mest, en het bloed van het hart en de gal. Dosis: 4 kopjes zug, 1 do.gal, 1 do. hartbloed". Met behulp van 'n pluisie van skaapwol moet die bees in die keelvel naby die bors geënt word.
51. R.17050/96.

Hy eindig sy verslag :„Pas daarop is ook het werk van de Fransche doctoren te Waterval begonnen...".[52] Hierdie Franse „doctoren" was toe reeds besig met proewe op Waterval. Die geskiedenis van die koms van hierdie manne sal nou eers beskryf word.

Op 17 November 1896 het die Franse konsul in Pretoria, die heer Aubert, aan die staatsekretaris geskryf dat hy van 'n vriend, 'n sekere Hoffert van Johannesburg, 'n brief ontvang het waarin laasgenoemde meedeel dat hy 'n vriend in Frankryk het, 'n bakterioloog en leerling van Pasteur, 'n uitvinder van etlike middele, o.a. teen nagana, en dat, aangesien runderpes in die Suid-Afrikaanse Republiek uitgebreek het, die geleerde graag na die Republiek wou kom om ondersoek te kom doen. Hy vra egter 'n voorskot van £1000 tot £2000. Hierdie bedrag kon aan die Regering vergoed word deur die verkoop van middele wat teen runderpes uitgevind mag word.[53] In 'n onderhoud met die staatsekretaris het die heer Aubert verdere besonderhede verstrek en vertel van twee vriende van Hoffert, leerlinge van Pasteur en een 'n professor, wat na die Republiek wou kom.

Die Regering het besluit om van die dienste van die Franse geleerdes gebruik te maak en 'n voorskot van £2000 gestem op die voorwaardes waarvan die heer Hoffert melding gemaak het. Die Regering het die reg voorbehou om die ondersoek na heersende siektes soos runderpes, perdesiekte en nagana aan die geleerdes op te dra. Aan die konsul het die onderstaatsekretaris verder geskryf:-

> „ Het zal de Regeering aangenaam zyn, indien gy zelve, of langs anderen weg door den Heer Hoffert, zooals gy denk het beste te zyn, aan bedoelde Heeren eene uitnodiging per Kabel wilt doen toekomen, opdat de Regeering zoo spoedig mogelyk te weten komen of zy bereid zyn de taak te aanvaarden".(54)

52. Ibid.:verslag gedateer 5 April 1897.
53. RA.5562/96 by R.6333/97.
54. R.6333/97: onderstaatsekretaris aan Aubert, 24 November 1896.


Op 10 Januarie 1897 het Hoffert aan Aubert geskryf dat dr. Jean Danysz en sy assistent, dr. Bordet, reeds op 26 Desember met die „Hawarden Castle" uit Europa vertrek het. Hy vra dat gereël word vir hulle veilige deurgang na die Republiek, asook vir die deurvoer van materiaal en proefdiere wat hulle saambring. Op ontvangs van hierdie berig het die Regering voorsorgsmaatreëls getref om die deskundiges sonder enige oponthoud na die Republiek te laat deurkom.

Op 19 Januarie 1897 was die Franse geleerdes in die Suid-Afrikaanse Republiek en het Jean Danysz sy dank aan die Regering betuig vir die vriendelike ontvangs wat hulle te beurt geval het. Hy het melding gemaak van entstowwe wat hulle gebring het, nl. serum teen witseerkeel, entstof teen miltsiekte en maleïne teen droes en perdesiekte. Die volgende dag het die Uitvoerende Raad 'n ooreenkoms met dr. Danysz bekragtig en op 22 Januarie het Danysz aan die staatsekretaris kennis gegee dat hy hom na Waterval begeef. Hy vra 'n voorskot van £600.[55] 'n Week later het hy aan die Regering berig dat hulle laboratorium nie voor 15 Februarie gereed sou wees nie, aangesien die kontrakteur nie oor die vervoergeriewe beskik het nie. Hy vra of die Regering nie die vervoer kon bespoedig nie. Hy deel ook met dat hy en dr. Bordet intussen hulle besig hou met die studie van die wyse van voortplanting van runderpes en met navorsing in verband met die resultate van inenting volgens die metodes wat die boere self begin het. Hulle is oortuig dat hierdie soort inenting die siekte help versprei. Danysz vra dat hulle voorsien word van gesoute osse en siek beeste, skape, bokke, perde en muile en van naturelle om die vee op te pas. Hulle is besig met proewe in verband met droes en perdesiekte. Hulle kla dat Waterval ongesond is vir perde en dus nie geskik vir navorsing van perdesiekte nie.[56]

---

55. Besluite van die Uitvoerende Raad, art.41, dd. 20 Januarie 1897; en R.318/97 en R.1173/97.
56. R.17050/96: Danysz aan staatsekretaris, 1 Februarie 1897.

Dr. Theiler het van sy proefbeeste uit die Rustenburgse distrik laat kom na Waterval ten einde die Franse geleerdes behulpsaam te wees met ondersoek. Op 13 Februarie 1897 het die Franse bakterioloë die Regering versoek om die nodige omheinings en kampe aan te bring. Daar moes ook ontsmettingstasies opgerig word. Onderstaande skets toon die proefstasie by Waterval met geboue en ontsmettingstasies.(57)




A en B .... Geboue.
O ......... Ontsmettingstasies.

57. R. 2183/97 in SS 1688.

Vanaf 15 Februarie het die twee geleerdes in alle erns hulle werk aangepak. Op 10 Februarie het hulle reeds in 'n verslag aan die Regering gemeld dat die bloed van gesoute beeste by 'n inspuiting 'n mate van onvatbaarheid gee.[58] Hierna is gereeld verslae aan die Regering gestuur. Teen die einde van Maart het hulle reeds so ver gevorder dat die Regering versoek is om 'n kommissie te benoem om saam met hulle die metodes in die praktyk in toepassing te bring en die resultate daarvan vas te stel. Op 5 April het die Regering geantwoord dat die landdros van Pretoria 'n kommissie sou benoem. Die kommissie het op 28 Mei op Waterval vergader. Daar is aan elke lid die nodige onderrig en instrumente gegee en onder leiding van Jean Danysz is proewe gedoen.Hierdie proewe moes volgens Danysz twee maande duur waarna finaal verslag gedoen sou word.[59] Die navorsing insake perdesiekte is nou voortgesit en omdat daarmee tot Januarie 1898 voortgegaan moes word, was dit noodsaaklik dat die ooreenkoms met die Regering hersien word.

Die oorspronklike ooreenkoms tussen die Regering en Danysz en Bordet het bepaal dat die Regering 'n voorskot van £2000 sou gee wat terugbetaal moes word indien die geneesmiddels wat uitgevind word, in die handel gebring word. Die ooreenkoms was geldig vir vier maande, vanaf 1 Januarie 1897 tot 1 Mei 1897. Die resultaat van die proefneming was die eiendom van die geleerdes. Maar die saak het anders verloop, want in plaas van vier maande het die bakterioloë 'n volle jaar nodig gehad om die inentingsveldtog na die ontdekking van die entstof te organiseer en te lei. Die navorsing in verband met perdesiekte moes ook voortgesit word.Die uitvinding van die entstof het die eiendom van die boere geword. Daarom was Danysz van oordeel dat die Regering die hele onderneming vir sy eie rekening moes neem. Dit

58. R.2278/97. Onthou moet word dat die goewermentsveearts , dr. Theiler, nou saam met die Franse wetenskaplikes op Waterval werksaam was. Hulle het dus in hierdie eerste verslag Theiler se bevindinge bevestig.

59. R.954/97 by R.6333/97.

het beteken dat die opdrag verleng word tot 1 Januarie 1898 en dat die Regering die verdere koste van die navorsing sou dra. Die ooreenkoms is toe sodanig gewysig.Danysz het onderneem

> " om aan de Regeering der Z.A.R. alle byzonderheden omtrent de bereiding van entstoffen en andere ontdekte geneesmiddelen mede te deelen, zoodanig, dat de Regeering kan doorgaan met het prepareeren dezer geneesmiddelen en met de inenting na het vertrek der zending".(60)

Hy het egter die reg behou om na afloop van die ooreenkoms met die regering van ander state en kolonies ooreenkomste aan te gaan.

Op 15 Junie 1897 het Danysz sy finale verslag in verband met die navorsing in runderpes aan die Regering voorgelê.[61] Hy het hierin ook 'n aanduiding gegee van hoe die inentingsveldtog geloods moes word. Die Uitvoerende Raad het na ontvangs van die verslag die here S.W.Burger en J.H.M. Kock afgevaardig om Jean Danysz se voorstelle te ondersoek en met hom te bespreek ten einde die Regering te kan adviseer. Na aanleiding van die verslag van genoemde twee here het die Uitvoerende Raad besluit:-

a. om die verslag van die twee Franse geleerdes onverwyld te publiseer;
b. om sonder versuim die nodige maatreëls te tref om 'n volledige diens in die lewe te roep vir die doeltreffende bestryding van runderpes;
c. om die nodige magtiging aan genoemde geleerdes te verleen om nog ses assistente in diens te neem om opgelei te word, sodat hulle die here Danysz en Bordet kon vervang in die toepassing van die inentingsmetodes wat ontdek mag word;
d. om die nodige stappe te doen om sonder versuim 'n kongres van die verskillende state en kolonies in Suid-Afrika te belê ten einde die gemeenskaplike bestryding van runderpes te bespreek.

Twee dae later het die Regering na aanleiding van Danysz se voorgestelde inentingsveldtog 'n veldkornetskonferensie belê. Aan hierdie konferensie wat op

---

60.R.6333/97: brief van Danysz aan staatsekretaris, 19 Mei 1897 en 4 Junie 1897.
61. <u>Staats-Courant</u>, 4 Augustus 1897, en <u>Besluite van die</u> Uitvoerende Raad, art. 526, dd. 14 Julie 1897.

26 Julie 1897 in Pretoria gehou is, het Jean Danysz sy voorgestelde inentingsdiens verduidelik. Die konsep-organisasie is aanvaar.[62] Op aanbeveling van Danysz het die Regering volledige instruksies vir die tap van bloed en vir die inenting daarvan op beeste laat druk en versprei. Daarmee was die navorsing ten opsigte van die runderpes afgeloop. Vir die gerief van die boere het die Regering 'n inligtingsburo of sentrale runderpeskantoor in Skinnerstraat, Pretoria, geopen. Aan die hoof van hierdie kantoor het die heer Ernst Ruegg gestaan.[63]

Die resultate van Danysz en Bordet se navorsing kan kortliks as volg saamgevat word: Op die voetspoor van Theiler en Watkins-Pitchford het hulle vasgestel dat die bloed van gesoute beeste 'n mate van immuniteit gee. Soos Theiler ook vasgestel het, moes die dier wat ingespuit is, deur natuurlike besmetting die siekte in 'n ligte graad kry en daarvan herstel. Nadat dit verkry is, moes vasgestel word watter hoeveelhede gesoute bloed ingespuit moes word en die tydsverloop tussen die inspuiting met gesoute bloed en die besmetting deur natuurlike aanraking. Nadat die hoeveelheid gesoute bloed vasgestel is en gevind is dat die besmetting daarna onmiddellik moes geskied, is proewe gedoen om vas te stel op watter stadium die bloed van gesoute beeste die beste beskerming teen runderpes bied. Hierdie proewe het getoon dat die bloed van gesoute beeste kort na genesing reeds krag van beskerming besit, maar dat ongeveer twee maande na souting die bloed die beste beskerming bied. Die bruikbaarheid van gesoute bloed het gelê in die tydperk van twee tot ses maande na souting.Dis verder vasgestel dat gesoute diere voor bloedtapping aan besmetting blootgestel moes word ten einde absoluut betroubare bloed te verkry. Uit verdere proewe kon vasgestel word dat nie bloedserum nie, maar gedefibreerde bloed die doeltreffendste entstof was.[64]

---

62. BB.1773/97 by R.11787/97 in SS 1687.
63. De Volksstem, 13 Julie 1897: berig.
64. Staats-Courant, 4 Augustus 1897: verslag insake runderpesnavorsing.

In Danysz se voorlopige verslag van 4 Junie 1897 het hy melding gemaak van die vordering in verband met perdesiekte:

> „ De resultaten tot nu toe verkregen kunnen opgesomd worden in de volgende verklaring: 'Het principe der inenting van paarden tegen paardeziekte, kan beschouwd worden als gevonden te zyn, maar de complicaties voortspruitende uit de natuur zelf van deze ziekte en van andere pestziekten buiten de paardenziekte, waaraan de paarden in Zuid-Afrika lyden, maken de studie van de praktische toepassing der vaccinatie lang en moeilyk" (65)

Hy het die verdere prosedure beskryf en gesê dat die proewe nog sewe maande sou duur tot 1 Januarie 1898. Die Uitvoerende Raad het na aanleiding van hierdie verslag besluit dat die ondersoek na perdesiekte sou voortgaan en dat die Regering gemagtig word om van tyd tot tyd voorskotte aan die Franse geleerdes te maak tot 'n gesamentlike bedrag van £14,991.(66)

In Augustus het Danysz verlof gevra om Waterval te verlaat ten einde die navorsing in verband met perdesiekte elders voort te sit. Daar moes 'n ander proefstasie gevind word. Op Waterval het die perde die siekte spontaan opgedoen en die onderhoudskoste was daar te hoog, aangesien die perde gereeld op stal gehou moes word.(67) Die Regering het probeer om Danysz tegemoet te kom en aan die landdros van Standerton getelegrafeer om te verneem of in daardie distrik nie geskikte plase was nie, soos byvoorbeeld by Platrandstasie. Danysz was egter nie tevrede met 'n plaas in Standerton nie. 'n Aanbod van die here Lewis en Marks vir 'n plaas by Dalmanutha moes hy ook van die hand wys. Twee myl buite Belfast het hy egter 'n stuk grond raakgeloop wat vir sy doel geskik was. Die grond was die eiendom van die „Transvaal Consolidated Coal Mines, Limited", en die maatskappy was bereid om die grond te verhuur teen £5 per maand vir ses maande. Die Regering het die huur

---

65.R.6333/97: Danysz aan staatsekretaris, 4 Junie 1897.
66.Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 561, dd. 28 Julie 1897.
67. R.13243/97 en R.12214/97 by R.6333/97.

gemagtig en opdrag gegee dat die nodige uitrusting en materiaal daarheen vervoer word. Die navorsing sou op die hoëveld voortgesit word.[68]

Die goewermentsveearts het op 12 Oktober 1897 aan die Regering gevra watter posisie hy nou moes inneem in verband met navorsing in perdesiekte. As goewermentsveearts was hy verplig om aan die Regering verantwoording te doen van wat gedoen word. By die navorsing insake runderpes het hy met die Franse geleerdes saamgewerk. By hierdie navorsing kon dit wel geskied, omdat die metode van inenting nie tegnies ingewikkeld was nie. Dit het dan ook die eiendom van die boere geword.Met perdesiekte sal dit volgens die voorlopige resultate anders wees. Tegnies opgeleide manne sal die saak moet beheer. Theiler het ongetwyfeld onder die indruk gekom dat die koms van die Franse bakterioloë in werklikheid geen sending van die Pasteurinstituut was nie maar 'n private onderneming van Danysz.Hy wou weet of die goewermentsveearts net wetenskaplike assistent was of ook 'n verantwoordelike navorser.[69]

Na aanleiding van Arnold Theiler se navraag het die Regering kennis gegee dat die proefstasie of laboratorium te Belfast onder beheer van die landdros van Pretoria staan en dat die goewermentsveearts deur die landdros moes rapporteer, asook inventaris opmaak van goedere in die kamp, soos perde, osse, ens. Aan die goewermentsveearts word opgedra om saam met die Franse geleerdes die proewe by te woon, sodat hy op hoogte kan wees van enige uitvinding wat gemaak is of nog gemaak kon word. Alle korrespondensie moes aan die landdros van Pretoria gerig word.[70] Deur hierdie reëling het daar meer sekerheid vir die goewermentsveearts gekom insake sy posisie in die navorsing.

68.R.13243/97: brief gedateer 25 September 1897, Danysz aan sentrale runderpeskantoor.
69.R.11787/97: Theiler aan staatsekretaris, 12 Oktober 1897.
70. Ibid.:Danysz aan staatsekretaris, 25 Oktober 1897.

Die laboratorium en daarby behorende kampe en stalle was teen die einde van Oktober gereed en kon die navorsing voortgesit word. Die seisoen vir die voorkoms van perdesiekte het aangebreek en gevolglik het Danysz versoek dat 'n stuk of tien geënte perde na die laeveld gestuur moes word. Die perde is toe na Elandshoek gestuur en onder toesig van die veldkornet van Kaapsehoop geplaas.[71] Op 4 November 1897 het Jean Danysz sy eerste verslag vanaf Belfast aan landdros Schutte deurgestuur. Hy verklaar daarin dat die toetse nie altyd dieselfde uitwerking toon nie. Die rede hiervoor was dat daar perde was van verskillende geaardhede, d.w.s. perde wat in mindere of meerdere mate vatbaar was vir perdesiekte. Danysz ag dit wenslik dat perde uit Basoetoland en die Argentynse Republiek ingevoer word vir proewe.[72]

'n Verdere verslag is op 24 Desember opgestel.[73] Hierin verklaar Danysz dat hulle, nadat die hoofgegewens in verband met perdesiekte ingewin is, probeer het om die mikrobe of virus wat voorkom in die bloed van besmette perde , te versag. Hierdie metode was nie suksesvol nie. Hulle het gevolglik besluit om die perde en muile te ent volgens 'n heeltemal nuwe metode. Dan gee hy 'n beskrywing van wat daar plaasvind in die organisme van 'n perd wat siek word. Die perd wat deurkom, toon dat sy bloed op die eerste en tweede dag nadat die temperatuur begin daal, nog virus bevat, maar dat dit geleidelik verminder tot op die sewende en agste dag. Op die tiende dag bevat die bloed nie meer virus nie en kan dit vir 'n ongesoute perd ingespuit word sonder reaksie. Hierdie feit van afnemende giftigheid van die bloed het die navorsers tot die gevolgtrekking laat kom dat die bloed op 'n bepaalde tyd as entstof geneem kon word, d.w.s. 'n produk waarvan die inspuiting 'n ligte maar nie-dodelike siekte sou gee, maar voldoende om die diere bestand te maak teen 'n volgende inspuiting of natuurlike besmetting.

71. Ibid.: Danysz aan staatsekretaris, 25 Oktober 1897.
72. Ibid.: Danysz aan landdros Schutte, 4 November 1897.
73. R.1205/98.

Na aanleiding van hierdie feite het Danysz en sy medewerkers 'n serie proewe geneem met die doel om vas te stel of 'n serum vervaardig kon word en hoe lank die besmette bloed in die serum effektief bly. Uit hierdie proewe het geblyk dat die diere siek word en dat 50 persent sout. Daarna is 'n tweede reeks toetse onderneem om die behandeling prakties aan te wend. Danysz rapporteer hieromtrent dat die enigste sekere gevolgtrekking wat uit die proewe gemaak kan word is „dat de paarden per toeval genomen en als rauw aangemerkt, in werkelykheid meer of minder het hoofd bieden aan de werking van de virus der paardenziekte". Die proewe het getoon dat daar geen praktiese metode was wat goeie resultate lewer nie. Uit die resultate moet besluit word dat die serum hoegenaamd geen werking het nie. Hierdie resultate is verkry met perde wat oral aangekoop is, perde wat moontlik aan die natuurlike omstandighede aangepas was en in mindere of meerdere mate vatbaar. Daarom is perde uit Basoetoland ingevoer om proewe te onderneem wat later bekend gemaak sou word.

Enkele dae later het Danysz na Europa teruggekeer. Op 7 Januarie 1898 het Arnold Theiler opdrag ontvang om die navorsing voort te sit.(74) Theiler het maandeliks verslag gedoen aan landdros Schutte van Pretoria. Sy bevinding was egter nie so belowend as wat voorheen berig was nie.(75) In sy finale verslag het hy o.a. die volgende bevindinge gekonstateer: die bloed, sug, gal en serum van 'n perd wat aan perdesiekte ly, veroorsaak by inspuiting perdesiekte by ongesoute perde. Die siekte kom voor in die vorm van „dikkopziekte" en „ dunperresiekte", soos Theiler die twee grade van die siekte in tradisionele boereterme noem. 'n Gesoute perd kan die

---

74. R.243/98.
75. The Star, 10 Januarie 1898. Die blad het geskryf: „Mr. Theiler, veterinary surgeon, who is completing the experiments begun by the French expert at Belfast in horse-sickness, reports that his work is being crowned with success. Twenty horses experimented upon have been sent to Elands Valley, the most deadly place in the Transvaal, and are standing the test satisfactory".

siekte weer kry in die vorm van aanmaning. Hierdie aanmaning is in die meeste gevalle nie dodelik nie. Daar bestaan geen verhouding tussen die hewigheid van die siekte en immuniteit daarna nie. Bloed van gesoute perde het geen of baie min immuniserende krag. Selfs 'n inspuiting van 2000 kub. sentimeters bloed kon nie die siekte afweer of genees nie. 'n Onopgeloste vraagstuk was nl. waarom perde wat van 'n swaar aanval van perdesiekte herstel het, by 'n daaropvolgende aanval van aanmaning beswyk, terwyl perde wat van 'n ligte graad gesout is, dikwels nie 'n ernstige aanmaning kry nie. Theiler verklaar:

> " Hier staat op het oogenblik de kwaestie van het zouten van paarden tegen paardenziekte. Wy hebben een lichte vorm van paardenziekte, maar deze vorm zout niet voldoende. Wat wy moeten weten is de procente der paarden die zouten na deze ziekte. Dit alleen kan de tyd leeren. Het hoofdpunt blyft echter deze eerste vorm der ziekte te versterken en werk ik juist in deze lyn".

Hy verklaar dat nog nie alle middele beproef is nie.

> " Maar wy weten op het oogenblik,dat immuniteit by paardenziekte zwar verkrygbaar maar niet onmogelyk is. Het studium van een ziekte, zooals paardenziekte vraagt veel tyd, de bovengenoemde feiten maken dit duidelyk, door een haastig arbeiden kan niets verwacht worden, alleenig zorgvuldig experimenteren , nauwkeurig waarnemen zullen tot succes leiden".(76)

Arnold Theiler het met toewyding die navorsing gedoen. Aan die einde van sy verslag sê hy dat hy suiwer en spaarsaam met die geld tot sy beskikking gewerk het en indien die Regering die werk verder wou steun, sou hy in die toekoms daardie beginsels handhaaf. Inderdaad wou Theiler die saak verder ondersoek.

> " Horsesickness claimed a large proportion of Theiler's time and energy. He found it a tough problem: he buried his teeth in it and would not let go. He studied the disease from every possible angle and certainly succeeded in clearing up many of its phases, but there were others which he pursued as long as he lived".(77)

In Mei 1898 was Theiler reeds terug in Pretoria en verklaar hy in sy verslag o.a. dat hy vollediger sal

---

76. R. ongenommer in SS 1907.
77. Du Toit P.J. en Jackson,Cecil: op.cit., p.145.

rapporteer sodra die laboratorium en kantoor gereed is en sy sekretaris aangestel is. Wat het dan intussen gebeur?

Terwyl Theiler besig was met die opleiding van assistente vir die inentingsveldtog teen runderpes, het voor die Eerste Volksraad 'n memorie gedien, afkomstig uit die Lichtenburgse distrik, waarin gevra word dat die pos van goewermentsveearts geskrap word. 'n Breedvoerige bespreking het hierop in die Volksraad gevolg. Etlike lede het verklaar dat hulle die waarde en nut van 'n veearts nie ingesien het nie en het te kenne gegee dat Arnold Theiler niks bygedra het tot die ontdekking van enige middel teen enige van die heersende veesiektes nie en dat hy bowendien verantwoordelik was vir die beleid waarvolgens beeste doodgeskiet is om verspreiding van runderpes te probeer stuit. Daar was egter lede wat gepleit het vir die behoud van die pos. Die versoek van die memorialiste is dan ook van die hand gewys.(78)

Uit hierdie debat het dit duidelik geblyk dat daar lede was wat nie op hoogte was met die taak van 'n goewermentsveearts nie. Die kritiek op Theiler het uit onkunde gespruit. Die gemeenskap het nie geweet dat Theiler en Watkins-Pitchford die beginsel van die seroterapie ten opsigte van runderpes uitgevind het nie. Theiler was 'n beskeie mens en sedert 1897 het hy niks van homself laat hoor nie, maar ywerig die Franse bakterioloë bygestaan en origens op die agtergrond gebly. De Volksstem het die saak baie duidelik gesien toe hy gepleit het vir die behoud van die pos van goewermentsveearts. „De heer Theiler, wiens grootste gebrek wellicht zyn bescheidenheid is, heeft getoond het vertrouwen van Volksraad en Regeering waardig te zyn".(79)

Theiler het nie stilgebly nie. Hy het die geleentheid gekry om die hele aangeleentheid uiteen te sit toe

78. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1096, dd. 9 September 1897, en art. 1106, dd. 10 September 1897, EVR.68.
79. De Volksstem, 1 Maart 1898: Veeartsen en de Boeren.

op 10 September 1897 'n sekere D.Buchanan by die Regering aansoek gedoen het om die ontsmettingstasies by Daspoort te huur.[80] Die Regering het die goewermentsveearts geraadpleeg om te verneem of die geboutjies nog deur hom benodig was. Theiler het aan die hand gedoen dat die geboutjies verander word om as laboratorium vir die goewermentsveearts te dien. Landdros Schutte het hom hiermee vereenselwig. In sy antwoord aan die Regering het Theiler 'n omvattende uiteensetting gegee van die hele aangeleentheid van navorsing en 'n goewermentsveearts.[81] Dit is seker een van die merkwaardigste stukke wat nog ooit deur 'n wetenskaplike opgestel is as pleidooi vir die erkenning van die belangrikheid van veeartsenykundige navorsing.

Hy begin deur verslag te doen van wat hy verrig het sedert sy aanstelling as goewermentsveearts. Die meeste van sy tyd is in beslag geneem deur die bestryding van die runderpes. Aanvanklik moes hy ondersoek instel na die verskynsel en karakter van runderpes. Later moes hy sekere vermeende geneesmiddels ondersoek en beproef terwyl ten slotte deur hom, in medewerking met die veearts van Natal, die heer Watkins-Pitchford, sekere eksperimente in verband met die veepes gemaak is. Die resultate van hierdie navorsing was die inenting met bloed van gesoute diere. Dikwels moes hy ook ander siektes ondersoek en was ook perdearts van die artilleriekamp. Waarskynlik om lede van die Volksraad in te lig, gaan Theiler dan voort om die taak van 'n goewermentsveearts as volg te formuleer:

1. Die goewermentsveearts is raadgewer van die Regering en van die publiek insake siektes onder vee.
2. Waar geen geneesmiddels bekend is nie, moet die veearts sulke middele probeer uitvind.
3. Die goewermentsveearts behoort ook as perdearts vir die artilleriekamp beskou te word.

Hy verklaar verder dat geen ander regulasies bestaan het waardeur die veearts te wete kon kom wat sy pligte was nie. Die enigste melding van 'n goewermentsveearts was

---

80. R.2939/97 en R.13053/96 by R.7447/94. Hierdie geboutjies was opgerig om velle tydens die runderpes-epidemie te ontsmet -'n besluit van die Vryburgse konferensie van Augustus 1896.
81. R.14095/97 by R.7447/94, September 1897.

in Wet No.8 van 1894 waar sekere pligte omtrent die voorkoms van droes aan 'n goewermentsveearts opgedra is. Deur sy werksaamhede in verskillende dele van die land en uit die besprekings in die Volksraad kon hy egter 'n denkbeeld kry van wat van hom in die algemeen verwag word. Hy gaan dan verder om 'n noukeurige omskrywing van die taak van die goewermentsveearts te gee. In die verlede het van „diens" ten opsigte van veesiektes niks tereg gekom nie. As 'n siekte êrens uitgebreek het, is kennis daarvan aan die kantoor van die staatsekretaris gegee. Die staatsekretaris moes dan met die veearts in verbinding tree. Omdat daar nie 'n vaste kantoor vir die veearts was nie, was dit dikwels moeilik om met hom in aanraking te kom. Die boerende bevolking en veral die nuwe inkomelinge moet die geleentheid hê om die veearts persoonlik te spreek oor veesiektes. Daarom is die bestaan van 'n kantoor 'n noodsaaklike vereiste. Net so noodsaaklik is 'n tydskrif vir die publikasie van inligting en verslae aan boere. Daar moet derhalwe 'n kantoor vir die veearts ingerig word en 'n sekretaris vir die korrespondensie aangestel word.

By verdere omskrywing van die funksies van die staatsveearts sê Theiler:

> „ De Gouvernements-Veearts moet ook als experimentator optreden, en trachten genees- of voorbehoedmiddelen tegen ziekten te vinden ingeval daarvoor alsnog dezelve niet bestaan. Ik beschouw deze werkzaamheid als de hoofdzaak van een veearts in Zuid-Afrika, vooral van een Gouvernements-Veearts".

Hy gee dan 'n beskrywing van watter middele reeds aangewend kan word by die bestryding van siektes soos sponssiekte en longsiekte. Maar vir die bereiding van die entstof van hierdie siektes is 'n laboratorium noodsaaklik, want daar moet voortdurend voldoende entstof beskikbaar wees vir die boere. 'n Laboratorium is ook dringend nodig vir die vervaardiging van entstof teen pokke. Die Republiek is heeltemal van ander afhanklik vir die voorsiening van hierdie noodsaalike entstof. Waarom moet die Regering teen spekulasiepryse entstof van twyfelagtige gehalte invoer as die stof in die land self vervaardig kon word? Die verkoop van entstof teen pokke sou alleen die koste

wat aan so 'n laboratorium verbonde was, vergoed. Theiler gee ook 'n raming van die uitgawe wat betrokke sou wees by die vervaardiging van entstof teen sponssiekte, longsiekte en pokke. En omdat hy uit ervaring weet hoe noulettend die Volksraad was wat uitgawe ten opsigte van amptenare en kantore betref, benadruk hy die feit dat die laboratorium geldelik 'n aanwins sou wees.

Voortgaande verduidelik hy ook hoe noodsaaklik laboratoria is vir die navorsing in verband met perdesiekte. „Als eene hoofdopgave voor het laboratorium beschouw ik echter de ziekte van het rooiwater onder de beesten". Die runderpes het reeds 'n groot deel van die beeste van die Republiek weggemaai, dog rooiwater dreig om verdere verwoesting aan te rig. Dis nou tyd om 'n middel teen hierdie siekte te vind. Hy is oortuig dat dit wel gevind kan word . In werklikheid het hy reeds twee jaar tevore die kiem aangedui en die feit dat beeste kan sout van die siekte, dui aan dat 'n entstof gevind kan word. Verder moet ook ondersoek ingestel word na ander siektes, soos hartwater, galsiekte en stywesiekte. Theiler gaan voort:

> „ Terwyl dus aan de eene zyde van den Gouv. veearts verlangd wordt, dat hy voor hem reeds bekende ziekten de middelen tot genezing aangeeft en bereidt, zoo behoort hem aan de andere zyde ook gelegenheid gegeven te worden voor nog onbekende ziekten zoodanige middelen te zoeken. En dit is in een kantoor alleen niet mogelyk, ook niet door het lezen van boeken; daartoe zyn in de eerste plaats proefnemingen noodig. De oprichting van een bacteriologisch instituut is voor het laatste doeleinde bepaald noodzakelyk."

Om geen twyfel te laat nie het Theiler ook melding gemaak van ander benodigde geboue soos stalle, pakkamers en kwartiere vir die veearts en die naturelle in diens. En as hy dit genoem het, verduidelik hy, uit vrees dat die koste te hoog vir die here volksraadslede sou wees, dat die geboue nie nuut opgerig hoef te word nie. Die begin moet maar eenvoudig en goedkoop wees. Uit die diepe begeerte om navorsing te doen is Theiler bereid om in die kleine te begin. Hy tree dan ook tevoorskyn as die nugtere, praktiese mens met tog 'n mate van diplomasie. Hy sê daar is die geboue

van die proefstasie van Waterval wat oorgebring kan word en wat geskik sou wees vir sy doeleindes.Die laboratorium moet nie ver van Pretoria wees nie. „Zoodanige gelegenheid bestaat op de plek waar myne woning zich tans bevind, nl. op ‚Les Marais', tusschen Wonderboompoort en Daspoort, welke ik gaarne ter beschikking voor dit doel zou stellen". Om die saak nog verder te bespoedig verklaar hy „Op den weg naar Daspoort, links van het pad, staat een desinfecteer-station voor vellen van runderpestbeesten, hetwelk niet in gebruik is genomen.De gebouwen daarvan konden voor bovengenoemde doeleinden aangewend worden". Die Regering sou net vir die vervoer hoef te betaal en vir 'n paar geringe veranderinge. Dit alles dien om aan te toon dat die oprigting van 'n laboratorium slegs 'n bate sal wees.

Eindelik kom hy tot die saak van die goewermentsveearts self. Hy skryf:

> „ Waar in het voorgaande van den Gouv. veearts gesproken wordt spreekt het van zelf, dat door my de betrekking op zich zelf beschouwd wordt en niet den tegenwoordige bekleeder van dien post".

Hy het hier die kritiek in die Volksraad in gedagte. Hy moet egter die onkundiges omtrent sy werk en prestasie inlig en daarom teken hy aan wat hy reeds gedoen het. Hy is oortuig dat die Regering uit wat bereik is onder moeilike omstandighede, sal insien dat met weinig koste 'n belangrike saak aangepak kan word. Verder verduidelik hy ook hoe hy Suid-Afrikaanse toestande en omstandighede ken en wat hy as privaat veearts ten opsigte van navorsing gedoen het. Hy verwys ook na sy aandeel in die bestryding van pokke in Johannesburg in 1893. Hy noem hierdie dinge na aanleiding van die onbillike behandeling wat hy van lede van die Eerste Volksraad ontvang het. Hy is oortuig dat daardie lede hom wou opsaal met sake wat geen verband met die pligte van die goewermentsveearts het nie. Daarom het hy breedvoerig die pligte en verantwoordelikhede van so 'n amptenaar aangedui.

'n Kragtiger pleidooi vir die skepping van 'n navorsingsinstituut kan nouliks bedink word. Daaruit blyk baie duidelik Theiler se idealisme, sy diepe

insig in die vraagstuk van veesiektes en sy innige begeerte en liefde vir die navorsingswerk in die veeartsenykunde. Hy was nie bevrees om met geringe ondersteuning 'n groot saak aan te durf nie.

Op 13 Oktober 1897 het Theiler nog steeds gewag op die beslissing van die Regering. Hy was bereid om na Daspoort te gaan en self te wys hoe die veranderinge gemaak moes word. Die Regering was egter nie geneë om twee proefstasies tegelyk op te rig nie. Theiler moes hom na Belfast begewe om die Franse bakterioloë by te staan en aan die Regering verslag te doen. Hy sou egter nie die hoop laat vaar nie.

Waarskynlik omdat die onderstaatsekretaris nie die lywige memorandum van Theiler deurgelees het nie, het hy op 12 November 1897 aan die goewermentsveearts gevra om sy voorstel in verband met die ontsmettingstasies te Daspoort in te dien of die datum te noem van sy aanbeveling. Theiler het Krogh verwys na sy uiteensetting van die organisasie en die „Dienst van den Gouv. Veearts". Later het die onderstaatsekretaris aan die tesourier-generaal geskryf dat hy by die opstel van die begroting vir 1898 ook die begroting vir die afdeling van die goewermentsveearts insluit, saam met 'n memorie van toeligting en regulasies vir die goewermentsveearts. Hy verklaar dat die Regering reeds sy instemming daarmee betuig het.[82] Die saak was dus nie van die baan nie.

Landdros Schutte het op 8 Maart 1898 aan ondersekretaris Krogh geskryf dat die huur van die plaas „Steenplaats" waar die proefstasie vir perdesiekte dig by Belfast ingerig was, op 31 Maart 1898 verval. Hy het reeds met die goewermentsveearts ooreengekom om die proefstasie na Daspoort te verskuif en vra goedkeuring hiervoor. Op 12 April het die Regering die gevraagde magtiging verleen.[83] Die hoof van publieke werke

82. R.7447/94: korrespondensie insake die aanstelling van 'n goewermentsveearts onder datum 14 Januarie 1898.
83.R.2782/98 by R.7447/94.

het opdrag ontvang om uitvoering te gee aan die voorgestelde veranderinge. Theiler het self die plan vir die inrigting van die laboratorium opgestel. Daarna is tenders gevra en die tender van J.J. Schoeffelenberger vir £568.3.0 is aangeneem. Arnold Theiler het geseëvier. Die geleentheid vir veeartsenykundige navorsing het werklik aangebreek.

In Augustus 1898 was die proefstasie by Belfast finaal afgesluit en kon Theiler sy werk in Daspoort begin. Op 2 September 1898 het die staatspresident ten gevolge van die toename van gevalle van pokke geproklameer dat die publiek in Pretoria en distrik binne veertien dae geënt of weer geënt moes word.[84] Om voorsiening te maak vir die nodige entstof moes die goewermentsveearts dadelik daarmee begin. Vanaf 9 September tot 9 November moes daagliks 2000 buisies entstof gelewer word.[85] Daar was dus onmiddellik werk vir Arnold Theiler. Hy het die verwagtings van die Regering nie teleurgestel nie.[86]

Behalwe etlike ander beperkinge waaronder Theiler moes werk in sy laboratorium, moes hy ook sukkel om die nodige water te kry. Op 16 September 1898 het hy aan die staatsekretaris geskryf dat die watervoorsiening vir sy laboratorium onvoldoende was. Hy kry sy water uit 'n spruit en laat dit distilleer, maar hierdie bron is nie geskik vir die veelvuldige werksaamhede van 'n behoorlik georganiseerde laboratorium nie. Die water moet in pype aangelê word. Die Regering het uiteindelik £400 beskikbaar gestel en water is vanaf Bloedstraat aangelê.[87]

---

84. Staats-Courant, 7 September 1898, proklamasie.
85. R.11381/98 ; en Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 867, dd. 8 September 1898.
86. Staats-Courant, 12 Oktober 1898, goewermentskennisgewing No. 523. In hierdie kennisgewing word voorskrifte gegee vir die gebruik van „Koepokstof in gesteriliseerde glasbuisjes toebereid in het Laboratorium van den Gouvernements Veearts te Daspoort, Pretoria".
87. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 588, dd. 16 Junie 1899.

Intussen was Arnold Theiler ook besig met navorsing in verband met die voorkoms van droes onder perde van die artilleriekamp. Sedert 1898 was hy ook in tydelike hoedanigheid perdearts van die artilleriekamp en het hier navorsing gedoen in die bestryding van longsiekte en droes. Vir die bestryding van droes het hy 'n middel gebruik bekend as „ maleïne".(88)

Ook in verband met die bestryding van sprinkane was Theiler besig om middele te beproef. Die Natalse Regering het sedert 1895 ondersoek laat instel na die bestryding van sprinkane met behulp van swamme. In die begin van 1899 het die Regering van die Kaapkolonie verneem dat perde en skape beswyk, indien hulle van die sprinkane eet wat met swam besmet was.(89) Staatspresident Kruger het toe aan die goewermentsveearts opdrag gegee om ondersoek in te stel na die uitwerking van sodanige besmette sprinkane by vee en voëls. Nadat Theiler die swamme gekweek het, is water en gras daarmee besmet en sprinkane met die besmette materiaal in aanraking gebring. Van die sprinkane het 'n aantal beswyk, maar daar was geen swamme aan hulle te bespeur nie. Ander metodes om die sprinkane te besmet het ook geen uitwerking gehad nie. Uiteindelik is voer wat met swamme besmet was, aan perde, beeste, skape en hoenders gevoer. Geen nadelige uitwerking was te bespeur nie.

Theiler het met die oog op die moontlikheid om sprinkane deur middel van swamme te bestry, verlof gevra om self die gunstige resultate van die staatsveearts van Natal te ondersoek. Hy het die swamme wat hy gekweek het, saamgeneem om met dié van die heer Pitchford te vergelyk. Daar was geen verskil nie. Theiler en Pitchford het verdere proewe gedoen wat gunstige resultate afgewerp het. Die gunstige reaksie in Natal word deur Theiler toegeskryf aan die hoë vog-

88. R.9221/96; R.15295/98 en R.5321/99.
89. RA.3301/99; telegram van koloniale sekretaris van Natal aan die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek.

gehalte van die atmosfeer van daardie gebied. Dit is ook verder bewys dat die swamme nie skadelik vir diere was nie en dat boere daarvan gebruik kon maak om sprinkane te bestry. In die Suid-Afrikaanse Republiek is egter weinig hiervan gebruik gemaak.

Daar was dikwels gevalle van builepes in die Republiek. Theiler is dikwels gevra om na gevalle ondersoek te doen.[90] Omdat hy meer van hierdie gevaarlike siekte wou te wete kom, het hy in Desember 1898 aan die hand gedoen dat hy by die Pasteur-instituut, Parys, ondersoek sou instel na Builepes, veral na die vervaardiging van serum vir die bestryding van die siekte. Hiervan sou moontlik niks tereggekom het as daar nie 'n uitnodiging vir die Republiek gekom het om die sewende internasionale veeartsenykundige kongres in Baden-Baden by te woon nie.[91] Die Uitvoerende Raad het besluit om die goewermentsveearts af te vaardig.[92] Theiler was gewillig om te gaan en het gesê dat hy weer die aandag wou vestig op die voorstel wat hy voorheen gemaak het, nl. 'n besoek aan die Pasteur-instituut om navorsing te doen in verband met builepes. Hy wou nou van hierdie geleentheid gebruik maak om ook 'n studie te maak van die vervaardiging van serums aan verskillende inrigtings. Die werk te Daspoort kon voortgaan, want sy assistent was op hoogte met die vervaardiging van entstof.[93]

Op 17 Mei 1899 het Theiler met die „Briton" na Europa vertrek ten einde die internasionale veeartsenykundige kongres by te woon en 'n besoek te bring aan die Pasteur-instituut en die „Institute Vaccinale" te Lancy.[94] Theiler sou ook die Regering van Natal

---

90. R.3361/99.
91. RA.478/99: Keiserlike Duitse Konsul aan staatsekretaris, 23 Januarie 1899.
92. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 357, dd. 11 April 1899.
93. RA.2194/99 en Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 397, dd. 18 April 1899.
94. RA.2348/99.

op die kongres verteenwoordig.Met sy vertrek was die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Groot-Brittanje erg gespanne.

'n Week na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was Arnold Theiler terug in Pretoria vanwaar hy aan die staatsekretaris kennis gee van sy terugkeer uit Europa.

> „Ik ben ter Congres te Baden-Baden(geweest), bezocht verschillende bacteriol. instituten in Frankryk, Duitsland en Switzerland en ben met het resultaat myner reis zeer tevreden. Overal waar ik aanvraag gemaakt heb voor toelating tot eenig instituut werd my dit toegestaan en men heeft met veel belang gehoord, dat de Regeering der Z.A.Republiek ook in Wetenschaplyk gebied vooruit wenscht te gaan".(95)

Hy deel verder mee dat sy aantekeninge en notule nog in die Kaap teruggehou word en dat hy later breedvoerig verslag sou doen. Hy dank vir die eer wat hom tebeurt geval het en sal, sodra die vrede aangebreek het, probeer toon dat hy van die geleentheid ten volle gebruik gemaak het.

Kort hierna het Theiler by die staatsartillerie aangesluit as offisier. Die Suid-Afrikaanse Republiek sou nie weer verrys nie en Theiler sou daardie Regering nie weer met sy navorsing kon dien nie. Feit is dat hierdie geniale man die grondslag gelê het vir latere navorsing wat bekendheid deur die hele wêreld sou verwerf.In minder as vier jaar het Theiler deur dag en nag te werk 'n nuwe gesindheid by owerheid en boeregemeenskap insake die noodsaaklikheid van wetenskaplike navorsing gewek en getoon dat die wetenskap ingespan moes word in die bestryding van die baie veesiektes wat gedurende die laaste paar jaar van die Republiek se bestaan die veekuddes aangeval het. Die Suid-Afrikaanse Republiek sou nooit spyt kry dat hy Arnold Theiler as goewermentsveearts gehad het nie.

SAMEVATTING.

Soos in die algemene ontwikkeling van die ad-

---

95. RA.5859/99.

ministrasie van die Suid-Afrikaanse Republiek, so ook het daar op die gebied van die boerdery met die ontstaan van nuwe omstandighede 'n aanpassing plaasgevind wat getuig het van 'n lewenskragtige Republiek. Van landbouonderwys en veeartsenykundige navorsing kan gedurende die tydperk van onderhoudsboerdery en pioniersomstandighede nie veel verwag word nie. Sodra die boerdery egter 'n belangrike plek ingeneem het in die nasionale ekonomie van die Republiek, het die owerheid en onderlegde burgers die behoefte aan onderwys en navorsing in belang van die boerdery begryp en begin met werk wat in Suid-Afrika van die grootste waarde en belang is. Die aanstelling van Arnold Theiler as staatsveearts en die oorbring van die Franse bakterioloë Danysz en Bordet getuig van 'n duidelike begrip van die waarde van wetenskaplike ondersoek. Die feit dat die Regering sonder enige huiwering £15,000 betaal het alleen vir die werk van die Franse geleerdes is 'n bewys dat die manne aan bewind van sake nie gekant was teen navorsing en voorligting nie, maar inteendeel net so progressief was in hulle beskouing van vraagstukke as die ouer en meer ontwikkelde manne van die Kaapkolonie. Die aandeel wat Theiler gehad het in die skepping van 'n verligte uitkyk op sake van die veeteelt en landbou was nie gering nie.

---

# H O O F S T U K XI.

## V E E S I E K T E S

Omdat die republikeinse boer hoofsaaklik veeboer was, het veesiektes hom die meeste skade aangedoen. Namate die veeboerdery meer intensief geword het en die onderlinge verkeer toegeneem het, het veesiektes 'n groter omvang aangeneem en dikwels die boerebevolking se bestaansmiddele vernietig. By afwesigheid van wetenskaplike navorsing was die boer in die meeste gevalle magteloos teenoor dreigende veesiektes.

Rooiwater (Texaskoors) : In hoofstuk II is reeds melding gemaak van die verskyning van rooiwater onder beeste in die Suid-Afrikaanse Republiek.[1] Omdat die siekte nie op die hoëveld voorgekom het nie maar in die laeveld, het die boere dit „Boschziekte" genoem. Die siekte wat waarskynlik deur transportryers uit Natal in die Suid-Afrikaanse Republiek ingebring is, het spoedig oral verskyn en omdat die Regering geen stappe gedoen het om die verspreiding te belet of die hoof te bied nie, het dit feitlik alle gebiede in die laeveld of bosveld aangetas.[2] Allerlei boererate is aangewend vir die genesing van die siekte. Dit skyn of daar geen toetse gedoen is vir die immunisering van diere nie.Die feit dat kalwers en jong beeste makliker sout van 'n aanval van rooiwater, het daartoe bygedra dat die boere ontdek het dat 'n kudde wat in besmette streke grootword, minder vatbaar was vir rooiwater.[3] Die enigste werklike voorbehoedmiddel wat aangewend is, was dat beeste uit onbesmette gebiede nie na besmette streke gebring moes word nie. Die boer het geleer dat dit gevaarlik was om beeste op die hoëveld aan te koop en na die laeveld

---

1. Sien p.26.
2. Henning,M.W.: Animal Diseases in South Africa, pp. 371-372.
3. Ibid., pp. 380-381.

te bring. Vir die boere was dit destyds blykbaar 'n genoegsame bestrydingsmiddel. Dit was ook twyfelagtig of die oorsaak van rooiwater ooit aan die boere bekend was, aangesien Smith en Kilborne van Amerika eers in 1893 tot die ontdekking gekom het dat die draer van die siekteparasiet 'n bosluis is.[4] Die siekte was ook nog nie bekend as Texaskoors nie. Toe 'n geval van Texaskoors in 1899 in die Republiek bekend geword het, het dit groot ontsteltenis veroorsaak. Op 20 Mei 1899 het die sekretaris van die onderkomitee van die gesondheidsdepartement van Johannesburg aan die burgemeester geskryf en sy aandag gevestig op 'n uittreksel uit die notule van 'n vergadering van die komitee wat hy aanheg. Daaruit kon gemerk word dat veearts Scott Texaskoors ontdek het by beeste by die slagpale van die firma Klomfars van Johannesburg.Die sekretaris versoek dat die Regering van die geval in kennis gestel moet word.[5]

Uit die verslag van veearts Scott aan die stadsgeneesheer, dr. Visser, blyk dat Scott op 25 April 1899 die slagpale besoek en gevind het dat 15 osse en 87 skape siek was. Ondersoek op een van die osse het aan die lig gebring dat die dier aan Texaskoors ly. Nadat Arnold Theiler ook ondersoek ingestel het, het hy Scott se bevinding bevestig. Scott het die beeste en skape laat afsonder en op 1 Mei was 11 osse en 17 skape reeds dood. By sy laaste ondersoek het hy gevind dat die oorblywende beeste en skape besig was om van die siekte te herstel. Die oorsaak van die siekte by die skape kon nie vasgestel word nie.

Nadat die geval aan die Regering gerapporteer is, is navraag by dr. Visser gedoen omtrent die aard van Texaskoors. In sy antwoord het dr. Visser verklaar dat dit 'n aansteeklike siekte was. „De ziekte wordt veroorzaakt door eene teek, behoorende tot de familie der Acarida (Acarida Magna)", het hy geskryf. Hy sê

4. Ibid., p. 371.
5. R.7537/99.

dat die bosluis hom vasheg aan die vel van die dier waar die eiers na vermoede gelê word. „Het wordt geacht dat de producten van de teek in het bloed van het dier opgenomen worden het welk zoodoende de koorts veroorzaakt". Voorts verduidelik dr. Visser dat die bosluis die siekte oordra na ander diere. Dit sou noodlottig vir die beeste wees indien hierdie siekte sy verskyning in die Suid-Afrikaanse Republiek maak. In Australië het die siekte onrusbarende afmetings aangeneem en daarom sou hy die Regering aanraai om die invoer van beeste uit daardie land streng te beheer. Hierdie vee was juis van Australië ingevoer, maar hy kon nie vasstel van watter distrik nie. Die oorblywende diere wat nie geslag is nie, is almal gedood en begrawe en die kraal is uitgebrand en met chloorkalk en „Jey's Fluid" ontsmet.[6]

Die goewermentsveearts, Arnold Theiler, was egter nie so erg ontstel oor die verskyning van Texaskoors in die Republiek nie. Hy het die herkoms van die vee nagespoor en uitgevind dat die diere op 25 Februarie 1899 Brisbane, Australië, verlaat het en op 17 Maart in Delagoabaai aangekom het. Op 17 April is die vee per spoor na Johannesburg gestuur. Theiler verklaar dat die siekte uit Australië oorgebring is en dat Brisbane bekend staan as 'n „Tickfever streek". „Ik wil hier nog byvoegen", skryf hy aan die staatsekretaris, „dat de zoogenaamde Texas of Tick-fever overeenkomt met het Zuid-Afrikaansche 'Rooiwater".Daarom is die siekte nie so gevaarlik nie. Die voorval bewys egter hoe noodsaaklik dit is om beter beheer oor die invoer van vee en vleis uit te oefen. Daar moet wetgewing vir die ondersoek van vleis aangeneem word. Hierdie saak sou sy aandag geniet na sy terugkoms van die internasionale veeartsenykundige kongres te Baden-Baden.

<u>Bek-en-klouseer</u>: Vir die veeboere van die Suid-Afrikaanse Republiek was bek-en-klouseer nie onbekend nie, hoewel die siekte nie altyd as sodanig

6.Loc.cit.:verslag van dr. Visser.

herken is nie. Die teendeel is ook waar, nl. dat ander siektes wat die tong en kloue van diere aangetas het, bestempel is as bek-en-klouseer. Henning verklaar in hierdie verband: „There seems to be very little doubt that some forms of blue-tongue have been mistaken for foot-and-mouth disease in the past".[7] Hierdie siekte wat veral by beeste voorgekom het, het reeds in die vyftiger jare van die vorige eeu sy verskyning in die binneland van Suid-Afrika gemaak. Gordon Cumming maak melding van 'n geval van bek-en-klouseer wat sy osse aangeval en groot skade veroorsaak het.[8] Dit skyn of die siekte aan die westelike grens van die Republiek voorgekom het. In sy verslag omtrent die veldtog teen die naturelle aan die wesgrens het assistent-kommandant-generaal S.J.P.Kruger in 1858 verklaar dat die trekdiere tydens die veldtog aan bek-en-klouseer gely het, sodat die kommando sy voortgang vir etlike dae moes staak ten einde die osse geleentheid te gee om te herstel. Die siekte was veral gevaarlik, omdat daardie streek - die gebied tussen Vaal- en Hartsrivier - dor en droog was.[9]

Die siekte het egter ook in noordelike Transvaal voorgekom. Tydens Stephanus Schoeman se opstand teen die grondwet in 1857 het „tong-en-klouseer" onder sy trekdiere uitgebreek.[10] Dit is dus seker dat hierdie siekte reeds vroeg sy verskyning in die Suid-Afrikaanse Republiek gemaak het en wel in 'n ernstige graad.[11]

Uit gegewens blyk dat in 1892 weer 'n ernstige epidemie van bek-en-klouseer voorgekom het, nie net in die Suid-Afrikaanse Republiek nie, maar feitlik deur die hele Suid-Afrika.[12] Dat die boere nie veel

7. Henning,op.cit.,p.680.
8. Aangehaal deur Henning,op.cit.,p.680.
9. Staats-Courant,10 September 1858: verslag van die veldtog teen Mahura.
10. Wichmann,F.A.F.: „Die Geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek,1838-1860", Argiefjaarboek, 1941, Deel II, p.196.
11. Sien verklaring in De Volksstem, 18 Oktober 1892, waaruit blyk dat die siekte in 1864 op sy ergste was.
12. Henning,op.cit.,p.681.

opspraak van die siekte gemaak het nie, blyk uit verklarings wat deur etlike landdroste aan die Regering gedoen is en uit die feit dat van die bestaan van die siekte eers sprake was en navraag daaromtrent gedoen is toe die koloniale sekretaris van Natal op 4 Oktober 1892 per telegram aan die staatsekretaris die vraag gestel het of daar waarheid gesteek het in die berig dat bek-en-klouseer uitgebreek het onder die beeste in die bosveld.[13] In sy navraag noem die koloniale sekretaris dit „Foot and Mouth Disease".Dit wil voorkom of die staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek self nie geweet het watter siekte bedoel word nie, want in sy antwoord aan Natal noem hy dit „klauwzeer en blauwtong".[14] Hierdie naam is misleidend, omdat „klauwzeer en blauwtong" gewoonlik gedurende die somer en die herfs tydens hoë reënval by skape voorgekom het en geen verband met bek-en-klouseer gehad het nie. Ook die Regering van die Oranje-Vrystaat het navraag gedoen omtrent bek-en-klouseer wat in die Republiek sou voorgekom het.[15]

In die antwoord aan Natal is meegedeel dat die Regering niks van die siekte verneem het nie, maar dat ondersoek ingestel sou word. Aan die landdroste van Middelburg, Waterberg, Marico,Vryheid, Lydenburg, Piet Retief en Utrecht is die volgende telegram gestuur: „Gelieve dadelyk per draad volledig te rapporteeren omtrent Klauwzeer en Blauwtong (Foot and Mouth Disease) welke ziekte gezegd wordt onder het vee in Boschveld te zyn uitgebroken". Uit die antwoorde wat hierop verstrek is, blyk dat die siekte nog nie verskyn het onder die vee in die Middelburgse distrik nie.Die landdros telegrafeer dat geen „klauwzeer en blauwtong" daar bekend is nie. Blykbaar het hy nie geweet watter siekte werklik bedoel word nie, want 'n paar dae later het hy getelegrafeer:

13. R.11163/92: telegram aan staatsekretaris.
14. Ibid., dd. 11 Oktober 1892.
15. R.11266/92.

„Klauw en tong ziekte is algemeen onder de beesten over het geheel de district".[16] Uit die Waterbergse distrik het die landdros van Nylstroom getelegrafeer dat „ Tong en Klauwzeerziekte" onder die beeste van die hele distrik geheers het. Hy verklaar dat die siekte nie gevaarlik was nie, indien die beeste goed opgepas word.Die Waterbergse boere het vir hierdie siekte ook 'n goeie geneesmiddel gehad, nl. „zout en aluin in bek smeeren en voor pooten in het stroomend water jagen, ook gewoon zout in bek daarna een mengsel van bloemzwavel en teer gesmolten in bek (en) neus smeeren als ook aan klauwen".[17] Lydenburg het geantwoord dat die siekte oral voorgekom het, maar in 'n baie ligte graad en dat baie min diere daaraan beswyk het.[18] Die distrikte Utrecht en Piet Retief het niks van die siekte verneem nie.[19] Op die westelike grens het Zeerust geantwoord dat op verskeie plase in die distrik die gewone „klauw en tong ziekte" onder die beeste uitgebreek het.„Dit is echter een welbekende ziekte en ook niet gevaarlyk".[20]

Die siekte het ook sy verskyning in Brits-Betsjoeanaland gemaak. Die koloniale veearts het dit deur sy departement aan die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek bekend gemaak. Die sekretaris van lande, myne en landbou van die Kaapkolonie het ook 'n kopie van goewermentskennisgewing No. 985 ingesluit, bevattende aantekeninge oor „Epozootic Aphta" (Foot and Mouth Disease)[21].In hierdie geskrif word die hoë graad van aansteeklikheid van die siekte beklemtoon en aan die hand gedoen dat die verkeer geheel en al gestaak word tussen die besmette distrikte en gesonde gebiede. Die Kaapkolonie het kort hierna 'n proklamasie uitgevaardig waardeur die invoer van vee en ander diere wat deur bek-en-kouseer aangetas word, vanuit Betsjoeanaland en

16. R.11726/92 en R.11766/92.
17. R.11727/92, dd. 15 Oktober 1892.
18. R.11730/92.
19. R.11728/92 en R.11774/92.
20. R.11725/92, dd. 15 Oktober 1892.
21. R.12068/92, dd. 14 Oktober 1892 , en Staats-Courant, 14 Desember 1892, kennisgewing No.432.

die Suid-Afrikaanse Republiek verbied word. Later is Griekwaland-Wes ook onder die kwarantyn ingesluit.[22]

Toe dit blyk dat die Transvalers die siekte nie as gevaarlik beskou nie, het die owerheid in die Kaapkolonie verneem of die Republiek sou toestem dat vee vanuit Griekwaland-Wes in Transvaal ingebring kon word. Die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek het die landdros van Christiana geraadpleeg en laasgenoemde het geen beswaar gehad nie. Hy het dit tewens wenslik geag „daar de ziekte toch werkelyk overal heerschten, geheel niet zoo gevaarlyk is, bovendien is de quarantine eene groote verhindering tegen transport".[23]

Aan die begin van 1893 het die Regering na aanleiding van navrae uit die Kaapkolonie weer 'n opname gemaak van die toestand in die Republiek.[24] Uit die antwoorde blyk dat dit nou die oostelike distrikte was waar die siekte voorgekom het en meestal by skape. Dit is te betwyfel of hierdie siekte by skape werklik bek-en-klouseer was. Gevalle van mondseer het nie by skape voorgekom nie maar slegs klouseer. Tereg het die landdros van Standerton geantwoord: „Mond en Klauwzeer was op eenige plaatsen aanwezig, maar niet zoo erg dat de burgers er over spraken; het is my bekend dat het eene jaarlyksche plaag zyn met nat weder".[25] Die landdros van Ermelo het getelegrafeer: „Klauwzeer zeer erg in dit district voor namelyk onder schapen". Die landdros van Vryheid maak ook net van klouseer melding. Die landdros van Piet Retief het verklaar dat daar nog enkele gevalle van klouseer was, maar dat van mondseer niks verneem word nie. Heidelberg het dieselfde antwoord gegee.[26]

Uit hierdie verklaring blyk dat dit seker nie van waarheid ontbloot is om te beweer dat die klouseer onder die skape in die vogtiger oostelike distrikte

22. R.12448/92; R.13163/92 en R.14419/92, dd. 9 Desember 1892.
23. R.15039/92, dd. 24 Desember 1892.
24. R.2154/93.
25. R.3268/93.
26. R.2335/93 ; R.2359/93; R.2376/93 en R.2377/93.

nie verband gehad het met bek-en-klouseer nie en dat dit die gewone klouseer as gevolg van nat krale en weiding was waaraan die skape gely het. Uit die distrikte waar bek-en-klouseer werklik voorgekom het, het dit geblyk dat die siekte sterk afgeneem het en net hier en daar voorgekom het. Slegs in Wakkerstroom was die siekte nog erg en dit het volgens die landdros toegeneem. In Lydenburg,Zeerust, Pietersburg, Waterberg, Christiana en Rustenburg het die siekte verdwyn en in Middelburg, Potchefstroom en Lichtenburg was net enkele gevalle gerapporteer. Die antwoord wat die landdros van Pietersburg gee, is belangrik, omdat hy melding maak van die oorsprong van die siekte. Hy sê dat die siekte uit Masjonaland in die Soutpansbergse distrik ingebring is en dat dit vandaar versprei het. Ook hy maak melding van die doeltreffendheid van die middel van sout en salpeter op die tong ingevryf.[27]

Hoewel bek-en-klouseer feitlik in alle distrikte van Transvaal voorgekom het, was die verlies aan vee, te oordeel na die verklaring van landdroste, nie van ernstige omvang nie. Die goeie reënseisoen van 1892-1893 het ongetwyfeld gehelp om die gevolge van die siekte teen te werk, aangesien dit bekend is dat goeie weiding en sagte veld help om herstel te bespoedig. Na 1893 is daar nie spore van bek-en-klouseer nie. 'n Baie ernstiger gevaar het kort hierna verskyn, nl. die runderpes.

<u>Runderpes</u>: Toe runderpes in 1896 skielik suid van die Sambesi toegeslaan het, was die Regerings van die Suid-Afrikaanse state en kolonies nie heeltemal onbekend met die bestaan en die gevaar van runderpes nie. In September 1892 toe bek-en-klouseer vanuit die noorde die Suid-Afrikaanse Republiek en ander state oorval het, kom sendeling A.Merensky terug van 'n reis uit Duits-Oos-Afrika waar hy juis kennis gemaak het met die gevreesde veepes. Op 29 September skryf hy aan die verskeie

27. R.2333/93 ; R.2334/93 ; R.2772/93 ; R.2388/93; R.2332/93 ; R.2367/93; R.2385/93 ; R.2369/93; R.2375/93 en R.2749/93.

Regerings en deel hulle sy ondervindinge omtrent die bestaan van runderpes in die Duitse gebied mee.

> „ Teruggekeerd zynde uit het Duitsche gebied in het binnen van Afrika heb ik de eer de aandacht van de Hoog Edele Regering der Z.A. Republiek op eene rampzalige ziekte te leiden, die ten noorden van de meer Nyassa nu de grootste verwoesting onder de beesten der inboorlingen heeft aangericht. De ziekte is volgens myne opmerkingen de zoogenoemde, „beestenpes...".(28)

Hy verklaar dat die siekte ongeveer drie jaar vantevore sy verskyning in Afrika gemaak het onder die beeste van die Massai-inboorlinge wat ten ooste van die Victoriameer woon en dat dit daarvandaan in die rigting van Kilimanjaro uitgebrei het. Selfs op die eiland Sanzibar het die beeste daaraan beswyk. Hy toon ook aan hoe vinnig die siekte suidwaarts uitgebrei het, en spreek die vrees uit dat die veepes binne verloop van 'n jaar die Sambesi sou bereik.

Die regering van Natal was die eerste om op die skrywe van Merensky te reageer. Op 11 Oktober 1892 skryf die waarnemende koloniale sekretaris van Natal aan die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek om meedeling te doen van wat Merensky gerapporteer het. Hy verklaar dat die siekte ongetwyfeld runderpes is.

> „I have also obtained from the German Authorities in East Africa telegraphic information that the disease referred to exists in various forms, that it is undoubtedly infectious but that its nature has not been medically ascertained.(29)

Ook aan die Regering van die Oranje-Vrystaat het die Natalse owerheid die nuus gebring. Na aanleiding hiervan het die Uitvoerende Raad van daardie Republiek op 20 Oktober 1892 besluit om die invoer van vee uit die noordelike gebiede te belet. Hierdie besluit is aan die Suid-Afrikaanse Republiek bekend gemaak, met die versoek om die Vrystaat onmiddellik in kennis te stel, indien die siekte sy verskyning maak aan die grense van Transvaal.(30)

---

28. R.11093/92: Merensky aan Uitvoerende Raad.
29. R.11817/92.
30. R.12126/92.

Die Kaapkolonie het na aanleiding van die skrywe van Merensky opdrag gegee dat die „Chartered Company" van Rhodesië enige bees wat besmet is, moet vernietig. Ook is 'n proklamasie uitgevaardig wat die invoer van vee uit Oos-Afrika verbied het.[31] Die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek het sy bereidwilligheid te kenne gegee om invoer van vee uit gebiede noord van die Sambesi te belet.[32]

Die moontlikheid van die uitbreiding van die siekte na die suidelike state het hierna op die agtergrond getree en die waaksaamheid het mettertyd verslap. Drie jaar later het die gevreesde runderpes die Suid-Afrikaanse state onvoorbereid en skielik oorval en honderd duisende beeste afgemaai. Die siekte het die Sambesi uiteindelik oorgesteek en met so 'n snelle tempo versprei dat maatreëls wat andersins in Europa doeltreffend geblyk het, hier nie die veepes kon keer of stuit nie.

Runderpes het sy eerste verskyning gemaak onder 'n trop beeste wat op 'n vendusie op Bulawayo verkoop is en daarna in verskeie rigtings in die omgewing hulle bestemming gevind het. Die eerste geval is deur 'n sekere Tyler gerapporteer. Hierdie man het van die beeste gekoop wat van Umshigezi , 15 myl ten suidweste van die sameloop van die Umnyati en die Sebakwe gekom het. Terwyl Tyler op pad was, het die osse siek geword. Die meeste van die osse is dood en die res is afgemaak. Die tweede geval het voorgekom by die beeste van 'n sekere winkelier, Jenkins, waar Tyler op sy reis by die uitspanning vertoef het. Al sy beeste, behalwe 'n kalf, het aan die pes beswyk en hiervandaan het die siekte in die omgewing van Bulawayo versprei.[33] Op 6 Maart 1896

31. R.12375/92,dd. 23 Oktober 1892, en <u>Government Gazette</u>, 25 Oktober 1892: Proklamasie No.351, 1892.
32. R.12637/92 en R.2220/93.
33. <u>Staats-Courant</u> , 27 Mei 1896,goewermentskennisgewing No. 121:„De Runderpest, hare Geschiedenis, verschynselen, enz.", deur Arnold Theiler. Sien ook SS 1705, 1896 : verslag van Theiler, dd. 30 Maart 1896.

het die administrateur uit Salisbury aan die hoë kommissaris in Kaapstad getelegrafeer dat runderpes of 'n soortgelyke siekte uitgebreek het in die omgewing van Bulawayo en dat groot getalle beeste en wild noord van die Sambesi aan die pes beswyk het.(34) Op dieselfde dag is hierdie inligting aan die Britse agent in Pretoria getelegrafeer, met die versoek dat dit dadelik onder die aandag van die Regering gebring word. Die Regering het die hulp van 'n veearts nou dringend nodig gehad en probeer om Arnold Theiler wat voorheen in Johannesburg werksaam was, op te spoor. Op 12 Maart het Theiler opdrag gekry om dadelik na Matabeleland te vertrek ten einde persoonlik ondersoek na die toestand in te stel. Hy moes so gou moontlik rapporteer en aanbevelings maak vir die nodige voorsorgsmaatreëls.(35)

Die siekte het vinnig versprei, sodat die hoë kommissaris op 11 Maart aan president Kruger moes telegrafeer dat die pes gevorder het tot by Palapye en dat dit nodig was vir die Republiek om stappe te doen om sy grens te bewaak. Op dieselfde dag het die Regering in 'n buitengewone Staatskoerant 'n proklamasie uitgevaardig waardeur alle verkeer van vee en huisdiere vanuit Matabeleland, Masjonaland en Khamasland na die Republiek verbied is. Vee wat oor die grens mag kom, moes òf teruggedryf òf doodgemaak word. Die verkeer vanuit die Republiek na genoemde gebiede is ook verbied. Boere aan die Limpopo moes vee op 'n afstand van drie myl van enige drif hou.(36)

Op 16 Maart het die Regering telegrafies aan die landdroste van Waterberg, Soutpansberg, Marico en Rustenburg opdrag gegee om wagte op die grens te plaas. Theiler kon op 19 Maart reeds telegrafeer dat die siekte wel runderpes was. Op 25 Maart was hy in Bulawayo. Omdat Khama se onderdane in opstand gekom

34. SS 1705, 1896.
35. R.2649/96.
36. <u>Buitengewone Staats-Courant</u>, 11 Maart 1896.

het as gevolg van die afmaak van hulle beeste, was hy genoodsaak om suidwaarts terug te keer. Die Regering het intussen 'n dag van verootmoediging bepaal met die oog op die heersende droogte, die sprinkaanplaag en die dreigende gevaar van runderpes.(37)

Dit was spoedig duidelik dat die bewaking van die driwwe van Krokodilrivier 'n moeilike taak was. Naturelle het met besmette vleis deur die rivier gekom.Khama se onderdane het nie hulle vee van die rivier weggehou nie, sodat mettertyd talle dooie beeste in die water gelê het. Op 1 April het die Regering die hoë kommissaris in kennis gestel dat runderpes sy verskyning gemaak het onder die beeste van die naturelle in die lokasie van Linokana en Kalivynstad. 'n Paar dae later het Theiler uit Palapye getelegrafeer dat runderpes in die Zeerustdistrik uitgebreek het. Hy beveel aan dat die besmette kuddes doodgeskiet word en dat vergoeding uitbetaal word.(38) Op 7 April het die pes ook op die plaas Driefontein in die distrik Zeerust uitgebreek. Die siekte was dus reeds in die Suid-Afrikaanse Republiek. Die Regering het geproklameer dat die verkeer met die distrikte Zeerust en Lichtenburg gesluit is.(39)

Intussen het dit ook noodsaaklik geblyk om 'n konferensie te hou waar die toestand onder oënskou geneem kon word en waar die verskillende state van Suid-Afrika stappe kon oorweeg om die verspreiding van die veepes die hoof te bied. Die konferensie is op Mafeking gehou en namens die Suid-Afrikaanse Republiek het Arnold Theiler dit bygewoon.(40) Die konferensie het besluit om die verskillende regerings te versoek om gesamentlik die veldtog teen runderpes te onderneem en om op 'n pro rata-basis by te dra tot die dekking van die koste wat gemaak sou word vir

---

37. Staats-Courant, 25 Maart 1896: proklamasie gedateer 24 Maart 1896.
38. R.2433/96.
39. Staats-Courant, 8 April 1896.
40. RA.702/96 en RA. 1719/96, dd. 11 April 1896. Die konferensie is verder bygewoon deur die afgevaardigdes van die Oranje-Vrystaat, die Kaapkolonie, Natal en Betsjoeanalandprotektoraat.

die bestryding van runderpes. Verder is ook besluit dat die westelike en noordelike grense van Brits-Betsjoeanaland en die Suid-Afrikaanse Republiek deur 'n dubbele draadversperring afgesluit sou word en dat alle gevalle van runderpes suid en oos van hierdie grenslyn bestry moes word deur vernietiging van die kontakte.[41]

Die Regering was intussen genoodsaak om verdere beheermaatreëls te proklameer. Die vervoer van dooie vee, van vleis, velle, hare ,wol, mis en ander afval, van veevoer, gereedskap en voorwerpe wat by die behandeling en vervoer van bogenoemde gebruik was, is streng verbied.[42] Die siekte het nou vinnig in die distrik Zeerust versprei, veral onder die beeste van die naturellelokasies. Die boere het die Regering versoek om die polisiemag aan die grens te versterk ten einde die beheermaatreëls doeltreffend te kan handhaaf.[43] Gerugte dat runderpes op die Witwatersrand en ander sentrale distrikte uitgebreek het, het feitlik daagliks die rondte gedoen. Die naburige state het elke keer met angs verneem na die waarheid, al dan nie, van sodanige gerugte.[44]

Deur die vinnige verspreiding van die siekte aan die westelike grens was die Regering verplig om van tyd tot tyd maatreëls te neem om die gevaar die hoof te probeer bied. Die trek met vee in die Republiek is aan bande gelê. Iemand wat met vee uit sy eie plaas na 'n ander plek wou trek of 'n mark wou besoek, was verplig om 'n sertifikaat van die landdros, vrederegter of veldkornet te verkry waarin onder

---

41. Blouboek van die Kaap die Goeie Hoop, G.43-1897.
42. Staats-Courant,22 April 1896.
43. R.4184/96: telegram van die kommandant van polisie aan die staatsekretaris, dd. 18 April 1896; en Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 475,dd. 5 Junie 1896.
44. R.2433/96. Op 22 April wou Natal weet of dit waar was dat runderpes in die omgewing van Benoni uitgebreek het. Op 27 April sou die siekte by Boksburg uitgebreek het en op 4 Mei wou Natal weet of daar enige waarheid gesteek het in die gerug dat runderpes in Krugersdorp voorgekom het.

eed verklaar word dat die vee wat vervoer word, nie afkomstig was van of in aanraking gewees het met vee van 'n besmette plaas nie. Verder moes elkeen wat vermoed het dat sy vee besmet kon wees, sy bure daarvan verwittig en sy vee afsonder totdat sekerheid verkry is. Omdat dit toe reeds duidelik was dat perde, muile en donkies nie vatbaar was vir die siekte nie, is hierdie diere vrygestel van beheer. Dit is ook wenslik geag om die westelike grens verder suid vir verkeer na en van die Suid-Afrikaanse Republiek te sluit. Daarmee was die hele westelike grens tussen die Republiek en Griekwaland-Wes en Brits-Betsjoeanaland gesluit.[45]

Op 28 April het die Uitvoerende Raad die toestand in die besmette distrikte in oënskou geneem en besluit om deurtastend op te tree ten einde verspreiding die hoof te bied. Daar is nou regulasies opgestel vir die beheer van runderpes. In elke wyk van 'n distrik sou 'n kommissie aangestel word, bestaande uit die veldkornet van daardie wyk en twee burgers wat deur die landdros benoem word. Hierdie „runderpeskommissies" moes sorg dat die regulasies getrou uitgevoer word in die wyke.[46] Die eienaar van 'n plaas was kragtens die regulasies verplig om by die uitbreek van 'n siekte onder sy beeste die geval aan die kommissie van sy wyk te rapporteer en die vee in 'n kraal te hou of sy bure daarvan in kennis te stel. Die paaie deur sy plaas moes vir verkeer gesluit word. Die runderpeskommissie moes by ontvangs van die kennisgewing plaaslik gaan ondersoek instel. Blyk dit dat die siekte runderpes was, moes die kommissie 'n waardasie maak van die beeste op die plaas.[47] Die lys van die vee wat opgeneem is, moes dan aan die Regering gestuur word. Die eienaar sou vergoed word tot 'n

---

45. Staats-Courant, 29 April 1896: proklamasie gedateer 27 April 1896.
46. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 324,dd. 28 April 1896.
47. Die volgende skaal van taksasie moes toegepas word:
kalwers onder een jaar : 10 sjielings,
kalwers van 'n jaar : £1,
kalwers van twee jaar : £2,
beeste van drie jaar en koeie :£3,
osse en bulle: van £4 tot £5.

bedrag wat die helfte van die gewaardeerde bedrag sou wees. Na die opneem van die beeste moes hulle afgemaak en begrawe word in teenwoordigheid van 'n lid van die runderpeskommissie. Verdere stappe om die plaas te ontsmet moes gedoen word en die plaas moes 20 dae lank na die vee afgemaak was, gesluit bly.

Namate die toestand ernstiger geword het, het proklamasies ongeveer weekliks gevolg. Dit was nodig om persone te dwing om behulpsaam te wees met die begrawe van diere. Maatreëls is ook getref ten aansien van rondlopende vee. Runderpeskommissies moes verder toesien dat honde, varke en wild wat moontlik besmet kon wees, afgemaak en begrawe of verbrand word. Ten einde die voorsiening van vleis nie geheel stop te sit nie, is geproklameer dat vanaf plase waaromheen binne 'n straal van 15 myl geen besmetting voorgekom het nie, vleis per trein, muil- of perdewa vervoer kon word na die sentra waar dit nodig was. Sulke vleis moes egter deur bevoegde persone ondersoek word om vas te stel dat die diere nie aan runderpes gely het nie. Dieselfde bepaling het vir die vervoer en verkoop van melk en botter gegeld.(48)

Nieteenstaande hierdie beheermaatreëls het runderpes tog verder versprei. Op 7 Mei 1896 het die Regering in antwoord op 'n navraag van die Oranje-Vrystaat verklaar dat die nuutste gevalle voorgekom het op die dorpsgrond van Zeerust en by Darktown in Swasieland. Die geval te Darktown was ongetwyfeld 'n vergissing, want verdere gevalle het daar nie voorgekom nie. Die volgende dag, 8 Mei, het die ontstellende nuus die Regering bereik dat die pes sy verskyning gemaak het op die Witwatersrand op die plaas Vlakfontein naby Boksburg.(49) Die siekte het getoon dat dit met spronge van etlike myle kon versprei . Tog het dit geblyk dat die beheermaatreëls

48. Staats-Courant, 20 Mei 1896: goewermentskennisgewing No.116.
49. R.18264/96 in SS 1699.

die verspreiding tydelik vertraag het. Op 19 Mei het die Regering aan Natal as volg verslag gedoen:

> „Langs Krokodilrivier liggen troepen van 5 tot 600 beesten dood. In Waterberg ziekte uitgebroken op plaats Silika, verder onder span ossen in Zondagsrivierpoort van transportryder".(50)

Op 20 Mei het runderpes in die Soutpansbergse distrik voorgekom onder die beeste van Vaaltyn Makapaan. Op die Witwatersrand het geen verdere gevalle voorgekom nie, maar in Marico het dit verder op sewe plase uitgebreek. Op 22 Mei is die siekte gerapporteer in Boksburg,Klerksdorp, Johannesburg en Pretoria. 'n Week later kom verdere gevalle in Klerksdorp voor en word die dood van baie beeste van naturelle in Waterberg en Potgietersrust se omgewing aangemeld. By Silika by Nylstroom is 478 beeste in 17 dae dood.

Die Regering het dit begin Junie 1896 raadsaam geag om al die bepalings in verband met runderpes in hersiening te neem, sekere toegewings te maak en verdere aanvullings by te voeg.[51] Kragtens die proklamasie word 'n sogenoemde „beskermingslyn" getrek ses myl rondom die grens van die plaas wat onder kwarantyn is. Die gebied tussen die besmette plaas en die beskermingslyn moes bewaak word en daarin is geen verkeer met vee toegelaat nie.

Toe dit blyk dat wild die siekte ook kon versprei, is die jagwet ten opsigte van sekere wildsoorte opgehef. Hieronder was ingesluit buffels, elande, kameelperde, wildebeeste, koedoes en alle boksoorte.[52] In die distrikte waar die veepes geheers het, moes die wild nie gehinder word nie, sodat hulle nie na onbesmette distrikte of wyke sou vlug nie. Indien wild uit besmette gebiede na gesonde streke wou gaan, moes wagte die wild terugdryf of neerskiet.

Die boere het spoedig hulle eie genees- en voorbehoedmiddels gesoek en van oral het die Regering

50. RA.2459/96.
51. Buitengewone Staats-Courant, 8 Junie 1896, goewermentskennisgewing No. 161.
52. Ibid., 4 Junie 1896, kennisgewing No. 152.

gehoor van persone wat 'n onfeilbare middel teen runderpes sou uitgevind het. Baie van hierdie persone wat buite die Republiek woonagtig was, het fabelagtige somme geld vir die beskikbaarstelling van hulle middele gevra. Aanvanklik is enige resep vir die genesing of voorkoming van die siekte aangegryp. Die Regering het selfs die middele deur middel van die Staats-Courant bekend gemaak.[53] President Kruger het gewoonlik persone wat dan sulke wonderlike middele teen runderpes ontdek het, aangemoedig om die middele op die proef te stel. Indien hulle werklik so wonderlik was, kon die uitvinders 'n fortuin maak deur die genees- of voorbehoedmiddele op die mark te bring. Niemand het egter hierdie wenk aangeneem nie.

Gedurende Junie 1896 het runderpes min of meer beperk gebly tot die wyke waar dit in Mei verskyn het. Die ernstigste gevalle het voorgekom in die distrikte Zeerust en Potgietersrust. Op 25 Junie was in wyk Bosveld, distrik Zeerust, reeds 10,510 beeste aan runderpes dood en 2,441 afgemaak.[54] In wyke Elandsrivier en Hexrivier, distrik Rustenburg, was op 1 Julie reeds 5,500 beeste dood of afgemaak. Aan die einde van Junie het runderpes reeds uitgebreek in die distrikte Soutpansberg, Waterberg, Marico, Lichtenburg, Pretoria en Heidelberg.[55] Gedurende Julie het die pes verder versprei. Teen 14 Julie het die siekte in Middelburg uitgebreek onder die beeste van die krale van Mazeppa en ander hoofde.[56] 'n Paar dae later het runderpes verder verskyn onder die beeste van Moshette in die Lichtenburgse distrik. Op 23 Julie is 'n geval van runderpes gerapporteer in Sekoekoenieland oos van Olifantsrivier, terwyl wild in die omgewing van Leydsdorp aan runderpes beswyk het. Wild was in 'n mate verantwoordelik vir die verspreiding van die pes.

---

53. R.4882/97 by SS 1685 ; en Staats-Courant, 22 April 1896, goewermentskennisgewing No.98.
54. R.18264/96 in SS 1699.
55. Staats-Courant, 8 Julie 1896, goewermentskennisgewing No.210.
56. R.18264/96.

Verder het naturelle met transportry en die ronddra van besmette vleis verspreiding aangehelp.[57]

Met die uitbreek van runderpes in die Lichtenburgse distrik is die suidwestelike distrikte ook bedreig. Uit Potchefstroom het op 14 Augustus die berig gekom dat runderpes voorgekom het onder die beeste van Abraham Kotzé van Ratzegaaikraal. Ses beeste was toe reeds dood en ongeveer een honderd siek. Die landdros van Wolmaransstad berig op 24 Augustus dat runderpes sy verskyning gemaak het onder die beeste van J.A. Geldenhuys van Bezuidenhoutskraal. Ook by Du Toit van Doornfontein het die siekte voorgekom en dit blyk dat die siek beeste van Bezuidenhoutskraal afkomstig was. 'n Paar dae later meld die landdros van Christiana dat die pes uitgebreek het op die grensplaas Tochgekregen .Op 10 September was runderpes ook in die distrik Schweizer-Reneke op die plaas Spreeuwfontein van J.Uys en Roets en ander. In minder as 'n maand se tyd het die verwoestende veepes die hele westelike Transvaal oorrompel.[58]

Intussen het die Regering dit nodig gevind om 'n spesiale runderpeskommissaris te benoem om as skakel tussen die Regering en die runderpeskommissies op te tree. In hierdie pos is die heer Douw G. du Plessis aangestel. Ook is gereël dat wykskommissies nie afsonderlik in 'n distrik instruksies sou uitvaardig nie, maar dat alle wykskommissies van 'n distrik saam moet beraadslaag ten einde die belange van die hele distrik te behartig.

Met die weswaartse beweging van runderpes het die Regering van die Kaapkolonie die noodsaaklikheid van 'n verdere konferensie besef. Hierdie konferensie is toe op 31 Augustus op Vryburg gehou.[59] Verteenwoordigers van die Kaapkolonie,Natal, die Oranje-Vrystaat,Basoetoland en die Suid-Afrikaanse Republiek

57. Notule van die Tweede Volksraad, art. 950, dd. 27 Julie 1896.
58. R.18264/96 in SS 1699.
59. RA.11060/96 , en Blouboek van die Kaap die Goeie Hoop,G.82-1896.

het vergader om die toestand in oënskou te neem. Op hierdie konferensie is die afsluiting van besmette gebiede weer bespreek. Die heer Douw du Plessis het verduidelik hoe sy Regering die besmette gebiede deur 'n dubbele versperring met 'n patrolliediens tussen die versperrings afgesluit het. Tog het die pes oor groot afstande gespring. Dit moet toegeskryf word aan naturelle wat met opset die siekte met besmette vleis versprei. Op hierdie konferensie is o.a. die volgende besluite geneem:

1. Dat 'n dubbele versperring, 500 tree van mekaar, aangebring moes word vir die afsluiting van besmette gebiede;
2. dat die bewegings van naturelle beheer moes word en dat hulle ontsmet moes word by die oorgaan van een gebied na 'n ander ;
3. dat horings, velle, skaapwol en bokhaar wat afkomstig was van die besmette gebiede, behoorlik ontsmet moes word ;
4. "that in the opinion of this Conference it would be of great public advantage if a series of experiments could be carried out in South Africa on the subject of Rinderpest, especially with reference to the length of time that the infection would remain on an infected farm".(60)

Die gedagte van 'n dubbele versperring om besmette streke af te sluit van gesonde gebiede, was reeds deur die Suid-Afrikaanse Republiek toegepas met sodanige sukses dat die pes 'n tyd lank ingeperk is. Indien hierdie maatreël nie geneem was nie, sou die verspreiding teen 'n veel sneller tempo geskied het. Ten einde die verspreiding van die siekte deur die rondtrek van naturelle so goed moontlik uit te skakel, het die Regering teen die einde van Augustus streng maatreëls vir die behoorlike kontrole oor reisende naturelle aangekondig.(61)

Gedurende Augustus het runderpes in die distrikte Marico en Soutpansberg toegeneem volgens die derde verslag oor runderpes, gedateer 21 September 1896.

60. Blouboek van die Kaap die Goeie Hoop, No.G.82-1896.
61. Staats-Courant, 2 September 1896: proklamasie.

Die beeste van naturellekrale en-lokasies het by die duisende omgekom. In wyk Bosveld, distrik Marico, en in wyk Klein Marico was toe reeds 'n verlies van 27,980 beeste aangemeld. In etlike wyke het koedoes en ander wild aan runderpes beswyk.[62]

Waar runderpes tot dusver net in die Suid-Afrikaanse Republiek en in die Britse gebiede in die weste geheers het, het dit teen die einde van September skielik in die Vrystaat, in die Hoopstadse distrik, verskyn. Op 10 Oktober is ook gevalle in die Fauresmithse distrik en twee dae later in die Kroonstadse distrik aangemeld.[63] In die Suid-Afrikaanse Republiek het die pes nieteenstaande strenge beheermaatreëls tog vinnig versprei. Op 8 Oktober kom runderpes voor by Bronkhorstspruit en op 27 Oktober verskyn die siekte in die Krugersdorpse distrik.[64]

Intussen het die Regering ingewillig om saam met Natal , die Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie op 'n <u>pro rata</u>-basis in te staan vir die koste verbonde aan die koms en werk van 'n bakterioloog in 'n poging om 'n middel teen runderpes te vind. Die Kaapse regering het dr. Koch uit Europa laat kom en op 17 November 1896 is aan die Suid-Afrikaanse Republiek kennis gegee dat dr. Koch reeds uit Europa vertrek het. Dr. Koch het by sy aankoms 'n navorsingslaboratorium by Kimberley geopen en teen 5 Desember reeds met ondersoek begin.[65]

Die verskyning van runderpes dig by Standerton op 14 Augustus 1896 het die boere in Oos-Transvaal ontstel, want dit het geskyn asof runderpes daar weggehou kon word. In die begin van Desember was runderpes verder versprei in Klerksdorp en Krugersdorp.

---

62. <u>Staats-Courant</u>, 23 September 1896:goewerments-<u>kennisgewing</u> No. 377.
63. R.6333/97 in SS 1804.
64. Telegram 1994/96 in SS 1699
65. R.5329/96: korrespondensie insake die koms van dr. Koch, en verslae van dr. Koch in die <u>Landbouwjournaal</u>, Kaap die Goeie Hoop, 14 Januarie 1897 en 18 Februarie 1897.

In Heidelberg, Kaapsehoop, Leydsdorp, Utrecht, Lydenburg, Steynsdorp, Carolina, Piet Retief en Wakkerstroom was daar nie runderpes nie. In die westelike distrikte het die pes egter toegeneem. In wyk Bosveld was van 30,798 beeste reeds 16,808 dood, 4027 afgemaak, 6766 nog gesond, 958 gesout en 2229 „gezucht", d.w.s. geënt met die sug van runderpesbeeste. Daar was 58 plase nog besmet, met 610 beeste daarby betrokke.(66)

Die toestand was teen die einde van 1896 so ernstig en die toekoms so onseker dat die Regering opnuut pogings aangewend het om 'n voorbehoed- of geneesmiddel vir runderpes te vind.(67) In Kimberley was dr. Koch en ander geleerdes besig met proewe in verband met die sogenoemde inenting met gal, terwyl Danysz, Bordet en Theiler in die Suid-Afrikaanse Republiek seroterapie beproef het in die bestryding van runderpes.

Die uitgebreidenheid van die gebied wat deur runderpes aangetas was, blyk uit 'n opgawe van die distrikte wat op 23 Januarie 1897 nog onbesmet was, nl. Barberton, Carolina, Ermelo, Johannesburg, Piet Retief, Utrecht en Vryheid.(68) In die distrikte waar die siekte reeds verskyn het, het dit in die meeste gevalle nog steeds groter afmetings aangeneem. Die hele distrik Christiana was besmet en daar het reeds 37,319 beeste beswyk, terwyl slegs 7,782 gesout het. In die Klerksdorpse distrik was reeds 6,642 beeste dood. Die Waterbergse inentingsmetode het, volgens die wykskommissie van Zwagershoek, baie beeste laat sout en sodoende verliese verminder. Uit wyk Nylstroom word weer berig „alle beesten omtrent een maand geleden geënt, zyn op een paar na dood en de ziekte breidt zich nog dagelyks uit".(69)

66. SS 1699: verslae vir die week eindigende 28 November en 5 Desember 1896.
67. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 1033, dd. 2 Desember 1896. Vir verdere besonderhede sien hoofstuk X, pp.366-375.
68. Staats-Courant, 3 Februarie 1897, goewermentskennisgewing No.43:vyfde rapport oor runderpes.
69. SS.1699: verslag gedateer 23 Januarie 1897.

Teen die einde van Januarie 1897 is berig ontvang dat dr. Koch 'n middel teen runderpes ontdek het.[70] Na ontvangs van hierdie berig het die Regering dr. Theiler versoek om na Kimberley te gaan ten einde bekend te word met besonderhede van dr. Koch se inentingsmetode.[71] Gelyktydig met die sending van die Regering het die landbougenootskap van Pretoria 'n kommissie na Kimberley gestuur ten einde kennis te maak met dr. Koch se uitvinding.[72] Dr. Koch het die afgevaardigdes op Woensdag, 24 Februarie, ontmoet en sy inentingsmetode met gal van beeste wat aan runderpes ly of dood is, verduidelik. Beeste wat met 10 kubieke sentimeters gal ingespuit is, sou volgens hom hulle lewe lank gesout wees teen runderpes. Hy het gewaarsku teen besmetting deur onversigtige hantering van gal en nalatigheid om skoene, hande en instrumente te ontsmet. Die beeste in distrikte waar die pes nog nie geheers het nie, moes nie ingespuit word nie.

Die afgevaardigdes het in hulle verslag aan die Regering aanbeveel dat 'n aantal persone eers deur die veearts opgelei moes word om die inenting te kan waarneem, sodat 'n inentingsdiens later in die lewe geroep kon word. Dit is gedoen. Die gedagte was om gesonde beeste in die sogenoemde veiligheidsgebied rondom besmette wyke in te spuit ten einde sodoende verspreiding te belet.[73] Dit skyn egter asof die inenting met gal nie op uitgebreide skaal in die Suid-Afrikaanse Republiek toegepas is nie. Die veldtog van inenting met gal kon ook nie van die staanspoor met die nodige personeel en spuitjies begin word nie. Die proses om die nodige personeel op te lei om gal

70.RA.833/97.
71.Ibid., dd. 19 Februarie 1897 , en Staats-Courant, 3 Maart 1897 :proklamasie en verslag. Saam met dr. Theiler was ook dr. Laxton en dr. Stroud van Pretoria, kommandant Erasmus, Piet Kruger, Douw du Plessis en dr. Bordet.
72. R.3452/97. Die afgevaardigdes was J.J.Enschedé, E.P.A.Meintjies, J.J.P.Erasmus en M.C.Erasmus.
73. Staats-Courant, 3 Maart 1897:verslag.

te tap en inspuitings te doen, het langsaam gevorder, veral weens 'n tekort aan spuitjies en die moeilikheid wat ondervind is om gal van die regte soort te vind.Daar was ook gerugte dat die inenting met gal runderpes by beeste veroorsaak het.(74) Die owerheid het dan ook geproklameer dat daar strenger beheer uitgeoefen moes word by die inenting volgens die Kochmetode. Verdere maatreëls is afgekondig om spekulasie in die inentingsveldtog te voorkom.

By die opening van die Eerste Volksraad op 3 Mei 1897 het staatspresident Kruger in verband met die runderpes verklaar:

> " Ondanks de krachtige pogingen der Regeering en ondanks de vele kosten en moeite harerzyds om de gevreesde veeziekte de runderpest tegen te gaan, heeft deze ziekte in verschillende districten in hevige mate gewoed en groote schade aangebracht, en is zy nog steeds in verschillende deelen des lands heerschende."(75)

Uit die verslag van 30 Junie blyk dat die siekte nog in 'n hele aantal distrikte geheers het, maar in sommige in hewigheid afgeneem het. In die Rustenburgse distrik was nog net wyk Hoogeveld, grensende aan die distrik Krugersdorp, besmet.In Marico het die pes op 28 plase nog geheers. Daar was reeds 40,000 beeste dood.In Waterberg het die siekte nog kwaai gewoed in wyke Potgietersrus en Nylstroom.In hierdie wyke was daar reeds 15,722 beeste dood. In Middelburg was nog gevalle in wyke Selonsrivier en Steenkoolspruit.In Wolmaransstad het runderpes slegs op 'n paar plase geheers.Hier was daar 15,000 beeste dood.In Heidelberg het die siekte nog op 7 plase voorgekom.In die Barbertonse distrik het runderpes so pas by Komatipoort uitgebreek. Die pes het ook in die nabyheid van Florida voorgekom. In die omgewing Christiana-Bloemhof het

---

74.R.4155/97 by R.2433/96; en Staats-Courant, 31 Maart 1897: proklamasie. Die landdros van Nylstroom en van Potchefstroom het verklaar dat runderpes veroorsaak word, terwyl Theiler,Bordet en Danysz, kommandant Erasmus, E.P.A.Meintjies en die landdros van Middelburg van mening was dat goeie resultate verkry word, indien voorskrifte streng nagekom word.

75.Notule van die Eerste Volksraad, art.11, dd. 3 Mei 1897,EVR.65, openingsrede van president Kruger, art.13.

die siekte nog net op een plaas voorgekom. Die verlies hier was 10,000 beeste. Runderpes het die hele Lichtenburgse distrik deurgegaan en ongeveer 20,000 slagoffers geëis. In Krugersdorp het die pes afgeneem. Die distrikte Ermelo en Johannesburg het nou ook aan die beurt gekom en in wyke Krokodilrivier, Apiesrivier,Elandsrivier en Witwatersrand was die toestand nog sorgwekkend. Daar was dus slegs 'n paar distrikte waar die pes nie verskyn het nie.(76)

Dit was 'n blye dag toe Jean Danysz op 15 Junie 1897 sy finale verslag oor navorsing in verband met runderpes aan die Regering voorgelê het en die ontdekking van 'n voorbehoedmiddel daarin aangekondig is.Op aanbeveling van Danysz het die Regering besluit om 'n organisasie in die lewe te roep vir die toepassing van die inentingsmetode van die Franse geleerdes. Op 26 Julie is toe 'n konferensie van veldkornette in Pretoria gehou waar Danysz sy planne vir 'n inentingsdiens voorgelê het. Na die in-werkingtree van hierdie organisasie het runderpes vinnig afgeneem.(77)

Een van die belangrike stappe wat deur die Uitvoerende Raad gedoen is, was die saamroep van 'n internasionale runderpeskongres op Pretoria van 2 tot 13 Augustus 1897.(78) Die doel van die kongres was om deur onderlinge raadpleging en met behulp van die middele wat uitgevind is, die stryd teen runderpes in Suid-Afrika met verenigde kragte voort te sit:

> „We will(sic) subject the rinderpest in its origin and character to our consideration, we will study its history and the circumstances under which it has shown itself and developed, and those under which it has come to a stop at different times and in different countries. We will subsequently investigate the principle of vaccination as a preventative and the cure applied to rinderpest, the value of those different methods and the application thereof in practice".(79)

---

76.SS.1699:verslag gedateer 30 Junie 1897.
77.Vir besonderhede sien hoofstuk X.
78.Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 526, dd. 14 Julie 1897.
79. Z.A.R.No.171:„Report of the International Rinderpest Congress held at Pretoria from the 2nd to the 13th August,1897", p.11.

Die nodige wysiginge en aanvullings in die bestaande beheermaatreëls sou oorweeg word en na die inwin van al die feite omtrent runderpes, sou die stigting van 'n sentrale internasionale proefstasie oorweeg word waar die studie in verband met runderpes voortgesit en leiding gegee sou word.

Aan die einde van die kongres het 'n komitee van verteenwoordigers besluite geformuleer wat 'n samevatting sou wees van die beleid wat gevolg sou word om die hoof te bied aan runderpes. Vir streke waar runderpes nog nie verskyn het nie, is die inenting volgens die metode Koch aanbeveel. Beeste wat reeds siek was of wat aan besmetting blootgestel was, moes volgens die metode van Waterval geënt word. Die afgevaardigdes het egter nie die noodsaaklikheid van 'n sentrale runderpesnavorsingsinstituut ingesien nie en gevolglik is geen besluit daaroor geneem nie.

Vir die Suid-Afrikaanse Republiek was die saamroep van hierdie kongres inderdaad van die uiterste belang. Die arbeid en prestasies van Theiler, Danysz en Bordet het ongetwyfeld aan die ander state getoon dat die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek geen steen onaangeroer gelaat het om 'n middel vir die bestryding van runderpes te vind nie. Hier moet ook opgemerk word dat die Suid-Afrikaanse Republiek sy pro-rata-geldelike verpligtings wat verbonde was aan die koms van dr. Koch nagekom het, maar dat hy alleen die £15,400 vir die werk van die Franse geleerdes gedra het.[80]

Ten gevolge van die inentingsdiens wat deur Danysz in die lewe geroep is, het runderpes teen die einde van 1897 sodanig afgeneem dat die Uitvoerende Raad besluit het om die goedkeuring van die Volksraad te vra om die bestaande proklamasies terug te trek, behalwe die bepaling omtrent die uitvoer van gesoute beeste. Die Uitvoerende Raad was van oordeel dat Wet

80. RA.5329/96: korrespondensie insake prof.Koch en die Franse geleerdes.

No.3 van 1870 ,d.i. die wet insake die beheer van longsiekte, voldoende was om te verseker dat runderpes nie verder versprei sal word nie. Die voortbestaan van die regulasies was nou slegs 'n las en hindernis vir die burgers.[81] Die Volksraad het sy goedkeuring gegee en die proklamasies is op 12 November 1897 herroep.[82]

Die owerheid het by die herroeping van die runderpesproklamasies wel die verbod op die uitvoer van gesoute vee behou, maar nie voorsorg getref teen die invoer van besmette vee nie. 'n Paar maande na die nuwe reëling het runderpes dan ook opnuut uitgebreek in die Potchefstroomse distrik deurdat besmette vee vanuit die Kaapkolonie, Natal en Swasieland ingevoer is, selfs ook uit distrik Utrecht waar runderpes nog aanwesig was.[83] Runderpes was ook nog aanwesig in die distrikte Krugersdorp, Middelburg, Wakkerstroom, Piet Retief, Vryheid en Potchefstroom. Die Regering het weer strenger maatreëls getref vir die voorkoming van die verspreiding van die pes. Vir die invoer van vee na die Suid-Afrikaanse Republiek moes die invoerder voorsien wees van 'n sertifikaat van oorsprong , afgegee deur 'n veearts of regeringsbeampte. Die sertifikaat moes duidelik aantoon dat die beeste gesond was en nie in aanraking was met vee wat deur die een of ander siekte besmet kon wees nie.Die verantwoordelike amptenaar by die invoerpoort moes by toelating van beeste die bestemming en die roete wat gevolg sou word, aanteken. Indien die doeanebeampte van oordeel was dat die vee siek was of in aanraking met siek beeste gewees het, kon invoer geweier word. As die beeste reeds oor die grens gekom het,moes sulke beeste twintig dae lank op koste van die eienaar in kwarantyn gehou word.[84]

81. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 886, dd. 3 November 1897.
82. Notule van die Eerste Volksraad, arts. 1666-1667, dd. 5 November 1897, EVR.69; en <u>Staats-Courant</u>, 12 November 1897: proklamasie.
83. Besluite van die Uitvoerende Raad,art.227, dd. 1 Maart 1898.
84. Notule van die Eerste Volksraad,art. 223, dd. 1 Maart 1898; arts. 227-228, 2 Maart 1898, EVR.70 ; <u>Staats-Courant</u>, 9 Maart 1898.

Teen die einde van 1897 het gerugte rondgegaan dat beeste wat aan runderpes gesout was, weer die siekte kon kry. Selfs in Natal het die gerugte versprei en groot ontsteltenis veroorsaak. Die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek het aan Theiler en landdros Schutte opdrag gegee om die saak te ondersoek. Hulle bevinding was dat in gevalle waar runderpes weer voorgekom het, sulke beeste net geïmmuniseer was sonder 'n versterking van die immuniteit, of dat die diere aan longsiekte doodgegaan het. Boere het nie die voorskrifte insake inenting stiptelik uitgevoer nie en dikwels is diere ingespuit met bloed van gesoute beeste en gelyktydig ook besmet met kwaadaardige bloed. Die gevolg was dat die beeste dikwels nie die kentekens van die siekte vertoon het nie en gevolglik nie 'n aktiewe onvatbaarheid opgedoen het nie.[85]

Sover vasgestel kan word, het die laaste geval van runderpes in die Suid-Afrikaanse Republiek in 1899 voorgekom. Op 23 Mei van daardie jaar het die veldkornet van Bronkhorstspruit berig dat runderpes uitgebreek het op die plaas Enkelbosch, tussen Bronkhorstspruit en Hoogeveld. Streng kwarantynmaatreëls is getref en teen Junie het die pes gewyk.[86]

Die tabel op die volgende bladsy gee die getalle beeste wat in die verskillende distrikte aan runderpes beswyk het. Beeste wat afgemaak is, is nie hierby ingesluit nie.[87] Word die getal beeste wat doodgeskiet is , d.i. 43,226, hierby ingesluit, dan kom die totale verlies op 984,239 te staan. Dit kan met sekerheid aangeneem word dat hierdie getal eerder te klein as te groot is, want nie van alle wyke is gegewens ontvang nie. Schwikkard en Verney verklaar dat volgens hulle skatting, ongeveer 50 persent van die beeste van die Suid-Afrikaanse Republiek aan runderpes beswyk het.[88]

85. Staats-Courant, 20 April 1898, goewermentskennisgewing No. 174: verslag van O.Schwikkard en F.A. Verney.
86. R.7713/99.
87. R.2433/96: finale verslag.
88. Staats-Courant, 20 April 1898, goewermentskennisgewing No. 174: verslag van Schwikkard en Verney.

Dit was veral die bosvelddistrikte soos Waterberg, Rustenburg,Marico, Soutpansberg ,Pietersburg en Pretoria en die distrikte aan die westelike grens wat die swaarste verliese gely het. Voor die uitbreek van die runderpes het hierdie distrikte die meeste beeste besit. Runderpes het 'n groot persentasie van die boere in armoede gedompel. Saam met die verwoesting wat deur die Tweede Vryheidsoorlog aangerig is, kan hierdie ramp beskou word as die vernaamste oorsaak vir die verarming van die boeregemeenskap.[89]

TABEL WAT AANTOON DIE AANTAL BEESTE WAT IN DIE VERSKILLENDE DISTRIKTE BESWYK HET.

| | |
|---|---|
| Pretoria | 68,076 |
| Klerksdorp | 23,309 |
| Potchefstroom | 34,537 |
| Lichtenburg | 24,000 |
| Rustenburg | 101,020 |
| Utrecht | 10,000 |
| Middelburg | 34,277 |
| Wakkerstroom | 60,236 |
| Wolmaransstad | 28,025 |
| Vryheid | 35,000 |
| Barberton | 1,466 |
| Krugersdorp | 1,720 |
| Boksburg | 4,700 |
| Zeerust | 20,000 |
| Christiana | 50,300 |
| Pietersburg | 225,000 |
| Johannesburg | 1,862 |
| Piet Retief | 12,000 |
| Nylstroom | 35,000 |
| Lydenburg | 6,480 |
| Carolina | 5,000 |
| Standerton | 20,000 |
| Ottoshoop | 20 |
| Volksrust | 325 |
| Bloemhof | 13,000 |
| Ermelo | 24,000 |
| Heidelberg | 26,660 |
| | 916,013 |
| Swasieland | 25,000 |
| Totaal | 941,013 |

89. Meer besonderhede word in hoofstuk XIV verstrek.

<u>Ander siektes</u>: Perdesiekte en bloutong was veesiektes wat feitlik jaarliks voorgekom het en groot skade aangerig het.Waar daar vandag voorbehoedmiddels teen perdesiekte en bloutong bestaan, was die republikeinse boer magteloos teenoor hierdie twee siektes wat ongeveer gedurende dieselfde maande van die jaar en onder dieselfde klimaatsomstandighede voorgekom het. Die erns waarmee perdesiekte die ekonomiese lewe van die land bedreig het, word bewys uit die pogings wat die Regering aangewend het om deur navorsing 'n middel teen perdesiekte te ontdek.(90)

'n Ander siekte onder perde was droes. Net soos met perdesiekte, was droes 'n gevaar vir die vervoer- en krygswese van die Suid-Afrikaanse Republiek.In die negentiger jare toe die Republiek meer en meer op oorlog voorbereid moes wees, het droes telkens voorgekom en die moontlikheid van 'n epidemie onder die perde van die artilleriekamp en van die burgers het 'n wesenlike gevaar vir die veiligheid van die staat ingehou.

In 1888 het die vermoede bestaan dat droes onder die perde van die maatskappy wat die koetsdiens tussen Johannesburg en Kimberley waargeneem het, uitgebreek het.(91) Die staatsekretaris het aan die spesiale landdros van Johannesburg opdrag gegee om die saak te laat ondersoek. Verder moes ook die landdroste van Potchefstroom en Christiana vasstel of daar gevalle van droes onder die perde van die posdiens voorgekom het. Landdros Von Brandis van Johannesburg het 'n sekere „Paardendokter", G.C.Bekker, gestuur om die perde wat diens gedoen het tussen Johannesburg en Potchefstroom, te ondersoek. Hy kon geen geval van droes vind nie. Die landdroste van Potchefstroom en Christiana het verklaar dat daar siek perde was tussen Klerksdorp en Christiana, maar dat dit nuwesiekte was en nie „Glanders" nie.

90. Hierdie saak word in hoofstuk X breedvoeriger bespreek.
91. R.5101/88: Hoffman aan staatsekretaris, Potchefstroom, 7 Junie 1888.

'n Jaar later het die landdros van Christiana gekla dat transportryers perde en donkies wat aan wrede droes ly, sommer langs die transportpad laat agterbly en sodoende die publieke weg besmet met die aansteeklike siekte. Hy laat die besmette diere doodskiet en vra dat stappe teen persone gedoen word wat so nalatig handel.[92] Die Uitvoerende Raad het by ontvangs van hierdie inligting besluit om by die Volksraad aan te beveel dat wetgewing aangeneem word vir die beheer van hierdie gevaarlike siekte.[93] Hierdie aanbeveling is aanvaar en die Volksraad het aan die Regering opgedra om 'n konsepwet ter bestryding van droes op te stel.[94] Aan hierdie opdrag is egter nie uitvoering gegee nie. Eers nadat gevalle van droes uit Carolina, Volksrust en Boksburg aangemeld is, het die Uitvoerende Raad in 1894 'n konsepwet ter voorkoming van droes opgestel.[95]

Die konsep was nie na die sin van die Volksraad nie en daar is besluit om dit na 'n kommissie van drie lede te verwys om met behulp van 'n deskundige persoon wysiginge aan te bring. By die konsep is toe 'n bylae gevoeg waarin die simptome van droes beskryf is. Die wet is uiteindelik deur die Volksraad aangeneem.[96] Wet No.8 van 1894 „Tot het maken van betere voorziening om de verspreiding tegen te gaan van de ziekte onder paarden 'Droes' genaamd", is die eerste wet wat melding maak van 'n goewermentsveearts en is die tweede wet wat daargestel is vir die beheer van die een of ander veesiekte.

Die wet het dit verpligtend gemaak vir die eienaar van 'n dier wat aan droes gely het, om die besmette

---

92.R.7387/89: landdros aan staatsekretaris, 17 Julie 1889.
93. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 456, dd. 24 Julie 1889.
94. Notule van die Volksraad, art. 1188, dd. 26 Julie 1889, EVR.40.
95.R.9388/91; R.8371/92 ; R.14442/92, en Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 57, dd. 26 Januarie 1894.
96. Notule van die Eerste Volksraad, art. 776, dd. 11 Julie 1894 en Notule van die Tweede Volksraad, art.415, dd. 19 Junie 1894.

dier af te sonder en die geval aan die bure en aan die veldkornet van sy wyk, die landdros of resident-vrederegter van sy distrik bekend te maak, met uiteindelike kennisgewing aan die goewermentsveearts. Die landdros moes binne agt dae nadat hy kennis ontvang het, aan die goewermentsveearts opdrag gee om die geval te ondersoek. By ontvangs van die veearts se verslag moes die landdros of resident-vrederegter, indien dit 'n geval van droes was, opdrag gee vir die afmaak van die siek dier. Dit was ook die plig van enigiemand wat siek diere behandel het, om by ontdekking van droes sodanige geval by gemelde amptenare aan te meld. Die wet maak verder voorsiening vir vergoeding aan die eienaar vir die diere wat afgemaak is. Artikel 10 bepaal dat die goewermentsveearts die reg het om by vermoede van droes inspeksie te doen in enige stal of plek waar sulke diere gehou word..Daar is ook strafbepalings vir persone wat aan die veearts toegang weier.

Die eerste geval van droes by perde na die aanname van hierdie wet het in 1896 in Johannesburg voorgekom. Op 5 September van daardie jaar het die mynkommissaris van Johannesburg aan die staatsekretaris getelegrafeer dat gevalle van droes in Johannesburg en voorstede voorgekom het en dat die goewermentsveearts dringend nodig was vir ondersoek, soos deur die wet bepaal.[97] Nadat deur verdere navraag geblyk het dat dit wel droes was wat in Johannesburg voorgekom het, het die Regering Arnold Theiler daarheen gestuur. Op 14 September, 'n week voordat hy en Watkins-Pitchford na die wesgrens vertrek het vir navorsing in verband met runderpes, het Theiler verslag van sy ondersoek gedoen. Hy het verklaar dat droes vanaf die begin van 1896 in die stalle van etlike persone in Johannesburg voorgekom het. Hy het dr. Britton gevra om hom te verteenwoordig waar daar opgetree moes word ingevolge die wet op droessiekte.

Dr. J.A.Britton het toetse met maleïne gedoen om vas te stel watter perde en muile die siekte

---

97. R.12285/96.

onderlede gehad het. Op 20 Mei 1897 het hy 'n oorsig gegee van die toestand sedert hy met die toesig belas is. Daar is 31 gevalle van droes onder sy aandag gebring, maar daar was moontlik meer gevalle rondom die stad. Hy verklaar dat daar 'n groot mate van onkunde by die armer mense omtrent die werklike aard van die siekte bestaan het. Veel kwaad word gedoen deur persone wat voorgee dat hulle in staat was om perde wat aan droes ly, te genees. Die siekte word op hierdie wyse versprei in plaas van bestry. Droes het ook voorgekom onder die perde van die berede polisie en in hierdie verband het dr. Britton aanbeveel dat die perde weekliks ondersoek moes word.[98]

'n Verdere verslag van dr. Britton aan die begin van November het die resultate van die proewe met maleïne gemeld. Dit het geblyk dat maleïne 'n doeltreffende middel was om besmetting te ontdek. Die siekte het nou vinnig afgeneem. Op 2 Mei 1898 was daar nog net twee gevalle. Die optrede van die Regering toon dat hy veel sorg bestee het aan die bestryding van hierdie gevaarlike siekte van die perderas.

Op aandrang van die kommandant-generaal het Arnold Theiler met maleïne proewe gedoen om vas te stel watter perde in die artilleriekamp met droes besmet was.Hierdie proewe is op Haakdoringfontein gedoen en later by die proefstasie by Belfast voortgesit. Die ondersoek het van groot waarde geblyk, want daardeur kon droes uit die artilleriekamp geweer word.[99]

In sy verslag van 20 Mei 1897 het dr. Britton melding gemaak van 'n ander siekte wat onder perde uitgebreek het, nl. „galachtige koorts" wat volgens hom verwant was aan longsiekte. Hierdie siekte was dodelik, indien daarmee nie behoorlik gehandel word nie. Of dit dikwels voorgekom het, kon ongelukkig nie vasgestel word nie.

98. Ibid.,verslag gedateer 20 Mei 1897.
99. R.8123/97 en R.3790/97.

Voor die grootskaalse invoer van donkies en muile in die Suid-Afrikaanse Republiek was daar nie juis siektes wat hierdie diere aangetas het nie. Die toestand het egter verander nadat donkies wat van verskeie dele van die wêreld gekom het, die Republiek binnegekom het onder die noodlenigingskema van die Regering. Een van hierdie siektes waarmee die boere onbekend was, was „Mok". Na 1896 het hierdie siekte taamlik algemeen in die Suid-Afrikaanse Republiek voorgekom. Op 6 Februarie 1897 het die landdros van Pietersburg berig dat van 22 donkies wat 'n sekere Oosthuizen van die regeringsagent gekoop het, 13 reeds beswyk het aan 'n onbekende siekte. Hy het die simptome as volg beskryf: die kop swel en swere breek uit rondom die hoef, sodat die diere nie kan loop nie. Die landdros wou weet of dit „Anthrax" was wat naby Kimberley so 'n verwoesting onder die perde aangerig het.[100] Die Regering het aan die landdros opdrag gegee om die donkies af te sonder, die dooies te begrawe en verder ooreenkomstig Wet No.8 van 1894 te handel. Theiler is ook daarvan verwittig en het opdrag gekry dat hy en die Franse geleerdes opmerkings en aanbevelings moes maak in verband met die onbekende siekte.

Theiler het vanaf Waterval gerapporteer dat hy nie met sekerheid kon vasstel wat die siekte was nie. Dit kon moontlik droes wees. Die geswelde kop was 'n teken van miltsiekte, maar dan verloop dit vinnig - van 2 tot 12 uur, of as dit stadiger verloop, van 24 tot 48 uur. Hy vra dat 'n bloedsmeer aan hom gestuur word. Die mense moes baie versigtig wees by die hantering van siek of dooie donkies, want sowel droes as miltsiekte is oordraagbaar op die mens. Die gesonde donkies moes een-een afgesonder word. As dit miltsiekte was, moes die donkies geënt word met „Pasteurs entstof tegen Anthrax" waarvan hy en die Franse bakterioloë 'n klein hoeveelheid gehad het. Hy het ook verklaar dat dooie donkies oral langs die transportpad lê en indien die siekte droes was, beteken dit dat die transportpad

100. R.1982/97: landdros van Pietersburg aan staatsekretaris.

besmet word. Die gifstof of kieme kon vir vier maande lank in die geraamte bly.[101]

Die siekte het egter vinnig verder in die omgewing versprei. Intussen het die Regering per omsendbrief aan landdroste en mynkommissarisse kennis gegee dat droes moontlik op die westelike en noordwestelike grense woed en dat in die distrik Soutpansberg die siekte onder donkies uitgebreek het. Gevolglik word aan landdroste opgedra om die burgers te waarsku om versigtig te wees by die koop van donkies, veral as sulke diere afkomstig was van gebiede buite die Suid-Afrikaanse Republiek. Venduafslaers moes versigtig wees en nie donkies of muile verkoop wat enige teken van hierdie siekte getoon het nie. Landdroste moes in hulle distrikte stappe doen om die verspreiding van die siekte te voorkom.[102]

Die Regering het dus aangeneem dat die siekte wat deur die landdros van Pietersburg gerapporteer was, droes was. In die begin van Maart het die siekte ook by Eerste Fabrieke naby Pretoria onder donkies uitgebreek. Nadat Theiler hierdie gevalle ondersoek en die bloedsmeer vanaf Pietersburg ontleed het, het hy gerapporteer dat die siekte 'n besondere vorm van „Mok" was. Die sterfte onder donkies is dikwels hoog, omdat die diere nie kan loop om kos te soek nie. Nuwesiekte val ook die donkies aan en die swere onder die kakebeen moet so gou moontlik geopen word. Dit kan gedoen word deur die aansmeer van warm vet.[103]

In April het die siekte ook onder donkies by die proefstasie Waterval voorgekom. Landdros Schutte het in hierdie verband verklaar dat die siekte afkomstig was van Bulawayo. Hy het van die siekte gepraat as „klauwziekte en witte tong".[104] Na hierdie voorval is geen verdere gevalle van „Mok" aangemeld nie.

---

101. Ibid., verslag van Theiler, Waterval, 11 Februarie 1897.
102. Sirkulêre brief aan landdroste N.7/97 by R.1982/97.
103. R.1982/97: verslag van Theiler, 21 Maart 1897.
104. Ibid., landdros Schutte aan staatsekretaris, dd. 12 April 1897.

Brandsiekte: In hoofstuk II is melding gemaak van die feit dat die Regering van Transvaal voor die negentiger jare geen stappe gedoen het vir die bestryding van brandsiekte nie. Met die uitbreiding van die skaapboerdery en die verbetering van die wolras in die Oos-Transvaalse hoëvelddistrikte is die gevaar van brandsiekte as 'n plaag in die skaapboerdery al meer en meer besef. In 1890 het iemand die toestand van sake ten opsigte van brandsiekte as volg beskryf:

> " Met ons vee in het byzonder schapen, gaat het recht goed dit jaar, die zyn ook recht vet; maar er is een groote kwelling onder hen en dit is de brandziekte.Eenige boeren hier doen hun uiterste best om deze gevaarlyke en aanstekelyke ziekte tegen te houden en uit te roeien, maar dan zyn er weder anderen die, om zoo te zeggen nooit omzien naar hunne schapen, en deze noemen zich nog wel schaap-boeren. Wanneer de brandziekte hen aanvalt dan willen zy het doodscheren zoo denken zy. Voordat wy hier in ons land geen brandziekte-wet hebben zal het voor ons onmogelyk wezen om goed te kunnen boeren met een schaap".(105)

Hierdie skrywer pleit vir die daarstel van wetgewing om brandsiekte te bestry en wys op die goeie uitwerking van sodanige wetgewing in Natal en die Kaapkolonie.

In 1889 het die Oranje-Vrystaat verneem of die Suid-Afrikaanse Republiek 'n brandsiektewet aangeneem het.Die Vrystaat het so 'n wet onder bespreking gehad en wou graag insae hê in die wetgewing van Transvaal. Na aanleiding van hierdie navraag het die Regering die staatsprokureur opgedra om 'n konsepwet op te stel vir die beheer van brandsiekte.Hiervan het egter niks tereggekom nie.(106) In 1893 het die goewerneur van Natal gevra dat die Suid-Afrikaanse Republiek saamwerk in die bestryding van brandsiekte. Die Regering van Natal het aan die Republiek 'n kopie van die wet wat in Natal van krag was, gestuur.(107) Weer het die Regering die saak bespreek en besluit dat 'n konsep opgestel en gepubliseer sou word. Aan hierdie besluit

---

105. De Volksstem, 21 April 1890: brief van wyk Waterval, Standerton.
106. R.7366/89.
107. R.7432/93: Natal aan staatsekretaris, 21 Junie 1893.

is uitvoering gegee en die konsepwet „ tot tegengaan van de brandziekte onder het vee" is gepubliseer.(108) Daarvolgens sou in elke wyk van elke distrik 'n komitee van drie lede uit die grondeienaars of skaapboere vir twee jaar gekies word en deur die staatspresident aangestel word. Dit was die taak van hierdie komitee om minstens twee keer per jaar alle skape en bokke in sy wyk te ondersoek en toe te sien dat alle skape en bokke vry van brandsiekte was. Waar geen komitee gekies kon word nie, sou 'n inspekteur vir daardie wyk aangestel word. Indien brandsiekte in 'n wyk voorkom, moes ten minste een van die lede van die komitee toesien dat die eienaar stappe doen om die kudde te suiwer.Artikel 7 van die ontwerp het bepaal dat niemand met brandsiekteskape of -bokke mag trek nie.

Na publikasie van die ontwerpbrandsiektewet het etlike memories by die Tweede Volksraad ingekom waarin die voorgestelde wetgewing afgekeur word. Die meeste memories was teen die bepaling wat die trek met brandsiektevee belet het. By die behandeling in die Raad het die heer Steyn die wysheid kwyt geraak dat brandsiekte veroorsaak word wanneer skape gedryf word en dan toegelaat word om water te drink. Die Volksraad het aan die wens van die meerderheid van die memorialiste toegegee en gevolglik is die wetsontwerp verwerp. Die Natalse Regering het met groot teleurstelling hiervan kennis geneem.(109) Hy het egter nie lank in die toestand berus nie. Op 25 Maart 1896 het die Regering van daardie kolonie weer die saak van 'n brandsiektewet vir die Suid-Afrikaanse Republiek opgeneem. Daar is gewys op die gedurige verkeer met vee tussen die twee state . In die somer trek Natalse skaapboere aan die grens na die Transvaalse hoëveld en in die winter trek Transvaalse skaapboere na die laer geleë dele van Natal. Brandsiekte word sodoende in Natal ingebring. Daarom was

108. Buitengewone Staats-Courant, 1 Februarie 1894.
109. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 41, dd. 19 Februarie 1894 ; Notule van die Tweede Volksraad, art. 167, dd. 28 Mei 1894; R.4435/94: Natal aan die Suid-Afrikaanse Republiek, 20 April 1894.

beheer van die gevaar in die Suid-Afrikaanse Republiek dringend noodsaaklik. Die Regering het egter geantwoord dat die Tweede Volksraad voorheen so 'n wetsontwerp verwerp het en gevolglik was dit nutteloos om weer die saak voor die Raad te bring.[110]

In dieselfde jaar het burgers uit die Utrechtse distrik die Eerste Volksraad per memorie versoek om wetgewing aan te neem vir die bestryding van brandsiekte by skape.[111] Lede van die Volksraad wat teen so 'n wet was, het meestal aangevoer dat so 'n maatreël die arm boer wat geen winterveld gehad het nie, swaar sou tref, omdat maer skape nie 'n dip kon deurstaan nie. Daar is ook gewys op die storm van protes wat so 'n maatreël in die Kaapkolonie uitgelok het. Lede wat ten gunste van wetgewing vir die beheer van brandsiekte was, het verklaar dat dit 'n aansteeklike siekte was wat bestry moes word. Brandsiekte het die wol minderwaardig gemaak, soos uit die feit geblyk het dat gebiede wat brandsiekte bestry, die hoogste wolpryse behaal het. Die Raad het egter besluit om afwysend op die memorie te antwoord.[112] Geen poging is daarna aangewend om 'n brandsiektewet op die wetboek te kry nie.

## SAMEVATTING.

Toe die eerste pioniers Transvaal ingetrek het en verruk was deur die grasrykheid van die groot hoëveldse vlaktes met hulle duisende stuks wild, die vrugbaarheid en weelderigheid van die halftropiese laeveld en die kosbare winterveld van Transvaalse lae- en bosveld, kon nog nie besef word dat veesiektes gedurende die jare wat voorgelê het , die grootste vyand van die boere sou wees nie. Veesiektes het dan ook spoedig hul verskyning gemaak. Nieteenstaande die afgeslotenheid in die moeilik bereikbare binneland

110. RA.1456/96 en RA.1812/96.
111. EVR.810/96, dd. 1 Januarie 1896.
112. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1008, dd. 24 Julie 1896, EVR.61.

het veesiektes vanuit ander gebiede spoedig in Transvaal verskyn. Hierdie indra van veesiektes van buite die grense van die Republiek is bevorder deur die algehele afwesigheid van beheermaatreëls , die voortdurende intrek van nuwe nedersetters en die gebruikmaking van die perd en die os in die vervoerdiens.

Gedurende die jare van selfversorgende plaashuishouding het die veesiektes as gevolg van min verkeer en die lang afstande tussen boereplase nie vinnig versprei nie. In hierdie tydperk van ekstensiewe onderhoudsboerdery het veeverliese ook nie so 'n merkbare uitwerking op die bestaan van die boer gehad nie. Onder die veranderde omstandighede van die negentiger jare was dit egter anders. Veeverliese het die ekonomiese bestaan van die boer veel gevoeliger getref en dikwels die bron van bestaan afgesny. Die veetroppe het met die intensiewer boerderystelsel vermeerder. Ongelukkig het wetenskaplike kennis en boerderymetodes nie tred gehou met hierdie ontwikkeling nie. In sy stryd teen nuwe siektes moes die boer self middels vir genesing en voorkoming soek. Boererate was aan die orde van die dag en het soms bygedra tot bevordering van die siektes. Waar 'n veearts beskikbaar was, is selde die toevlug na hom geneem. Van die werklike oorsaak van bepaalde veesiektes was min bekend en baie boere wou van wetenskaplike metodes vir diagnosering en bestryding van veesiektes nie weet nie. Dit was eers gedurende die verwoestende runderpesepidemie dat die boer in sy radeloosheid gegryp het na 'n inenting met gal of bloed en die waarde van wetenskaplike navorsing ingesien het.

-------------

# H O O F S T U K XII

## PLANTSIEKTES EN AKKERBOUPLAE.

Die onsekerheid van boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek ten gevolge van droogtes en veesiektes is verskerp deur talryke ander vraagstukke van insektekundige en plantsiektekundige aard. Hierdie siektes het heel gou hul verskyning gemaak in die bodem en in die plantelewe van die nuwe vaderland. Talryke insekteplae en swamsiektes het afsonderlik en gesamentlik die akkerboubedryf aangeval en jaarliks groot skade en verliese aangerig. Teenoor hierdie plae was die republikeinse boer feitlik magteloos, want daar was baie min bekend omtrent hierdie plae. Klimaat en bodemgesteldheid het meegewerk tot die bevordering van insektekundige en plantsiektekundige probleme van die boer.

Die hele gebied van die Suid-Afrikaanse Republiek was geleë in die somerreënvalgebied. Hierdie gebied met slegs een reënvalseisoen het 'n gereelde jaarlikse droogte van ses maande. Hierdie droogte wat dikwels gedurende die groeiperiode voorkom, verswak die groeikrag van gewasse en maak hulle vatbaarder vir plantsiektes. Deur die hoë wintertemperatuur word die voortplanting van parasiete en insekte nie verhinder nie. Die fisiese kontroles beïnvloed die biologiese faktore, sodat die bestryding van hierdie plae uiters moeilik word.[1]

Onkruid: Een van die probleme in die akkerbou van die republikeinse boer was die verskyning van onkruid op die bewerkte landerye en in die veld. Namate die bewerkbare grond meer en meer bemes moes word met kraalmis en kompos, na dié mate het die onkruid toegeneem. Onkruid was meestal net tot die besproeibare grond beperk en hoewel daar in die

1. Departement van Landbou en Bosbou: „ Die Heropbou van die Landbou", (1944-45) p.4.

tagtiger jare 'n omwenteling gekom het met die ontstaan van droëlandsaaiery, het die onkruid slegs in die tuinerye moeite gegee. By gebrek aan skoffelploeë moes naturelle gehuur word om die landerye skoon te maak. Dikwels is ook naturellevroue gebruik om die onkruid uit te kap.

Die onkruidsoort wat die meeste moeilikheid gegee het, was die boetebossie (Xanthium spinosum). Die gevaar van hierdie onkruid was nie geleë in die verdrukking van die akkerbougewas nie, maar in die bedreiging van die wolproduksie. Xanthium spinosum wat reeds in 1859 ongerief aan skaapboere in die Kaapkolonie besorg het, het ook na die noordelike state versprei.[2] In die sewentiger jare het dit in die Suid-Afrikaanse Republiek verskyn. In 1871 het 'n sekere H.Pretorius en veertien ander persone van Pretoria 'n memorie aan die Volksraad gerig waarin versoek word dat die Raad wetgewing moes aanneem om grondeienaars te verplig om Xanthium spinosum op eie grond uit te roei.[3] Die Volksraad het die memorie na die Uitvoerende Raad verwys, met opdrag om 'n konsepwet op te stel, dit te laat publiseer en voorlopig ook in werking te stel.

Die Uitvoerende Raad het aan hierdie opdrag uitvoering gegee.[4] Artikel 1 van die ontwerpordonnansie het bepaal dat alle burgers verplig was om die onkruid op hulle eiendomme uit te roei. Artikel 4 het byvoorbeeld bepaal dat veldkornette en assistent-veldkornette op regeringskoste goewermentsgronde van die onkruid moes skoonhou. Verder is ook voorsiening gemaak dat plase en grond van wie die eienaars se verblyf onbekend was, of wat buitelands vertoef het, op staatskoste skoongemaak kon word, met verhaal van koste volgens wet.

Die onkruid het egter vinnig toegeneem, sodat die Regering in 1882 die wet weereens vir kennisgewing

2. Thom,H.B.:Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika, p.92.
3. Notule van die Volksraad, art.551, dd. 22 Februarie 1872, EVR.10.
4. Staats-Courant, 10 Desember 1872.

in die Staats-Courant gepubliseer het en kort daarna 'n goewermentskennisgewing om te waarsku teen nienakoming van die wet. Die landdroste het opdrag ontvang om toe te sien dat die onkruid op plase in hulle respektiewe distrikte binne 'n maand na verskyning van die kennisgewing uitgeroei word.[5] In Junie 1885 het etlike burgers uit die distrik Pretoria by die Regering gekla dat Xanthium spinosum op die dorpsgronde en op die plase van H.Struben en F.Bezuidenhout onbelemmerd voortwoeker. Die onkruid word sodoende versprei en word 'n bedreiging vir die skaapboerdery.[6] Die staatsekretaris het hierop aan die landdros geskryf dat hy moes toesien dat die dorpsgronde en die betrokke plase skoongemaak word.Daar moes gedurig aan hom verslag gedoen word. Ook is 'n rondskrywe aan landdroste gerig om te wys op die snelle verspreiding van die onkruid. Goewermentsgronde moes op staatskoste skoongemaak word. Vooraf moes egter eers toestemming van die Regering verkry word, met verstrekking van die volgende besonderhede: die name van die goewermentsplase waar Xanthium spinosum voorkom; die mate waarin die onkruid voorkom en 'n opgawe van die beraamde koste om dit uit te roei. Landdroste word ook versoek om driemaandeliks verslag te doen van die toestand in hul distrikte.[7]

Dit was egter nodig om kort hierna die landdroste weereens te herinner aan die driemaandelikse verslag wat hulle moes indien. Etlike verslae het na aanleiding van hierdie aanmaning ingekom. Die onkruid was nog onbekend in die distrikte Heidelberg, Ermelo en Middelburg. In die distrikte waar daar reeds Xanthium spinosum was, het die onkruid meestal langs publieke weë en op gronde van naturellelokasies voorgekom.[8]

---

5. Staats-Courant, 16 Februarie 1882: goewermentskennisgewing No. 151; en Locale Wetten der Z.A. Republiek,1849-1885, p.1065.
6. R.3290/85, dd. 19 Junie 1885.
7. R.2411/88.
8. R.6534/85; R.38/86; R.63/88 en R.559/86 . Omdat die landdros van Potchefstroom versuim het om sy verslag in te stuur, het die staatsekretaris op aanbeveling van die staatsprokureur aan die tesourier-generaal opdrag gegee om £10 van die landdros se maandelikse salaris terug te hou tot tyd en wyl die verslag ingedien is.

Die Regering moes feitlik elke jaar die landdroste aanmaan om verslae in verband met die bestryding van Xanthium spinosum in te stuur .Op 20 Mei 1890 het 'n sekere Pretorius en 'n Fourie van Wildebeestehoek by die Regering gekla -

> " dat het geheele dorp Pretoria, met al de trek en rypaden dat naar en van het dorp gaat, vanaf de Stenenfabriek om de ranten naar Daspoort en Wonderboomspoort , over de plaats van Struben, Doornpoort, Apiesrivier af tot over de bosrant vervuild zyn met bovengenoemde onkruid, en waar niet enkelde bosjes, maar zelfs plaaten van het onkruid staat hetgeen tot groote nadeel van onze veeboeren zyn, waardoor niet alleen de wol benadeelt, maar ook onze plaatsen vervuild worden door overdragen van het zaad".(9)

Die Regering het die landdros aangespreek en uiteindelik is persone beboet met die koste van die skoonmaak van hul grond.

Een van die oorsake van die verspreiding van die onkruid was die feit dat baie eienaars van plase buitelands gewoon en die grond verwaarloos het. Op sulke plase is die onkruid nie uitgeroei nie en is die saad deur water, wind en diere versprei. Dikwels was pogings om die eienaars op te spoor heeltemal vrugteloos.[10] Landdroste het die Regering versoek om skuldige persone nie net met die koste van die uitroei van die onkruid te beboet nie, maar ook met die koste van dagvaarding. Hieraan het die Volksraad voldoen deur 'n wysiging van die oorspronklike wet. Die boete vir versuim om aan die bepalings van die wet te voldoen, is nou verhoog. 'n Byvoeging het bepaal dat 'n deel van die boete aan die aanbrenger uitbetaal kon word.[11]

In 1893 het die Eerste Volksraad die handhawing van die wet vir die uitroei van Xanthium spinosum aan die staatsekretaris opgedra. Jaarliks moes elke landdros 'n begroting ten opsigte van koste vir die uitroei van onkruid indien.[12] Die verslae van die

---

9. R.8222/90.
10. R.1965/91 en R. 4538/91.
11. Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1890-93, p.412, Wet No. 2 van 1892.
12. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1213, dd. 29 Augustus 1893.

landdroste oor die jaar 1893 het aan die lig gebring dat Xanthium spinosum op goewermentsgronde voorgekom het in die distrikte Rustenburg, Utrecht,Waterberg en Bloemhof.Op privaat gronde het dit gegroei in die distrikte Krugersdorp, Heidelberg, Lichtenburg, Pretoria, Rustenburg , Utrecht, M.W.Stroom , Waterberg en Bloemhof. Die landdroste van Lichtenburg en Bloemhof het verklaar dat Xanthium spinosum nouliks langs die wesgrens uitgeroei kon word , aangesien die onkruid onbelemmerd in Betsjoeanaland gegroei het. In die distrikte Ermelo,Barberton, Lydenburg, Marico, Middelburg, Klerksdorp, Piet Retief , Pretoria , Standerton en Vryheid het die onkruid nie meer voorgekom nie.Die landdroste van Potchefstroom en Soutpansberg het nie verslae ingestuur nie.[13]

Die Regering het die koloniale sekretaris gevra watter stappe die Kaapkolonie gedoen het om Xanthium spinosum te bestry. Die Regering van die Kaapkolonie het geantwoord dat daar reeds 'n proklamasie uitgevaardig was vir die bestryding van die onkruid.[14] Dit was egter nie net die aangrensende buurstaat wat die uitroei van Xanthium spinosum bemoeilik het nie, maar ook groot naturellelokasies waar die onkruid toegelaat is om welig voort te plant. Die inwoners van Schweizer-Reneke en Hartsrivier het in 1894 by die Volksraad gekla dat boetebossie die lokasie van Massou, ongeveer 40,000 tot 50,000 morg groot, ingeneem het en die aangrensende plase vervuil het.[15] Die Volksraad het aan die Regering opdrag gegee om ondersoek in te stel en indien bevind word dat nalatigheid oorsaak was van die toestand, strafbepalings toe te pas en die wet in „ elk opzicht streng te handhaven".[16]

Ten einde 'n samevattende verslag te kan opstel vir voorlegging aan die Volksraad, het die staatsekretaris op 13 Februarie 1895 landdroste versoek om verslag

13.R.8490/93: antwoorde op sirkulêre C.B.11/93, R.7873/93, 5 Julie 1893.
14. R.11194/93, 22 September 1893.
15. R.8174/94.
16. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1062, dd. 30 Julie 1894, EVR. 53.

te doen van die toestand in hul onderskeie distrikte.[17] Uit die verslae wat landdroste ingestuur het, het dr. Leyds 'n algemene verslag opgestel wat aan die Eerste Volksraad voorgelê is. Daaruit blyk dat daar feitlik geen distrik was waar die onkruid nog nie voorgekom het nie. In die meeste distrikte kon dit egter met sukses bestry word. In die distrikte Potchefstroom, Bloemhof en Marico was die toestand ernstig. In sy verslag sê die staatsekretaris dat die burgers die gevaar van die boetebossie insien en saamwerk met die veldkornette om die onkruid uit te roei. Die plant kom gewoonlik net voor op ongeokkupeerde gronde, langs paaie en op uitspannings. In 1894 is £276.2.0 bestee vir die uitroei van Xanthium spinosum , terwyl £1716 begroot is vir 1895.[18] Tydens die bespreking van die verslag in die Eerste Volksraad het dr. Leyds verklaar dat die „plantje" geweldig veel korrespondensie veroorsaak en dat 'n hele aantal amptenare nodig was vir die beheer daarvan. Die Volksraad het opdrag gegee dat die uitspannings en paaie skoongemaak moes word en dat met die buurstate onderhandel moes word omtrent die bestryding van onkruid.

Oor die jaar 1896 kon die staatsekretaris 'n baie gunstiger verslag aan die Volksraad voorlê. Slegs in die distrik Bloemhof het nalatigheid aan die kant van die grondeienaars voorgekom. Beweer is dat die droogte die verspreiding van die onkruid teengewerk het.[19] In hierdie jaar is £601.5.0 bestee vir die uitroei van Xanthium spinosum . Die verslag oor 1897 was minder gunstig. Daaruit blyk dat ofskoon die onkruid nie hand-uit geruk het nie, dit in die meeste distrikte weer vervuil het. Die rede vir die minder gunstige toestand was dat die veldkornette en burgers deur die runderpes so besig gehou was dat die uitroei van boetebossie nie aandag kon geniet nie. Gedurende 1897 is £328.15.6 bestee aan die bestryding van Xanthium spinosum.[20]

17. R.1939/95.
18. Notule van die Eerste Volksraad, art.1058, dd. 30 Augustus 1895, EVR.57.
19. R.4289/96.
20. R.4806/97.

Dit is duidelik dat die staat veel moeite gedoen het om hierdie onkruid uit te roei. Dat dit steeds versprei het, is toe te skryf aan die nalatigheid van eienaars van ongeokkupeerde gronde en aan die grootte van plase wat die sistematiese uitroei van die onkruid bemoeilik het. Van regeringsweë is egter besonder veel gedoen om die kwaad te bekamp.

In die negentiger jare het „mieliepes" of „roodbloempje" reeds mielielande ingeneem. Veral in die Kaapvallei het dit die mielieproduksie skade berokken:

> „ ...one of the drawbacks to the farmer is the presence of that terrible pest the witch-weed or striga which in a few years of continuous growing of mealies make such culture practically impossible...there can be no doubt that this little enemy is so prevalent this year as to make a considerable reduction in the yield of the coming crops on old lands".(21)

Melding moet ook gemaak word van die verskyning van die Skotse dissel in die Suid-Afrikaanse Republiek. Op 27 Julie 1895 het die heer W.J.Pretorius in die Tweede Volksraad kennis gegee van 'n mosie wat hy sou indien vir die aanname van wetgewing vir die uitroei van die Skotse dissel.Na aanleiding van hierdie mosie het die Volksraad besluit om , met die oog op die nadeel wat verbonde was aan die verspreiding van die onkruid, die Regering te versoek om so gou moontlik aan die Raad 'n sodanige wet vir behandeling voor te lê.(22) Dit was veral in die distrikte Potchefstroom en Wolmaransstad waar Skotse dissel al langs Vaalrivier voorgekom het. Die onkruid is hoofsaaklik deur water versprei. In 1897 is die wet op die uitroeiing van Xanthium spinosum ook van toepassing gemaak op die Skotse dissel. Verdere moeilikhede in verband met hierdie onkruid is nie teengekom nie.(23)

Insekteplae:. In 1873 is die insek wat bekend was as Dorthesia (Australiese boomluis) in sierbome in

---

21. Goldfields News and Barberton Herald, 23 Februarie 1892.
22. Notule van die Tweede Volksraad, art.988, dd. 27 Julie 1895 en art. 1131, dd. 2 Augustus 1895.
23. Ibid., art. 584, dd. 7 Julie 1897.

die Kaapse Skiereiland opgemerk. Met verbasende snelheid het die insek versprei en vermeerder. Alle pogings wat vir bestryding aangewend is, was te vergeefs.[24] Uit vrees dat die insek ook na die Suid-Afrikaanse Republiek kon versprei, het staatspresident Thomas Burgers op 5 April 1877 'n proklamasie uitgevaardig waardeur die invoer van bome, plante, struike, steggies en sade in die Suid-Afrikaanse Republiek verbied word totdat die Volksraad die invoer van sodanige artikels by wetgewing sou gereël het.[25] Hierdie proklamasie wat 'n week voor die Britse besetting uitgevaardig is, het die invoer van saad nadelig getref , omdat dit die invoer daarvan geheel en al verbied het. Die kurator van die botaniese tuin het egter die administrateur geadviseer dat saad uit Europa en Amerika waar die boomluis nog onbekend was, onder sekere voorwaardes ingevoer kon word. Die owerheid het hierin 'n toegewing gemaak en bepaal dat saad en plante wat uit Europa en Amerika oor Durban of Port Elizabeth ingevoer word, toegelaat sou word. Klein pakkies saad uit genoemde twee lande kon ook oor Kaapstad ingevoer word. Daar is ook wenke gegee vir die ontsmetting van saad.[26]

Australiese boomluis het sy eerste verskyning in 1877 in die Suid-Afrikaanse Republiek gemaak toe die insek die wattelbome in die omgewing van Middelburg aangeval het.[27] Die Regering het uit vrees vir die verspreiding van die insek besmette bome laat afkap en verbrand en moes uiteindelik skadevergoeding betaal, omdat daar nog geen wetgewing was op grond waarvan die owerheid kon optree nie. Die Uitvoerende Raad het gevolglik die Volksraad versoek om goedkeuring te verleen vir die proklamering van beheermaatreëls.[28] Nadat

24. Theal, G.M.:History of South Africa from 1873 to 1884, Deel I,pp.14-15.
25. Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1849-1885, p.686.
26. Ibid., goewermentskennisgewing No. 51 , 8 Junie 1877.
27. De Volksstem, 13 Oktober 1887, byvoegsel met nuusberig uit Middelburg.
28. Notule van die Volksraad, arts. 1093-1094, 1888, EVR.36.

goedkeuring verkry is, is 'n proklamasie uitgevaardig waardeur eienaars verplig word om bome of plante wat met Australiese boomluis besmet was, te vernietig. Op hierdie stadium het die meeste mense nog nie geweet hoe die Australiese boomluis gelyk het nie en dikwels is ander insekte vir Australiese boomluis aangesien.

In Februarie 1889 het die landdros van Pretoria die Regering meegedeel dat 'n sekere Antonie Ferreira Australiese boomluis gevind het aan die bome in die tuin van die heer Bergsma van Pretoria. Die Regering het die landdros gemagtig om iemand aan te stel om die bome van die dorp te ondersoek ten einde vas te stel in hoever die gevaar reeds bestaan het. Nuwe beheermaatreëls is ook aangeneem.[29] Die Volksraad het die Regering egter versoek om ondersoek in te stel na 'n ander doeltreffende metode om die plaag te bekamp ten einde die vernietiging van bome te voorkom.[30]

Intussen het daar twyfel ontstaan oor die vraag of die insek wel sy verskyning in Pretoria gemaak het. Die staatsekretaris het aan die distriksgeneesheer in Pretoria opgedra om ondersoek in te stel. Hy kon navraag doen by Natal en die Kaapkolonie en in die kantoor van die staatsekretaris was 'n flessie met die insekte . Die landdros van Middelburg het 'n beskrywing van die insek wat deur 'n sekere Richmond White opgestel is, aan die staatsekretaris gestuur.[31] White verklaar dat die insek al 'n hele paar jaar in Suid-Afrika voorgekom het, maar nog nie veel skade aangerig het nie. Die insek kan net in tye van groot droogte, soos dié wat Australië ondervind, groot skade aanrig. As die insekte matig aan 'n boom voorkom, doen dit sulke bome goed. In Natal het <u>Dorthesia</u> nog nie die lemoenboorde aangeval nie. White beweer dat die naam <u>Dorthesia</u> verkeerdelik gebruik word vir Australiese boomluis , m.a.w. dat <u>Dorthesia</u> nie die

---

29. R.1392/89 , en
Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 215, dd. 23 April 1889.
30. Notule van die Volksraad, arts. 186-189, dd. 18 tot 20 Mei 1889, EVR.38.
31. R.1392/89: landdros aan staatsekretaris , dd. 28 Maart 1889.

Australiese boomluis is nie. Uit 'n werkie wat prof. Bairston van die Port Elizabethse museum aan die distriksgeneesheer gestuur het, het geblyk dat die gebruik van die naam Dorthesia foutief was. Die regte naam was Icerya Purchasi.[32]

Landdros Schutte van Pretoria het intussen Antonie Ferreira aangestel om bome in Pretoria te ondersoek. Ferreira het vir sy ondersoek 'n rekening van £434 ingestuur. Die ouditeur-generaal het by ontvangs van die rekening aan die staatsekretaris geskryf: „Ik vind geene vryheid, eene dergelyke aanwending van gouvernementsgelden, met kwistige hand , toe te staan. De Regeering oordeele self". Ferreira was uiteindelik gewillig om £250 aan te neem.[33] Die landdros het egter verlof gevra om iemand aan te stel om die besmette bome dop te hou. Vir hierdie taak is die gesondheidsinspekteur, die heer G.Baikie, gevind. Hy het van tyd tot tyd verslag gedoen en gereeld 'n flessie met Australiese boomluis met hom saamgeneem. Dit het spoedig geblyk dat die vrees vir Australiese boomluis sonder grond was.

Sprinkane: Die sprinkaanplaag wat dikwels in tye van groot droogtes voorgekom het, het die boere swaar getref. Dit blyk dat sprinkane vanaf 1892 'n ernstige plaag in die Suid-Afrikaanse Republiek geword het.In daardie jaar het sprinkane vanuit die Oranje-Vrystaat die Republiek binnegekom. „De sprinkhanen hebben ook in onze Republiek hunne verschyning gemaakt voornamelyk in de Zuidelyke distrikten, waar ze uit den Vrystaat komen aanzetten.In Zoutpansberg evenwel zyn ze ook reeds waargenomen".[34] Boere uit die distrikte Rustenburg en Volksrust het aan die hand gedoen dat die ou gras na gewoonte nie afgebrand moes word nie, maar moes oorstaan totdat

32. Prof. Bairston se werkie was getitel: The Australian Bug (Icerya Purchasi) in South Africa. Volgens die Afrikaanse Woordeboek is die wetenskaplike naam vir Australiese boomluis Icerya Purchasi.
33. R.3057/89.
34. De Volksstem, 13 Desember 1892.

voetgangersprinkane verskyn. As die veld dan aan die brand gesteek word , vernietig die vuur die sprinkane. In die Lichtenburgse distrik het sprinkane in dieselfde jaar op veld en lande toegesak. Dit het geskyn asof die verwoesters hulle daar vir goed wou vestig. In die voorjaar van 1893 het sprinkaanswerms ook in Oos-Transvaal verskyn en veral in die Standertonse distrik groot skade aangerig. Mielies en hawer is opgevreet en die brande vir die skape is verteer.[35]

Na 1893 het die plaag nie opgehou nie maar toegeneem. Dit was veral gedurende die jare van droogte en veesiektes dat sprinkane bygetree het om menige boer te ruïneer. Etlike proewe is gedoen om 'n middel te vind om sprinkane doeltreffend en ekonomies te bestry. In 1893 was daar memories voor die Volksraad wat versoek het dat die uitroei van sprinkane deur grondeienaars verpligtend gemaak moes word. Die antwoord van die Volksraad was dat hy in daardie sitting nie meer tyd en geleentheid gehad het om aandag aan die saak te skenk nie.[36]

Intussen het die koloniale sekretaris van die Kaapkolonie die bestryding van sprinkane deur gesamentlike optrede by die verskillende state aanhangig gemaak. Aangesien die plaag ernstig toegeneem het, wou die koloniale sekretaris weet wat die Suid-Afrikaanse Republiek gedoen het ten opsigte van :-

1. die vernietiging van eiers;
2. vernietiging van voetgangers;
3. vernietiging van volwasse sprinkane , en
4. hoe voëls en insekte wat sprinkane vernietig, beskerm en aangehelp word.[37]

Ook die Oranje-Vrystaat het vir samewerking in die bestryding van die sprinkaanplaag gevra.[38]

---

35. Ibid., 13 April 1892 en 17 Mei 1893.
36. Notule van die Eerste Volksraad, art. 335, dd. 14 Junie 1893, EVR.48; en art. 1363, dd. 9 September 1893, EVR. 50.
37. R.4459/92, R.5597/92 en R.7194/92.
38. Ibid.

Die Suid-Afrikaanse Republiek was bereid om saam te werk vir die bestryding van die sprinkaanplaag. In die Volksraad het een van die lede verklaar dat hy nie daarteen gekant was dat daar korrespondensie tussen die verskillende state gevoer word nie, maar daar moes geen koste aangegaan word vir die uitroei van sprinkane nie. „Indien het een straf zou wezen die over het land kwam, dan zou die plaag erger worden hoe meer men ze tegenging".[39]

Die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek het aan die hand gedoen dat 'n konferensie van belanghebbende state gehou word. Hiertoe het die Oranje-Vrystaat ingewillig.[40] Van so 'n konferensie en van gesamentlike aksie teen die sprinkaanplaag het egter niks geword nie. Blykbaar het niemand juis 'n weg gesien waarlangs die bestryding gevoer kon word nie. In Desember 1892 het ook die kongres van die Kamers van Koophandel in Suid-Afrika by geleentheid van 'n vergadering in Johannesburg 'n besluit geneem „dat stappen genomen worden om een wet gepasseerd te krygen door al de wetgevende machten in Zuid-Afrika voor genoodzaakte destructie van Sprinkhanen".[41] Ook van hierdie besluit het niks geword nie. In 1899 is weer pogings aangewend om die plaag gemeenskaplik aan te pak, maar die gespanne politieke verhouding tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Engeland het samewerking onmoontlik gemaak.

Vanaf 1895 is die sprinkaanplaag baie ernstig in die Republiek gevoel. Droogte, sprinkane en runderpes het die boeregemeenskap ontsaglik veel skade aangedoen en baie heeltemal verarm. Dit was dringend noodsaaklik dat 'n bestrydingsmiddel gevind word. Op 15 November 1895 het die koloniale sekretaris van Natal getelegrafeer dat in die pers berig word

---

39. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 522, dd. 7 Julie 1892; en
    Notule van die Eerste Volksraad, art. 888, dd. 22 Julie 1892, EVR.46.
40. R.8047/92, dd. 26 Julie 1892 ; R.10626/92, dd. 20 September 1892 ; R. 255/99 en R.11956/99.
41. R.1427/93.

dat sprinkane in die distrik Vryheid aan parasitiese siektes beswyk. Hy wou graag van die siek sprinkane hê vir eksperimentdoeleindes.[42] Aan hierdie versoek is voldoen en daarmee het die proewe om sprinkane deur middel van swamsiektes te bestry, begin. In Natal is aansienlike welslae met hierdie metode ondervind. In die Suid-Afrikaanse Republiek is dit egter nooit op 'n groot skaal aangewend nie, veral omdat aanvanklik gemeen is dat sprinkane wat aan hierdie besmetting met swamme beswyk het, skadelik was vir diere, en omdat in Transvaal geen gunstige resultate bereik is nie.[43]

Afgesien van die pogings van die owerheid om middele te vind om sprinkane te vernietig, het etlike landbougenootskappe ook hulle aandag aan die bestryding van sprinkane gegee. Die landbougenootskap van De Kaap het 'n sekere J.Tecklenburg aangestel om proewe te doen vir die vernietiging van sprinkane volgens 'n resep wat in Natal gebruik was. Tecklenburg het op 27 Maart 1898 op die plaas Modderspruit begin met die vergiftiging van sprinkane met 'n mengsel van arsenikum, stroop, bytsoda en warmwater. Teen sononder wanneer die sprinkane in klompe saampak vir die nag, word die gras rondom die voetgangerswerms met behulp van gieters met die mengsel natgemaak. Op die tweede en derde dag kon die uitwerking gesien word in die dik lae dooie sprinkane in die hoë gras. Die heer Tecklenburg het van 27 Maart tot 6 April 71 swerms voetgangers vernietig. Hierdie proewe is geneem op voetgangers wat net wou vlieg. Hy was van oordeel dat, as die bestryding met hierdie mengsel op 'n vroeër stadium gedoen word, sprinkane met verenigde optrede uitgeroei kon word. Die mengsel was onskadelik vir plaasdiere, maar voëls het daaraan beswyk.[44]

42. RA 3301/99 .
43. **Vir meer besonderhede , sien hoofstuk IX en** Z.A.R.No.135: notule van die derde kongres van die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe, gehou in 1899.
Die Natalse Regering het die uitvoer van swamme belet en dus kon die Republiek nie daar geholpe raak nie.
44. RA.3301/99 en Notule van die derde kongres van die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe, 1899, Z.A.R. No.135.

Droogtes en Verspoelings : As somerreënvalgebied het die Suid-Afrikaanse Republiek ook sy droogtes gehad. Hierdie plaag was een van die ergstes vir die republikeinse boer. Gedurende die jare van min of meer selfversorgende boerdery is die uitwerking van droogtes nie so erg gevoel nie. Die boer het hom veral met veeboerdery besig gehou en die wêreld was nog oop, met groot gronde vir weiveld. Solank daar goeie water vir suiping van diere was, kon die vee betreklik lank uithou op die veld. Daarom word daar ook voor 1889 nie dikwels van droogtes gewag gemaak nie. Dat periodieke droogtes voorgekom het, is duidelik , maar die droogtes het nooit 'n noodtoestand geskep nie. Die bietjie graan wat hoofsaaklik vir eie gebruik verbou is, het in droë jare natuurlik nog verder verminder, maar onder die heersende omstandighede het dit nie gebrek en nood geskep nie.

Anders was dit egter nadat goud op die Witwatersrand ontdek is en sentra met 'n digte bevolking soos dié op die Witwatersrand ontstaan het. Ofskoon 'n aansienlike persentasie van die lewensmiddele, by gebrek aan voldoende plaaslike produksie, ingevoer moes word, het 'n mislukking van die oes onmiddellik 'n ernstige noodtoestand ten opsigte van mielies en koring geskep. In tye van droogte het die transportdiens dikwels tot stilstand gekom, met die gevolg dat die invoer van graan nie kon voortgaan nie.

'n Droogte wat in 1884 in die hele Suid-Afrika voorgekom het, is destyds nie so ernstig gevoel as wat die geval was toe die somerreëns in die tweede halfjaar van 1889 weggebly het nie.[45] Die droogte van 1889 is die eerste op die Witwatersrand gevoel waar lewensmiddele weens die staking van transport skaars en duur geword het. Teen die einde van Oktober het hongersnood Johannesburg bedreig. Pryse van graan het tot ongelooflike hoogtes gestyg. Binne 'n week het die prys van boermeel gestyg van 80 tot 120 sjielings,

45. De Volksstem, 22 Januarie 1884 en 21 Oktober 1889.

en dié van mielies van 80 tot 90 sjielings per sak. Hawer het gestyg van £6 tot £6.10.0 per honderd gerwe , terwyl kafferkoring van 45 tot 55 sjielings gestyg het. Melk was onverkrygbaar. Botter het 7/6 per pond gekos en eiers 4/- per dosyn. Aartappels was £5 per sak.[46]

Die Regering het navraag gedoen by die landdroste van die verskillende distrikte om te verneem wat die posisie ten opsigte van mielies, koring en meel was en om te wete te kom wat die vooruitsigte vir die toekoms was. Die landdros van Waterberg het getelegrafeer dat sy distrik nie voedsel vir eie gebruik gehad het nie en dat „luizen en droogte" die helfte van die oes verteer het. In Rustenburg was daar ook geen eetware te vind nie en spekulante het alles opgekoop. Uit Middelburg het 'n berig van skaarste aan graan gekom.Die landdros verklaar dat die veld swak is en dat daar geen vervoermiddel was nie. In Potchefstroom was die toestand net so kritiek. Die koringoes sou eers teen die begin van Desember inkom en was nie toereikend vir eie gebruik nie. Uit Klerksdorp is berig dat op 22 Oktober 'n bietjie reën geval het, maar dat die toekoms donker was. Groente was nêrens te kry nie en die vee het by die dag weggesmelt van maerte.[47]

'n Dag van verootmoediging is deur die Regering bepaal vanweë die swaar siektes en die buitengewoon aanhoudende droogte. Die leraars van die Christelike kerke is gevra om die eerste Sondag in November as biddag waar te neem.[48] Gelukkig het dit in die westelike distrikte spoedig begin reën. Op 23 Oktober het van Ottoshoop die berig gekom dat deurdringende reëns daar uitgesak het. Op 24 Oktober het dit ook mooi gereent in Christiana en Rustenburg. Die volgende dag het dit in Potchefstroom begin reën.Op 29 Oktober het die landdros van Pietersburg getelegrafeer:„Fraaije veelbelovende regen heden morgen begonnen".[49]

---

46. Ibid., 21 Oktober 1889.
47. R.10948/89; R.10949/89;R10962/89, R.10964/89; R.11028/89; R.11204/89: antwoorde van landdroste.
48. Goewermentskennisgewing No.322, 1889.
49. R.11191/89 ; R.11277/89 ; R.11325/89,R.11480/89.

Tydens hierdie droogte het die eerste weerberigte verskyn onder toesig van 'n sekere Sprawson. Die berig vir 30 Oktober 1889 het byvoorbeeld as volg gelui:

| | | |
|---|---|---|
| " Ladysmith New Castle | : | kalm, betrokken, zware regen. |
| Harrissmith Bloemfontein | : | N.O.-bewolkt- regenachtig. |
| Klerksdorp | : | N.O.- sterk - bewolkt - geen regen. |
| Wolmaransstad | : | O - bewolkt, weinig regen gister avond. |
| Johannesburg | : | O - sterk - bewolkt. |
| Standerton | : | Z.O.- bewolkt - geregend - gisteren koud. |
| Utrecht | : | Z - bewolkt - gister avond mooi geregend. |
| Rustenburg | : | O - bewolkt - gisteren avond geregend voor omtrent een uur. |
| Nylstroom | : | Overnacht door weinig regen - afgekoelt - N.O. - wolken. |
| Pietersburg | : | N.O. - betrokken - gisteren fraaije zachte regen gevalt. |
| Haenertsburg | : | Regen gedurende de nacht - koud nog steeds aan oostewind. |
| Middelburg | : | Zuid - helder. |
| Potchefstroom | : | Oost - bewolkt - droog. |
| Steynsdorp | : | N - betrokken - van nacht veel regen. |
| Lydenburg Heidelberg | : | Z.O. - gister middag prachtige regen".(50) |

Die weerberig vir 1 November het swaar reëns in die distrikte Bloemhof, Christiana, Johannesburg, Wakkerstroom, Haenertsburg en Potchefstroom gemeld. In Rustenburg was dit egter droog.(51) Vanaf 4 November het die reën toegeneem en uit Barberton, Middelburg, Rustenburg, Christiana, Klerksdorp, Pretoria en Heidelberg het berigte van goeie reëns gekom.(52) Die reën was egter nie voldoende om 'n goeie oes te verseker nie. Op 25 Januarie 1890 het die Kamer van die Witwatersrandse Mynwese die Regering versoek om navraag te doen na die verwagte oes, want berigte wou dat daar weer skaarste aan graan en meel sou wees. Die oes het swak

50. De Volksstem, 3 Oktober 1889, en R.11526/89.
51. R.11604/89.
52. R.11731/89; R.11732/89 ; R.11863/89; R.11864/89.

gelyk, want droogte het die groei vertraag en 'n vroeë ryp sou baie skade aanrig.[53]

In die voorsomer van 1890 het die reën weer uitgebly tot aan die einde van Oktober. In die begin van November het die eerste reëns gekom, met hael en sneeu en koue op die hoëveld. Ten gevolge van die swak toestand van die diere was die veeverliese onder sulke omstandighede groot.[54] Indien die reënval vir Johannesburg enigsins 'n aanduiding is van die reënval vir Transvaal, kan afgelei word dat 1890 ook 'n droë jaar was. Oor die maande Januarie en Februarie 1890 was die gesamentlike neerslag 11.36 duim teenoor 18.3 oor die ooreenstemmende tydperk in 1891.[55] Gedurende die eerste 15 dae van Januarie 1893 het Johannesburg 9.43 duim reën gekry.[56] In vergelyking met die beginmaande van 1891 en 1893 wil dit voorkom of 1890 betreklik droog was.

Dwarsdeur die negentiger jare, behalwe 1893, het swaar droogtes Transvaal geteister en gelei tot verarming van menige boer. In 1895 begin 'n droogte wat ook gedurende die volgende jaar aanhou en net soos in 1889 'n skaarste aan lewensmiddele veroorsaak met gevolglike hoë pryse. By ondersoek het geblyk dat hierdie droogte op elke distrik sy wurggreep gehad het. Die saak is verder vererger deur die verskyning van sprinkane. Waar daar teen die einde van Oktober 1889 reeds goeie reëns geval het, was dit in 1895 teen die einde van November nog droog. Op 29 November 1895 telegrafeer die landdros van Ermelo o.a.:„Hier erg droog regens blyven weg, springhanen in menigte mielies en meel niet meer te krygen...".[57] Dieselfde berig het uit Nylstroom en Vryheid gekom. Pryse het die hoogte ingeskiet en toe dit in begin Desember blyk dat daar van die mielieoes nie veel te wagte was nie, is besluit om mielies in te voer.[58]

53. R.1158/90.
54. De Volksstem, 10 November 1890.
55. The Star, 16 Maart 1891.
56. Ibid., 20 Januarie 1893.
57. R.10958/95.
58. Besluite van die Uitvoerende Raad, art.801, dd. 26 November 1895.

Die Regering het 'n dag van verootmoediging bepaal vir Sondag, 3 November 1895, „aangezien de Zuid-Afrikaansche Republiek en naburige Staten en Koloniën bezocht zyn geworden met verschillende plagen, zooals :sprinkhanen, ziekten onder menschen en vee, ziekte in granen, langdurige droogte op verschillende plaatsen".(59)

Hoewel daar in sekere distrikte teen die einde van November goeie reën geval het, sodat die Regering 'n dankdag uitgeskryf het, was die reënval nie voldoende om 'n goeie oes te verseker nie en is die jaar 1896 met groot kommer tegemoet gesien. Op 29 Januarie 1896 het landdros Schutte van Pretoria aan die Regering voorgestel om soveel hawer, kaf en mielies as moontlik in te koop, sodat daar 'n goeie voorraad in die winter kon wees. Sy rede vir so 'n wenk was dat die pryse van eetware nog steeds gestyg het „en met het oog op onze toekomst die nog wat donker voor ons is, en in aanmerking nemende de feit dat ons land geplaagd wordt met sprinkhanen en droogte".(60) Die landdros van Zeerust, die heer J.M. de Beer, het 'n droewiger beeld van die toekoms gegee:

> „Met het oog op alom heerschende droogte en sprinkhanen plaag, Runderpest, enz., de onrustbarenden toestand van oorlog sederd het begin dezes jaars; En de nog zich verspreidende oorlogsgeruchten Doet my denken aan een donker toekomst om niet te zeggen 'Hongersnood' en durentyd - En gelet hebbende dat op de meeste plaatsen in dit distrikt Schlechts zeer wynig en niets , dit jaar gewonnen zyn, zoo dat ingeval , Den tyd - die in Gods hand is - niet beter wordt - wy door gebrek aan de nodige levensmiddelen en in geval van oorlog niet in staat zullen zyn onze aardsch Vyand tegenstand te bieden".(61)

Hy stel dan voor dat die Regering al die graan in die Republiek vir die winter moet opkoop.

Die veldkornet van wyk Lydenburg het gesê dat die mielies daar nog op die land staan, maar „aangezien evenwel van wyd en zyd berichten komen van vernieling der mielies door sprinkhanen en ook de aanhoudende droogte groot nadeel toe brengt", twyfel hy of die

---

59. Ibid., art. 731, dd. 29 Oktober 1895.
60. R.10958/95.
61. Ibid., landdros De Beer aan staatsekretaris.

mielies behoue sou bly. Uit Dullstroom het die veldkornet getelegrafeer :„Hier in de wyk is geen mielies en ook niet veel te wachten wegens droogte en sprinkhanen zelf ook ander graan zeer schaarch".Die naturellekommissaris van Krugerspos het verklaar dat die naturelle in die winter gebrek sou ly. Deur aanhoudende droogte en sprinkane kon hulle in 1895 niks wen nie en met die heersende droogte in Maart 1896 sou daar nie 'n voldoende voorraad mielies en koring geoes word nie. 'n Ander veldkornet uit Lydenburg rapporteer dat die toestand treurig is : wat nie deur die langdurige droogte verwoes is nie, het 'n prooi van die sprinkane geword.[62]

Die heersende droogte en die sprinkaanplaag, tesame met die bedreiging van runderpes vanuit die noordweste, het die Regering aanleiding gegee om Sondag, 5 April 1896, as biddag te bepaal.[63] Kort hierna is 'n verdere dag van verootmoediging uitgeskryf vir Sondag, 7 Junie. Die aanleiding hiertoe was nie net die ramp van die runderpes nie, maar ook die benarde toestand wat ontstaan het deurdat die oes misluk het as gevolg van die langdurige droogte en die verwoesting deur sprinkane.[64] Pogings wat in Johannesburg aangewend is om reën te maak deur na die wolke te skiet, was aanleiding daartoe dat H.J.Botha en 73 ander persone uit die Krugersdorpse distrik die Eerste Volksraad versoek het om „het skieten naar de wolken om regen" deur wetgewing te belet. Die Volksraad het sy afkeuring te kenne gegee oor so 'n voorval, maar het dit onmoontlik geag om dit by wetgewing te verbied.[65]

Na 1896 het die toestand effens verbeter, maar droogtes het nog steeds voorgekom en gesaaides het gely. Die landbougenootskap van De Kaap meld in sy verslag oor die jaar 1898 dat dit nie juis beter gegaan het met die boerdery as die vorige jare nie.

---

62.Ibid., rapporte van die veldkornette.
63. Staats-Courant, 25 Maart 1896, proklamasie , 24 Maart 1896.
64. Ibid., 27 Mei 1896, goewermentskennisgewing No. 138.
65. Notule van die Eerste Volksraad, art. 948, dd. 17 Julie 1896, EVR.61.

Een van die redes hiervoor was droogte.[66] In hierdie jare is droogtes al meer en meer gevoel, veral nadat runderpes twee jaar lank geheers het en sprinkane onafgebroke voorgekom het. Gedurende die jare 1895-1899 het die boerderybedryf onrusbarend agteruit gegaan en honderde boere laat verarm.[67] In 1897 is daar weer 'n dag van verootmoediging gehou weens die droogte en ander beproewinge.[68] Vanaf 1889 was daar dus byna jaarliks 'n ernstige droogte. Slegs die jaar 1893 was sonder droogte, maar toe het verspoelings weer voorgekom.

Verspoelings: Gedurende die reënseisoen het daar ongetwyfeld verspoelings voorgekom, maar hulle was nie van groot omvang nie. In die voorjaar van 1893 het egter 'n verspoeling voorgekom wat verreikende gevolge gehad het en in Transvaal nog nie weer so erg belewe is nie. Omstreeks 8 tot 10 Februarie het geweldige swaar reëns geval in die Rustenburgse bosveld, in die stroomgebied van Krokodilrivier, Heksrivier, Magaliesrivier, Selonsrivier en Kosterrivier. Die gevolg was ontsettende oorstromings gedurende Vrydag en Saterdag, 10 en 11 Februarie. In wyk Hoëveld is die familie Du Preez met huis en alles oorweldig deur die vloedwaters. Langs Krokodilrivier was die verwoesting ontsettend groot. Hier is huise en landerye verspoel. Selfs graftes is oopgespoel. Baie waens van transportryers is deur die vloedwaters meegesleur. Oral langs die rivier is naturellekrale verwoes. Huisraad en ander besittings het langs die rivier uitgespoel. Ook Heksrivier het sy walle oorstroom en huise en landerye vernietig. Aan Selonsrivier is die huis van Jan Young met huisraad, skape, bokke , kalwers en pluimvee weggevoer en al die gesaaides weggespoel. Langs Kosterrivier is alle gesaaides vernietig, huise stukkend geslaan en landerye toegespoel met sand, klippe en bome. Langs Elandsrivier het dieselfde verwoesting van huise en gesaaides plaasgevind. Hier is die wa van

---

66. R.1409/99 ;
De Volksstem, 14 Februarie 1898.
67. Hierdie saak word bespreek in hoofstuk XIV.
68. Staats-Courant, 29 September 1897 en 14 September 1898.

Gert Koppenhagen en van 'n sekere Janzen met persone en osse weggespoel. Net die dooie osse kon gevind word.(69)

Die landdros van Rustenburg het dadelik 'n komitee saamgestel om die noodlydendes te help en het spoedig £1511 aan geld en goedere ingesamel. Baie van die noodlydendes het alles verloor. Volgens 'n opgawe van die kommissie wat deur die Regering benoem is om hulp te verleen, is 22 woonhuise totaal weggespoel; 18 huise het ingesak, maar die besittings kon gered word; 82 huise was gedeeltelik onder water, maar die landerye en watervore was verspoel. Daar was 122 boerderye waarvan geen saailand of watervoor oorgebly het nie.(70) Gedurende hierdie dae het swaar neerslae ook voorgekom in Potchefstroom, die Witwatersrand en Pretoria. Langs Pienaarsrivier is tuine en mielielande geheel en al weggespoel. Vooruitsigte vir die landbou was duister.(71)

Hoewel die Regering en liefdadigheidsverenigings hulp verleen het, moes baie watersnoodlydendes as 't ware van vooraf met 'n boerdery begin. Huise, krale en skure moes gebou word en lande weer so goed moontlik in orde gebring word. Dit was 'n swaar ramp wat die boere van daardie geweste getref het. Hierdie oorstromings was ongetwyfeld oorsaak dat etlike boere dit moeilik gevind het om weer op die been te kom en met die moeilike jare van sprinkane, droogte en runderpes voor, moes etlikes seker 'n worstelende bestaan gevoer het.

Behalwe voornoemde plae wat periodiek verskyn het, was die boer se gesaaides, sy vrugte en voergewasse voortdurend blootgestel aan beskadiging deur hael, roes, ruspes, ontydige ryp, koue en dikwels ook deur wild. Aanvanklik plant die pionierboer groot vrugteboorde aan, maar deur die gebrek aan 'n afset en ten gevolge van insekteplae word hy so ontmoedig

---

69. R.1951/93: verslag van die Watersnoodkommissie. Eerwaarde Behrens van Bethanië het besonderhede verstrek aan die landdros van Rustenburg.
70. R.2231/93.
71. The Star, 11 Februarie 1893; De Volksstem, 14 Februarie 1893.

dat vrugteboorde verwaarloos word. Aanvanklik plant hy ook suikerriet en koffiebome, maar deur die onbeheerbare plantsiektes het hierdie gewasse ook mettertyd van die toneel verdwyn. Selfs tabak, een van die winsgewendste gewasse, het ten gevolge van verskeie siektes in produksie afgeneem. Omdat veeboerdery nog die belangrikste vertakking van die boerdery was, het die bestryding van veesiektes meer aandag geniet as die bekamping van akkerbouplae. Ten opsigte van mielies, koring, kafferkoring, hawer en tabak het hael, roes en sprinkane dikwels groot skade berokken. Teenoor hierdie plae was die republikeinse boer feitlik magteloos. Hoewel pogings aangewend is vir die versekering van oeste teen hael en ryp, het daarvan niks tereggekom nie en wat die sprinkaanplaag betref, moes die boer op blote geluk vertrou dat sy gesaaides gespaar sou word.

---------------

# H O O F S T U K  XIII

## ALGEMENE BOERDERYAANGELEENTHEDE.

### SKUTTE.

In 'n nuwe land waar geen omheinings aangebring is nie, waar plase groot is en veewagters skaars en onbetroubaar, is dit duidelik dat vee dikwels sou wegraak en gesoek moes word. Reeds in die eerste jare van die nedersetting in Transvaal is daar voorsiening gemaak vir die bewaring van verdwaalde en vreemde vee. Die hoofdoel was nie soseer om sulke vee van die eie kuddes en weiveld weg te hou nie, maar om die eienaar van die weggeloopte vee in staat te stel om die vee weer terug te vind. In Ohrigstad is by die vestiging aldaar 'n skutkraal gemaak ten einde vee wat die watervoor beskadig het, te skut.[1] Ook die Lydenburgse gemeenskap het sulke bepalings gemaak om rondlopende vee in te sluit. Met die instelling van 'n dorpskut daar in 1853 is bepaal dat eienaars van plase rondlopende vee 24 uur lank in die kraal mag opsluit en die skade wat gedoen is, deur die veldkornet kon laat takseer op koste van die eienaar van die vee.[2] In dieselfde jaar het die Potchefstroomse Volksraad voorsiening gemaak vir die skut van vee. Vreemde vee moes by die veldkornet aangegee word binne verloop van een maand. Besonderhede soos kleur, merk en ander tekens moes aangegee word. Iemand wat vee vermis het, kon dus by die veldkornet navraag doen om uit te vind of sy vee nie êrens aangekom het nie.[3]

Die grondwet van 1858 het ook voorsiening gemaak

---

1. Notule van die Volksraad van Andries Ohrigstad, art. 1, dd. 18 Augustus 1845, S.A.Argiefstukke, Deel I, p.16.
2. Notule van die Volksraad, Lydenburg, art. 93, dd. 26 September 1853, S.A.Argiefstukke, Deel II, pp. 163-164.
3. Notule van die Volksraad, Potchefstroom, art.109, dd. 30 November 1853, S.A.Argiefstukke, Deel II, pp. 188-189.

vir 'n skutmeester in elke dorp van 'n distrik.[4] Net soos in die geval van Ohrigstad het die „Regulatie voor de dorpen in de Zuid-Afrikaansche Republiek" bepaal dat vee wat die watervoor of die damme van 'n dorp beskadig, geskut moes word.[5] Die skutmeester wat in beheer van die plaaslike skut was, het onder toesig van die landdros gestaan. Hy moes hom hou by die bestaande skutregulasies.[6] Wat hierdie regulasies was, kon nie vasgestel word nie. Die eerste skutregulasies waarvan gegewens beskikbaar is, is in 1869 aangeneem.[7] Die bestaande regulasies waarvan in die dorpsregulasies melding gemaak word, het moontlik o.a. bepaal dat geskutte vee geadverteer moes word, want by die verskyning van die Staats-Courant in 1857 word die aanhou van sulke vee aangekondig.[8]

Kragtens die regulasies van 1869 kon 'n skut in 'n wyk ingestel word, indien die inwoners van die wyk daarom aansoek gedoen het.[9] Die landdros moes sorg vir die oprigting van so 'n skut. Hy moes tenders vra vir die hou van 'n skut en indien geen tenders ontvang word nie, moes die reg om 'n skut aan te hou, per publieke veiling verpag word. Skutgelde moes van tyd tot tyd by die landdros inbetaal word. Die regulasies omskryf die pligte van die skutmeester sowel as dié van die insender van vee. Geskutte vee wat aan 'n aansteeklike siekte ly, kon deur die skutmeester vankant gemaak of afgesonder word. Indien die eienaar van geskutte vee bekend was, moes hy dadelik in kennis gestel word van die feit. Geskutte vee moes geadverteer word in 'n plaaslike nuusblad, of by gebrek daaraan, in die Staats-Courant. Indien 'n eis vir skadevergoeding deur 'n insender gestel word, moes hy 'n opgaaf voorlê van die getakseerde skade, opgemaak deur die veldkornet of twee onpartydige persone.

4. Artikel 174 van die grondwet.
5. Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849„1885, p. 86.
6. Artikel 32 van die dorpsregulasies.
7. Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1849-1885, p. 321, goewermentskennisgewing No. 62.
8. Staats-Courant, deel I, No. 12, 1857.
9. Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885, pp. 321-322, artikel 1 van die regulasies.

Na die Britse besetting van 1877-1881 is dit nodig bevind om wysiginge aan te bring in die bepalings van 1869.(10) Deur hierdie nuwe regulasies is die aantal skutte enigsins beperk. Niemand sou meer as twee jaar lank as skutmeester kon optree nie behalwe waar die meerderheid van die inwoners dit verlang het. Vollediger bepalings is ook gemaak ten opsigte van die uitbetaling van dryfgelde.'n Insender kon nie die vee in twee groepe afsonderlik na die skut neem om daardeur vir twee groepe dryfgeld te eis nie. Selfs as vee van twee verskillende eienaars gelyktydig gevang word, moes die insender die vee saam aanjaag. Geleentheid word ook gegee aan eienaars om te protesteer teen 'n taksasie van skade deur 'n beroep op 'n landdros of vrederegter. 'n Boer kon vreemde vee nie langer as 24 uur op sy plaas aanhou nie. Die skutmeester kon vee per publieke veiling verkoop nadat die vee 42 dae lank in die skut was en nadat die voorgestelde verkoping twee weke tevore in die Staats-Courant geadverteer was, met vermelding van besonderhede van die geskutte vee. Elke skut het sy eie brandmerk gehad en voordat vee uit die skut verkoop word, moes dit gebrandmerk word.

Die nuwe regulasies was veral bedoel om wanpraktyke uit te skakel en aan eienaars van vee so min ongerief moontlik te besorg. Onthou moet word dat die meeste plase nie omhein was nie en daarom wou die owerheid voorkom dat van hierdie toestand misbruik gemaak word. Die bepaling dat skutte nie nader as 18 myl van mekaar opgerig kon word nie, is in 1890 so gewysig dat die Uitvoerende Raad die stigting van 'n skut wat nader as 18 myl van die naaste bestaande skut was, kon goedkeur as daar besondere redes hiervoor bestaan het.(11)

---

10. Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885, pp. 1091-1096, Wet No. 2 van 1882 , en R.1887/87.
11. Notule van die Volksraad, art. 145, dd. 19 Mei 1890, EVR. 41.

OMHEINING.

Vir die veeboerpionier wat Transvaal binnegetrek het, was daar geen sprake van omheining van sy plaas of plase nie. Die stukkie grond onder besproeiing waar die tuin aangelê en waar die koring en ander gewasse vir eie onderhoud verbou is, is gewoonlik op die een of ander wyse omhein en beskut teen diere. Soms was dit doringtakke wat so geslaan was dat die diere nie maklik daardeur kon heendring nie. In baie gevalle was daar landmure om die tuingronde. Vandag kan nog op menige ou plaas oorblyfsels van die landmuur gesien word.[12] Aan omheining van die hele plaas - veral voordat dit gemeet en die bakens finaal vasgestel was - kon nie gedink word nie. Selfs later toe meer gevestigde omstandighede ingetree het, is die mielielande op die droë bulte selde omhein.

Die grootste ongerief wat die onomheinde gronde veroorsaak het, was nie soseer ten opsigte van die veeboerdery nie, maar die landerye. Nadat 'n boer se vee aan die plaas gewoon geraak het, het die boer nie baie moeite gehad om die vee op die plaas te hou nie. Kom sy vee op die buurman se grond, was dit nie juis 'n oortreding nie, want plase was groot en weiveld volop. Anders was dit egter as die eie vee of die van die bure die gesaaides verniel.

Met die koms van 'n goeie binnelandse mark vir die produkte van die akkerbou toe saaiery op die droëlande gaandeweg toegeneem het, is die nadeel van onomheinde gronde meer en meer gevoel. Die landerye van naturelle wat stuksgewyse oor 'n plaas versprei was, het die meeste ongerief en moeilikheid veroorsaak. Veral die naturelle wat op ongeokkupeerde plase en op goewermentsgronde geplak het, was 'n doring in die vlees van menige boer. Sulke naturelle het hulle landerye nie omhein nie, met die gevolg dat die omliggende boere hulle vee dag en nag moes oppas om te verhoed dat die vee die naturelle se landjies

12. Vir meer besonderhede sien hoofstuk II.

verniel. Baie boere het moeite en koste gemaak om hul eie lande te omhein en moes nogtans hul vee snags in krale hou ter wille van die landerye van die aangrensende naturelleplakkers.

Onder sulke omstandighede is daar voortdurend by die owerheid aangedring om die omheining van plase of saailande verpligtend te maak. Dit skyn nie of die grondeienaars self daartoe wou oorgaan nie, maar verwag het dat die Regering die saak moes oplos. Reeds in 1887 word die Volksraad deur die inwoners van wyk Roodekoppen, distrik Heidelberg, versoek om die omheining van lande deur wetgewing verpligtend te maak. Die doel was om grondspekulateurs en grondmaatskappye te dwing om die landerye van naturelleplakkers te omhein. Hoewel die Volksraad nie bereid was om sodanige wetgewing aan te neem nie, het die agitasie vir verpligte omheining van saailande nie opgehou nie.[13]

Die meeste versoeke vir verpligte omheining was afkomstig van die hoëvelddistrikte waar droëlandsaaiery toegeneem het. Die stukkie besproeibare grond by die opstal was gewoonlik omhein. Die buitelande was groter en ten einde altyd nuwe vrugbare grond te ploeg, is die lande dikwels gewissel. Die Volksraad het hierdie praktiese moeilikheid besef en veral in gedagte gehou die feit dat die armer grondeienaars en boere dit onmoontlik kon bekostig om die saailande te omhein.

In 1892 het die Volksraad na aanleiding van 'n mosie van die heer Lukas Meyer vir die eerste keer toegestem dat 'n konsepwet vir die omheining van plase opgestel en oorweeg word. Die heer Meyer het die aandag van die Volksraad gevestig op die onbeheerde

---

13. Notule van die Volksraad, arts. 590-591 , dd. 17 Junie 1887,EVR. 34 ;
art. 397 ,dd. 7 Junie 1888,EVR. 37 ;
R.7956/88 ; R.1401/89 ;
Notule van die Volksraad, art. 1052, dd. 23 Julie 1890, EVR. 42 ; en
art. 446, dd. 19 Junie 1891: memories uit Standerton, Potchefstroom, Soutpansberg en Middelburg waarin gepleit word vir verpligte omheining van landerye.

wyse waarop transportryers en naturelle plaasheinings beskadig het.[14] In die konsep wat opgestel is, word bepaal dat, indien 'n eienaar sy plaas of gedeelte daarvan wou omhein, hy daarvan kennis moes gee aan sy bure wat belang gehad het by die voorgenome omheining. Hy moes aan sodanige bure 'n duidelike omskrywing gee van die wyse van die voorgenome omheining, o.a. die soort draad en pale wat gebruik sou word, die afstand tussen die pale, die aantal drade en wat verder nodig was. Hy moes ook 'n opname maak van die totale lengte wat omhein moes word. As daar geen onderlinge ooreenkoms tussen die belanghebbendes bereik kon word nie, moes die finale beslissing deur 'n kommissie van arbitrasie gegee word. In elke wyk sou 'n kommissie van drie lede vir dié doel benoem word. Vir die geldelike verpligtinge van aangrensende grondeienaars is breedvoerige bepalinge daargestel. In die ontwerp word verder voorsiening gemaak vir herstelwerk aan gemeenskaplike omheinings , vir die aanbring van hekke en uitspannings, vir die omheining van spoorweë en strafbepalings vir die beskadiging van omheinings en hekke.[15]

Na publikasie van die konsep het memories by die Volksraad ingestroom. Daar was 2553 naamtekeninge teen die konsep en 241 daarvoor.Die Volksraad het die konsep so onbevredigend gevind dat 'n kommissie van vyf lede benoem is om dit te wysig.[16] By die bespreking van die gewysigde ontwerp het die lid vir Waterberg verklaar dat sy kiesers teen die konsep was, want as eienaars verplig sou word om gronde te omhein, sou spekulateurs en grondmaatskappye wat baie plase in Waterberg besit het, in staat wees om hulle gronde te sluit vir boere wat dit nog altyd as weiveld gebruik het. Staatspresident Kruger het gesê dat die armer burgers nie in staat was om hulle grond te omhein nie. Hulle sou gevolglik nie skadevergoeding kon eis nie wanneer die

14. Notule van die Volksraad, 1892, art. 1334, EVR.47.
15. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 55, dd. 21 Januarie 1893; en Staats-Courant, 25 Januarie 1893.
16. Notule van die Eerste Volksraad, art. 143, dd. 19 Mei 1893, EVR. 48.

ryker bure se vee hul gesaaides verniel. Hy het ook melding gemaak van die feit dat die boere van die hoëveld rond en bont saai en dat omheining van landerye onder sulke omstandighede onmoontlik sou word. Deurgaans was die beswaar dat die wet inbreuk op die regte van die indiwidu sou maak. Die ontwerp is verwerp.(17)

Die agitasie vir die omheining van landerye was daarmee nie beëindig nie. Voortdurend is die versoek om 'n omheiningswet aan te neem, herhaal.(18) Die vernaamste beswaar teen sodanige wetgewing was nog steeds dat dit ingegryp het in die regte van die indiwidu en dat dit onbillik was teenoor die armer burgers. Lede van die Volksraad was van oordeel dat die burgers wat wou omhein, tog volkome vry was om dit te doen en dat die Volksraad nie aan burgers kon voorskryf wat om met hulle eiendom te doen nie.(19)

Die toestand van onomheinde plase en landerye was beslis 'n struikelblok in die ontwikkeling van die boerderybedryf. Vir die vooruitstrewende boere wat hulle op die produksie van kontantgewasse toegelê het, het die onomheinde naturellelandjies veel las besorg. Dit het ook nie net sy nadeel vir die akkerbou gehad nie, ook die veeboerdery het daaronder gely. Onder sulke omstandighede was dit moeilik om veesiektes te bestry; die voortdurende oppas van vee het werkvolk vereis wat andersins meer produktief gebruik kon word. Oordeelkundige beweiding van die veld was uitgesluit, met die gevolg dat die drakrag verminder het en grondverwering in die hand gewerk is. Verbetering van die veestapel is ook daardeur bemoeilik.

---

17. Notule van die Eerste Volksraad, art. 513, dd. 19 Junie 1894, EVR.52.
18. EVR 514/96, dd. 30 Maart 1896; Notule van die Eerste Volksraad, art. 876, dd. 9 Augustus 1895; art. 895 , dd. 13 Julie 1896 ; EVR 938/97, dd. Februarie 1897; EVR 696/97, dd. 27 April 1897: memories afkomstig uit Lichtenburg, Potchefstroom, Pretoria, Bloemhof en Heidelberg.
19. Notule van die Eerste Volksraad, arts. 796-797, dd. 5 Augustus 1897, EVR. 67.

GRASBRAND.

Die gebruik by boere om gedurende 'n sekere tyd van die jaar die ou gras af te brand, word vandag nog in 'n sekere mate aangetref. Dit skyn asof dit veral in nuutbewoonde gebiede algemeen gedoen word.[20] In Suid-Afrika was dit reeds van die vroegste jare die gebruik. Die aanleiding hiertoe moet gesoek word in die feit dat die veld gedurende die somer welig en hoog groei, maar in die winter droog en kragteloos word. Die droë gras is byvoorbeeld vir skape van baie min waarde in die wintermaande. Wanneer die veld in die lente begin bot, kan die uitspruitende jong gras bevorder word deur die afbrand van die ou gras. Die jong gras is dan makliker bekombaar en bied weiding aan die kleinvee. Waar plase groot was, kon 'n gedeelte daarvan afgebrand word, terwyl die vee nog op die onafgebrande deel weiding kon vind. So het die afbrand van die veld nie ongerief en nood veroorsaak nie. Dit is ook aangeneem dat dit vir die groei van die gras gedurende die reënseisoen bevorderlik was om gedurende die droë maande afgebrand te word. Die feit dat nooit vir die vee wintervoergewasse gesaai is nie en dat toevlug na sogenoemde winterveld in die laeveld geneem kon word, het grasbrand verder aangemoedig. Ook is geglo dat bosluise deur die grasbrand bestry kon word.

Dat grasbrand in die Suid-Afrikaanse Republiek reeds in die eerste jare van die vestiging voorgekom het, blyk daaruit dat in 1849 'n besluit deur die Volksraad geneem is omtrent die afbrand van gras. Onbeheerde en onbeheerbare veldbrande moes in die dunbevolkte gebied soos in Transvaal veel skade aangerig het. Die Volksraad het besluit :„Ook word de Landdrosten verzocht kennis te geven aan den Veldcornetten te zorgen dat er geen branden van veld moet gedaan worden, die zulks doet zal aan straffe blood staan".[21] In hierdie bepaling word grasbrand heeltemal verbied , met geen bepaling omtrent die aard van die straf vir 'n oortreding van die besluit nie. Sonder enige toegewing

20. Thom,H.B.: Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika, p.86.
21. Notule van die Volksraad, Derdepoort, 23 Mei 1849, art. 5, S.A.Argiefstukke,Deel I,p.100.

aan grondeienaars word grasbrand eenvoudig verbied. Dit is duidelik dat hierdie bepaling nie nagekom sou word nie. In 1869 het die Regering na aanleiding van 'n memorie van P.J.Joubert en ander besluit dat die bepaling van 1849 hersien moes word.

Volgens 'n ontwerp wat opgestel en gepubliseer is, kon niemand gras afbrand gedurende die periode 20 April tot 31 Augustus van elke jaar nie. Indien 'n persoon gras aan die brand wou steek na 31 Augustus en voor 1 April van die daaropvolgende jaar, moes hy ten minste aan sy bure kennis gee van sy voorneme om gras te brand. Hierdie kennisgewing moes plaasvind 48 uur voordat die gras aan brand gesteek word. Word hierdie prosedure nie gevolg nie en word skade vir die bure veroorsaak, moes die verantwoordelike persoon skadevergoeding betaal. Indien die bure egter beswaar maak, moes van die voorneme afgesien word.[22]

In 1870 het president M.W.Pretorius die noodsaaklikheid van die aanneem van wetgewing „ tegen roekeloos branden van gras", benadruk. Die Volksraad het wysiginge in die gepubliseerde ontwerp aangebring in dier voege dat iemand gras op sy plaas kon afbrand, mits gesorg word dat die veld van sy bure nie aan die brand gesteek word en skade veroorsaak word nie. Vir ongeoorloofde grasbrand is swaar boete vasgestel.Die skuldige persoon moes, behalwe die boete, ook skadevergoeding betaal.[23] Hierdie wet gee derhalwe opening vir grasbrand en skryf slegs strafbepalings voor vir gevalle van onversigtige en vir kwaadwillige afbrand van ander se veld.

Met die opening van die spoorweë van Durban en Delagoabaai na die Rand het grasbrande dikwels langs die spoorlyn voorgekom. Ook was daar spoedig klagte oor vee wat deur die lokomotiewe doodgetrap is. Inwoners

22. Ibid., art. 90, dd. 3 November 1869; en Staats-Courant, No.303, 7 Desember 1869, kennisgewing No. 190.
23. Notule van die Volksraad, arts. 57-61, dd. 11 Mei 1870: Wet No. 2 van 1870, EVR.8.

van wyk Waterval, op die hoëveld, het in 1895 by die Uitvoerende Raad gekla dat lokomotiewe van die N.Z.A.S.M. hulle veld aan die brand steek en groot skade aanrig, sodat hulle geen weiveld het nie en nie weet waarheen om met hulle vee te trek nie.[24] Die volgende jaar het nog 'n memorie uit die hoëveld die aandag van die Regering gevestig op die feit dat vee doodgetrap en die veld aan brand gesteek word deur die lokomotiewe. Hulle verklaar dat die voorbrand van ongeveer sestig tree aan beide kante van die spoorlyn nie die verspreiding van 'n brand verhoed as die wind sterk waai nie. Dit gebeur dat „sommige avonden het geheele district langs den Spoorweg een vuurachtig gezicht heeft ten gevolge van al het branden van gras door den trein".[25] Die Regering het die memorialiste meegedeel dat skadevergoeding van die spoorwegmaatskappy geëis kon word , indien bewys kon word dat die brande deur lokomotiewe veroorsaak is.

Die nadelige gevolge van grasbrand is in die dae van groot plase en beperkte landerye nie ernstig gevoel nie. Tog was daar reeds 'n merkbare uitwerking op die plantegroei van sekere streke te bespeur. Waar gras hoog en ruig gegroei het, het die afbrand daarvan in die droë seisoen baie van die plantegroei vernietig. Die oënskynlike voordeel van vroeg groen gras te hê, kon uiteindelik nie vergoed vir die skade wat aan weiding en plantegroei veroorsaak is nie. In die omgewing van Pretoria waar plase digter bewoon was, het die jaarlikse grasbrand teen 1877 die plantegroei opvallend verminder. Grondverspoeling het toe reeds sy verskyning gemaak en in die reënval was 'n afname te bespeur.[26] Die droogtes wat gedurende die jare 1883-89

24. R.10293, dd. 10 Oktober 1895.
25. Ibid., memorie sonder datum en adres.
26. De Volksstem, 2 Mei 1877. Die redakteur wys op die nadelige uitwerking van grasbrand op die plantegroei en op die gevolge van bodemontbloting. Hy verklaar dat die plantegroei in die onmiddellike omgewing van Pretoria gedurende die afgelope vier jaar aansienlik uitgedun is en dat die jaarlikse reënval verminder het. Hy sê dat dit tyd is om „dit luije systeem van boeren" te laat vaar. Grasbrand moet by wetgewing verbied word.

voorgekom het, het denkende persone laat soek na die redes hiervoor en etlike manne het die roekelose wyse waarop plantegroei en grondbedekking vernietig is, bestempel as een van die grondoorsake vir vermindering in die reënval.[27]

Dit wil voorkom asof die boeregemeenskap nooit aan die noodlottige gevolge van onbeheerde grasbrand en die daaruit voortspruitende berowing van grondbedekking gedink het nie. Gedurende tydperke van hoë reënval en gunstige klimaatsomstandighede het die veld en plantegroei sodanig herstel dat die verband tussen grasbrand en opdroging van die land nooit ingesien is nie.

BESPROEIING.

As somerreëngebied waarvan 'n groot deel 'n lae neerslag gehad het, was dit baie noodsaaklik dat water vir besproeiing beskikbaar sou wees in Transvaal. Die baanbrekers in hierdie noordelike gebied moes as gevolg van 'n suiwer onderhoudsboerdery hul eie koring, mielies en groente verbou.[28] Dit was dus nodig om op die plaas 'n stukkie grond te hê waar tuinery besproei kon word. Aanvanklik was daar te kies en te keur en kon elke boer 'n plaas betrek met natuurlike waterbronne. Langs Mooirivier, in Ohrigstad en Soutpansberg het die nedersetters watervore uit die riviere en spruite gehaal vir besproeiing van erwe met landerye. Ook op die plase is gebruik gemaak van die water uit 'n rivier, 'n spruit of 'n fontein. Mettertyd is die standhoudende strome gemeenskaplik gebruik, sodat die owerheid genoodsaak was om bepalings te maak in verband met waterregte en die gebruik van gemeenskaplike waterbronne.[29]

---

27. De Potchefstroomer, 15 Januarie 1887. By geleentheid van 'n biddag vir reën het die aartsdeken van die Anglikaanse hoofkerk in Bloemfontein in 'n preek verklaar dat die ontbossing van die bodem deur grasbrand oorsaak was van uitdroging en verminderde reënval.
28. Vir verdere besonderhede sien hoofstuk II.
29. Sien hoofstuk III.

Die aandeel van die staat in die bou van damme, kanale en watervore was baie gering. Dit was eers gedurende die laaste paar jaar dat in die Suid-Afrikaanse Republiek van owerheidsweë hulp verleen is om water vir besproeiingsdoeleindes beskikbaar te stel. Die boer moes meestal self sorg om water vir sy landerye aan te bring. Ds. Dirk van der Hoff het aan prof. Lauts omtrent die aanbring van water vanaf 'n fontein as volg geskryf:

> „Indien men hier bouwen wil moet men eerst opzoeken een plek waar een bron of fontein is; die fontein moet men uithalen zooals men het hier noemt, dat is op een half of heel uur afstand waar de grond hoog is maakt men een soort van dam in de fontein en begint voor dien dam een sloot uit te graven, soms van tien, twaalf en meer voeten diep in den beginne om zoodoende al lager en lager het water op de plek te krygen waar men wil zaaien en planten".(30)

Van omvattende skemas wat deur privaat inisiatief onderneem is, was daar geen sprake nie. Slegs waar 'n spruit of lopie tussen twee koppies of in 'n kloof opgedam kon word, is damme vir suiping en besproeiing gemaak. Vore is uit standhoudende strome gehaal waar die natuurlike val die werk vergemaklik het.(31) Omtrent die metode van besproeiing gee dr. James Kay die volgende beskrywing:

> " The ground chosen for cultivation is either on a slope or in a hollow, and a water furrow runs on its higher side, when crops require water, the water in the furrow is allowed to flow over the ground till the crop is sufficiently watered by which time the ground is soaked, the water filtrating through the soil collecting on all low lying ground converting it into swamps".(32)

Sulke watervore was dikwels etlike myle lank.

Met die koms van die goudmynbedryf en die uitbreiding van boerderyaangeleenthede is die behoefte aan watervoorsiening meer en meer gevoel. In Transvaal het die wisselvallige reënval en gebrek aan standhoudende strome tweërlei gevolg gehad, nl. 'n klein

---

30. Engelbrecht,S.P.:Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Afrika, Deel I, bylae XXXVIII, 17 Augustus 1854.
31. Pelzer, A.N.:Wordingsjare, p.11.
32. R.2426/80, dd. Pretoria, 8 Junie 1880: verslag van dr. Kay in verband met die verskyning van malariakoors in die Waterbergse distrik.

persentasie bougrond en onbestendigheid van produksie. Die bodemgesteldheid het die bou van damme vergemaklik, tog is van hierdie voordeel nie genoeg gebruik gemaak nie.

> „Wy ontmoeten wel overal dammen, maar meestal zoo klein, dat die niet genoegzaam zyn om in tyd van de geringste droogte, een halve morgen lands behoorlyk te benatten".(33)

Met die droogte van 1889-90 en die skaarste wat daarop gevolg het, het die behoefte aan waterbewaring vir besproeiingsdoeleindes op die voorgrond getree.

> „Wanneer toch zal de tyd aanbreken dat onse boeren het nut zullen zien van groote dammen aan te leggen en de overvloedige waters, die in den somer wegloopen, op te vangen en te bewaren om hunne landen des winters te benatten?",

het 'n denkende boer gevra?(34)

Ofskoon die Regering nie op die aangeleentheid van die bou van damme gereageer het nie, is die aandag toegespits op die boor van gate vir water. Op Saterdag, 12 Julie 1890, is 'n demonstrasie by Eerste Fabrieke, Pretoria, gegee van die boor van „artesiese putte". Byna al die Volksraadslede het die demonstrasie bygewoon. Die meeste was baie ingenome met die proefneming en was oortuig dat hierdie proses van veel waarde sou wees. Die Regering het na aanleiding van die uitslag van die proefneming by Eerste Fabrieke in 1891 'n bedrag van £2000 beskikbaar gestel vir die aankoop van 'n diamantboor. 'n Boor is vir £500 aangekoop, maar blykbaar nooit gebruik nie. Dit is in die goewermentsmagasyn in Markstraat weggebêre en toe die saak van waterbore in 1893-94 weer ter sprake kom, is na die boor gesoek. Die boor is einde September 1894 vir £125.1.6 verkoop.(35)

Omdat die Regering die moontlikheid van watervoorsiening deur middel van boorgate uit die oog verloor het, het die inwoners van Soutpansberg in November 1893 die Regering vir ondersteuning gevra ten

33. De Potchefstroomer, 25 Junie 1885.
34. De Volksstem, 17 Februarie 1890.
35. Ibid., 17 Julie 1890, en R.7680/90.

einde 'n waterboor aan te koop.[36] Op dieselfde dag dat die Soutpansbergers hierdie versoek aan die Regering rig, skryf 'n sekere J. van Zwieten vanuit Kaapstad aan die staatsekretaris omtrent die goeie resultate wat met die sogenoemde „Diamant Drilling Machine" in die Kaapkolonie verkry is:

> " Ondergetekende is er van overtuigd dat de tyd komen zal ook in de Z.A. Republiek dat een min of meer ruim gebruik zal worden gemaakt van dit uitmuntende middel om den landbouw te bevorderen en de waarde van drooge plaatsen belangryk te verhoogen".(37)

Resultate van verskeie borings in die Kaapkolonie word ook vermeld.

Op ontvangs van die versoek van die Soutpansbergers en die skrywe van Van Zwieten het die Regering by die Kaapkolonie en die Oranje-Vrystaat navraag gedoen omtrent die resultate van borings in daardie state. Gedurende die sitting van 1894 het die Eerste Volksraad memories uit Klerksdorp, Florida, Bloemhof en Soutpansberg voor hom gehad waarin gevra word dat die Regering diamantbore moes aankoop om daarmee na water te boor. Die verslag van die memoriekommissie was 'n aanbeveling dat die Regering versoek word om ondersoek te laat instel na die werking en koste van diamantbore en om by die eersvolgende sitting aan die Volksraad verslag te doen.[38] Intussen het die Soutpansbergers probeer om 'n maatskappy te stig om op droë plase na water te boor.[39]

Die saak kon maar nie vlot nie. Tydens die sitting van die Volksraad in 1895 is die saak weer bespreek. Daar is toe besluit om 'n kommissie te benoem om die beskikbare stukke in verband met die aangeleentheid na te gaan en, indien nodig, verdere inligting in te

---

36.R.16064/93, dd. 25 November 1893.
37.R.15293/93.
38.Notule van die Eerste Volksraad, art. 1574, dd. 4 September 1894, EVR.54.
39.De Volksstem, 17 Februarie 1894: berig. Die blad het aan die hand gedoen dat die Regering waterbore moes aankoop en op langtermynkrediet vir boere moes laat boor.

win en in oorleg met die Regering 'n voorstel te formuleer vir die aankoop van diamantbore op rekening van die staat en om die voorwaardes van uitleen aan die publiek vas te stel. Later is die kommissie versoek om ook ondersoek te doen na die werking van handwaterbore.[40]

In die verslag beveel die kommissie aan dat diamantbore nie aangekoop word nie. Die redes hiervoor was: die groot waardevermindering van die bore, indien daar in klip geboor word; die nou gaatjie van 1½ duim wat die diamantboor maak; die groot hoeveelheid water wat nodig is om die bore te gebruik en die moeilikheid om die regte soort diamant te bekom. Die kommissie maak ook melding van teleurstelling by die owerheid van die Oranje-Vrystaat met die diamantbore. Ten opsigte van die handwaterbore het die kommissie 'n gunstiger verslag uitgebring en beveel aan dat hierdie tipe van boor gekoop word. Die voordeel was o.m. dat geen deskundige persoon nodig was om met hierdie soort boor te werk nie ; dat die boor gate van 3 tot 4 duim deursnee kon boor; dat die boor nie veel water gebruik nie en dat die punt maklik vernuwe kon word.[41]

Uit die verslag is dit duidelik dat slegs implemente wat met die hand gewerk kon word, aanbeveel is. Volgens die verslag van die kommissie kon die handboor gemiddeld tien voet per dag boor. Aanbeveel is dat tien handbore aangekoop word: vyf wat tot 'n diepte van honderd voet kon boor, met 'n deursnee van 3 duim, en vyf bore wat gate van honderd en vyftig voet kon boor, met 'n deursnee van 4 duim. Die kommissie het ook regulasies opgestel vir die beheer en gebruik van die handwaterbore. Daarvolgens moes die Regering 'n voorman vir elke boor aanstel. Hierdie voorman moes alles weet omtrent die werkverrigting van die boor. Indien iemand die boor wou gebruik, moes hy die boor en die voorman kom haal, òf vanaf

40. Notule van die Eerste Volksraad, art. 235, dd. 1 Junie 1895, EVR. 55.
41. R.6957/95, en <u>Staats-Courant</u>, 31 Julie 1895, goewermentskennisgewing No. 222: verslag gedateer 1 Julie 1895.

die landdrossetel òf van die plek waar die boor die laaste werksaam was. Die aansoeker moes die nodige arbeiders verskaf. Die boor moes vir 'n bepaalde distrik oordeelkundig geplaas word, sodat dit in 'n bepaalde omgewing al die aansoekers eers kon bereik. 'n Boor kon nie langer as 36 dae by een persoon bly nie. Die voorman moes in oorleg met die eienaar besluit wanneer die boorwerk gestaak moes word. Daar is dus nie vir die gebruik van die boor betaal nie, behalwe die koste verbonde aan die vervoer, huisvesting van die voorman en die voorsiening van arbeiders en water.

Die Volksraad het die verslag met aanbevelings aanvaar en besluit dat die Regering by die sitting van die volgende jaar verslag moes doen van die resultate wat met die bore verkry is.[42] Die bore is deur die firma Gebroeders Poynten van Pretoria aangekoop en kon deur oponthoud ten gevolge van die Jameson-inval eers teen die einde van Februarie 1896 gelewer word.Vier bore is na die Soutpansbergse distrik gestuur en die ander na Rustenburg, Krugersdorp, Waterberg en Carolina, terwyl een boor in Pretoria vir proefnemings gehou is.[43]

Die resultate van borings was nie bemoedigend nie. Etlike moeilikhede is ondervind, soos byvoorbeeld die wisseling van grondsoorte, die gebrek aan geologiese kennis om te weet waar om te boor en die feit dat die bore weggeneem moes word sodra daar op 'n rotsbank gestuit word. Die verslag meld dat die punte van die bore baie vinnig afslyt as daar in harde rots geboor word. Daardeur word die gat dan nouer, met die gevolg dat die gereedskap wat gebruik word vir die ophaal van los klip en gruis, vassit. Slegs by 'n paar gate het die water bo uitgestroom. In baie gate het die water egter so hoog gestyg dat dit met 'n sloot uitgelei kon word.

---

42. Notule van die Eerste Volksraad, art. 594, dd. 5 Julie 1895 en art. 617, dd. 6 Julie 1895,EVR.56.
43. R.15293/93, en Besluite van die Uitvoerende Raad , art. 288, dd. 14 April 1896 en art. 426, dd. 27 Mei 1896.

Van die agt gate wat in en om Pretoria geboor is, was daar slegs vier wat redelik sterk water gelewer het. Die resultate in Soutpansberg, Rustenburg en Carolina was ook teleurstellend. Dit skyn asof hierdie bore weinig uitgerig het in rotsagtige grond.[44] Die feit dat water by etlike boorgate uitgespuit het, laat die vraag ontstaan of die ondergrondse water destyds so vlak en so sterk was. Sodanige verskynsel kom vandag selde voor, wat dan toegeskryf moet word aan die daling van die ondergrondse watervlak. 'n Moontlike verklaring is dat die gate op fonteine geboor is en dat die water daardeur kon uitstroom. Dit is seker nie verkeerd om aan te neem nie dat die boere by gebrek aan deskundige waterwysers en geoloë die gate laat stamp het op die plekke wat fonteinagtig voorgekom het. Die hoof van publieke werke was ook teleurgestel met die resultate wat verkry is; so ook etlike lede van die Volksraad wat laat boor het. Omdat daar voor die Volksraad in 1897 nog geen amptelike verslag oor die resultate was nie, is besluit om in afwagting van die verslag verdere fondse beskikbaar te stel vir borings.[45]

Die verslag het in die sitting van 1898 ter tafel gekom . Baie van die lede het hulle teleurstelling oor die bore te kenne gegee en was van oordeel dat diamantbore gekoop moes word. Dit was egter 'n saak wat by die Uitvoerende Raad berus het.[46] Daar het egter nog steeds versoeke gekom dat die Regering diamantbore moes aankoop. Hoewel die Volksraad in hierdie jare van aanhoudende droogtes die noodsaaklikheid van watervoorsiening op plase besef het, was hy huiwerig om geld in diamantbore te belê, omdat die bore met staalpunte 'n totale mislukking was.[47]

Daar was baie gevalle waar boere vir watervoorsiening op hul plase putte laat grawe het. Putgrawery

44. Notule van die Eerste Volksraad, art. 405, dd. 6 Junie 1898 ,EVR.72 :„Rapport van de boringen in de verschillende districten alwaar met Gouvernements Waterboren gewerkt wordt".
45. Notule van die Eerste Volksraad, art. 108,dd. 8 Februarie 1897,EVR. 65.
46. Ibid., art. 406, dd. 6 Junie 1898,EVR.72.
47. Ibid., arts.1116 en 1119, dd. 8 Sept. 1898,EVR.75.

het 'n waterwyser vereis en mettertyd het etlike persone hulle op wateraanwysing toegelê. So 'n waterwyser word gevind in die persoon van 'n sekere S.du Plessis. Hierdie „waterdeskundige" het in die Middelburgse distrik ingetrek en water gewys. „Het is werkelyk feit, dat voornoemde heer zeer veel van wateraanwyzing verstaat, als bewys hiervan dient, dat hy niet alleen het water aanwyst, maar ook openmaakt, en dat tegen zeer billyke beloning".[48] Etlike boere het van bakkiespompe gebruik gemaak om water uit putte of strome uit te trek. In Desember 1898 het inwoners van wyk Boven-Vaalrivier, distrik Bloemhof, gevra dat aan hulle geldelike hulp verleen moes word vir die aankoop van bakkiespompe. Hulle was bereid om sulke lenings terug te betaal. Die landdros van Christiana het egter geoordeel dat die mense vermoënd was en dus nie geldelike hulp nodig gehad het nie.[49]

Gedurende die laaste paar jaar van die bestaan van die Suid-Afrikaanse Republiek het daar etlike voorstelle en aanvrae by die Regering gekom vir die aankoop van geskikte plase en die aanlê van besproeiingskemas.Die heer Beelaerts van Blokland, buitengewone gesant en gevolmagtigde minister van die Suid-Afrikaanse Republiek , het reeds in 1891 aan die Regering 'n memorandum gestuur in verband met „Vruchtbaarmaking van den Grond door Bevloeiing of Irrigatie".[50] Die man wat vir hierdie memorandum verantwoordelik was, was die heer R.A.Snethlage, konsul-generaal en tegniese adviseur van die Suid-Afrikaanse Republiek in Amsterdam.Die stuk het blykbaar sy ontstaan te danke aan die begeerte van Snethlage om die landbou in die Suid-Afrikaanse Republiek te bevorder. Hy beklemtoon wat dr. H.Blink verklaar het, nl. dat, wanneer die goudmyne uitgeput is, die vrugbare bodem die bestaan sou beveilig.[51] „Daaraan bevorderlyk te helpen zyn

48.De Volksstem, 14 Junie 1892.
49.R.16610/98.
50.Groenboek van die Suid-Afrikaanse Republiek, Vol. 76, No.18, 1895.
51. Blink, H.: Transvaal en Omliggende Landen.

is het doel van dit opstel", verklaar hy in die inleiding. Die doel was dus om die Regering voor te lig in verband met die rol wat besproeiing kon speel om die landbouproduksie te verhoog.

Nadat gehandel is oor die rol wat water in die planteryk speel, word die voorwaardes waaronder besproeiing moet plaasvind,aangestip. Vervolgens word die verskillende bronne van water bespreek, soos reën, fonteine, spruite en riviere. Snethlage wys op die besproeiingsondernemings in die Kaapkolonie en maak melding van boorgate met windpompe, putte en pompe wat water uit Oranjerivier pomp. Dieselfde kan in die Suid-Afrikaanse Republiek gedoen word. Groot besproeiingskemas was moontlik in Transvaal. Om daartoe te kom, moes die nodige ondersoek na besproeiingsaangeleenthede gedoen word deur deskundige persone. Deskundige hulp kon ook aan ondernemende boere verleen word.(52)

Nêrens is daar 'n aanduiding dat van die memorandum enige gebruik gemaak is nie. Die inligting wat dit bevat , was dan ook seker nie nuut vir die Regering nie. Deur dit in druk te laat verskyn, het die Regering moontlik bedoel om die inligting in wyer kring bekend te stel.

Uit verskeie oorde is navrae omtrent moontlike besproeiingswerke of aansoek om die een of ander betrekking in verband met besproeiingswerke gedoen. Een van hierdie persone, 'n sekere Arthur Seifert, het 'n hele uitgewerkte plan vir die stigting van besproeiingsnedersettings aan die Regering voorgelê.(53) Volgens sy berekening het die staat jaarliks vir £2,224,000 produkte van elders ingevoer wat in die land self geproduseer kon word.As 'n gesin produkte ter waarde van £800 jaarliks kon produseer, sou

52. Groenboek, Vol.76, No.18, 1895.
53. R.9927/91 ; RA.3559/96 en R.12340/98 in SS 2153 : Seifert aan staatsekretaris, 26 September 1898. Navrae is ontvang uit Japan en die V.S.A.

daar geleentheid wees vir 3000 gesinne om 'n bestaan in die boerdery te vind. Dit sou o.a. die aantal weerbare manne vermeerder en groter onafhanklikheid van die Republiek waarborg. Die land moes ondersoek word. Daar moes vasgestel word waar vrugbare grond beskikbaar was en waar water op ekonomiese wyse byeengebring kon word. Hiertoe was nodig 'n kommissie van boere wat die land ken, bygestaan deur 'n ingenieur om die tegniese vraagstukke te behartig.Geskikte grond kon deur die staat gekoop word, of die kapitaal vir die ontwikkeling daarvan kon aan die boere voorgeskiet word.

Seifert het nie lank gewag voordat hy met verdere besonderhede van sy skema voor die dag gekom het nie. Op 10,000 morg grond kon 50 gesinne geplaas word. Daarvan moes 1000 morg besproei kon word - 500 morg in die winter en 500 in die somer. Elke gesin kon 20 morg besproeibare grond kry, 10 vir die winter en 10 vir die somer.Die 9,000 morge wat oorbly, kon gebruik word vir weiveld en vir boudoeleindes. Hy reken dat 'n boer met 3 naturelle tien morge in die winter en tien morge in die somer kon bewerk. Elke gesin sou ongeveer £410 bestee aan 'n woonhuis, skuur, stal, wa , osse, ploeë en ander benodigdhede. Die koste vir die staat om een nedersetting te stig, sou as volg wees:

| | |
|---|---|
| 10,000 morg grond teen £2 per morg .. | £20,000 |
| Koste i.v.m. waterwerke.............. | 12,000 |
| 50 gesinne (boerderye) .............. | 20,000 |
| 6 % rente gedurende 2 jaar op £32,000. | 3,840 |
| 6 % rente vir 'n halfjaar op £20,500.. | 615 |
| Totaal | 56,955 |

Die koste sou derhalwe ongeveer £57,000 wees. Seifert gee verder besonderhede van wat elke boer jaarliks moes betaal om die kapitaal in 15 jaar af te los. In verband met die inkomste van elke gesin reken hy dat elke morg 50 sak mielies in die somer en 2100 gerwe hawer in die winter kon lewer. Die wins van 'n boer sou £375 per jaar wees. Die vraagstuk van „arme burgers" kon deur sulke besproeiingskemas opgelos word. Ten slotte verklaar hy dat dit uit die laaste Volksraadsitting bekend geword het dat die Regering 'n kommissie wil benoem om ondersoek na

besproeiing in te stel. Hy meen daar moet ook gebruik gemaak word van 'n ingenieur as lid van so 'n kommissie.(54)

Intussen het 'n Duitser, Fritz Boldt, ook 'n skema van besproeiingswerke voorgelê. Hy wou ook elektrisiteit met waterkrag ontwikkel. Die Regering het hierop ook nie gereageer nie.(55) 'n Sekere Tennant het hierna aan die Regering voorgestel die skepping van „Landbouw Kolonien". Hy skryf:

> „Wanneer wy de landbouw zien kwynen, talryke boerenfamilies tot armoede zien vervallen, de consumptie van geimporteerde artikelen - waarvan de meesten hier behoorden te worden geproduceerd - jaar op jaar zien toenemen, dè voortbrengers van andere landen de boeren van dit land ziet onderkruipen op onze eigen markten, dan doen wy goed om nauwkeurig te bedenken dat wy een groote vruchtbare vlakte hebben, groote natuurlyke hulpbronner, prachtig klimaat, doch onze landbouw-producten vermeerderen niet en zouden wy meer op moeten letten het een of andere schema te verzinnen, waardoor vooruitzichten van den landbouw verbeterd zouden worden".(56)

Tennant gaan dan voort om die oorsake van die mislukkings in die landboubedryf op te som: konserwatiewe boerderymetodes en ouderwetse landbougereedskap; sprinkane, droogte, oorstromings, runderpes en ander veesiektes. Die boere wat geruïneer is, onttrek hulle aan die boerdery en daarom daal die produksie. Gee die boer 'n geleentheid onder billike voorwaardes en hy sal toon dat hy geskik is om voldoende te produseer. As kapitaal die land te hulp kom, is sukses verseker onder verstandige, wetenskaplike bewerking met kennis, vlyt, goeie gereedskap, versigtigheid en waaksaamheid.

Landboukolonies moet naby riviere aangelê word, sodat besproeiing vergemaklik kan word. Vir elke nedersetting moet 'n aantal families gesoek word

54. Ibid., Seifert aan staatsekretaris, 21 November 1898.
55. R.12340/98: Fritz Boldt aan „Minister der Landwirtschaft der Süd Afrikanischen Republiek", 23 November 1898.
56. Ibid. , Tennant aan staatsekretaris, Maart 1899.

vir wie woonhuise gebou moet word wat van die staat gehuur word. Vir elke nedersetting moet 'n staatsopsigter benoem word. Skole en kerke moet gebou word:

> „Landbouw werkzaamheden te doen geschieden op groote schaal, ploegen met stoom, molens, groenkuilen, bergplaatsen, wyngaarden, bosschen, Olyfboschjes, graanvelden en andere voortbrengselen".

Die werk moet deur die boere self met behulp van naturelle gedoen word, gelei deur ervare vakmanne. Dit sou nutteloos wees om die boere op stukkies grond te plaas waar hulle selfstandig moet werk en bestuur. „De boer heeft niet alleen hulp nodig, maar ook opvoeding in de nieuwerwetse landbouwmiddelen".

Ook boereorganisasies het probeer om iets in verband met besproeiing aan te pak. Die landbougenootskap van Pretoria het verlof van die Regering gevra om met die buiteland te korrespondeer met betrekking tot „de methoden in andere landen genomen in verband met irrigatie werken, zoodat de ingewonnen informatien onder de Boeren bevolking kunnen worden verspreid".(57) Tydens die tweede kongres van die Transvaalse Landbou-Unie het dr. Gunning in sy pleidooi vir die skepping van 'n landboudepartement die stigting van besproeiingsnedersettings as een van die take van so 'n departement gestel:

> " De Regeering kan door op geschikte plaatsen groote irrigatiewerken aan te leggen, niet alleen duizenden van armen met direct constructiewerk helpen, maar bovendien tallooze mylen van bruikbaren grond onder de arme blanken verdeelen, waardoor dezen zouden kunnen worden in plaats van aalmoes-ontvangers van de Regeering - een sterk lichaam produceerende, koopkracht aanbrengende burgers".(58)

Die Republiek het etlike streke met wisselende klimaatsgesteldheid, sodat dit nie nodig was om op een enkele gewas die aandag toe te spits nie.

Daar is dus van verskeie kante by die Regering aangedring om meer aandag aan besproeiing te gee. Dit

---

57. RA.3091/98: genootskap aan staatsekretaris, 7 April 1898.
58. Z.A.R. No.135: Notule van die tweede landboukongres, Potchefstroom, 1898.

skyn asof die meeste mense op hierdie stadium die skepping van besproeiingsnedersettings beskou het as 'n oplossing van die armburgervraagstuk wat omstreeks 1897-99 baie aktueel geword het. Deur die toesegging van meer en meer staatshulp ten gevolge van die runderpes het die republikeinse boer ook gaandeweg na die staat opgesien vir die behartiging van ondernemings soos besproeiingskemas en nedersettings. In 1896 en 1897 het die inwoners langs Hartsrivier geldelike hulp van die Regering gevra ten einde die watervoorsiening vir besproeiing langs die rivier te verbeter en die landerye uit te brei. Die werk daaraan verbonde was :-

1. die maak van nuwe watervore en die herstel van oues;
2. die oopmaak van die oog van die rivier , en
3. die aanstel van 'n waterfiskaal om leibeurte te reël.(59)

Die landdros na wie die saak verwys is, het gerapporteer dat die rivier vir sy water net van reën afhanklik was en dat dit nie sou help om die oog oop te maak nie. Daarmee was die saak afgehandel.

Die eerste tegemoetkoming aan burgers was aan inwoners van die distrik Wolmaransstad. By Witpoort aan Wolwespruit het die Regering 'n dam in 'n poortjie laat bou en gronde onder water aan arm burgers toegeken.(60) Dit was aanleiding daartoe dat in daardie distrik etlike verdere aansoeke vir besproeiingskemas gemaak is. Die veldkornet van Wolmaransstad het, omdat die werklik arm mense nie deur die Armburgerfonds gehelp is nie, aanbeveel dat die Regering in daardie distrik plase moes aankoop, damme daarop moes laat maak en klein stukkies grond onder besproeiing aan arm mense verhuur. Twee jaar later het etlike memories by die Regering ingekom waarin gevra word

59. R.15480/96: memorie van veldkornet J.C.Coetzee, Hartsrivier, 26 Augustus 1896. Sien ook R.9882/97: memorie van J.H.Visser en ander.
60. R.1898/99 , en Notule van die Eerste Volksraad, art.1048, dd. 31 Augustus 1899, EVR.84.

dat besproeiingswerke aangelê word op die plase Vaalbank en Rietfontein en dat water uit Vaalrivier gehaal word. Hierdie versoeke is egter van die hand gewys.[61]

Ander distrikte het ook by die Regering aangedring om besproeiingswerke aan te pak en nedersettings te stig. Veral uit die distrikte Soutpansberg, Zeerust en Rustenburg het sulke aansoeke gekom. Sommige versoeke het aangedring op sogenoemde „besproeiingsleeningen" aan burgers; ander het aanbeveel dat plase deur die Regering aangekoop word vir besproeiingswerke en sommige het die uithaal van kanale uit riviere bepleit.[62]

Die Volksraad was ten gunste van besproeiingskemas, omdat hulle beskou is as een van die middele om hulp aan verarmde burgers te verleen. Die vraag was egter hoe om die vraagstuk aan te pak : moes 'n ondersoek na die toestand en die moontlikhede in die geheel van die Republiek gedoen word of net in die distrikte wat daarvoor gevra het? Die Volksraad het uiteindelik besluit om aan die Regering op te dra om ondersoek te laat instel na die verskillende versoeke wat betref noodsaaklikheid en uitvoerbaarheid. 'n Raming van koste moes gemaak word.[63] Dit was nie 'n gemaklike taak nie, en toe die Volksraad in 1899 vergader het, was dit nodig om aan die Regering nogeens op te dra om 'n skema te ontwerp „waaronder besproeiingswerken in deze Republiek zullen kunnen worden tot stand gebracht".[64] Dit was 'n paar maande voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog.

---

61. R.15578/97; R.12359/99 en EVR.82/99: Uys en ander aan staatsekretaris, dd. 12 April 1899. Sien ook EVR 600/99 en EVR 111/99; Notule van die Eerste Volksraad, art. 1048, dd. 31 Augustus 1899, EVR.84.
62. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1551, dd. 3 November 1898; EVR 2330/99; 2331/99, 2332/99, 2333/99; 2490/99; 2493/99; 307/99; 2781/99; 2782/99; 2783/99; 2784/99; 1815/99; 1817/99 en 665/99.
63. Notule van die Eerste Volksraad, art.1553, dd. 3 November 1898,EVR.77.
64. Ibid., art. 1042, dd. 30 Augustus 1899,EVR.84.

Toe dit duidelik geblyk het dat die boeregemeenskap en owerheid ernstige oorweging geskenk het aan die skepping van besproeiingsplanne, het etlike persone en maatskappye plase te koop aangebied.Die „Transvaalsche Besproeiing en Landbouw Maatschappy, Beperk" het aan die Regering twee plase, nl. Kafferskraal 198 en Beentjieskraal 570, albei in die distrik Potchefstroom, met damme en 5½ myl watervore te koop aangebied.Daar is egter nie van die aanbod gebruik gemaak nie.[65] Kort voor die uitbreek van die oorlog was die Regering egter besig om 'n gedeelte van die plaas Hartbeespoort met 'n dam in Krokodilrivier aan te koop.[66] Die erns waarmee die Regering die besproeiingsaangeleenthede wou aanpak, blyk uit die feit dat die Uitvoerende Raad op aanbeveling van die hoof van publieke werke in 1899 besluit het om 'n tydelike opsigter aan te stel „speciaal voor irrigatiewerken". In hierdie pos is 'n sekere Hager benoem.[67]

Uit voorgaande kan opgemerk word dat, hoe langsaam die saak van besproeiing ook gevorder het,dit teen 1899 voortdurend deur Regering en volk bespreek is en dat daar ongetwyfeld met uitgebreide werksaamhede begin sou word, indien die oorlog nie uitgebreek het nie. Een van die vernaamste dryfvere vir die aanlê van besproeiingsnedersettings was die uitkoms wat dit sou bied vir verarmde grondlose burgers. Die droogtes wat vanaf 1889 byna onafgebroke voorgekom het, het die Regering laat besef dat meer gebruik gemaak moes word van die water van Transvaalse riviere as 'n stabiliserende faktor in die boerderybedryf en voedselproduksie.

## BEMESTING.

Die meeste besoekers aan Transvaal was getref deur die grondvrugbaarheid van hierdie nuwe land.

---

65. R.7196/99, dd. 16 Mei 1899: die koopprys was £25,000.
66. De Volksstem, 8 Augustus 1899, berig.
67. R.1898/98 ; en
Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 693, dd. 27 Julie 1899. Sy salaris sou £350 per jaar wees met reis- en verblyftoelae van £150.

Aanvanklik kon die boer wat hier ingetrek het, hom vestig op die vrugbaarste grond. Daar is dan ook nie aan bemesting gedink nie. Toe daar egter tekens van uitputting van die grond verskyn het, is kraalmis toegedien, omdat die bewerkte grond nie groot was nie en die vee genoeg kraalmis voorsien het. Die saak was dus gedurende die jare van onderhoudsboerdery nie van ernstige aard nie. Die vernaamste moeilikheid skyn te gewees het die verskyning van onkruid op gronde wat voortdurend bewerk is en waarop kraalmis toegedien is.

Met die verhoogde landboubedrywigheid na 1886 en ten gevolge van die skaarste aan werkvolk en die hoë pryse wat vir plase met besproeibare grond betaal moes word, was boere genoodsaak om met droëlandsaaiery 'n begin te maak. Aanvanklik kon hierdie buitelande verwissel word, sodra die grond uitgeput raak. Dit was die enigste uitweg by 'n gebrek aan bemestingstowwe. Dit het egter nie altyd so gebly nie. Met die toename in die boerende bevolking en die verdeling en onderverdeling van plase was daar naderhand nie genoeg bewerkbare grond om die saailande voortdurend te verskuif nie. Jaar na jaar is dieselfde grond vir min of meer dieselfde gewas gebruik. Die vrugbaarheid het vinnig afgeneem en die opbrings het verminder. Die verlies aan duisende beeste deur die runderpes het die beskikbare hoeveelheid kraalmis ook verminder. Die vraagstuk van bemesting het aktueel geword.

Ten gevolge van die afwesigheid van enige vorm van landbouonderwys het die boer baie min van grondsoorte en plantevoedsel geweet. Die maak van kompos was feitlik geheel en al onbekend. Daar was ook geen kennis van groenbemesting en wisselbou nie.[68] Na die voorbeeld van enkele immigrante wat hulle in die Suid-Afrikaanse Republiek op die boerdery toegelê het en beter onderleg was in wetenskaplike boerdery,

68. <u>De Potchefstroomer</u>, 2 Februarie en 23 Julie <u>1887</u>: <u>artikels oor</u> bemesting en groenbemesting.

het meer en meer boere van bemestingstowwe soos guano en beenmeel gebruik gemaak. Omdat die boere onkundig was omtrent die samestelling van goeie misstowwe, het sakelui daarin geslaag om misstowwe van minderwaardige gehalte te verkoop. Die boere het die owerheid versoek om in te gryp en wetgewing daar te stel om hulle teen bedrog te beskerm. Vanuit die Krugersdorpse distrik het boere in 1898 die Volksraad versoek om wetgewing aan te neem, sodat vervalsing van kunsmisstowwe belet kon word en landbouers beskerming kon geniet. In die memorie word verklaar dat die veestapel deur die runderpes so uitgedun is dat toevlug na kunsmatige misstowwe geneem moes word. Boere het gevind dat in baie gevalle die kunsmatige misstowwe vervals was deur die afwesigheid van noodsaaklike bestanddele en die toevoeging van sand, as en gebrande steenkool. Die memorialiste wou hê dat die owerheid moes verorden dat elke sak of kis met beenmeel, voëlmis en ander natuurlike of kunsmatige misstowwe aan die buitekant 'n aanwysing sou hê van die besondere bestanddele van die inhoud.(69)

Die Volksraad het hierdie versoek na die Regering verwys vir ondersoek en aanbevelings. Op sy beurt het die staatsekretaris weer die saak verwys na dr. Gunning, ondervoorsitter van die Transvaalse Landbou-Unie. Dr. Gunning het die noodsaaklikheid van sodanige wetgewing beklemtoon en verklaar dat dit in ander lande goeie resultate afgewerp het. Die moeilikheid was egter dat die Regering nie oor 'n landboudepartement beskik het met 'n proefstasie waar die misstowwe skeikundig ondersoek kon word nie. As verdere inligting het dr. Gunning 'n lys van natuurlike en kunsmatige misstowwe ingesluit en aangedui waarvoor elk gebruik kon word. Daaruit kon afgelei word dat dit belangrik was vir die boer om te weet watter kunsmisstof hy koop en gebruik. Die gehalte moes vir die boer gewaarborg word.(70)

---

69. Notule van die Eerste Volksraad, art.1098, dd. 7 September 1898, EVR. 75.
70. R.11493/98 en Z.A.R. No.135: notule van die derde landboukongres, Johannesburg, 1899.

Die bestuur van die Transvaalse Landbou-Unie het ook by die Regering aangedring om geldelike steun by die aankoop van kunsmis op voorwaarde dat slegs die beste gehalte verkry word en die grond ontleed word ten einde vas te stel watter kunsmisstowwe die geskikste was vir besondere grondsoorte. Etlike handelaars het probeer om deur middel van die Landbou-Unie hulle bemestingstowwe by die boere bekend te stel of om die resultate wat met die gebruik van sodanige misstowwe verkry is, aan te kondig. Die gebruik van beenmeel as misstof is deur etlike persone aangeprys.(71) Ander het weer die toediening van Chilisalpeter en superfosfaat aanbeveel. Boere is ook aangeraai om kompos te maak ten einde die nodige organiese materiaal in die grond in te werk.(72)

Tydens die sitting van die tweede kongres van die Transvaalse Landbou-Unie het een van die lede daarvan, die heer J.J.Enschedé, 'n voorlesing gehou oor „Groenbemesting, hulp- en kunstmeststoffen".Hy het die feit benadruk dat dit voordeliger was om op 'n klein skaal grond met sorg en oordeel te bewerk as om op 'n groot skaal op slordige en onverskillige wyse te werk te gaan. Die gebrek aan misstowwe in Transvaal het aanleiding gegee tot die neiging om groot landerye op gebrekkige wyse te bewerk. Hy was van oordeel dat die vermindering van die beestroppe deur die runderpes ook in die akkerbou gesien sou word as gevolg van 'n skaarste aan kraalmis. Omdat die landbouproduksie verhoog moet word, word misstowwe onontbeerlik. As hulpmiddel noem hy dan groenbemesting.(73)

Die behoefte aan misstowwe in die akkerbou is gedurende die laaste paar jaar van die Suid-Afrikaanse Republiek terdeë gevoel. Waar die onoortreflikheid

---

71. Z.A.R.No.135: notule van die tweede landboukongres. Die heer G.R.Ockerse van Pretoria het gemeld dat hy in besit was van 'n masjien wat bene fynmaal en wou weet of die Landbou-Unie nie die verspreiding van sy produk wou onderneem nie.
72. Loc.cit.:'n Sekere F.E.Teichmann het o.a. verklaar dat strooi van hawer, koring en gars nie tot voer gemaak moes word nie , maar tot kompos verwerk kon word.
73. Loc.cit.:voorlesing van J.J.Enschedé.

van die vrugbaarheid van Transvaalse bodem in die vroeër jare geloof is, was daar teen die einde van die negentiger jare klagtes van skraal en uitgeputte lande. Die nuwe grond is deur aanhoudende beplanting uitgeput. Die vrugbaarheid moes herstel word. Te midde van die nood wat deur sprinkane, droogte en runderpes geskep is, het die denkende boer besef dat waterbewaring en grondvrugbaarheid baie belangrik was vir die boeregemeenskap. Die uitwerking van roofbou en onoordeelkundige grondbewerking het hom reeds teen die einde van die vorige eeu laat geld. Die tekens van grondverarming en -verwering het duidelik aan die lig getree. Enkele van die vooruitstrewende boere het toe reeds leiding probeer gee.

BOERDERYGEREEDSKAP.

Dit was eers in die negentiger jare dat arbeidsparende landbougereedskap in gebruik geneem is. Voorheen moes die boer sy boerdery behartig met die wa, die ploeg en selfgemaakte gereedskap. 'n Denkbeeld van die beskikbare werktuie kan verkry word deur die items wat vir die afdeling landbougereedskap in die pryslys van die Wakkerstroomse landboutentoonstelling van 1891 voorkom, na te gaan.Die werktuie waarin meegeding sou word, was 'n ploeg,eg, kar,mieliestampblok, skotskar, kruiwa, jukke, skeie, wa, verekar en karring.[(74)] Kort hierna het meer moderne landbougereedskap hul verskyning begin maak. In Julie 1893 hou die firma Gebroeders Poynten van Pretoria 'n uitstalling van nuwerwetse landbougereedskap.[(75)] Die tentoonstelling wat in die tuin van die heer C.F.Ziervogel in Proesstraat gehou is, is deur 'n groot aantal belangstellendes bygewoon, o.a. deur die meeste Volksraadslede. 'n Werktuig wat veral verbasing gewek het, was „de windmolen om water op te pompen, genaamd 'Ideaal". Die windpomp sou 'n paar weke lank op die terrein bly, sodat belangstellendes die werking kon besigtig. 'n

74.R.1640/91: pryslys.
75.De Volksstem, 15 Julie 1893: berig in 'n artikel oor „Landbouw-Gereedschappen (Planet Jr.)".

Ander stuk gereedskap wat aandag getrek het, was 'n planter wat saad in rye kon plant. „Men duwt de machine voort over den bereiden akker; sy opent den grond, legt het zaad er in, bedekt de voor en tekent de rei af". Daar was ook 'n skoffelploeg te sien wat, volgens getuienis van boere wat dit gebruik het, 'n ommekeer gebring het in die skoffelproses.(76)

Die firma Gebroeders Poynten was die vernaamste verskaffers van hierdie meer moderne gereedskap. In 1894 het die firma o.a. ook 'n dorsmasjien wat deur 'n petrolmasjien aangedryf is, geadverteer. Verder kon hy ook 'n mielieafmaakmasjien en 'n snymasjien voorsien. Tydens die tentoonstelling van 1895 het die firma saam met ander heelwat landbougereedskap vertoon. Onder die uitgestalde werktuie was daar 'n enkelvoor- , dubbelvoor- en driedubbelvoorploeg van die here Peyche en Kie. van Port Elizabeth. Dit was Duitse fabrikate en die Pretoriase agente was Beckett en Kie. en Izak Haarhoff. Die firma Henwood, Son, Soutter en Kie. het nie minder as 24 verskillende soorte ploeë vertoon nie. Daar was besondere belangstelling in die sogenoemde „Tiger-ploegen".(77)

Ten gevolge van die uitdunning van die trekosse van die boere deur die runderpes het stoomploeë 'n kort tydjie groot opgewondenheid by die boere veroorsaak. Mense wat geen praktiese ondervinding van hierdie ploeë gehad het nie, was van oordeel dat dit die ware uitkoms was vir die boer wat sy trekosse verloor het. In Mei 1898 het 'n sekere H.F. van der Merwe van Pretoria die Regering gevra om aan hom 'n konsessie toe te staan vir die gebruik van dorsmasjiene en stoomploeë in die Suid-Afrikaanse Republiek. In sy aansoek verklaar hy dat die Regering veel gedoen het vir die leniging van nood, maar vir die landbou is nog weinig gedoen. Die skaarste aan werkvolk en die verwoesting wat deur die

---

76. Ibid., 18 Julie en 27 September 1893. J.S.Basson van Wolhuterskop het verklaar dat een skoffelploeg die werk goedkoper, beter en gouer verrig het as wat 8 man dit voorheen kon doen.
77. Ibid., 18 Julie, 25 Augustus en 27 Oktober 1894 en 6 Maart 1895.

runderpes aangerig is, het as gevolg gehad dat die boere nie hulle landerye kon bewerk nie. Die stoomploeg was die aangewese middel om die bulte om te keer, akker aan akker.[78]

Sodra die burgers van stoomploeë verneem het, het persone uit Bethal en Middelburg die Regering versoek om deur 'n sindikaat of deur middel van 'n private onderneming die boere se lande vir hulle te ploeg.Die gedagte was dat die staat hiertoe geldelike hulp moes verleen.[79] Natuurlik was die Regering nie daartoe bereid om hieraan te voldoen nie. Nadat dr. Gunning die toekenning van 'n konsessie aan Van der Merwe sterk veroordeel het, het die Regering afgesien van 'n konsessie.[80] In hoeverre stoomploeë werklik gebruik is, kon nie vasgestel word nie. Dit is duidelik dat die boere in hulle nood na enige middel gegryp het om hulle lande te kan bewerk. Aan die doeltreffendheid en koste per morg is in die eerste plek nie aandag gegee nie.

## SAMEVATTING.

Die republikeinse boer het hom besig gehou met sowel die veeteelt as die akkerbou. Dit was sy werk in en sy bydrae tot die nasionale ekonomie. In die uitvoering van hierdie taak het die boerende gemeenskap geleidelik kennis gemaak met vraagstukke wat noodwendig uit die groei- en ontwikkelingsproses van sy lewensbedryf ontstaan het. Die oplossing van sommige vraagstukke het die boeregemeenskap gesoek langs die weg van eie ervaring. Instellinge soos skutte, vendusies, tentoonstellings het hy daargestel, omdat die noodsaaklikheid daarvan voor die hand gelê het. In verband met sake soos omheining, besproeiing, bestryding van onkruid en veesiektes het hy gaandeweg meer geleer. By die daarstel van maatreëls vir die beheer van instellings en dienste is voeling gehou

---

78. R.5991/98,dd. 13 Mei 1898.
79. Ibid., aansoeke van burgers uit Bethal en Middelburg.
80. Ibid., antwoord aan staatsekretaris , dd. 13 Julie 1898.

met die historiese ontwikkeling. Ingrypende beperkings op die vrye beskikking van die boer sou nie pas in die plaashuishouding van die konserwatiewe boeregemeenskap nie. By gebrek aan onderwys en deskundige kennis moes die resultate van die wetenskap versigtig aangebring word by mense wat 'n nuwe land makgemaak het en oortuig was dat hulle die sameloop van natuur- en klimaatsomstandighede tog maar die beste geken het.

Namate meer gevestigde toestande ingetree het en namate die omstandighede verander het, is maatreëls getref om aan die eise van sulke omstandighede te voldoen. Aan elke front van die boerderybedryf kom voortdurend verandering namate die bedryf self vooruitgaan. As dit in die jare van suiwer plaashuishouding onnodig was om groot koste aan te gaan in verband met omheining, word dit 'n belangrike vereiste onder die stelsel van produksie met die oog op kontantinkomste. Waar vroeër slegs die onmiddellike gevaar van grasbrand besef is, is daar later baie denkende boere wat die ander gevolge van ontbossing en grondverspoeling ook besef. Sodra die boeregemeenskap met ondergang bedreig word ten gevolge van droogtes, sprinkane en veesiektes, word daar na 'n stabiliserende faktor gesoek en word die groot waarde van waterbewaring en besproeiing deeglik gewaardeer. As die landbouer voor die vraagstuk van grondverarming te staan kom, soek hy na middele om vrugbaarheid te handhaaf en gryp hy na bemesting. Hy verwelkom meer moderne landbougereedskap, omdat hy graag produksiekoste wil verminder, die vraagstuk van arbeidstekort te bowe wil kom en sy produksie wil verhoog. In die meeste van hierdie sake is die boer onervare en soek hy die hulp en leiding van die owerheid. Die owerheid huiwer dikwels self om die voortou te neem, veral vanweë die konserwatisme van die wetgewers wat self boere is en verder verantwoordelik is vir die handhawing van die bedreigde onafhanklikheid van die duurgekoopte Republiek.

------------

# H O O F S T U K   XIV

## DIE REPUBLIKEINSE BOER IN WEL EN WEE.

Die stryd en werk van die Transvaalse pionier by die betreding van die nuwe vaderland het bestaan in 'n skoonmaak- en verdedigingsproses. As die Trekker Transvaal binnekom, word die behartiging van sy boerdery ondergeskik gemaak aan die stryd om homself en sy verworwe onafhanklikheid te handhaaf en teen sy vyande te beskerm. Sy stryd en arbeid gedurende die eerste geslag was nie soseer teen natuurkragte nie as teen die bedreiging van sy bestaan en onafhanklikheid deur inboorling en die Britse veroweringskampanje. Teen hierdie magte moes hy onafgebroke brandwag staan, terwyl stoflike belange verwaarloos en aan 'n ideaal opgeoffer word.

Die feit dat die eerste intrekkers nie net te kampe gehad het met onbekende omstandighede en natuurkragte nie, maar ook met magte wat hulle bestaan as mense en as roepingsbewuste volksbouers bedreig het, was oorsaak dat hulle lewensbedryf langsaam vordering gemaak het. Aanvanklik volg jare van rondtrek op soek na 'n geskikte verblyfplek. In hierdie jare kan weinig van die geleenthede en omstandighede van die nuwe bodem gebruik gemaak word. Toe uiteindelik meer bestendige omstandighede aanbreek, het menige boer reeds swaar verliese aan vee en besittings gely. Maar in hierdie jare waarin die klem op die stryd vir die uitwendige veiligheid val, word 'n kenmerkende plaashuishouding feitlik onbewus in die lewe geroep. As die storm en drang van die vestigingsjare verby is, het die republikeinse boer gewoon geraak aan 'n boerderystelsel met sy eie aard en wese, 'n stelsel wat in die geïsoleerde binneland sy patroon aangeneem het.

Die nedersetters in Transvaal het 'n gebied betrek wat in sekere mate verskil het van die bekende bodem- en natuurgesteldheid van die Kaapkolonie. Die grasryke hoëveld met sy duisende stuks wild - 'n bewys

van die hoë drakrag aan vee - die warmer en vrugbare bosveld en die waterryke laeveld met sy weelderigheid en skilderagtige aanloklikheid het geleenthede gebied wat in die Kaapkolonie nie bestaan het nie. Vir 'n suiwer onderhoudsboerdery was 'n beter vaderland nouliks denkbaar. Elke intrekker kon ongehinderd 'n omgewing en plaas betrek waar sy arbeid ryklik beloon sou word. Die bodem was vrugbaar en ryk aan water en weiding. Met die beskikbare arbeidskragte kon spoedig die nodige gewasse vir eie onderhoud gekweek word. Aanvanklik skyn daar aan die moontlikhede van bodem en klimaat geen perke te bestaan nie.Feitlik alles wat aan die vrugbare moedergrond toevertrou word, het uitmuntend gefloreer. Die gunstige reaksie van die nuwe aarde op die arbeid van die pionier het uiteindelik vergoed vir sware opofferinge aan menselewens, stoflike welvaart en gerief.

Gaandeweg word die boerderystreke ontdek. Die hoëveld lyk eers onaantreklik vanweë sy boomlose vlaktes en koue winterlug. Die verre Wes-Transvaal is grasryk maar te droog vir die akkerbou. Hier kon slegs die veeboer 'n bestaan maak. Die boswêreld lewer goeie weiding vir beeste en bied 'n ideale toevlugsoord vir vee in die wintermaande. Die laeveld gee goeie oeste aan koring en mielies en bied geleentheid om tropiese vrugte en gewasse te kweek. Vee aard hier minder goed. Die perd en die wolskaap wil nie hier aanpas nie. Streke wat besmet was met die tsetsevlieg kon nog vermy word. Later word die hoëveld betrek waar die wolskaap uitstekend aard en mielielande op die droë bulte aangelê kan word.In die sub-tropiese dele word pogings aangewend om suikerriet, koffie en katoen, vlas en rys te kweek. Hierdie pogings moet uiteindelik laat vaar word, omdat die nodige nywerhede vir die verwerking daarvan nie gevind kon word nie.

Namate daar vordering kom in die staatkundige lewe en dit vaster vorm aanneem, word die toekomstige ontwikkeling in die boerderybedryf ook afgeteken. Afgesonderdheid in die binneland en mislukking van

die voorgestelde handelsverbindings met die buitewêreld laat hulle geld en werp die eerste skaduwee oor die weg van boerderyontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek. Moeilikhede met plaasarbeid en afwesigheid van 'n afsetgebied vir die produkte van die boerdery perk die omvang van veeteelt en akkerbou in. In die omgewings van die stadig ontwikkelende dorpsgemeenskappe word die boerdery saamgetrek. Op die openbare mark word die surplusprodukte van die hand gesit, maar die omvang daarvan is gering. Spekulateurs koop slagbeeste op en jaag hulle oor die Vaal, terwyl die boer met koring en vrugte die Vrystaat besoek en volkskape en beskawingsgoedere ruil.In die suidwestelike en oostelike hoëvelddistrikte groei die skaaptroppe geleidelik aan. Wol word van ekonomiese belang, met 'n redelik konstante aanvraag. Die handel hierin geskied deur middel van die plaaslike winkeliers. Etlike boere besit groot troppe beeste en beskou hulle veestapel as een van die vernaamste bronne van besit en welvaart.

Voortdurend kom nuwe intrekkers aan, dikwels mense wat baie min besit. Die nuwe land met sy uitgestrekte grondgebied bied vooruitsigte om eie grond te kan besit en 'n boerdery op te bou. Die stryd teen roofdier en barbaar gaan egter nog voort en verhinder vestiging in die gevaarstreke. Die lewe in Transvaal bereik 'n stadium waar daar wel vir eie onderhoud geproduseer word, maar waar geen of altans 'n geringe handelsverkeer met die buitewêreld plaasvind. Geld word gevolglik skaarser en die lewe eenvoudiger. Die boerdery kan onder sulke omstandighede nouliks uitbrei. Intussen word ook kennis gemaak met die eienaardighede van die Transvaalse bodem: ernstige droogtes, swaar koue op die hoëveld, roes in die koring, perdesiekte, longsiekte en bloutong onder die vee. In die sestiger jare skyn dit of die boeregemeenskap 'n onsekere toekoms tegemoetgaan.

In die begin van die sewentiger jare word diamante op die suidwestelike grens ontdek en goud in die noordoostelike Transvaal. Deur die toestroming

van uitlanderfortuinsoekers en die sirkulasie van geld word 'n aanvraag na die boer se produkte geskep. Boerdery kry 'n aanmoediging wat 'n aanduiding was van wat later sou gebeur.Hoewel slegs 'n paar distrikte direk voordeel trek uit die loop van omstandighede, het die geld wat in omloop gebring is, die boerdery dwarsdeur die land ten goede gekom. Hierdie tydelike oplewing word egter enigsins verduister deur die staatkundige verwikkelinge wat uitloop op die Britse besetting van 1877-81.Hierdie verandering in die staatkundige lewe, met die daarmee gepaardgaande lydelike verset en uiteindelike gewapende botsing, het die ontwikkeling van die boerdery in die wiele gery.Daarop volg moeilike jare van heropbou en 'n ernstige depressie. Wol en tabak is feitlik die enigste produkte wat die kontant moet voorsien.

Die ontdekking van goud op die Witwatersrand bring in die ontwikkeling van die boerderybedryf 'n skielike verandering. Die geldskaarste verdwyn, omdat alles wat die boer kon aanbied, tot geld gemaak kon word. Die oorgang van 'n selfversorgende plaashuishouding na 'n boerderystelsel wat op wins in terme van geld gebaseer is, vind so onverwags plaas dat etlike vraagstukke hom in die spore volg. Deur die oplewing van die boerdery kry grond groter waarde. Grondpryse styg verder ten gevolge van die verwagte minerale rykdom van die bodem. Groot grondmaatskappye wat duisende plase opkoop, en grondspekulasie jaag die pryse steeds hoër. Die seuns van die boer vind dit moeilik om eie grond te bekom.Die industrialisering van die land geskied deur die vreemde intrekkers en in die sakewêreld het die boereseun ook geen aandeel nie. In die meeste gevalle moet die plaas verdeel word, sodat die kinders daarop kan voortgaan met 'n eie boerdery. Gaandeweg word die gronde kleiner en die moontlikheid om daarop 'n bestaan te maak, al skraler.

Die reaksie op die lonende binnelandse mark gee aanleiding tot onverstandige en onoordeelkundige produksiemetodes. Die begeerte om geld te verdien lei tot wanpraktyke. Dikwels is die finansiële agtergrond

en sisteem ongesond en nog meer dikwels is daar geen gesonde wetenskaplike kennis in die spel nie. Die opportunistiese gebruik van grond en veld bied geen sistematiese uitbou van die boerderybedryf nie. Die nuwe orde is vir die boer dikwels onverstaanbaar en hy word die slagoffer daarvan. Teenoor bodem, natuur en ekonomiese stelsel staan die boer geheel en al weerloos. In plaas van 'n versterking van die welvaart van die boerende bevolking bring die nuwe verwikkelinge 'n onsekerheid en afhanklikheid wat onder inwerking van natuurkragte oorgaan tot 'n proses van verarming.

Ten gevolge van die nuwe belangrikheid aan die een kant en die probleme wat opduik aan die ander kant, word die noodsaaklikheid aan boereverenigings gebore. Die eerste landbougenootskappe kom tot stand kort na die opening van die Witwatersrandse goudmyne, en dien as 'n middel om die boerderybedryf tot hulp te kom in sy veranderde omstandighede en nasionale verantwoordelikheid. Die besondere belange van hierdie nywerheid kry groter erkenning. Daar word geywer vir behoorlike behartiging van hierdie belange deur die instelling van 'n landboudepartement. Onder terugslae van droogtes, sprinkane en veesiektes word die staat verplig om hulp te verleen. Die staat se aandeel in die rehabilitasie van die boeregemeenskap neem slegs die vorm van geldelike hulp aan.Hierdie noodleniging is net 'n tydelike uitkoms en kan nie die verarming van die boerende bevolkingsdeel verhelp of verhinder nie.Hoe moet hierdie verarming verklaar word?

Die Transvaalse boer het sy onafhandlikheid en selfstandigheid hoofsaaklik deur sy grondbesit gehandhaaf. Verlies van sy grond het hom van sy selfvertroue en volhardingsvermoë beroof. Gedurende die negentiger jare toe die boeregemeenskap een terugslag na die ander moes verduur en selfs die welgesteldes met kommer die toekoms tegemoet gegaan het, was dit veral die grondlose burgers wat verarm en hulle houvas verloor het. Solank die boer sy grond gehad het, het hy daarin 'n element van versekering gehad wat hom van oorgawe aan hulpelose armoede weerhou het.

Teen 1890 was daar baie boere wat geen eie plaas of grond besit het nie. Hiervoor was daar verskeie redes. Een van hierdie redes is die feit dat die aanteken van burgerregplase in 1871 gesluit is. Die voorwaarde om tot en met 1871 'n plaas te kan in besit neem, het bepaal dat seuns van burgers wat na 1855 gebore is, nie meer op 'n burgerreg geregtig was nie. Intrekkers wat voor of in 1866 die land ingekom het, kon 'n burgerreg verkry alleen as hulle op 26 Oktober 1866 reeds 16 jaar oud was.[1] Die reg om 'n plaas in besit te neem, het dus vir die seuns wat na 1855 gebore is, nie bestaan nie. Seuns van intrekkers wat na 1850 gebore is, kon ook nie meer 'n burgerreg kry nie. Die jonger geslag wat teen 1890 ongeveer 40 jaar oud was, het dus nie meer die voorreg van 'n burgerregplaas gehad nie. Hierdie burgers kon alleen grond verkry deur dit te koop of te erf. Dit verwonder ons dus nie dat teen die negentiger jare baie burgers aangetref is wat sonder eie grond was.

Grondloosheid van burgers moet ook toegeskryf word aan nalatigheid en versuim om van burgerregte gebruik te maak.Die sogenoemde „Burgerregkommissie" het in 1893 bevind dat daar 4110 persone was wat geregtig was om 'n plaas te laat aanteken, maar wat nooit daarvan gebruik gemaak het nie.[2] As ons in aanmerking neem dat die reg om 'n plaas te laat aanteken in 1871 gesluit is, is 4110 beslis 'n baie hoë persentasie van die bevolking van daardie jaar. Die feit dat die owerheid verskeie maatreëls getref het om persone as 't ware te dwing om van hulle burgerreg gebruik te maak, getuig van 'n verregaande sorgeloosheid en nalatigheid aan die kant van duisende Transvaalse boere.Dit skyn of die mense van gedagte was dat grond altyd in oorvloed beskikbaar sou wees of

---

1. Notule van die Volksraad, art. 566, dd. 26 Oktober 1866, EVR. 6 en art. 75, dd. 20 September 1871, EVR. 9.
2. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1230, dd. 29 Augustus 1893, EVR.50: verslag van die kommissie. Sien ook R.7689/89 en R.7841/93.

dat die land so ruim was dat hulle nooit moeilikheid sou ondervind om 'n selfstandige bestaan te maak nie.(3)

Die verskynsel van burgers sonder grond word reeds in 1883 aangetref. By die toekenning van persele in die Mapoggronde was dit hoofsaaklik burgers sonder enige grond wat om die persele aansoek gedoen het.(4) 'n Paar jaar later is dit ook weer burgers sonder grond wat aansoek gedoen het om okkupasieplase in Soutpansbergdistrik. Onder die aansoekers was byvoorbeeld baie burgers wat uit die Vrystaat na Transvaal getrek het.(5)

Dikwels het grondbesitters te maklik hulle grond verkoop. Direk na die opening van die goudmyne van die Witwatersrand was mense maar te geneig om hulle plase te verkoop. Baie boere het wel elders grond gekoop, maar baie het nie weer 'n plaas gekoop nie. By die afsluiting van die werksaamhede van die Volksraad in 1889 het die heer J.J.Burger sy kommer uitgespreek oor hierdie verskynsel van die kwytraak van grond. „Onze gronden ontvallen langzamerhand aan de handen der rechtmatige bezitters".(6) Hy het aan die hand gedoen dat wetgewing aangeneem word wat mense die reg kon gee om hulle gronde aan erfgename in voortdurende erfpag te bemaak. Baie boere wat op twee burgerregte geregtig was, het spoedig een daarvan verkoop. Gevalle word selfs aangetref waar in die vroeë jare albei burgerregte verkoop is in die hoop dat verdere burgerregte toegeken sou word.(7)

---

3. Vergelyk wat Grosskopf sê: Verslag van die Carnegie-kommissie oor die Armblankevraagstuk, deel I, pp. 35-37.
4. Sien hoofstuk III, p.78.
5. R.8817/87; R.8818/87; R.8819/87 en R.8820/87. In 1898 het die heer Stoop in die Eerste Volksraad verklaar: „ ...want het was toch een feit, dat de meeste armen in het land, nieuwe inkomelingen zyn", (art.1266,dd. 23 September 1898,EVR.76).Vergelyk ook wat Grosskopf verklaar, op.cit.p.106.
6. Notule van die Volksraad, art. 1249, dd. 2 Augustus 1889,EVR.40. Sien ook The Star,30 Augustus 1897.
7. R.3265/59: memorie van D.J.Struwig, J.L.Opperman, P. en C. Stoop, dd. 15 November 1859.

Gedurende die jare van rustige onderhoudsboerdery het die feit dat sommige boere nie oor eie grond beskik het nie, nie noodwendig armoede as gevolg gehad nie. Plase was groot en ruim; daar was ook baie ongeokkupeerde goewerments- en uitvalgronde wat vir weidoeleindes gebruik kon word. Bywoners was gewoonlik welkom, veral in afgeleë dele en streke waar naturellegevaar gedreig het. Met die verhoging van grondpryse en die vermeerdering van produksie het grondeienaars meer belang in hul plase gestel en was hulle minder gretig om grond gemeenskaplik te gebruik. Teen 1895 het groot uitlandse grondmaatskappye met hoofkantore in Londen 'n kwart van die Transvaalse bodem ingepalm.Daardeur is duisende plase as weiding vir die vee van aangrensende boere feitlik gesluit.(8) Dit het gevolglik vir die grondlose boer moeiliker geword om 'n bestaan te maak.

Behalwe die gebrek aan eie grond as oorsaak van verarming moet die verdeling en onderverdeling van plase ook beskou word as 'n faktor wat die ekonomiese posisie van die republikeinse boer verswak het.Vir die verdeling van plase is daar natuurlik verskeie redes. Nadat die uitgifte van burgerregplase gestaak is, het die verdeling van plase onder die kinders van die grondeienaars begin.Hierdie verdeling het met elke geslag gewoonlik verder gegaan. Daar was natuurlik ook die geval waar 'n boer 'n deel van sy plaas verkoop het ten einde geld daarvoor te kan kry. Die verdeling en onderverdeling van plase het veral voorgekom in die distrikte wat nader aan die mark en sentra van ekonomiese bedrywighede was. Uit die tabel op die volgende bladsy kan hierdie verskynsel opgemerk word. Daaruit is dit duidelik dat in beide jare die oordrag van gedeeltes van plase dié van hele plase oortref het. Opmerklik is die transaksies in gedeeltes van plase wat aangegaan is in die distrikte

8. Sien verslag van die registrateur van aktes, 1894 en 1895.
Ook The Star, 15 April 1896.

Potchefstroom en Pretoria.

OORDRAG VAN EIENDOMME, 1891 en 1892.[9]

| | 1891 | | 1892 | |
|---|---|---|---|---|
| DISTRIKTE | HELE PLASE | GEDEELTES VAN PLASE | HELE PLASE | GEDEELTES VAN PLASE |
| Bloemhof | 28 | 17 | 61 | 30 |
| Ermelo | 15 | 23 | 11 | 32 |
| Heidelberg | 5 | 55 | 9 | 91 |
| Lichtenburg | 18 | 20 | 42 | 26 |
| Lydenburg | 35 | 51 | 88 | 67 |
| Marico | 13 | 40 | 13 | 36 |
| Middelburg | 14 | 80 | 40 | 42 |
| Piet Retief | 20 | 11 | 5 | - |
| Potchefstroom | 16 | 205 | 22 | 197 |
| Pretoria | 6 | 88 | 17 | 168 |
| Rustenburg | 100 | 92 | 51 | 87 |
| Standerton | 11 | 25 | 1 | 43 |
| Utrecht | 5 | 35 | 3 | 20 |
| Vryheid | 11 | 57 | 25 | 56 |
| Wakkerstroom | 5 | 15 | 11 | 13 |
| Waterberg | 162 | 16 | 326 | 66 |
| Soutpansberg | 53 | 16 | 214 | 44 |
| | 517 | 846 | 939 | 1018 |

Die verskynsel van verdeling van plase het gedurende die daaropvolgende jare voortgeduur, soos uit onderstaande tabel opgemerk kan word.[10]

| | OORDRAG VAN GRONDE | | VERBANDE GEREGISTREER | |
|---|---|---|---|---|
| JAAR | HELE PLASE | GEDEELTES VAN PLASE | HELE PLASE | GEDEELTES VAN PLASE |
| 1893 | 534 | 1110 | 237 | 690 |
| 1894 | 477 | 1288 | 214 | 639 |
| 1895 | 861 | 1706 | 131 | 438 |
| 1896 | 689 | 1770 | 189 | 433 |
| 1897 | 799 | 2521 | 233 | 970 |
| 1898 | 569 | 2024 | 220 | 825 |
| | 3,929 | 10,419 | 1,224 | 3,995 |

Gedurende die ses jaar 1893-98 was 10,419 gedeeltes van plase in transaksies betrokke. Dit mag wees dat al hierdie transaksies die resultaat was van verdeling

9. Publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek, Z.A.R. No.132: verslag van die registrateur van aktes, 1891 en 1892.
10. Ibid.: verslae van die registrateur van aktes oor die jare 1893-98.

van plase of dat reeds bestaande gedeeltes van eienaars verwissel het. Hierdie getal verteenwoordig ook nog nie alle verdelings nie, want daar was gevalle waar plase verdeel is sonder dat 'n akte van verdeling en oordrag gemaak is.

Verdeling van plase het natuurlik nie noodwendig verarming van die eienaars of okkupeerders beteken nie. Onder die ekstensiewe boerderystelsel het die bestaan op klein stukkies grond egter moeiliker geword. In 1896 het die heer Jeppe in die Volksraad verklaar dat die jonger geslag so snel vermeerder het dat daar met verdeling van erfgronde vir hulle nie meer 'n bestaan moontlik was nie:

> „ Er zyn reeds plaatsen die te klein worden...Het grootste gedeelte van de arme bevolking van Johannesburg bestond uit Afrikaners die om de een of andere reden geen grond meer hadden en op de beste wyze trachten zich een bestaan te verschaffen...".(11)

Veral in distrikte wat ver van die mark verwyder was, het verdeling van grond armoede in die hand gewerk. In distrikte soos Waterberg en Soutpansberg kon die boere van die gunstige aanvraag na en pryse vir boerdery-produkte nie gebruik maak nie. Die boerdery het hier suiwer onderhoudsboerdery gebly. Namate die gronde kleiner geword het, het die lewenspeil ook eenvoudiger geword. As gevolg van die isolasie het die ambisie en begeerte om die lewenspeil te verhoog heeltemal ontbreek.Die redakteur van <u>De Boerenvriend en Zoutpansberg Advertiser</u> het o.a. die volgende voorbeeld gegee: waar 'n plaas voorheen £200 aan die eienaar opgelewer het, gee dit by verdeling onder ses kinders, slegs £33 per gesin, „minder dan een kaffer in de mynen verdient. Dus ziet men families in een arm-zalige hutje wonen met omtrent 20 morgen grond...Uit dezulken die niets in verschiet hebben, wordt de be-geerte tot iets beters steeds geringer, en zinken zy tot den stand der 'Arme Blanken".(12)

11. Notule van die Eerste Volksraad, art. 534, dd. 8 Junie 1896, EVR.60.
12. <u>De Boerenvriend en Zoutpansberg Advertiser</u>, 2 November 1895.

Grondloosheid, verdeling van plase en isolasie in die binneland sou egter nooit 'n krisistoestand in die stoflike aangeleenthede van die boerende bevolking geskep het as daar nie ander faktore was wat in samewerking met die voorgenoemde die materiële besit van die boeregemeenskap aangetas het nie. Die volgende aanhaling uit die verslag van die Potchefstroomse landbougenootskap oor die jaar 1896 gee 'n denkbeeld van die rampe wat die veetelers en landbouers getref het:

> „Het jaar 1896 - 'n donker jaar in de Geschiedenis der Z.A.Republiek - kan niet gezegd worden by uitstek bevorderlyk voor de volkswelvaart in het algemeen en voor de landbouw in 't byzonder te zyn geweest. De Jameson-inval die ieder weerbaar man opriep ter verdediging van de onafhanklikheid des lands en daardoor aan zyn bedryf onttrok, runderpest die den ryke veeltyds arm en den arme nog armer maakte, eene ernstige belemmering van het verkeer tevens, ziedaar twee bezoekingen geschikt om zelfs den fiersten geest ter neer te slaan en hem zich te doen afvragen of 't niet beter ware in kalme gelatenheid af te wachten wat het harde lot nog verder voor ons in haar schoot verborg".(13)

Deur die sameloop van omstandighede waaroor die boer weinig beheer gehad het, het honderde boere in die laaste tien jaar van die Suid-Afrikaanse Republiek hulle middele van bestaan verloor:

> „The farmer in the Transvaal has often been blamed for his want of enterprise, but he probably knows more about his business than many of his critics. His cattle are killed by rinderpest, red water, and lung sickness. His crops frequently come to nothing because of drought and when the rains are all that can be desired , hailstorms beat his corn to the ground , and strip his fruit trees, not only of the fruit, but of leaves also. Even if for one season his cattle escape rinderpest, and any other disease that may be prevalent, and there are no bad hailstorms he may be bereft of every green thing in a day by the locusts".(14)

Droogte, sprinkane en runderpes was gedurende die negentiger jare die groot vyande van die Transvaalse boer.

---

13. R.6548/97 in SS 1808.
14. The Star, 9 Desember 1898.

Runderpes: Onder die faktore wat die boeregemeenskap die swaarste getref het, moet runderpes genoem word. Die verarming van 'n groot deel van die Transvaalse boere vind plaas in die jare 1896-97, die tydperk waarin runderpes verwoesting gesaai het. In hierdie twee jaar het menige boer sy bron van stoflike welvaart verloor en 'n afhanklike geword. Runderpes het in teenstelling met ander heersende veesiektes so intens toegeslaan dat dele van die Republiek binne enkele weke lamgelê is. Die verlies aan beeste en die beperking van verkeer het die bronne van inkomste afgesny.

Van die 1,435,292 beeste wat in 1896 aan die boerende bevolking van die Suid-Afrikaanse Republiek behoort het, het 984,239 aan runderpes beswyk.[15] Sekere distrikte het feitlik alle beeste verloor. Bywoners en grondlose boere is veral swaar getref. Verlies van hul beeste het vir hierdie boere beteken die verlies van hul bietjie kapitaal, asook van die bron van hul inkomste. Om weer die een of ander begin in die boerdery te maak, was geld nodig. Hierdie kapitaal moes geleen word. Maar vir mense sonder eie grond was daar geen instelling wat sonder sekuriteit van vaste eiendom enige lening wou toestaan nie. Selfs die geldelike hulp wat deur die Regering aangebied is, het vaste eiendom as sekuriteit vereis vir lenings. By bespreking van 'n mosie om geld aan geruïneerde burgers te leen het talle Volksraadslede die feit beklemtoon dat dit die grondlose burgers was wat gehelp moes word. Die heer Malan het gesê dat die werklik arm burgers hulle was wat geen grond besit het nie. Die lid vir Wolmaransstad het verklaar: „De burgers, die werkelyk behoeftig zyn en geholpen moesten worden, zyn zy, die geen grond hebben". Ook die heer Vorster het dit beweer.[16]

15. Pelzer, A.N.: „Die 'Armblanke' in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899", Historiese Studies, Jaargang 2, No.4, Julie 1941, p.197.
16. Notule van die Eerste Volksraad, arts. 888-889, dd. 20 Augustus 1897, EVR. 68.

Vir die boere wat geen grond gehad het nie en met behulp van 'n klein boerderytjie 'n bestaan gemaak het met byverdienste uit transportry , het die beesboerdery baie beteken. Daarom was die verwoesting wat deur die runderpes aangerig is, vir hierdie mense so noodlottig . In 'n memorie van burgers uit die omgewing van Christiana word verklaar:

„ Dat de overgroote meerderheid onzer Burgers en Ingezetenen in een ellendigen toestand van behoefte en gebrek verkeeren - aangezien onze grootste steunpilaar, nl. ons veestapel door de runderpest verpletterd is geworden ons latende met geen ander uitkomst dan toevlucht tot landbouw...".(17)

Uit Zwartruggens het memorialiste verklaar „dat aangezien het ryden met ossen voor eenen onbepaalden tyd is gestaakt en dat wy een zeer zwakke zomer oogst hebben gehad door droogte en sprinkanen...", daarom is die mense in nood.(18) Die uitwerking van die runderpes was veral noodlottig, omdat dit oor die hele Republiek voorgekom het. Selfs welgestelde boere is tot die rand van die afgrond van armoede gebring. Waar daar met rampe soos oorstromings en hael hulp deur bure of ander boere verleen kon word, was daar in die geval van runderpes geen moontlikheid om verarmde burgers te help om weer op die been te kom nie.

Droogte en sprinkane: Die tragiese van die toestand van die boerende bevolking gedurende die laaste jare van die vorige eeu was die feit dat ook ander besoekinge in samewerking met die verskriklike runderpesepidemie die boere geteister het. Die nood wat deur runderpes geskep is, is verder verskerp deur die druk van droogte en sprinkane. As daar normale tye op die runderpesepidemie gevolg het, sou baie boere redelik gou weer herstel het. In Suid-Afrika is dit dikwels bewys dat slegs een of twee jaar van goeie reënval groot verliese uitgewis het en die boerderybedryf in 'n florerende toestand gebring het. Ongelukkig het sulke voorspoedige jare nie na 1896 gevolg nie.

---

17. R.5932/98 , dd. Julie 1898.
18. R.4084/97 by SS 1770, dd. 21 Mei 1897.

In die tweede halfjaar van 1895 het 'n ernstige droogte die tydperk van geringe reënval in die Suid-Afrikaanse Republiek ingelui. Die toestand van droogte het voortgeduur tot 1899 toe die meeste boere nog glad nie op die been was nie en die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek het, met al sy ellende en verarming. In die verslag van die landbougenootskap van De Kaap oor die jaar 1896 word o.a. verklaar:

> "...en met leedwezen gevoelen wy, dat ons verslag noch opwekkend noch aanmoedigend is. De vooruitzichten voor onze landbouwers voor het komende jaargetyde is naar alle waarschynlykheid even duister als het zooeven afgelopene. Terwyl het distrikt nog lang niet bevryd is van sprinkhanen, schynt de pest te zyn toegenomen en hunne voortduur alhier is nog onbepaald en de schade onder alle soorten van voortbrengselen aangerigt, om niet te spreken van de lang gevoelde behoefte aan regen, heeft ons op dit oogenblik in een hoogst ernstige toestand gebracht".(19)

In die verslag oor 1898 word nog steeds melding gemaak van die verwoesting deur sprinkane. Die vooruitsigte was nog niks beter nie.[20]

> " Het is hollen of stilstaan hier, even als de landsplagen allen tegelykertyd over de arme Kaap Delveryen zyn losgebroken en runderpest, droogte en sprinkanen een wedstryd hebben aangegaan wie op de meest degelyke manier de boer het snelst kan te gronde doen gaan",

skryf iemand in 1897 uit Barberton.[21] Hierdie toestand van sake het feitlik in alle distrikte voorgekom. In 1898 word uit Noord-Transvaal berig dat die boere die afgelope twee jaar geruïneer is deur runderpes, sprinkane en droogte.[22]

Ander oorsake: By die bepaling van die oorsake van verarming moet omgewingsinvloede en -faktore ook in aanmerking geneem word. Dit blyk deurgaans dat die distrikte in die oostelike Transvaal minder armes bevat het as die distrikte van Wes- en Noord-Transvaal. Die uitwerking van natuurlike en ekonomiese beperkinge was in hierdie laasgenoemde distrikte baie ernstiger

19. R.110/97 by R.6548/97.
20. R.1409/99.
21. De Volksstem, 17 Desember 1897.
22. R.6365/98.

as in die oostelike gedeelte van die Republiek. Nie alleen het die hoër en gereelder reënval van laasgenoemde gebied boerdery winsgewender gemaak nie, maar die uitwerking van die runderpes was hier ook heelwat ligter. Die westelike en noordelike streke het meer dikwels die onveiligheid weens naturelleonluste ondervind. Pioniersomstandighede het in die Waterbergse en Soutpansbergse distrikte voortbestaan tot aan die einde van die negentiende eeu.

Omdat die noordwestelike distrikte dunner bevolk was en grond goedkoper en makliker verkrybaar was, het hierdie deel van die Republiek die natuurlike toevlugsoord geword vir mense met weinig of geen kapitaal en besittings. In sy afgesonderdheid van die mark en beskawingsentra van die land het die mense nie in aanraking gekom met die nuwe gees van meer progressiewe boerderymetodes nie. Die lotgevalle van die mense in Noord-Transvaal gee 'n goeie aanduiding van hoe omgewing en sameloop van omstandighede die mense laat verarm het.

Die eerste intrekkers in Noord-Transvaal was vol geesdrif en hoë verwagtings omtrent die moontlikhede van die gebied. Pragtige plase is aangelê, wingerde en boorde aangeplant en landerye gemaak,

> „doch daar zy in de vroegere dagen geene kopers voor hunne producten vonden, en daar er eene markt was voor ivoor, vellen en de voortbrengselen van den jacht, gaven zy de boerdery op, gingen uit op jacht, en nu is de rustelooze aard zoo in hen ingeworteld, dat zy het byna onmogelyk vinden om zich aan hard werken te gewennen".(23)

Na die uitgee van okkupasieplase is die wild uitgeroei en verdryf. Die toevlug is toe na transportry geneem. Maar hierdie bron van inkomste is deur die uitbreiding van die spoorweë grootliks uitgeskakel. 'n Nuwe wyse van bestaan moes gevind word. Daar het dan ook 'n hernude belangstelling in die boerdery gekom, maar

---

23. De Boerenvriend en Zoutpansberg Advertiser, 9 November 1895. Die redakteur het 'n hele aantal artikels gewy aan die oorsake vir verarming in daardie gebied.

op hierdie tydstip het ander belemmerende faktore die opflikkering uitgedoof. Die tydperk van onrus en naturelleonluste in Soutpansberg het die boerdery lamgelê : opstande van Majatje, Malaboch en Magoeba is gevolg deur runderpes, droogte , sprinkane en eindelik deur gevaarlike malariakoorsepidemies.(24)

Die uitwerking van voormelde natuurlike, ekonomiese en aardrykskundige beperkinge sou moontlik nie van so 'n ernstige aard gewees het nie as die boerende gemeenskap enigsins voorbereid en toegerus was vir die stryd. Die toets wat vandag nog periodiek aan die boer in Suid-Afrika gestel word, kon nie deur die boer van die negentiger jare deurstaan word nie. Die meeste van die Transvaalse boere was teen 1896 nog nie opgewasse teen die eise van veranderde omstandighede nie. Tot dusver was hulle te geneig om net op natuurkragte staat te maak. Solank die natuurlike faktore gunstig was, het dit goed gegaan, maar sodra daar 'n afwyking van die normale verloop van klimaatsomstandighede gekom het, was die boer magteloos teen die vyand van sy bedryf. Gebrek aan voorligting, onderwys en leiding ten opsigte van wetenskaplike boerderymetodes het die republikeinse boer magteloos gelaat by die verskyning van terugslae en plae.

Van rasionele boerderymetodes het weinig tereggekom. Omdat die behoeftes van die mark die gang en aard van produksie bepaal het en nie die grondbehoeftes nie, is roofbou van die staanspoor af gepleeg. Baie boere het van die veronderstelling uitgegaan dat die vrugbaarheid van die grond en die drakrag van die veld stabiel is en dat produktiwiteit op natuurlike wyse in stand gehou kon word. Droogtes het ernstige gevolge gehad, omdat waterbewaring as 'n stabiliserende faktor verwaarloos is; omdat aan verbouing van voergewasse so weinig gedoen is; omdat bewerking van die grond nie in staat was om vog te bewaar nie en omdat onoordeelkundige beweiding van die veld aan die orde van die dag was. Deur gebrek aan onderwys en voor-

---

24. Ibid.:28 Augustus 1897.

ligtingsdiens was daar nog nie die wetenskaplike benadering en ontleding van boerderyvraagstukke nie. Gebrek aan „bevatting en yver" het menige boer radeloos voor vraagstukke laat staan.(25) „The ravages of the Rinderpest, coming after a long period of retrogressive hand-to-mouth farming, have crippled the burghers...".(26)

Uit die aard van hulle isolasie en eenvoudige leefwyse het 'n sekere geesteshouding by die boeregemeenskap ontwikkel. Die prikkel tot harde en volgehoue arbeid het ontbreek. Hulle energie en kragte is so aangewend dat net in die daaglikse behoeftes voorsien kon word:

> „ Gaat naar sommige arme families en biedt hun 4 s. per dag aan voor werk. Zy zouden u vertellen dat zy blanken zyn, en liever van honger zouden willen omkomen om tegen zulken prys te werken. Doch wat zullen zy doen? Waarschynlyk zullen zy een wagen inspannen als zy er een hebben , twee dagen met tunnelpalen kappen doorbrengen - wellicht in andermans veld - 30 palen op den wagen laden, en na 8 dagen trekken Pretoria bereiken".

Hier kry hulle vier sjielings per paal of £4.10.0 vir die vrag. Na nog ses dae is hulle terug by die huis. Vir hierdie onderneming word dus nie meer as 6/6 per dag verdien nie en boonop loop hulle gevaar om van hulle osse te verloor.

> „ Misplaatste hoogmoed verhinderdt deze menschen om een gering doch eerlyk pennie te verdienen. Het is niet luiheid maar een wanbestuurde yver door een valsche positie ingegeven".(27)

Die boerdery as lewensbedryf van sy burgers vorm 'n integrerende deel van die historiese ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hierdie lewensbedryf word gevorm en beïnvloed deur die fisiese , ekonomiese, politieke en maatskaplike faktore van sy tyd en omgewing. By die beoordeling van die boerderybedryf in die nuwe vaderland moet egter gewaak word teen 'n eensydige

---

25. R.3110/98,dd. 28 Februarie 1898: G.A.Roth van Pretoria aan die sekretaris van die Transvaalse Landbou-Unie.
26. The Star, 30 Augustus 1897.
27. De Boerenvriend en Zoutpansberg Advertiser, 9 November 1895.

beskouing waar slegs die invloed van natuur- en ekonomiese kragte op die bedryf as geldend beskou word. Die daaglikse arbeid van die republikeinse boer was meer as net verwerking en beheersing van natuurkragte.[28] Dit was 'n wederkerige reaksie van natuur en bodem op die menslike arbeid en van menslike inisiatief op natuurkragte. Die dryfkrag agter die Trekbeweging en die vestiging in die nuwe vaderland was in die eerste plek nie soseer 'n soeke na 'n nuwe en beter bodem vir die beoefening van die boerdery nie, maar die drang om geestelike waardes te beskerm. As sodanig het die boerdery 'n waardevolle bydrae gelewer in die ontwikkeling van die elemente wat tipies is van die Afrikaanse leefwyse. Gasvryheid en hulpvaardigheid was deugde wat in 'n pioniersland hoog op prys gestel word. In sy absolute afhanklikheid van natuurkragte en omstandighede het die boer 'n diepe eerbied vir die soewereiniteit van God ontwikkel.In tye van beproewing het owerheid en indiwidu hulle in diepe ootmoed voor God, die Albestierder, gestel.So sterk was hierdie gelowige afhanklikheid dat sekere Volksraadslede gehuiwer het om 'n plaag soos sprinkane met menslike middele te bestry. Diepe verontwaardiging word uitgespreek as uitlanders in Johannesburg na die wolke skiet om reën te maak. Die afhanklikheid van God vir hulle bestaan het egter ook 'n baanbrekersvolk in staat gestel om te midde van gevare en swaar beproewinge te volhard en 'n nuwe land bewoonbaar te maak.

Die stille eensame plaaslewe het bygedra tot eienskappe van ons volk wat hom in tye van spanning laat vasstaan het op die grondslag van Gods Woord.

---

28. Vergelyk wat Lucien Febvre en Lionel Bataillon in hierdie verband beweer: „As a matter of fact nature does not act on the needs of man, it is man who by choosing two or three out of several means of satisfying his needs, and by clinging obstinately to what he has chosen, acts in the long run on nature, digs into it a trench, so to speak, always the same and in the same direction, of no great volume at first perhaps, but ever growing deeper and wider". (A Geographical Introduction to History, p. 239).

'n Bestendigende invloed het op die sedelike, godsdienstige en maatskaplike lewe uitgegaan van die mense wat nou verbonde was aan die grond en bodem, aan plante en diere en voor wie se oë die hele biologiese proses daagliks afgespeel het. Die boer staan nader aan oorspronge as die dorpsbewoner en dit het 'n invloed op sy standpunt teenoor sake. Hy is geneig om meer van fundamentele beginsels uit te gaan en sake daarvolgens te beoordeel. Die boer het in sy bedryf 'n leefwyse gevind wat hom minder materialisties gemaak het en daardeur ideale laat nastreef het waardeur alleen 'n volk gebou kan word. Vir die wording van 'n volk, vir die ontwikkeling van sy kultuur en maatskaplike struktuur, het die boerderybedryf onskatbare dienste gelewer.

------------------

# B I B L I O G R A F I E

## I. ARGIVALE BRONNE:

Argiefafdeling Republiek Lydenburg, 1856-1860.

Argiefafdeling Volksraad (later bekend as Eerste Volksraad):

(a) Oorspronklike en gewaarmerkte afskrifte van die notule van die Volksraad,1845-1899.

(b) Inkomende stukke by die Volksraad,1850-99.

Argiefafdeling Uitvoerende Raad: Besluite van die Uitvoerende Raad, 28 Junie 1858 tot 2 Oktober 1899.

Afdeling Staatsekretaris:

(a) Inkomende stukke,1850-1899.
(b) Supplementêre stukke, 1854-1884.
(c) Afdeling Buitelandse Sake, 1894-1899.

Afdeling Superintendent van Naturelle, 1877-1899.

Landdrosstukke:

(a) Potchefstroom, 1850-1899;
(b) Pretoria, 1857-1899.

Skenkinge: Soutter-versameling.

## II. GEDRUKTE BRONNE:

Breytenbach,J.H. en H.S.Pretorius: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek,Deel I, 1844-1850, Staatsdrukker, 1949.

Breytenbach,J.H.: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel II, 1851-1853, Staatsdrukker, 1950.

Breytenbach,J.H.: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek,Deel III, 1854-1858, Staatsdrukker, 1951.

Breytenbach,J.H.: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel IV, 1859-1863, Staatsdrukker, 1952.

Coster, H.J.: Locale wetten en Volksraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek,1890-1893, Pretoria, 1894.

——— De Locale Wetten en Volksraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1894, Pretoria, 1895.

Engelbrecht,S.P. Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, Deel I, J.H. de Bussy,Amsterdam en Pretoria, 1920, (Bylaes).

Goldman,P.L.A.: Inventarissen Oudste Archief Groepen Z.A.Republiek, 1837-1902, Pretoria,1927.

Jeppe,F. en Kotzé,J.G.: De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek,1849-1885, C.F.Celliers, Pretoria, 1887.

Krynauw,D.W. en H.S.Pretorius: Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, Staatsdrukker, Pretoria, 1949.

Preller,G.S.: Dagboek van Louis Trichardt, Nasionale Pers,Beperk, Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth, 1938.

Pretorius,H.S. en D.W.Kruger:Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849, Staatsdrukker, Pretoria, 1937.

Schagen van Leeuwen,J.A.: De Locale Wetten en Volksraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek,1897, Pretoria, 1898.

## III. DEPARTEMENTELE PUBLIKASIES:

Agro-ekonomiese opname van die Unie, Pamflet No.270, Ekonomiese Reeks, No.34, Departement van Landbou, afdeling Ekonomie en Markte, Staatsdrukker , 1947.

Agro-ekonomiese Streekindeling III, Pamflet No. 289, Ekonomiese Reeks No.36, Departement van Landbou, afdeling Ekonomie en Markte, Staatsdrukker, Pretoria, 1948.

Agro-ekonomiese Opname van die Unie (V),Pamflet No. 325, Ekonomiese Reeks No.40, Departement van Landbou, afdeling Ekonomie en Markte, Staatsdrukker, Pretoria, ongeveer 1952.

Blouboek van die Kaap die Goeie Hoop, G.82-1896.

Blouboek van die Kaap die Goeie Hoop, G.43-1897.

Droogte-Ondersoekkommissie, Finale Rapport, U.G. 49-1923.

Landbouwjournaal, Kaap die Goeie Hoop, 14 Januarie 1897 en 18 Februarie 1897.

Rapport van die Kommissie insake Koöperasie en Landboukrediet, U.G.16-1934.

Report of the Transvaal Department of Agriculture, 1st July,1903 to 30th June, 1904.

Report of the Transvaal Indigency Commission, 1906-1908,T.G. 13-1908.

Report of the Transvaal Labour Commission, 1903.

Sleutel tot die Agro-ekonomiese kaart van die Unie van Suid-Afrika, Pamflet No.320, Ekonomiese Reeks, No. 39,Departement van Landbou, afdeling Ekonomie en Markte, Staatsdrukker, 1951.

The Future of Farming in South Africa, including Comments on the Report of the Reconstruction Committee of the Department of Agriculture and Forestry, ongeveer 1945.

Verslag van die Heropboukomitee van die Departement van Landbou en Bosbou, ongeveer 1944.

Verslag van die Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad, No.4, U.G.10-1945.

Verslag van die Komitee i.v.m. Industriële en Landboubenodigdhede, U.G.40- 1941.

Verslag van die Komitee van Ondersoek insake die indringing van Woestyntoestande, U.G.59-1951.

Witpapier oor Landbou, W.P.10-1946.

Scott,J.D.: Veldbestuur in Suid-Afrika, Pamflet No. 278, Landbouonderwys- en -navorsingsreeks No.46, Departement van Landbou, Staatsdrukker, 1948.

Groenboek van die Suid-Afrikaanse Republiek No.134:

Sensusrapporte 1890-96.

Groenboek van die Suid-Afrikaanse Republiek, No.135, Notule van die kongresse van die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe, 1897-1899.

Groenboek van die Suid-Afrikaanse Republiek,No.171, Report of the International Rinderpest Congress held at Pretoria, 2 - 13 August, 1897.

Publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek, Vol. 76,No.18: Vruchtbaarmaking van den Grond door Bevloeiing of Irrigatie, 1894.

Verslae van die Kommissie van beheer van die Amortisasiefonds.

Verslae van die landmeter-generaal, Suid-Afrikaanse Republiek.

Verslae van die registrateur van aktes, Suid-Afrikaanse Republiek.

IV. TYDSKRIFARTIKELS:

Arndt,E.H.D.: Die Landboukrediet en Landbouskuldvraagstuk, South African Journal of Economics, Deel I, Junie 1933.

Backeberg,H.E.W.: Die Politieke Betekenis van die eerste Hermannsburgse Sendelinge op die Transvaalse wesgrens, Historiese Studies, Jaargang I,No.2, Oktober 1939.

Botha,Louis: The Importation of Friesland Cattle, Transvaal Agricultural Journal,Deel IV, No.14, Januarie 1906.

Breytenbach,J.H.: Die Grondstelsel van die Voortrekkers in Natal, Historiese Studies,Jaargang II,No.1 en 2.

Curson,H.H.:Theiler and the Rinderpest Epizootic, 1896-1903, The Journal of the South African Veterinary Medical Association, Deel VII, No.4, Desember 1936.

Davis,E.: Some Aspects of the Marketing of Farm Products in South Africa, South African Journal of Economics , Deel I, Junie 1933.

Du Toit,P.J. en Cecil Jackson: The Life and Work of Sir Arnold Theiler,The Journal of the South African Veterinary Medical Association,Deel VII,No.4,Desember 1936.

Gilbert,D.W.: The Economic Effects of the Gold Discoveries upon South Africa: Quaterly Journal of Economics, Augustus 1933.

Heystek,J.L.K.: Vroegste Wetgewing in Transvaal i.v.m. Immigrasie: Historiese Studies, Jaargang I,No.1.

Pelzer, A.N.: Die 'Armblanke' in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899 :Historiese Studies,Jaargang II No.3,Jaargang II,No.4,Jaargang III, No.1 en Jaargang III No.2.

Rademeyer,J.I.: Die Oorlog teen Magato (M'Pefu): Historiese Studies,Jaargang V,No.2,Julie 1944.

Robertson,A.G.: Sheep Breeding in the Transvaal : Transvaal Agricultural Journal,Deel IV,No.15, April 1906.

Robertson,T.C.: Laaste Leeus van die Limpopo : Veldtrust, Jaargang III,No.11 , November 1953.

Van der Merwe,A.P.:Die Naturelle en die Maatskappy te Ohrigstad en Lydenburg,1845-1857 :Historiese Studies, Jaargang II,No.1 en 2, Julie-Oktober 1940.

## V. ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGE:

Badenhorst,P.G.: Geskiedenis van De Volksstem,1873-1900, M.A.-Verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1944.

Breanach,J.J.: The Development of the Public Finances of the South African Republic tot 1877 and of the Antecedent Voortrekker communities of Natal, Potchefstroom and Ohrigstad, M.Com.-Verhandeling,Universiteit van Pretoria, 1929.

Cillie,F.S.: The Mapoch's Gronden as an aspect of the Poor White Problem, M.A.-Verhandeling,1934.

Perry,J.G.: The Social and Economic Condition of the Transvaal from 1852 to the first Annexation in 1877, 1931.

Punt,W.H.J.: The Geographic Controls on the Development of the Springbok Flats, Universiteit van Pretoria, 1931.

Van Rensburg, Janse,B.F.: Landboukrediet in Suid-Afrika soos voorsien deur die staat, M.Com.-Verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1952.

Venter, K.D.: Staatslandboukrediet in Suid-Afrika en die staatstaak in verband daarmee,M.A.-Verhandeling, 1936.

Venter,P.: Die Staatsversorging van 'n tipiese boeregemeenskap in Suidwes-Transvaal , M.A.-Verhandeling, 1944.

VI. KOERANTE:

Boerenvriend.
Boerenvriend en Zoutpansberg Advertiser.
De Potchefstroomer.
De Oude Emigrant.
De Zuid-Afrikaan.
Die Transvaler.
Goldfields News and Barberton Herald.
Lydenburg Mining Agricultural Journal.
Pretoria News.
Staats-Courant der Z.A.Republiek ,1857-1899.
Standard and Diggers News.
The Express.
The Press.
The Star.
Transvaal Argus.
De Volksstem.
Weekly Press.

VII. SEKONDÊRE BRONNE INSLUITENDE REISBESKRYWINGS.

Agar-Hamilton,J.A.J.: The Native Policy of the Voortrekkers,1836-1858: Maskew Miller Limited, Kaapstad, 1928.

Aylward,Alfred: The Transvaal of To-Day : William Blackwood, and Sons, Edinburgh en Londen.

Arndt,E.H.D.: Banking and Currency Development in South Africa, Juta and Co.,Ltd., Johannesburg,1928.

Badenhorst,W.J. en ander: Potchefstroom ,1838-1938: Johannesburg, 1938.

Biljon, van ,F.J.: State Interference in South Africa: P.S.King and Staples, Londen 1938.

Blink,H.: Transvaal en Omliggende Landen.

Boon,M.J.: The Immortal History of South Africa, Deel I : William Reeves, Londen, 1885.

Bosman, I.D. en ander: Voortrekker-Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria; Publikasiekomitee, Pretoria, 1938.

Botha, C.G.: Early Cape Land Tenure: Kaapstad, 1919.

Botha,J.H.: Die Arbeidvraagstuk van Suid-Afrika : Amsterdam, 1928.

Bredell,H.C. en Piet Grobler: Gedenkskrifte van Paul Kruger : Pretoria, 1947.

Brookes,Edgar H.: The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day:Pretoria, 1927.

Bryce,James: Impressions of South Africa,:Londen,1899.

Burgers, Thomas: Schetzen uit de Transvaal : 1872.

Cousins,C.W.: Official Year Book of the Union of South Africa ,1910-1917.

De Kiewiet,C.W.: A History of South Africa, Social and Economic : Oxford University Press, 1941.

De Kock, M.H.: Selected Subjects in the Economic History of South Africa : Juta and Co.,Ltd., Kaapstad en Johannesburg, 1924.

De Villiers, John: The Transvaal : 1896.

Dicke,B.H.: The Northern Transvaal Voortrekkers : Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis , Vierde Jaargang, Deel I, 1941.

Erasmus, J.L.P: Die Rand en sy Goud : J.L. van Schaik, Pretoria, 1944.

Febvre,Lucien en Lionel Bataillon: A Geographical Introduction to History : Kegan Paul, Trench, Trubner and Co., Ltd., Londen en Alfred A. Knopf, Nu-York.

Fitzpatrick, Sir Percy: The Transvaal from within : A Private Record of Public Affairs : Londen, 1899.

Froude,James Anthony : Two Lectures on South Africa : Longmans, Green and Co., 1880.

Garrett-Fischer,W.E.: The Transvaal and the Boers : Londen, 1900.

Grosskopf,J.F.W.:Die Armblanke Vraagstuk in Suid-Afrika: Verslag van die Carnegie-Kommissie, deel I: Ekonomiese Verslag:Plattelandse Verarming en Plaasverlating: Stellenbosch, 1932.

Heckford, Mev.S.: A Lady Trader in the Transvaal : Low, Marston, Searle and Rivington, Londen,1882.

Heitmann,G.: Transvaal, das Land, seine Bewohner und seine wirtschaftlichen Verhältnisse : Leipzig, 1888.

Henning,M.W.: Animal Diseases in South Africa : Central News Agency ,Ltd., 1949.

Hofmyer,Eerw.S.H.: Twintig Jaren in Zoutpansberg : Kaapstad, 1890.

Hollander,Een:Toen en Thans:Mededelingen en Beschouwingen omtrent de twee Republieken in Zuid-Afrika : Jacques Dusseau en Kie., Kaapsrad, 1898.

Janson,J.H. Jr.: Algemeen Verslag van den toestand der Nederlandsche Vestiging in het District Lydenburg, Z.A.Republiek, over het jaar 1887.

Jeppe,Carl: The Kaleidoscopic Transvaal : J.C. Juta and Co., 1906.

Jeppe,Fred.: Transvaal Book Almanac and Directory for 1881.

Jorissen,E.J.P.: Transvaalsche Herinneringen ,1876-1896 :Pretoria, 1897.

Kirby,P.R.: The Diary of Dr. Andrew Smith, director of the Expedition for Exploring Central Africa , Deel I : Kaapsrad,1939;
Deel II: Kaapstad,1940 : Van Riebeeckvereniging, Nos. 20 en 21.

Kistner,W.: The Anti-Slavery Agitation against the Transvaal Republic,1852-1868, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Deel I, 1952.

Kotzé, Sir John: Biographical Memoirs and Reminiscences: Kaapstad, ongeveer 1941.

Kruger, D.W.: Die Weg na die See:Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Eerste Jaargang,Deel I, 1938.

Kuit, Albert: Transvaalse Gister : Pretoria, 1942.

Lehfeldt,R.A.: The National Resources of South Africa : Johannesburg, 1922.

Leppan,Hubert D.: Agricultural Policy in South Africa : Central News Agency,Ltd., Johannesburg, 1931.

—————— The Agricultural Development of the arid and semi-arid Regions with Special Reference to South Africa : Central News Agency, Ltd., 1928.

Leyds, W.J.: De Eerste Anneksasie van de Transvaal : Albert de Lange, Amsterdam, 1906.

Macmillan,W.M.: The South African Agrarian Problem and its Historical Development : Johannesburg, 1919.

—————— : Complex South Africa : Faber and Faber, Londen, 1930.

Markham,Violet R.: South Africa Past and Present : Smith,Elder and Co., Londen, 1900.

——————: The New Era in South Africa :Londen, 1904.

Merensky,A.:Erinnerungen aus dem Missionsleben in Südost Afrika , 1859-1882 : Leipzig, 1888.

Merensky, Jeppe,Mauch: De Transvaal Republiek en de Hollandsche Boeren : Amsterdam, 1876.

Muller, C.F.J.: Die Britse Owerheid en die Groot Trek: Juta en Kie.,Beperk, Kaapstad en Johannesburg,1947.

Munnik,G.G.: Kronieke van Noordelike Transvaal: Pretoria, datum nie vermeld.

Murray,W.A.: Die Fisieke Toestand van die Armblanke: Carnegie-Verslag,Deel IV, Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1932.

Nixon,J.: The Complete Story of the Transvaal from the Great Trek to the Convention of London: Sampson, Law, Marston,Searle and Rivington,Londen,1885.

Payton,C.A.: The Diamond Diggings of South Africa : A Personal and practical account ...with a brief notice of the new goldfields: Horace Cox, Londen, 1872.

Pelzer, A.N.: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I : Wordingsjare: A.A.Balkema, Kaapstad en Amsterdam, 1950.

Penning,W.H.: A Guide to the Gold Fields of South Africa.

Pieterse,D.J.: Geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal,1836-1886:Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,Sesde Jaargang, 1943.

Powell, Clark H.: The Culture of the Orange and allied Fruits, Central News Agency,Ltd., 1930.

Preller,G.S.: Andries Pretorius: Afrikaanse Pers Beperk, Johannesburg, 1937.

——————: Oorlogsoormag en ander Sketse en Verhale: Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, Stellenbosch en Bloemfontein, 1931.

——————: Dagboek van Louis Trichardt: Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1938.

Potgieter C.S. en N.H.Theunissen : Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter: Afrikaanse Pers,Beperk, Johannesburg, 1938.

Ross, G.E.N.: Landboukrediet: H.J.Paris, Amsterdam, 1927.

Saunders,A.Rabie: A Handbook on Maize in South Africa: Central News Agency,Ltd., 1928.

Schumann,C.G.W.: Die Kredietmark in Suid-Afrika: De Wester Boekhandel, Rotterdam, 1928.

Scherffius,W.H. en Oosthuizen: Cotton in South Africa.

Seidel,A.: Transvaal, die Südafrikanische Republik: Berlyn,1898.

Selous,F.C.: African Nature Notes and Reminiscences: Macmillan and Co., Limited, Londen, 1908.

Silver,S.W. and Co.: A Handbook to South Africa, 1879.

Spoelstra,B.: Ons Volkslewe: Van Schaik,Pretoria,1924.

Stuart,J.: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika:G.W.Tielkemeyer,Amsterdam, 1854.

Theal, G.M.: History of South Africa,1873 -1884, Deel I,Londen, 1919.

—————— :History of South Africa from 1795 to 1872,Deel IV, George Allan and Unwin,Ltd.,Londen,1919.

Thom, H.B.: Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika: Amsterdam, 1936.

——————: Die lewe van Gert Maritz: Nasionale Pers Beperk, Kaapstad 1947.

Trollope,A.: South Africa, Deel II,1878.

Union Year Book,1910 -25, No.8.

Uys,C.J.: In the Era of Shepstone: Lovedale Press,1933.

Van der Horst,S.T.:Native Labour in South Africa: Oxford,1942.

Van der Loo,C.J: De Geschiedenis der Zuid-Afrikaansche Republiek.

Van der Poel, Jan: The Jameson Raid: Oxford University Press, 1951.

Van der Merwe,C.R.: Soil Groups and Sub-Groups of South Africa:Saatsdrukker, Pretoria,1941.

Van der Merwe,.J.: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor di Groot Trek,1770-1842:Den Haag, 1937.

__________: .e Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie,1?7-1842: Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1938.

Van der WaltA.J.H.: Die Ausdehnung der Kolonie am Kap der GuteHoffnung ,1700-1779,Berlyn, 1928.

Van der Walt.J.H.,Wiid,J.A. en A.L.Geyer: Geskiedenis van Suid-Afra,Deel II,Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, Bloemfontein Johannesburg,1951.

Van Oordt,J.: Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikasche Republiek, Kaapstad, 1898.

Venn,J.A.: e Foundations of Agricultural Economics: Cambridge versity Press, 1923.

Wallace,Rot: Farming Industries of Cape Colony: P.S.King aSon,Londen 1896.

Wilson,DavM.: Behind the Scenes in the Transvaal.

Wichmann,F.: Die Wordingsgeskiedenis van die Suid-Afrise Republiek,1838-1860:Argiefjaarboek vir Suid-ikaanse Geskiedenis,Deel II,1941: Staatsdrury,1941.

RHODES UNIVERSITY LIBRARY